UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# DIE STIEFMA – OU MITES EN NUWE VERHALE:

# ‘N PASTORALE NARRATIEWE DEKONSTRUKSIE

**deur**

**CARINA MARETHA KRUIDENIER**

**Voorgelê ter vervulling van die graad**

**PHILOSOPHIAE DOCTOR**

**in**

**PRAKTIESE TEOLOGIE**

**(Pastorale Gesinsterapie)**

**aan die**

**Fakulteit Teologie**

**van die**

**Universiteit van Pretoria**

**Studieleier: Prof JC Müller**

**Pretoria**

**April 2014**

© University of Pretoria

## DANKBETUIGINGS

‘n Woord van dank aan…

My ouers, Corrie en Saar Du Toit vir die belangstelling in die akademie wat julle van kleins af by my gekweek het. By julle het ek die voorbeeld gesien dat navorsing deursettingsvermoë verg, maar ook soveel satisfaksie bring. Dankie vir julle omgee, ondersteuning en liefde vir my. Ek is baie lief vir julle. Dankie Ma vir die proeflees van die tesis. Ek waardeer dit baie!

Henk, my man, vir die vryheid wat jy my gegee het om my droom te kon uitleef. Dankie vir jou ondersteuning, jou hulp met die kinders en huishouding en al die koppies tee wat jy vir my aangedra het. ‘n Spesiale dankie vir al die ure wat jy spandeer het aan die tegniese versorging van tesis.

Ruben, jy is die spesiale seun wat die Here vir my gegee het. Sonder jou sou hierdie tesis nie gebore geword het nie. Dankie dat jy my nog altyd onvoorwaardelik as jou ma aanvaar het. Ek is so trots op jou!

Sarita en Talita, dankie dat julle twee sulke wonderlike dogters vir my is. Dankie dat julle verstaan het as ek maar altyd agter die rekenaar moes wees. Dankie dat julle in my glo. Ek is net so trots op julle!

Lizzy, my huishulp, dankie dat jy my kinders se “tweede” ma en my vriendin is en dat ek altyd op jou kan staatmaak.

My broer, Nelis en sy gesin. Al bly julle ver, weet ek dat julle altyd omgee en vir my bid. Dankie vir al die belangstelling in my studies.

My skoonouers, Wouter en Margo Kruidenier, vir julle gebede, liefde en ondersteuning.

Oom Willem en tannie Antjie Erasmus, dankie vir julle liefde en ondersteuning.

Prof. Julian Müller, my promotor en mentor, dankie vir Prof. se leiding en vertroue in my.



© University of Pretoria

My vier mede-navorsers sonder wie hierdie tesis nie moontlik sou wees nie. Dankie dat julle bereid was om julle stories met my te deel. Ek het so baie by julle geleer.

Die interdissiplinêre span vir julle tyd en bereidwilligheid om aan die interdissiplinêre gesprek deel te neem. Ek waardeer julle insette opreg.

Dr. Jan Botha, my goeie vriend en kollega, vir al jou ondersteuning, waardevolle insette in my studies en literatuur wat jy aan my beskikbaar gestel het.

My kollegas by NG Kerk Mootvallei, Jan, Johan, Riaan, Yvette en MW. Dankie vir julle belangstelling in my studies en ondersteuning.

God, my Vader en Vriend, dankie vir elke dag se onverdiende genade, krag en oorvloedige liefde. Alle eer kom U toe!



© University of Pretoria

## OPSOMMING

In hierdie studie word stiefma's en die mites wat daar oor stiefma's bestaan, ondersoek. Dit word gedoen in die postfundamentele praktiese teologie en volgens die narratiewe benadering. Die studie word ook gedoen in die sosiaal-konstruksionistiese paradigma.

Vier stiefma's se unieke verhale oor stiefma-wees word weergegee. Nadat die stories geinterpreteer is, is diskoerse vasgestel wat 'n invloed het op die mites wat daar oor stiefma's bestaan. Daar word onder andere gekyk na sprokies en die oorsprong daarvan. Daar word ook gekyk na families deur die eeue, asook na moederskap. Die Godstaal wat die stiefma's gebruik het, word ook ondersoek. Daar is 'n interdissiplinêre ondersoek gedoen aan die hand van transversale rasionaliteit. Hierdie verhale wys onder andere op die druk wat op stiefma's geplaas word deur die kerk en gemeenskap om onmiddelik in die rol van 'n ma te funksioneer en die perfekte gesin te hê. Konflik in die nuwe gesin gee ook aanleiding tot skuldgevoelens by die stiefma. Met hierdie studie word daar gepoog dat daar beter begrip vir stiefma's se unieke omstandighede en rolle sal wees. Dus ontstaan nuwe verhale, wat weer moontlikhede vir nuwe navorsing skep.

## SUMMARY

In this study the stepmother and the myths that keep the negative perceptions about stepmothers alive, are being investigated. The research is done in the postfoundational practical theology and according to the narrative perspective to research. The study is also done in the social-constructionist paradigm.

By listening to the stories of four stepmothers in the Moot area of Pretoria, this research gave them the chance to tell their own unique stepmother stories. After the stories was interpreted, discourses were identified that keep the stepmother myth alive. Fairy tales and their origins are being looked into, as well as families over the years and motherhood. The "God talk" that the stepmothers used in their stories was also explored. An interdisciplinary investigation was done according to transversal



© University of Pretoria

rationality. These stories show the pressure that stepmothers experience from churches and communities to be "instant mothers" to their stepchildren. Conflict in the new family also creates feelings of guilt. With this study better understanding for stepmother's unique circumstances and mothering roles are being asked for. New stories emerged, that open possibilities for further research.



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Sleutelterme:**

Postfundamentalisme

Praktiese Teologie

Postmodern

Narratief

Dekonstruksie

Stiefma

Stiefmoeder

Sprokie

Mite

Sosiale Konstruksionisme

Verhale

Transversale Rasionaliteit

**Keywords:**

Postfoundationalism

Practical Theology

Postmodern

Narrative

Deconstruction

Stepmother

Myth

Fairy Tale

Social Constructionism

Stories

Transversal Rationality



© University of Pretoria

**VERKLARING:**

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die inhoud van hierdie tesis, getiteld:

**DIE STIEFMA – OU MITES EN NUWE VERHALE: 'N PASTORALE NARRATIEWE DEKONSTRUKSIE**

my eie werk is. Daar is akademiese verwysings na al die bronne wat gebruik is. Hierdie tesis is nie gedeeltelik of ten volle ingedien by 'n ander universiteit vir die voltooing van 'n graad nie.

**DECLARATION:**

I, the undersigned, hereby declare that the work contained in this thesis entitled:

**DIE STIEFMA – OU MITES EN NUWE VERHALE: 'N PASTORALE NARRATIEWE DEKONSTRUKSIE**

is my own original work. All sources consulted have been properly acknowledged by means of academic references. This work has not previously in its entirety or in part been submitted to any other university for a degree.

Carina Maretha Kruidenier

April 2014



© University of Pretoria

# DIE STIEFMA – OU MITES EN NUWE VERHALE:

# 'N PASTORALE NARRATIEWE DEKONSTRUKSIE

## INHOUDSOPGAWE

**HOOFSTUK 1**

**Epistemologiese vertrekpunte**


1.1 Inleidende opmerkings aangaande my eie posisionering 1

1.2 Teologiese posisionering 2

1.3 Die ontwikkeling na 'n postmoderne perspektief in Teologie en dit wat dit vooraf gegaan het 5

1.3.1 Omskrywing van paradigma 5

1.3.2 Die premoderne tyd 6

1.3.3 Die moderne tyd 7

1.3.4 Die postmoderne tyd 8

1.3.5 Die postmoderne perspektief in Suid Afrika 10

1.4 Praktiese Teologie 11

1.5 Postfundamentele Praktiese Teologie 16

1.6 Transversale rasionaliteit 19

1.7 Sosiale Konstruksionisme 20

1.7.1 Sosiale Konstruksionisme en taal 22

1.7.2 Sosiale Konstruksionisme en diskoerse 24

1.7.3 Diskoerse en magsverhoudings 24

1.7.4 Dekonstruksie 25

1.7.5 Persoonlikheid en identiteit in Sosiale Konstruksionisme 26

1.7.6 Die navorsingswaardes wat in die Sosiale Konstruksionisme geld 27




© University of Pretoria

1.8 Narratiewe benadering 27
1.8.1 Kenmerke van naratiewe navorsing 29
1.8.2 Die model van Anne Lamott 31
1.9 Kwalitatiewe navorsing 33
1.10 Ingeligte toestemmingsverklaring 35
1.11 Deelnemende aksienavorsing 36
1.12 Etiese aspekte in die navorsingsproses 37
1.13 My eie storie 41
1.14 Konteks van die navorsing 43
1.15 Verloop van die navorsingsproses 44
1.16 Uiteensetting van hoofstukke 45

**HOOFSTUK 2**

**VIER STIEFMA'S AAN DIE WOORD**

2.1 Inleiding 47
2.2 Konteks van die navorsing 48
2.3 Metodes wat gebruik is om die data te bekom 49
2.4 Etiese aspekte 50
2.4.1 Ingeligte toestemmingsvorm 50
2.5 Bekendstelling van mede-navorsers 51
2.5.1 Sandra se storie 51
2.5.2 Olga se storie 55
2.5.3 Lientjie aan die woord 57
2.5.4 Erna se storie 63
2.6 Samevatting 67



© University of Pretoria

**HOOFSTUK 3**

**VAN PRINSE EN PRINSESSE**

**DIE DEKONSTRUKSIE VAN SPROKIES**

3.1 Inleiding 68

3.2 Die oorsprong van sprokies 69

3.2.1 Vroeë sprokies 70

3.2.2 Volksprokies teenoor kunssprokies 71

3.3 Die sprokie as genre 72

3.4 Die vier fases van sprokies 72

3.4.1 Uiteensetting 72

3.4.2 Probleemstelling 73

3.4.3 "Peripeteia" (Rondlopery) 73

3.4.4 Oplossing "Lysis" 73

3.5 Eienskappe van sprokies 73

3.6 Eendag was daar twee broers met die van Grimm 76

3.6.1 Grootwordjare 76

3.6.2 Die psigo–sosiale oorsprong van die Grimms se sprokies 78

3.7 Feministe en die sprokies van die Grimms 79

3.8 "Stilgemaakte" vrouestemme in die sprokies van die Grimms 80

3.9 Rondom die spinwiel: vrouestemme in sprokies 81

3.10 Die "Kaffeterkreis" 82

3.11 Dekonstruksie van die sprokies van die Grimm-broers 83

3.12 Moontlike betekenisse van sprokies 83

3.12.1 Voorbeelde 84

3.13 Alternatiewe sprokies vir vandag 85

3.13.1 Sneeuwitjie 85

3.13.2 Sandra se sprokie 87



© University of Pretoria

3.13.3 Ontleding van die hedendaagse sprokies 89

3.14 Samevatting 90

**HOOFSTUK 4**

**DIE FAMILIE DEUR DIE EEUE**

4.1 Inleiding 91

4.2 Beskrywings van familie 91

4.3 Families in die Antieke Wêreld/Ou Nabye Ooste 93

4.3.1 Rolle van die geslagte 94

4.3.1.1 Mans 94

4.3.1.2 Vroue 95

4.3.2 Die huwelik 96

4.3.3 Kinders 99

4.4 Eerste–eeuse Mediterreense Wêreld / Wêreld van die Nuwe Testament 100

4.4.1 Die rolle van die geslagte 100

4.4.2 Die huwelik 102

4.4.3 Kinders 106

4.5 Jesus en die familie in die Eerste-eeuse Meditereense wêreld 107

4.5.1 Jesus en die huwelik 107

4.5.2 Jesus en die familie 108

4.5.3 Jesus se uitspraak en houding teenoor vroue 108

4.5.4 Jesus se houding teenoor kinders 109

4.6 Die Middeleeue en Reformasie 109

4.6.1 Die Middeleeue 109

4.6.2 Die Kerk 109

4.6.3 Feodalisme 110

4.6.4 Ridderskap 111



© University of Pretoria

4.6.5 Vroue 111
4.7 Reformasie 112
4.7.1 Die Huwelik 112
4.7.2 Reformasie en die plek van die vrou 113
4.8 Families in die negentiende en twintigste eeue 114
4.8.1 Die Romantiek 114
4.8.2 Industrialisasie 115
4.8.3 Die twintigste eeu 116
4.9 Die Protestantisme 117
4.9.1 Perspektief op die huwelik 117
4.9.2 Die Protestantse perspektief op die gesin 117
4.9.3 Verskillende rolle in die gesin 119
4.9.4 Die hersaamgestelde gesin 120
4.10 Postmoderne periode 120
4.10.1 Kenmerke van gesinne in die Postmoderne periode 121
4.10.2 Probleme wat die oorgangsperiode oplewer 122
4.10.3 Die Huwelik 124
4.11 Samevatting 127

**HOOFSTUK 5**

**PERSPEKTIEWE OP MOEDERSKAP**

5.1 Inleiding 129
5.2 Sosiale konstruksies van moederskap 130
5.3 Moeders in die werksomgewing 132
5.4 Moederskap in verskillende kulture 133
5.4.1 Moederskap in Hawaii, Wes – Indië en Afrika 133
5.4.2 Moederskap in die Westerse kultuur 135



© University of Pretoria

5.4.3 Afrikanervroue vertolk verskillende rolle 136
5.4.3.1 Inleiding 136
5.4.3.2 Die rol van die "Volksmoeder" ontwikkel 137
5.4.3.3 Van Volksmoeder tot huisvrou 140
5.5 Stiefmoeders 142
5.5.1 Inleiding 142
5.5.2 Die rolle van 'n stiefma 142
5.5.3 Mites wat daar oor stiefma's bestaan 145
5.5.3.1 Betekenis van "mite" 145
5.5.3.2 Mite 1: Die wrede stiefma 145
5.5.3.3 Mite 2: 'n Stiefma moet "kitsliefde" vir haar nuwe kinders hê 146
5.5.4 Die emosies wat 'n stiefma ervaar 147
5.6 Teologiese perspektiewe op moederskap 149
5.6.1 'n Teologie van kwesbaarheid 149
5.6.2 Die teologie van Afrika–vroue 152
5.6.3 Moeders as metafore in die Bybel 152
5.6.4 Vroue as bemiddelaars van vryheid 154
5.6.5 'n Fokus op die "anderse" vroue in Jesus se geslagsregister 154
5.6.5.1 Rut 155
5.6.5.2 Tamar 156
5.6.5.3 Ragab 157
5.6.5.4 Batseba 158
5.6.5.5 Maria 159
5.7 Samevatting 162



© University of Pretoria

**HOOFSTUK 6**

**DIE INTERDISSIPLINêRE GESPREK – TRANSVERSALE RASIONALITEIT**

| | | |
|---|---|---|
| 6.1 | Inleiding | 163 |
| 6.2 | Verskillende perspektiewe op die interdissiplinêre proses | 165 |
| 6.2.1 | ŉ Fundamentele of universele perspektief | 166 |
| 6.2.2 | ŉ Anti–fundamentalistiese of diverse perspektief | 166 |
| 6.2.3 | ŉ Postfundamentele of transversale perspektief | 167 |
| 6.3 | Die keuse van ander dissiplines in die novorsingsproses | 168 |
| 6.4 | Voorstelling van interdissiplinêre span | 168 |
| 6.5 | Korrespondensie met interdissiplinêre span | 169 |
| 6.5.1 | Brief aan die span | 169 |
| 6.5.2 | Sandra se verhaal | 170 |
| 6.6 | Terugvoer van die interdisiplinêre span | 170 |
| 6.6.1 | Opvoedkundige Sielkundige | 170 |
| 6.6.2 | Maatskaplike Werk | 173 |
| 6.7 | Refleksie op terugvoer | 178 |
| 6.7.1 | Sandra se refleksie | 178 |
| 6.7.2 | Navorser se refleksie op die interdissiplinêre proses | 181 |
| 6.8 | Samevatting | 184 |

**HOOFSTUK 7**

**STIEFMA'S SE GELOOFSTAAL**

| | | |
|---|---|---|
| 7.1 | Inleiding | 186 |
| 7.2 | Stiefma's se Godstaal | 187 |
| 7.2.1 | Uittreksels uit Olga se storie | 188 |
| 7.2.2 | Uittreksels uit Lientjie se storie | 188 |
| 7.2.3 | Uittreksels uit Sandra se storie | 189 |



© University of Pretoria

7.2.4 Uittreksels uit Erna se storie 189
7.3 Navorser se refleksie 190
7.3.1 Refleksie op Olga se Godstaal 192
7.3.2 Refleksie op Lientjie se Godstaal 192
7.3.3 Refleksie op Erna se Godstaal 193
7.3.4 Refleksie op Sandra se Godstaal 193
7.4 God as reisgenoot 193
7.5 Ek as God se agent 194
7.6 Die sin van die lewe 194
7.7 Hoop 195
7.7.1 Definisies van hoop 195
7.7.2 Faktore wat hopeloosheid veroorsaak 197
7.7.3 Twee belangrike kategorieë van hoop 197
7.7.4 Christelike hoop 198
7.7.5 Hoop en profetiese verbeelding 199
7.8 Verbeelding 200
7.9 'n Nuwe taal 202
7.10 Christelike hoop en gesinne 203
7.10.1 "Onvoltooide" gesinne 203
7.10.2 Gesinsrituele 204
7.11 Humor 205
7.12 Ontginning van toekomsstories 206
7.13 Samevatting 208



© University of Pretoria

**HOOFSTUK 8**

Voorlopige konklusie en refleksie 209

**BIBLIOGRAFIE** 214

**BYLAAG 1**

Hansie en Grietjie 230

**BYLAAG 2**

Ingeligte Toestemmingsvorm 236

**BYLAAG 3**

Sandra se storie 240

**BYLAAG 4**

Olga se storie 254

**BYLAAG 5**

Lientjie se storie 261

**BYLAAG 6**

Erna se storie 269



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 1

# EPISTEMOLOGIESE VERTREKPUNTE

In hierdie hoofstuk word die epistemologiese vetrekpunte waaruit die navorsing gedoen word bespreek. Die manier waarop ek myself wetenskaplik en teologies posisioneer, het 'n groot invloed op die navorsingsproses.

## 1.1 Inleidende opmerkings aangaande my eie posisionering

Ek verkies om hierdie navorsingsproses soos Strydom (2005:1) as 'n reis voor te stel. Volgens haar begin enige reis met 'n stel waardes wat daardie reis onderlê. In die doen van hierdie navorsing, vorm dié stel waardes die vertrekpunte waarbinne ek my eie "verstaan" van die werklikheid posisioneer, maar vorm ook die bakens langs die pad wat bepaal in watter rigting die reis sal verloop.

Die term "epistemologie" behels die "hoe" en "wat" 'n mens dink, waarneem en besluit. Volgens Mouton (1998:4) is die term "epistemologie" afgelei van die Griekse woord vir kennis, naamlik 'epistemè'. Vandaar dat die bestudering van menslike kennis "epistemologie" of "kernteorie" genoem word.

Ten einde die wetenskapsbeskouing en epistemologiese vertrekpunte te begrond, word onder andere die begrippe pre-modernisme, modernisme, postmodernisme, kwalitatiewe navorsing, deelnemende aksie-navorsing, sosiale konstruksionisme, die narratiewe benadering, postfundamentele teologie en transversaliteit bespreek.

Enige navorser wat poog om met integriteit navorsing te doen, kan nie 'n wetenskaplike paradigma of navorsingsproses kies wat los staan van sy of haar eie wêreld- of mensbeskouing of oortuigings nie. Daarom posisioneer ek myself epistemologies binne die postfundamentele praktiese teologie en gebruik die metodes van die narratiewe benadering tot praktiese teologiese navorsing. Ek werk ook binne die sosiaal-konstruksionistiese paradigma en gebruik kwalitatiewe en deelnemende aksienavorsing



© University of Pretoria

as metodologieë.

In hierdie navorsing word ek gelei deur die volgende woorde van Müller, Van Deventer & Human (2002:2): "For us, the aim of research is not to bring about change, but to listen to the stories and to be drawn into those stories." Ek gaan hierdie navorsing aanpak as 'n narratiewe navorser. My vooruitsig is dat ek werklik 'n verhouding met my mede-navorsers sal opbou, dat my storie hulle sal aanraak en dat hulle stories ook my sal aanraak en sal verander. My hoop is dat nuwe betekenis, nuwe moontlikhede uit hierdie navorsing sal ontstaan, uit die vertel, interpretasie en hervertelling van die stories, soos wat dit in narratiewe navorsing gedoen word. Ek wil ook probeer verstaan hoe my mede-navorsers hulle lewensverhale konstrueer, dekonstrueer en rekonstrueer in die sosio-kulturele milieu waarin hulle lewe. 'n Belangrike en integrale deel van die hele navorsingsproses is die etiese manier waarop ek die navorsing gaan aanpak en uitvoer, wat ook deel uitmaak van my eie waardesisteem.

Ek sluit aan by die standpunt van Human (2003:41) oor my posisionering binne die navorsing: "As narrative researcher I would rather like to conduct research as a form of practical wisdom, which values the stories of people and communities, instead of working with hypotheses of what should be or might be."

## 1.2 Teologiese posisionering

Ek posisioneer myself binne die Postfundamentele Praktiese Teologie, wat ontwikkel is deur Julian Müller. Müller het hierdie teologiese model ontwikkel vanuit die idees van Wentzel van Huyssteen oor Postfundamentalisme.

In Mei 2007 het ek 'n publieke lesing bygewoon wat aangebied is deur Julian Müller by die Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria. Hy het die verskillende godsbeelde wat mense kan hê, aangespreek. Vir die eerste keer is my eie denke oor teologie geverbaliseer. Müller het hierdie godsbeelde oorgeneem by Delwin Brown. Volgens Brown (2006:294) gee die verskillende maniere om God te lokaliseer aanleiding tot



© University of Pretoria

verskillende vorme van Christelike bestaan of verskillende vorme van gedissiplineerde godsdienstige praktyke en ook tot verskillende vorme van spiritualiteit.

Volgens Brown (2006:295) bestaan daar vier "Gode" vir die Christelike godsdiens, naamlik:

1. God die bron

   God is die skepper, die onmiddellike bron van alles in elke oomblik. Om God te sien as die bron of fondasie, het bepaalde implikasies vir Christene se verstaan van hulleself. Eerstens bring dit verwondering mee. Daar is nie finale antwoorde nie. God wys ons op misterieuse maniere hoe groot Hy is. Ons word ook gewys op die verskil tussen mense se maniere van dink en doen en God se almagtigheid en volmaakte maniere van optrede. Die Heilige Gees is die teenwoordigheid van die misterieuse God in ons lewens. "Views of God that focus on God as source move the Christian toward a spirituality of wonder and gratitude, a mode of life rooted in joyous celebration of the inscrutability of things", (Brown 2006:295).

2. God die agent

   Hiervolgens word daar aan die Drie-Eenheid gedink as God wat as agent in die wêreld optree. "The emphasis here is on God's agency, as lord or guide, in relation to the processes of nature and history." Hierdie is die bekendste en algemeenste manier hoe Westerlinge God sien. God word dus gesien as die een wat vir ons die rigting aanwys. Die Bybel word gesien as God se "direkte woorde" aan ons. In hierdie Godsbeeld speel die intellek 'n baie belangrike rol. "God is an active agent, a force in the cosmos – in nature, history and individual experience." Dit gaan dus hier om 'n spiritualiteit van leiding en rigtinggewing. Dit is ook belangrik dat God se wil en leiding gehoorsaam moet word.

3. God die geïnkarneerde of God die mens

   "God is with us, God is present in and with the world, not above and beyond it. The incarnate God not only elevates life – God also assumes our suffering. The



© University of Pretoria

God who is empty of transcendence is fully exposed to the pain of the world." As God dus met ons is in mensheid, dan is God ook met ons in ons swaarkry. Hierdie is dus 'n spiritualiteit van teenwoordigheid.

4. God die doel

   Die opstanding van Jesus is hier van kernbelang. Christene leef met die verwagting om eendag ewig saam met God te lewe. "Hope is rooted in an anticipation of movement toward the kingdom of God and its ultimate realization beyond or at the end of history. The power of the future in the present frees us from enslavement to present conditions, and opens us to the newness of the future." Hierdie lewe in afwagting is nie net 'n houding nie, maar is 'n aktiewe manier van leef elke dag. Afwagting is dus om te werk na God se toekoms toe. Hierdie Godsbeeld en denke oor God word soms beskryf as 'n politieke teologie, 'n teologie van bevryding en 'n teologie van hoop.

In my eie denke oor God en in my werk as pastorale terapeut, verkies ek en voel ek gemaklik daarmee om God te beleef as God wat mens geword het en dus saam met ons hier op aarde gely het, maar ook geluk ervaar het. God is dus by ons as mense in ons swaarkry, alhoewel Hy nie "daar agter sit" nie. God is 'n misterieuse God en antwoorde op al ons aardse vrae gaan ons nie noodwendig nou by God kry nie. Ek dink ook aan God as die doel. Ek probeer dus nou hier op aarde so leef asof ons nou alreeds deel is van God se nuwe Koninkryk.

Voordat ek Praktiese Teologie en dan spesifiek postfundamentele praktiese teologie gaan bespreek, is dit belangrik om die ontwikkeling van Premodernisme tot Postmodernisme aan te toon. Soos wel in 1.5 bespreek gaan word, lê postfundamentele praktiese teologie nie ten volle binne postmodernisme en relativisme nie.



© University of Pretoria

## 1.3 Die ontwikkeling na 'n postmoderne perspektief in Teologie en dit wat dit voorafgegaan het

Daar bestaan verskillende interpretasies van die konsep "Postmodernisme". Die konsep word ook baie keer oorvereenvouding, wat probleme en waninterpretasies kan veroorsaak. Ek gaan 'n oorsig gee oor die paradigmaverskuiwing wat plaasgevind het vanaf die premodernisme tot die postmodernisme.

Du Toit (2000:13) sê die volgende: "Hoe 'n mens dink en wat jy glo, word onder meer bepaal deur die spesifieke tyd in die geskiedenis waarin jy leef. 'n Mens is onwillekeurig 'n "kind van jou tyd" en daarom is dit belangrik om die aard van die tydgees waarbinne jy leef en dink te verstaan. Dikwels is dit eers met verloop van tyd moontlik om te verstaan wat gebeur het en hoekom dit presies gebeur het."

### 1.3.1 Omskrywing van paradigma

Du Toit (2000:43) sê dat kennis altyd binne bepaalde paradigmas funksioneer. Die term "paradigma" word gebruik om 'n bepaalde struktuur van denke of 'n manier van dink te beskryf. 'n Paradigma kan gesien word as die probleemoplossingsmodel of verwysingsraamwerk waarbinne 'n wetenskaplike sy of haar wetenskap bedryf. Dit kan ook geld vir enige sisteem van kennis of struktuur van denke wat op 'n gegewe tydstip in 'n bepaalde gemeenskap oorheersend is.

Moss (2007:243) beskryf 'n paradigma as volg: "…an overarching system of ideas and beliefs by which people see and organise the world in a coherent way, a mindset for making sense of the world and our place in it. Reasoning will take place within the broader context of the specific thought system. Questions will be answered and phenomena explained in light of how a person views himself, the people around him, life and the world."

Volgens Du Toit (2000:46) werk 'n paradigma as volg: Na die aanvangsfase van 'n bepaalde denkstruktuur of paradigma volg daar 'n normale fase waarin daardie



© University of Pretoria

bepaalde geloofstradisie geheel en al binne sy eie aanvaarde kader gehandhaaf word. In hierdie fase is daar groot stabiliteit en vrede. Wanneer daar dan 'n verandering in denke kom in een aspek van die heersende denkstruktuur, maak dit die integriteit van die res van die heersende paradigma ook verdag. Daarom tree teenmaatreëls in werking. Die bekende ou sieninge moet tot elke prys beskerm word, want so sal vrede en stabiliteit weer herstel word. Daar is 'n oproep tot die "terugkeer na die ou weë". Hierdie spanningsituasie kan vir 'n tyd lank met noodmaatreëls gehandhaaf word, totdat die paradigma op sigself te onstabiel en ongeloofwaardig raak. Daar vind dan 'n skuif plaas en dit lei tot die onstaan van 'n nuwe paradigma of denksisteem. So 'n nuwe paradigma skep dan gaandeweg sy eie geslote sisteem van vrae en antwoorde wat dan opnuut nuwe stabiliteit, integriteit en vrede bring binne die geledere van die aanhangers van hierdie nuwe paradigma. Hierdie paradigmateorie is ook van toepassing op die ontwikkeling van die geskiedenis van premoderne denke na moderne denke.

Die aanhangers van die nuwe paradigma kan wel die ou paradigma verstaan, alhoewel hulle dit nie meer onderskryf nie. Die aanhangers van die ou paradigma kan wel nie die nuwe een verstaan nie. Vir die aanhangers van die ou paradigma is die nuwe een 'n bedreiging en hulle reageer reaksionêr daarop. Dit lei tot 'n nuwe konserwatisme of behoudendheid. Die aanhangers van die nuwe paradigma het meestal 'n gesindheid van genaakbaarheid en toleransie ten opsigte van die aanhangers van die ou paradigma.

### 1.3.2 Die premoderne tyd

Byna alle godsdienste kom uit die premoderne tydperk en baie godsdienste funksioneer vandag nog binne premoderne gemeenskappe. Die Joodse en Christelike godsdienste, sowel as Islam, het almal in die premoderne tydperk ontstaan. Daarom het die grondtekste van hierdie godsdienste ook uit hierdie tydperke gekom. "The premodern world was formed through the convergence of Greek speculative cosmological ideas and an essentially Hebraic theological cosmology", volgens Miller (1989:2).



© University of Pretoria

Vir die premoderne mens was die wêreld plat. Dit het gestaan op pilare met 'n koepel daaroor. Hierdie wêreldbeskouing het dan ook hulle lewensbeskouing bepaal. Vir die voorwetenskaplike mens is sy/haar lewe bepaal deur die wisselwerking van twee magte in die skepping. Aan die een kant was daar God, die goeie mag, wat as jy reg en goed en volgens sy wil sou leef, jou seën met voorspoed, 'n lang lewe en goeie gesondheid. Aan die ander kant was daar die bose magte wat daarop uit was om jou te vernietig, te laat swaar kry of in hulle mag te kry vir hulle eie doeleindes.

"The main elements of this premodern worldview were the following: a vertical metaphysical dualism, separating the celestial from the terrestrial spheres; a language of purpose (primarily organic metaphors) to describe the things in, and the order of, the cosmos; a reliance upon tradition as a source of authoritative knowledge; a view of humanity as standing at the center of the cosmos", (Miller 1989:2).

### 1.3.3 Die moderne tyd

Die moderne tyd het aangebreek in die 16de eeu saam met die Verligting. Dit was die begin van die wetenskaplike tyd en die mens het hom/haar losgemaak van die lewens- en wêreldbeskouing van die premoderne mens. Die modernisme vervang die bygelowige wêreldbeskouing met 'n grondslag van selfstandigheid.

Oden (1990:44) sê oor die moderne tyd: "Modernity is less a time than a conceptual place, an ideological tone. It is less a distinct period than an attitude". Oden (1990:46) wys verder daarop dat een van die belangrikste kenmerke van die modern tyd die volgende is: "A mentality, found especially among certain intellectual elites, which assumes that chronologically recent ways of knowing the truth are self-evidently superior to all premodern alternatives." Tydens die Modernisme is daar groot klem op die rede of die rasionele geplaas en die gesag van die outonome rede moes gehoorsaam word.



© University of Pretoria

Balswick & Balswick (1989:279) beskryf Modernisme as volg: "…a collection of mechanisms of indescribable complexity – technics, propaganda, state, administrative planning, ideology, urbanization, social technology."

"The rhetoric of unrestrained, individual freedom is a prominent earmark of the spirit of modernity. The goal of modern life is to be liberated from restrictions, constraints, traditions, and all social parenting", (Oden 1990:47).

### 1.3.4 Die postmoderne tyd

Die gees van die Postmodernisme het nie so 'n dramatiese onstaan gehad soos die van die Modernisme nie. Daar was nie 'n reeks opeenvolgende wetenskaplike ontdekkings en insigte wat gelei het tot die Postmodernisme nie. Dit is eerder 'n evolusionêre ontwikkeling. Dis moeilik om die aard en ontwikkeling van die Postmodernisme te beskryf, omdat daar soveel fasette hieraan verbonde is.

Daar bestaan ook nie eenstemmigheid oor wat "Postmodernisme" beteken nie, behalwe dat dit 'n reaksie of kritiek teen die Modernisme was. Die begrip het vanuit die estetika en literêre kritiek na alle wetenskappe oorgespoel.

Die verwoestende gevolge van die Eerste en Tweede Wereldoorloë was van die belangrikste oorsake van die ontstaan van die Postmodernisme. Daar was 'n groot ontnugtering in die mens se vermoë om 'n beter wêreld te skep. Die optimisme in die mens se intellektuele vermoëns en tegnologiese vindingrykheid was aan die kwyn. 'n Gees van realisme het begin heers en daar was 'n behoefte na die herwaardering van die "suksesverhaal" van die wetenskaplike eeu, volgens Du Toit (2000:52). Die subjektiewe ervaring in die interpretasie van data en kennis het die "suiwer" kennis en objektiewe inligting verdag gemaak.

Daarom kan daar binne die postmodernistiese paradigma nie meer absolute en finale gevolgtrekkings gemaak word nie. Sodanige suiwer kennis is net 'n illusie en die waarnemer se ervaring en interpretasie speel net so 'n belangrike en deurslaggewende rol in die ontwikkeling van kennis.



© University of Pretoria

Caputo & Scanlon (ed. 1999:3) beskryf die postmoderne periode as die "Nuwe Verligting". "The new Enligtenment would constitute a second childhood which is given over to dreaming of the impossible, arising from a deep desire for what, given the constraints and conditions imposed by modernity, is precisely not possible, which for that reason is precisely what we most deeply desire".

Die skuif na postmodernistiese denke beteken dat sentrale teologiese terme soos ervaring, openbaring, tradisie en goddelike aksie nie langer bespreek kan word binne 'n meta-narratief wat nie die sosiaal-historiese plek van die teoloog as interpreteerder van ervaring en as toepasser van tradisie in ag neem nie, volgens (Van Huyssteen 1997:279).

'n Positiewe eienskap van die Postmodernisme is dat daar 'n herwaardering gekom het van die feit dat die mens 'n spirituele wese is. Daar word ook holisties na die werklikheid gekyk, (Du Toit 2000:56).

Allen (1989:23) noem vier uitvloeisels van die postmoderne tyd. Eerstens het die Postmodernisme 'n tyd ingelui waarin dit sin maak om 'n soeker te wees. Daarom hoef Christene nie meer verdedigend teenoor hulle geloof te staan nie. Volgens hom is die taak van Christene juis om soekers te wees. Tweedens kan die basis van moraliteit van die samelewing nie meer voorgeskryf word nie. Elke persoon soek sy of haar eie moraliteit wat die leefstyl en manier van dink van die persoon pas. In die derde plek word die optimisme van onafwendbare vooruitgang deur die Postmodernisme aangetas. In die laaste plek word kennis, wat deur die Verligting as essensieel goed beskou is, nou soms as skadelik beskou.

As gevolg van die postmodernistiese tydgees, leef ons aan die begin van die 21ste eeu in 'n tyd van groot onsekerheid en onstabiliteit. Die hedendaagse samelewing word gekarakteriseer as een waar daar nie meer langer 'n konsensus van waardes is nie. (Graham 1996:1) Veral in Suid-Afrika, waar hierdie tydgees eers onlangs posgevat het, in vergelyking met die res van die westerse wêreld. Sedert die begin van die 19de eeu het Postmodernisme wel al in ander wêrelddele begin posvat.



© University of Pretoria

### 1.3.5 Die postmoderne perspektief in Suid-Afrika

In Suid-Afrika is Postmodernisme geblokkeer deur 'n netwerk van outoritêre meganismes, volgens Du Toit (2000:57). Die regering van die Nasionale Party, teologies ondersteun deur die drie Afrikaanse kerke, het daarin geslaag om op 'n outoritêre manier die beleid van apartheid en blanke dominansie te handhaaf. Staat en kerk het mekaar hierin gekomplimenteer deur te sorg dat hierdie betrokke staatkundige politieke bestel en geloofstradisie die lewe van duisende mense kondisioneer volgens 'n fundamentalistiese resep van absolute waarhede.

Dit het na 1990 verander toe Nelson Mandela uit die tronk vrygelaat en die ANC en ander revolusionêre organisasies ontban is. Hierdie outoritêre greep van staat en kerk is deur 'n nuwe gees van pragmatisme en realisme finaal verbreek.

In Suid-Afrika vind ons onsself in hierdie stadium op alle terreine in 'n vermenging van premoderne, moderne en postmoderne lewens- en wêreldbeskouings. Ons bevind onsself in 'n tyd waarin die sekerhede en stabiliteit van die premoderne en die aanvanklike stadium van die modernism verdwyn het. Ons is deel van die postmodernistiese tydsgees en dus in 'n onstabiele revolusionêre fase, hoofsaaklik in reaksie op die modernisme.

Ten spyte van die verlies aan sekuriteite, stel die postmoderne tyd ons bloot aan die herwaardering van die mens as spirituele wese. Daar is 'n groeiende bewuswording van die gemeenskaplike oorsprong en ooreenkomste van wêreldgodsdienste. Vir die Christene bring dit nuwe uitdagings mee om in hierdie denkwêreld van die postmoderne tyd hulle eie geloofstradisie te herwaardeer en te herdefinieer.

Beardslee (1989:71) beskryf die postmoderne wêreld as 'n plek van netwerke sonder 'n empiriese of voorafgaande doel, maar 'n plek waar die Gees aktief en kreatief besig is om ons te lei na 'n meer menslike, minder dominerende en meer bevrydende lewe. Die aktiwiteit van die Gees het te doen met die dekonstruksie van vasgestelde idees, sodat nuwe idees na vore kan kom. Dit is ook deur die werk van die Heilige Gees dat Christus duidelik word as die bevryder van God, die een wat gekom het om grense af te breek en mense te help om anders te sien en te dink.



© University of Pretoria

## 1.4 Praktiese Teologie

Die definisie en verstaan van Praktiese Teologie is hoogs gedebatteer en is 'n dinamiese onderwerp van bespreking, gedurende die laaste eeu. Browning (1996:3) noem die volgende: "Practical theology has been throughout history one of the most beleaguered and despised of the theological disciplines." Heitink (1993) verduidelik ook dat die ensiklopediese benadering tot teologie die differensiasie in die verskillende velde van teologie meegebring het vanaf die begin van die 19de eeu. Strydom (2005:3) haal vir Heitink aan wat aanvoer dat praktiese teologie vrae moet vra na die betekenis van die lewe. Die soeke na betekenis is verwant aan die soeke na God.

Volgens Osmer (2006:325): "Within the encyclopedic paradigm of theology, practical theology had the particular task of forming theories of practice. The primary subject matter of practical theology is some form of Christian praxis in the contemporary world. This distinguished practical theology from the biblical sciences in terms of the starting point. In practical theology the starting point is the praxis, and in the biblical sciences it is the text."

"From this practice orientation there is a strong connection between practical theology and the social sciences. Social constructionism is a growing theory within the social sciences. For practical theology it is important to reflect on this emerging concept of social constructionism within the social sciences."

Osmer (2008:126) voer aan dat drie elemente van praktiese teologie dit onderskei van dogmatiese teologie en Christelike etiek, naamlik:

- A performative orientation
- A theory of formation and transformation guiding the praxis of the Christian life over time
- A practical theological hermeneutic of the field in which an action or practice takes place, locating the actors involved in moral time and space.

Müller (2005:2) sê dat praktiese teologie vir so lank al vasgevang is in die debat om



© University of Pretoria

ernstig opgeneem te word as wetenskaplike dissipline wat kan kers vashou met ander teologiese dissiplines. ‘n Uitvloeisel hiervan: “…because in all its efforts to obtain scientific status, it has lost its foothold with practice – it seems like there is an imbalance between theology and practice.”

Browning, volgens Strydom (2005:3) voer aan dat daar ‘n tyd was toe die spot gedryf is met die blote gedagte aan praktiese teologie. Dit was alles behalwe ‘n statussimbool om as praktiese teoloog bekend te staan. Hierdie sienings teenoor praktiese teologie is egter besig om vinnig te verander. Meer klem word geplaas op die praktykgerigtheid van teologie en die refleksie daarvan.

Pattison & Woodward (ed. 2000:2) voer aan dat praktiese teologie teruggevoer kan word na die Duitse protestantse tradisie as deel van die akademiese teologiese kurrikulum in die laat 18de eeu. “Although pastoral care was seen as one important area of concern in practical theology, its concerns extended beyond this to specialist interest in worship, preaching, Christian education, and church government. The purpose of practical theology was to apply theological principles to these activities.”

Volgens Browning (1996:6) word praktiese teologie gekenmerk deur ‘n praktyk-teorie-praktyk model, wat die toepassingsgmodel verander wat net bestaan het uit twee elemente, naamlik teorie en praktyk. “Theology can be practical if we bring practical concerns to it from the beginning. When a religious community hits a crisis in its practices, it then begins reflecting about its meaningful or theory-laden practices. Practice returns again after theoretical reflections.”

Müller (1996:1) vind ook aansluiting by Browning se model wat die prakties-teologiese wetenskaplike proses in terme van “practical wisdom” definieer. Daarmee beweeg Browning weg van die onderskeid tussen basiese teorie (theoria) en praktiese teorie (techne) en vind eerder aansluiting by die begrip “phronesis”. “Phronesis” is die waarde-georienteerde bespreking wat in ‘n wisselwerking tussen praktykervaringe en kennis van bestaande teorieë vergestalt word. Dis is vir Müller belangrik om van prakties-teologiese wysheid te praat en dit daarmee duidelik te stel dat dit om ‘n teologiese intergrasie van teorie en praktyk gaan.



© University of Pretoria

In Müller (1996:60) beskryf Browning hierdie proses van praktiese teologie dus as 'n beweging van praktyk na teorie en dan weer na praktyk. Alle teologiese handelinge is volgens hom gelaai met teorie. Richter (2010: 13) beskryf Browning se model: "This way of being and doing, as lived in the context, should aim to move from practice to theory, back to practice. Theory cannot stand on its own, but its emanates from practice."

Heitink (1993:18) definieer praktiese teologie as 'n aksie-wetenskap: "…the empirical-oriented theological theory of the mediation of the Christian faith within the praxis of the modern society." "He speaks about two types of praxis, namely the mediation of the Christian faith as praxis one and the context of the modern society as praxis two. The interaction between praxis one and praxis two breaks the model of practical theology as applied theology. It puts the living faith of people within the context of society at the core of practical theology".

Hierdie benadering is verder onwikkel toe praktiese teologie gesien is as hermeneuties. Heitink, Browning, Pieterse en andere het die veld van praktiese teologie beskryf as 'n "hermeneutiese benadering".

Pieterse (1993:7) skryf: "In praktiese teologie word die geloofshandelinge van mense onder die soeklig geplaas. Die klem lê op die term 'handeling'. In die praktiese teologie word die geloofshandelinge van mense bestudeer… In die praktiese teologie gaan dit vir my om handelinge wat in diens van die evangelie is, handelinge wat die koms van God in hierdie wêreld dien."

Elders beskryf Pieterse (1993:44-46) praktiese teologie as: "kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie…Kommunikatiewe handelinge is die wyse waarop mense tesame (met mekaar) gestalte aan hulle lewens gee. Kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie druk dus die totale omgang, verhoudinge, reaksie en optrede in woord en daad tussen gelowiges uit…Kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie beteken dat gelowiges hulle lewe en optrede deur Skrifbeginsels laat lei."

Heyns (1998:53) skryf: "Die samelewing is van groot belang vir die praktiese teologie,



© University of Pretoria

omdat dit die konteks is waarbinne die praktiese teologie funksioneer. Terwyl die gemeente die ruimte is waarbinne geloofshandelinge beoefen word en waarin gelowiges geskool en toegerus word, is die samelewing die konteks waarbinne die kerk met sy evangeliese praxis bydra tot die bevryding van die mens en die samelewing."

Pattison & Woodward (ed. 2000:1) beredeneer die verwantskap tussen pastorale teologie en praktiese teologie. Soms word daar van albei gepraat as dieselfde dissipline en ander kere word definisies vir beide gegee wat daarop wys dat pastorale teologie en praktiese teologie van mekaar verskil. Pastorale teologie is 'n ouer term as praktiese teologie. "It goes back far into the history of the Christian community and is related to the need to guide, heal, reconcile, and sustain that community." (ed. Pattison & Woodward 2000:1) Pastorale teologie reflekteer dus die pastorale sorg en rigtinggewing aan die christen-gemeenskappe. Praktiese teologie verskaf teologiese beginsels tot pastorale sorg. Praktiese teologie is dus 'n sambreelterm waaronder pastorale teologie ook ressorteer. Deesdae is daar baie ooreenkomste tussen pastorale teologie en praktiese teologie: "Both are concerned with how theological activity can inform and be informed by practical action in the interests of making an appropriate, effective Christian response in the modern world", (ed. Pattison & Woodward 2000:2).

Pattison & Woodward gee 'n paar essensiële karaktereienskappe van praktiese teologie: Praktiese teologie is 'n transformerende aktiwiteit vir diegene wat daarmee besig is. "The attempt to understand and respond to contemporary human issues from a theological perspective is likely to affect people's views of themselves and the world", (ed. Pattison & Woodward 2000:11).

Praktiese Teologie is nie geïntereseerd in die rasionele en logiese dinge in die lewe en teologie nie. Emosies, simboliek en irrasionele dinge word ook aangespreek. Dit is eerlik en opreg, onsistematies, die waarheid en verbindend. Praktiese Teologie is altyd konteksgebonde en bewus van die sosio-politieke omstandighede in die konteks. Dit het 'n reflektiewe aard en is geskik vir interdissiplinêre gespreksvoering, (ed. Pattison & Woodward 2000:13-15).



© University of Pretoria

Don Browning kan gesien word as die leier in Praktiese Teologie in die tweede helfte van die twintigste eeu. Browning het sterk standpunt ingeneem dat Christelike praktyke nie net pragmaties en terapeuties moet wees nie. "Morals, meanings, and ideals should shape a vision of humanity and the kinds of activity that help to work towards this vision. Christian practice should be based on and contribute to theologically-based ethics", Browning (2000:89).

Browning wou sien dat pastorale teologie gesien moet word as "practical theology of care". "This practical theology should create norms of human wellbeing and action that are publicly explicable…This will allow pastoral theology to regard itself as an expression of theological ethics concerned with religio-ethical norms. It can then make specific recommendations for action and practice in the lives of individuals who are being cared for….", (Browning 2000:89).

Browning se teologiese-etiese uitgangspunte en metodiek ten opsigte van Praktiese Teologie was die basis waarop Elaine Graham haar teologiese standpunte gebou het. "In Practical Theology as transforming practice Graham argues that the discipline of pastoral or practical theology should be reconceived as the articulation and excavation of sources and norms of Christian practice. This is basically an inductive process that works from looking carefully at the practice of faith communities to theorization. Rejecting the obsession of pastoral theology with individuals, therapeutic approaches, and clerical concerns, Graham sees the work of practical theology as being primarily undertaken with and by intentional communities of faith", (Graham 2000:104).

Die dissipline van pastorale teologie, gereorienteer vir die postmoderne era van onsekerhede, verskaf dus 'n metode vir die konneksie tussen teorie en praktyk in 'n religieuse identiteit. "The pastoral disciplines of personal care, social action, worship and initiation are not the applied offshoot of a body of propositional theory that transcends the contingency of human activity. Rather, the ways in which Christians choose to organize their ways of being in the world, of relating to one another in community, and of enacting ritual, care and spirituality, constitute the language of authentic identity." Praktiese Teologie stel dus gelowiges in staat om te doen wat hulle sê, volgens Graham (2000:106).



© University of Pretoria

Müller (2004:300) voer aan: "… the moment that we realise and accept the fact that identity, and therefore rationality, is socially constructed as part of a continuing process, we are liberated from the urge to defend theological rationality over and against other so-called scientific rationalities." Demasure en Müller (2006:416) sê dat praktiese teologie gebeur "…whenever and wherever there is reflection of practice, from the perspective of the experience of the presence of God".

Volgens Müller (2004:294) is daar twee hoofstrome van praktiese teoloë in Suid-Afrika. Die eerste groep is die meer tradisionele groep wat hoofsaaklik werksaam is by die Afrikaanssprekende universiteite, waar die benadering van Duitse en Nederlandse akademici hoofsaaklik gevolg word. Die tweede groep is diegene wat betrokke was in die stryd teen apartheid en waar die klem gelê word op die praktiese doen van teologie en die holistiese benadering. Müller het krities begin staan teenoor die aanwending van die hermeneutiese benadering in praktiese teologie, omdat die benadering volgens hom inkonsekwent is, omdat dit nie kontekstueel gebonde is nie. Die teorie is dus baie keer ver verwyder van die praktyk.

### 1.5 Postfundamentele Praktiese Teologie

Müller het postfundamentele praktiese teologie ontwikkel uit die teologie van Wentzel van Huyssteen. Müller (2004:297) beskryf postfundamentele praktiese teologie as 'n "…third way, a way out of being stuck in modernistic or foundationalist science and theology on the one hand, and the fatalism of some post modernistic approaches, on the other".

Daar is sterk ooreenkomste tussen die postfundamentele praktiese teologiese paradigma en die paradigma van sosiale-konstruksionisme wat in 1.9 breedvoering bespreek gaan word.

"Postfoundationalist practical theology is an effort to move beyond the modernistic boundaries of practical theology. It is also an effort to avoid the relativism of anti-foundationalist theories. Its initial perspectives are highly contextual. But its



© University of Pretoria

performances transcend the local and the concrete and ultimately facilitate interdisciplinarily", volgens Van Huyssteen (2006:22).

Müller (2004:299) haal vir Van Huyssteen aan wat postfundamentele praktiese teologiese rasionaliteit as volg beskryf: "…we cannot talk abstractly and theoretically about the phenomenon of rationality anymore: it is only as individual human beings, living with other human beings in concrete situations and contexts, that we can claim some form of rationality."

Volgens die postfundamentele perspektief tot praktiese teologie, is praktiese teologie dus slegs moontlik as dit as kontekstuele praktiese teologie beoefen word. Dit kan nie binne 'n algemene konteks funksioneer nie. Dit is altyd lokaal, konkreet en spesifiek. Praktiese Teologie moet uitstaan en uitgeken word tussen die ander teologiese dissiplines aan die egtheid en konteksgebondenheid daarvan.

In postfundamentele praktiese teologie is ons rasionaliteit dus altyd konteksgebonde. "…one's own experience is always going to be rationally compelling, even as we reach out beyond personal awareness and conviction to interpersonal (and interdisciplinary) dialogue." (Van Huyssteen aangehaal deur Müller 2004:299)

Daar is dus verskeie faktore wat bydra tot ons interpretasie en verstaan van die werklikheid, volgens Van Huyssteen aangehaal deur Müller (2004:299): "…complimentary interpretations of the manifold dimensions of our experience." Die werklikheid of realiteit is dus altyd geinterpreteerde ervarings. "Our understanding of reality (rationality) is a co-product of a broader community and not the idiosyncratic product of theologians with their own isolated rationality", (Müller 2004:300).

Van Huyssteen (1997:228) bring teologie en postfundamentalisme bymekaar en beskryf die verhouding as volg: "In a postfundamentalist theology the epistemological link between theology and the other sciences can be left open because the project of theological methodology and 'prolegomena' now becomes part of theological reflection as such, that is, as part of an ongoing interdisciplinary inquiry within the practice of theology itself."



© University of Pretoria

Hermans (2002:vii) wys op die volgende: "Within the discipline of practical theology there is a growing self-understanding which is moving away from defining the discipline as applied theology. The concept of action or practice plays a central role in this new self-understanding."

Müller (2004:300) het Van Huyssteen se opsomming van postfundamentele praktiese teologie uiteengesit in 'n model van sewe bewegings om navorsing te doen volgens die postfundamentele praktiese teologiese paradigma. Van Huyssteen (1997:4) se opsomming daarvan is as volg: "…a postfoundationalist theology wants to make two moves. First, it fully acknowledges contextuality, the epistemically crucial role of interpreted experience, and the way that tradition shapes the epistemic and nonepistemic values that inform our reflection about God and what some of us believe to be God's presence in this world. At the same time, however, a postfoundationalist notion of rationality in theological reflection claims to point creatively beyond the confines of the local community, group, or culture towards a plausible form of interdisciplinary conversation."

Müller se sewe bewegings is as volg:

Die konteks en geïnterpreteerde ervarings

1. 'n Spesifieke konteks word beskryf
2. Daar word geluister na in-konteks ervarings en dit word beskryf
3. Interpretasie van ervarings word gemaak, beskryf en ontwikkel in samewerking met mede-navorsers

Tradisies van interpretasie

4. 'n Beskrywing van ervarings soos dit deurlopend ingelig word deur tradisies van interpretasie

God se teenwoordigheid

5. 'n Refleksie van God se teenwoordigheid, soos dit verstaan en ervaar word in 'n spesifieke situasie

Toegelig deur interdissiplinêre ondersoeke



© University of Pretoria

6. ‘n Beskrywing van ervaring, toegelig deur ‘n interdissiplinêre ondersoek

Strek verby die grense van die lokale gemeenskap

7. Die ontwikkeling van alternatiewe interpretasies wat strek verby die lokale gemeenskap

## 1.6 Transversale rasionaliteit

Transversale rasionaliteit is ‘n deel of uitvloeisel van postfundamentele praktiese teologie. Die begrip is ontwikkel deur onder andere Schrag en Van Huyssteen. Müller het dit ontwikkel as ‘n metode om interdissiplinêre navorsing te doen in postfundamentele praktiese teologie. Dit is dan ook een van die sewe bewegings in sy model vir postfundamentele praktiese teologie.

Schrag (1992:149) beskryf transversaliteit as volg:

“The use of the concept/metaphor of transversality in all of these approaches exhibits interrelated senses of lying across, extended over, intersecting, meeting and converging, without achieving coincidence. By way of complex manoeuvres of borrowing and conjugation, metaphorical play and reconfiguration, the various disciplines make use of these interrelated senses ensconced with transversality.”

Die gebruik van transversale rasionaliteit in interdissiplinêre navorsing is besig om veld te wen. In die interdissiplinêre diskoers word verskillende dissiplines dus bymekaar gebring wat baie verskil van mekaar, verskillende epistemologieë het en verskillende bronne gebruik. Tog word daar ‘n veilige ruimte geskep waar die verskillende dissiplines mekaar se stemme kan hoor, al verskil hulle van mekaar.

Van Huyssteen (1999:7) stel dit as volg: “Transversality or interdisciplinary discourse proposes that different disciplines converse with each other in a respectful manner, in an attempt to learn from each other, and in the process gain a better understanding of the issue under discussion. By engaging in interdisciplinary conversation it becomes



© University of Pretoria

possible to indentify possible points of consonance, but also possible points of difference between widely divergent reasoning strategies."

Transversaliteit is dus nie daarop gemik om substansie aan jou eie dissipline te gee en jou eie dissipline se stem te laat hoor nie, maar juis om ander dissiplines se stemme te hoor en in gesprek met hierdie ander dissiplines te tree. Van Huyssteen (1999:3) gaan voort as hy sê: "At times, these other disciplines might voice concerns regarding the issue at hand similar to your own concerns, but sometimes these concerns aired by other disciplines will differ from that of yourself. It is an attempt to bring together all the different disciplines' perspectives and listen and learn from them all. This is important in postfoundationalism if any form of interdisciplinary rationality is to be credibly achieved."

In hoofstuk vyf van hierdie tesis gaan transversaliteit in diepte bespreek word, wanneer stemme van ander dissiplines in hierdie navorsing betrek gaan word. Die storie van Sandra, een van die mede-navorsers gaan gebruik word as die storie van bespreking. Die dissiplines wat gaan deelneem aan die interdissiplinêre gesprek is Praktiese Teologie, Opvoedkundige Sielkunde en Maatskaplike Werk.

### 1.7 Sosiale Konstruksionisme

Vir hierdie navorsing kies ek om te werk binne die sosiaal-konstruksionistiese paradigma. Volgens hierdie paradigma konstrueer die mens konstrukte oor sy/haar werklikheid en heg dan betekenis daaraan.

Die sosiaal-konstruksionistiese paradigma het implikasies vir die manier waarop navorsing gedoen word en vir die manier waarop die navorser eerlik in sy of haar navorsing probeer wees. Volgens Van Huyssteen (2006:13) is daar in sosiale konstruksionisme: "…a deep-rooted believe that we, with our rationality, are socially constructed. We also realize that our understanding of reality is a co-product of a broader community. On this view human experience is always interpreted experience, our observations and perceptions are always theory-laden and they interact with our world(s) in terms of life views to which we are already committed."



© University of Pretoria

Freedman & Combs (1996:16) beskryf sosiale konstruksionisme as die waardes, etikette, gewoontes, moraliteit en wette van ons samelewing en die interaksie van die lede van die samelewing of kultuur met mekaar.

"There is a shift from focusing on how the individual person constructs a model of reality from his or her individual experience to focusing on how people interact with one another to construct, modify and maintain what their society holds to be true, real and meaningful", volgens Freedman & Combs (1996:27).

Volgens Burr (1995:9) is baie van die fundamentele uitgangspunte van die sosiale konstruksionisme al 'n werklikheid vir 'n geruime tyd. In 1934 het Mead simboliese interaksie ontdek met sy boek "Mind, self and society". "Fundamental to symbolic interactionism is the view that as people we construct our own and each other's identities through our everyday encounters with each other in social interaction. In line with this way of thinking, the sociological sub-discipline of ethnomethodology tried to understand the processes by which ordinary people construct social life and make sense of it to themselves and each other." In Sielkunde het Sosiale Konstruksionisme 'n werklikheid begin word met die dokument van KJ Gergen, "Social psychology as history". Hierin voer Gergen aan dat alle kennis histories en kultureel spesifiek is.

Volgens Botha (2003:72) is daar 'n paar dominante uitgangspunte in die Sosiale Konstruksionisme. Dit is die proses waartydens idees, oortuigings en sosiale gebruike met verloop van tyd deur sosiale interaksie "werklikheidstatus" verkry. Kennis en die ontwikkeling daarvan is 'n sosiale verskynsel, want kennis is die skepping van sosiale prosesse.

Gergen (1985:266) sê dat gemeenskappe die lense vorm waardeur hulle lede die wêreld interpreteer en nie individue nie. Dit gaan dus om 'n gedeelde bewussyn wat impliseer dat alle lede van die samelewing saam inspraak lewer tot wat vir hulle van waarde is en wat nie. Die manier hoe mense dink oor hulle wêreld is 'n aktiewe proses wat ontstaan tussen mense binne bepaalde verhoudings.

Freedman and Combs (1996:22) noem vier spesifieke idees wat met die sosiaal-konstruksionistiese wêreldbeeld verband hou, naamlik:



© University of Pretoria

- Realiteite word sosiaal gekonstrueer

  Idees, praktyke en geloofsoortuigings word 'n realiteit vir 'n spesifieke sosiale groep. Mense konstrueer dus hulle realiteite tesame, soos wat hulle dit leef.
- Realiteite word deur taal gekonstrueer

  Die taal wat ons gebruik, skep ons wêreld en oortuigings. Dit is deur taal dat gemeenskappe hulle idees van die werklikheid skep. Om te praat, is nooit neutraal of passief nie. Elke keer wat ons praat, skep ons 'n nuwe realiteit.
- Dit word georganiseer en instand gehou deur stories

  Realiteite word lewend gehou en oorgedra van geslag tot geslag deur die stories wat ons vertel en leef. Binne die sosiaal-konstruksionistiese paradigma is dit belangrik om ag te slaan op die kulturele en kontekstuele stories, sowel die individuele stories van mense binne die gemeenskap. Stories hou ons bymekaar en bring ook skeiding tussen mense. "Each remembered event constitutes a story, which together with our other stories constitute a life narrative, and our life narrative is our life." (Freedman & Combs 1996:32)
- Daar is geen essensiële waarhede nie.

  Sosiale Konstruksionisme gaan uit van die standpunt dat daar geen enkele waarheid of realiteit is nie. Daar bestaan baie moontlikhede vir hoe 'n ervaring geinterpreteer mag word en nie een interpretasie is beter of meer waar as die ander nie. "Different selves come forth in different contexts, and no one self is more true than any other. Particular presentations of self are preferred by particular people within particular cultures." (Freedman & Combs 1996:35)

  Gemeenskappe of mense in dieselfde kultuurgroepe konstrueer dus hulle eie werklikhede en die lense waarna hulle kyk na die wêreld rondom hulle. Die idees wat ons van die wêreld rondom ons het, is dus ons interpretasie daarvan, wat spruit uit ons ervaringe van die wêreld.

### 1.7.1 Sosiale Konstruksionisme en taal

In die sosiaal-konstruksionistiese navorsingsproses is taal belangrik omdat dit aan 'n persoon strukture voorsien wat hom of haar in staat stel om vorm aan sy of haar ervaringe te gee. Taal speel dus 'n belangrike rol in die interpretasie van ervaringe.



© University of Pretoria

Burr (1995:33) se opinie is dat die proses van sosiale konstruksionisme in taal gewortel is. “The very nature of ourselves as people, our thoughts, feelings and experiences, are all the result of language. A person is constructed through language. Language itself provides us with a way of structuring our experience of ourselves and the world. If language is the place where identities are built, maintained and challenged, then this also means that language is the crucible of change, both personal and social. Language is the major site where identities could be challenged or changed.”

Steier (ed. 1991:78) sê die volgende: “Accounts of the world take place within shared systems of intelligibility. These accounts are not viewed as the external expression of the speaker’s internal processes, but as an expression of relationships among persons. The emphasis is thus not on the individual mind, but on the meanings generated by people as they collectively generate descriptions and explanations in language.”

Volgens Botha (2003:72) is daar ‘n paar dominante uitgangspunte in die Sosiale Konstruksionisme. Dit is die proses waartydens idees, oortuigings en sosiale gebruike met verloop van tyd deur sosiale interaksie “werklikheidstatus” verkry. Kennis en die ontwikkeling daarvan is ‘n sosiale verskynsel, want kennis is die skepping van sosiale prosesse. Binne die wisselwerking van taal kom betekenis en verstaan dus na vore wanneer mense hulle idees en herinneringe binne sosiale interaksie ko-konstueer en deur taal bemiddel. Kennis het onderhandelbare betekenis binne die konteks van die taal wat ons gebruik.Taal word deur mense gebruik om in verhoudings met mekaar te leef. Taal bring dus betekenis en word baie keer as metafore gebruik. Die metafore verteenwoordig nie die werklikheid nie.

Taal word dus gebruik om betekenis aan ons ervarings te gee. Met die grammatika waaroor ons beskik, interpreteer ons ervarings. Interpretasies kan slegs gemaak word as daar verbande tussen dinge gelê word en dit binne ‘n sekere tydsraamwerk geplaas word. Sodra ons ervarings interpreteer en tyd daaraan koppel, skep ons verhale. Ervarigs is dus betekenisloos totdat ons woorde en begrippe gebruik om betekenis daaraan te gee.



© University of Pretoria

### 1.7.2 Sosiale Konstruksionisme en diskoerse

‘n Term wat in die Sosiale Konstruksionisme gebruik word, is “diskoers”. Dit verwys na ‘n spesifieke raamwerk van idees of ‘n manier van verstaan. Hierdie diskoerse kan ook beskryf word as “konstruksies van betekenis”. Persone wat vanuit ‘n bepaalde konstruksie van betekenis funksioneer, sal totaal anders optree as persone wat ‘n alternatiewe konstruksie van betekenis volg. Diskoerse manifesteer in tekste, geskrewe tekste soos literatuur, koerante, artikels en briewe, of mondelinge tekste soos gesprekke en onderhoude of visuele uitbeeldings soos advertensies of films. Die manier hoe ‘n mens aantrek kan selfs betekenisvol wees. Daarom kan byna elke aspek van die lewe as “teks” beskou word, volgens Demasure & Müller (2006:414). Volgens Burr (1995:54) het die diskoerse waarmee ons grootword, baie groot implikasies vir hoe ons identiteit gevorm word.

### 1.7.3 Diskoerse en magsverhoudings

Volgens Foucault, aangehaal deur Freedman & Combs (1996:38) gaan dominante diskoerse hand aan hand met kennis en mag: “The discourses of a society determine what knowledge is held to be true, right or proper in that society, so those who control the discourse, control knowledge. At the same time, the dominant knowledge of a given milieu determines who will be able to occupy its powerful positions.”

Wanneer dominante diskoerse sekere stemme marginaliseer, terwyl dit ander bevoordeel, onstaan magsverhoudings. Kennis wat dus deur ‘n sekere kulturele groep gedeel word, verskaf aan daardie groep bepaalde mag. Mag is dus die effek van ‘n diskoers. Mag word dus gebruik om ander mense te definieer.

Vir Foucault (Freedman & Combs 1996:38) is taal ‘n instrument van mag en mense besit mag in die samelewing in direkte verhouding tot hul vermoë om deel te neem aan die diskoerse wat hulle samelewing vorm.



© University of Pretoria

Individue kan slegs magsdiskoerse teenstaan, as hulle in verhoudinge met ander persone is. Deur interaksie met ander persone word kennis, stories en idees met mekaar gedeel wat deur dominante groepe geignoreer of teengestaan word.

### 1.7.4 Dekonstruksie

Die dekonstruksie van diskoerse is baie belangrik om betekenis daaraan te heg. Sampson (1989:7) gee die volgende definisie vir dekonstruksie: "To deconstruct is to undo, not to destroy: to undo…a tradititition that has dominated Western thought since early Greek philosophy and which lies at the very roots of our commonsense understanding."

Michael Foucault en Jacques Derrida kan as van die vaders van dekonstruksie beskou word. Volgens Derrida het dekonstruksie groot respek vir die teks en tradisie. "Deconstruction does not consist in passing from one concept to another, but in overturning and displacing a conceptual order, as well as the nonconceptual order with which the conceptual order is articulated", Stocker (2007:133).

Dekonstruksie vra nie dat jy 'n keuse uitoefen en slaafs jou eie keuse navolg nie. Jy kan nog steeds ondersoekend met die teks omgaan. Dekonstruksie fokus nie noodwendig op veelvoudigheid nie, maar op heterogeniteit, verskil, disassosiasie wat belangrik is in relasie tot ander entiteite. (ed. Caputo 1997:13)

Stocker (2007:132) verduidelik Derrida se verstaan van dekonstruksie soos volg: "Deconstruction cannot limit itself or proceed immediately to a neutralization: it must by means of a double gesture, a double science, a double writing, practice an overturning of the classical opposition and a general displacement of the system."

Volgens dekonstruksie kan ons mense nooit ten volle ken of verstaan nie. Daar is altyd ruimte vir bevraagtekening. Freedman & Combs (1996:47) stel dit as volg: "All narratives are full of gaps and ambiguities. Stories have many possible meanings. The meaning a listener makes it, more often than not, differ from the meaning that the speaker has intended".



© University of Pretoria

Tog is dekonstruksie alles behalwe ‘n onverantwoordelike, destruktiewe proses. Daar word groot erns gemaak met die wêreld agter die teks en met ander omringende tekste. Telkens wanneer een sisteem met ‘n ander vervang word, of wanneer een idee deur ‘n ander verplaas word, vind dekonstruksie plaas.

Caputo (ed. 1997:32) voer aan dat die dekonstruksie van tekste, tradisies, gemeenskappe en oortuigings juis wil aantoon dat niks definieerbare betekenis het nie en dat alle entiteite die genres oorskry waardeur dit op daardie stadium begrens word. Dekonstruksie poog juis om verby die grense te strek en is die oneindige soeke na die onmoontlike, wat impliseer dat ‘n saak wat as onmoontlik beskou word, nie deur die onmoontlikheid uitgewis word nie, maar in werklikheid deur die onmoontlikheid gevoed word.

### 1.7.5 Persoonlikheid en identiteit in Sosiale Konstruksionisme

Sosiale Konstruksionisme daag ons kennis oor onsself uit, asook die wêreld waarin ons lewe. Die sosiaal konstruksionistiese manier om na persoonliheid te kyk, is om persoonlikheid te sien as iets wat bestaan tussen mense en nie binne mense self nie. “You are a product of your relationship with others. Each ‘you’ is constructed socially, out of the social encounters that make up your relationships. When people interact, it is rather like a dance in which they are constantly moving together, subtly responding to each other’s rhythm and posture. This means that we create rather than discover ourselves and other people”, volgens Burr (1995:28).

Elke mens se identiteit word ook sosiaal gekonstrueer, deur die diskoerse wat kultureel tot ons beskikking is. “People’s identities are achieved by a subtle interweaving of many different ‘threads’. All these are woven together to produce the fabric of a person’s identity”, volgens Burr (1995:51). Hierdie diskoerse sluit dinge in soos ouderdom, geslag, opvoedingspeil en seksualiteit. Elke mens se identiteit is dus die eindproduk en kombinasie van die spesifieke weergawe van die dinge wat tot ons beskikking is.



© University of Pretoria

### 1.7.6 Die navorsingswaardes wat in die Sosiale Konstruksionisme geld

Die Sosiale Konstruksionisme het sekere metodologiese implikasies wat in ag geneem moet word:

- Deelnemende en verhalende proses

  Die sosiaal-konstruksionistiese navorsingsproses is 'n deelnemende navorsingsproses waar die waarheid van gebeure nie alleen deur die navorser bepaal word nie. Die mense in die verhale wat vir die navorsing gebruik word, word as navorsingsgenote beskou wat self hulle stories interpreteer en daaraan betekenis gee. Volgens Müller (2000:57) bevry die sosiale konstruksionisme die pastor of terapeut in 'n terapeutiese situasie van "gewaande objektiwiteit". Die navorser moet daarteen waak om dit wat hy of sy as belangrik ag, nie op sy of haar gespreksgenoot af te dwing nie. In die sosiaal-konstruksionisme verkies navorsers dus om na verhale te luister in plaas daarvan om in argumente te verval.

- Fokus op diskoerse

  In die navorsingsproses moet die navorser dus die diskoerse wat in die lewensverhale van die mede-navorsers manifesteer, dekonstrueer. As navorser is een van die grootste uitdagings om getrou te bly aan die waardes van die sosiaal-konstruksionistiese model, waarvan dekonstruksie een is. Dit beteken dat my navorsing sosiaal gekonstrueer sal wees in 'n gesamentlike verhaal van beide my eie werk en die van my mede-navorsers.

## 1.8 Narratiewe benadering

Die narratiewe benadering tot navorsing of dan narratiewe navorsing, is ingebed in kwalitatiewe navorsing. Die narratiewe benadering is dus 'n manier van inligting versamel of 'n metode wat gebruik word in die navorsingsproses. "Narratives are seen as producers and transmitters of reality. Narrative research differs significantly from its positivistic counterparts in its underlying assumptions that there is neither a single,



© University of Pretoria

absolute truth in human reality nor one correct reading or interpretation of a text. The narrative approach advocates pluralism, relativism and subjectivity", volgens Lieblich (1998:2).

Strydom (2005:32) haal vir Monk aan wat die narratiewe benadering met argeologie vergelyk. "Met versigtige klein bewegings en 'n fyn borsel word daar oor die landskap gevee om oorblyfsels van 'n verhaal stuk vir stuk te ontdek en mettertyd vas te stel hoe hierdie oorblyfsels bymekaar inskakel. Net soos die argeoloog benodig 'n narratiewe navorser waarnemingsvermoë uithouvermoë, sorg, doelgerigtheid en delikate werksvernuf."

Moen (2006:56) som narratiewe navorsing dus as volg op: "Narrative research is thus the study of how human beings experience the world, and narrative researchers collect these stories and write narratives of experience."

Swart (2013:1) sê dat die narratiewe benadering gebore is uit: "…the construction of respectful practices with people in counseling and therapy…narrative practices and work were born out of a need to interact with therapy clients in a respectful and collaborative way. Most of these clients had been rendered voiceless, labeled with conditions that they were not asked to describe or name in their own words, even though they were living with these experiences every day".

Dit is belangrik om daarop te let dat die narratiewe benadering tot navorsing nie terapie is nie. Die uitkoms is dus navorsing en die grootste poging van die narratiewe benadering tot navorsing is om by die verhale ingetrek te word. (Müller, Van Deventer & Human 2002:76) Die verskil wat die navorsing bring, word dus bewerkstelling deur die verandering wat die vertel van die stories meebring. Volgens Human (2003:41) is die manier van navorsing veral geïnteresseerd in die manier hoe mense hulle lewensverhale konstrueer, dekonstrueer en later weer herkonstrueer.

Die doelwit van narratiewe navorsing is dus om insig te verkry. Die klem van dus nie soseer op die inhoud van die saak nie, maar op die wyse waarop die saak hanteer word en sin daaraan gegee word. 'n Hipotese moet dus nie gestaaf word nie, maar alternatiewe navorsingsverhale moet tot stand gebring word. Hierdie metode is ook



© University of Pretoria

kwalitatief, aangesien daar nie gesoek word na getalle en kwantifiseerbare algemeen-geldende bewyse nie, maar die soeke na ervaring, sin en betekenis.

"The narrative approach seeks to address and confront us with our relationship to freedom and authorship, as it invites us to live a life where our participation in our stories and in the world really matters. As we re-write the narratives we once held to be the truth – and the only truth – about our lives, we shift the future of our own lives and the communities we form part of", (Swart 2013:1).

### 1.8.1 Kenmerke van narratiewe navorsing

Clandinin & Connelly (2000:21) het soos wat hulle die pad van narratiewe navorsing begin stap het, bewus geword van die verskille tussen narratiewe navorsing en ander tipes navorsing. Hulle noem die ander maniere van navorsing die "grand narrative". Hulle beskryf die "skouer skuur" met ander maniere van navorsing doen as "living at the boundaries". "There are boundaries between thinking according to narrative inquiry and thinking according to the grand narrative. From either side of the boundary, one appears to be communicating with people on the other side – people who are out of focus; not quite able to speak clearly; and who render ideas, thoughts, and suggestions that somehow miss the mark", Clandinin & Connelly (2000:29).

Die dinge wat narratiewe navorsing onderskei van ander tipes navorsing en wat kommunikasie met ander maniere van navorsing doen, bemoeilik, is:

- Tydelikheid
  In narratiewe navorsing is tydelikheid sentraal. 'n Ervaring het 'n verlede, vind in die hede plaas en het 'n toekoms.
- Mense
  Mense is altyd in 'n staat van verandering. Mense moet verstaan word as deel van 'n proses van verandering. Dit wat in die verlede gebeur het, het 'n effek op 'n persoon.
- Aksie



© University of Pretoria

‘n Aksie kan net verstaan word as narratiewe betekenis daaraan geheg word. Daar moet dus na die groter geheel gekyk word, voordat sin aan ‘n aksie gegee word.

- Sekerheid

  Daar bestaan min sekerhede. Daar is altyd meer as een waarheid. Die waarheid lê tussen mense.

- Konteks

  Konteks is altyd teenwoordig. Om betekenis aan ‘n ervaring te gee, moet die konteks verstaan word. Veralgemening mag nooit plaasvind nie.

Verdere kenmerke van narratiewe navorsing is:

Die posisie van waaruit die navorsing gedoen word, is die “nie-wetende posisie”. Dit impliseer nie dat die navorser nie die nodige kennis het nie. Human (2003:42), skryf so daaroor: “The position of ‘not-knowing’ or of being as yet uninformed allows the researcher to pose questions to the co-researcher(s) which are not ‘informed by method’ and (do not) demand scientific answers.” Hierdie posisie stel die navorser in staat om die mede-navorser werklik toe te laat om unieke antwoorde te gee oor hulle lewens en breedvoerig daarop uit te brei.

“In a narrative conversation the language of the storyteller is prominent and valued as worthy of not only being listened to, but the listener also weaves the language of the storyteller into the questions and reflections. The language used by the storyteller is never frowned upon, but is respected and unpacked, so that the meaning is never taken for granted”, (Swart 2013:2).

‘n Narratiewe navorser is geduldig, opreg belangstellend in die mede-navorser se storie en welstand. Hy of sy weet nie vooraf wat die oplossings en uitkomste gaan wees nie en wag vir die navorsingsplot om te ontwikkel. Eensydige interpretasies word nooit gemaak nie. Die narratiewe navorser het dus ‘n dekonstruktiewe agenda.

Narratiewe navorsers kan nooit werklik objektief wees in hulle navorsing, asook in die stories van die mede-navorsers nie. “We cannot but see our worlds through the lens of the multiplicity of our life and cultural stories. Within this understanding there are no



© University of Pretoria

neutral, objective observers who are untouched by their life, their world and the meaning that they have made of both. Being aware, living, leading, consulting and coaching from your preferred alternative life narrative re-authors the worlds that you enter." (Swart 2013:9) Ons interpreteer dus die stories van ander mense deur die oë van ons eie lewens en konteks.

In die narratiewe navorsingsproses word daarna gestreef om die viktimisasie wat soms in navorsing voorkom, uit te skakel. Die persone met wie die navorsing gedoen word, word die gespreksgenote en die mede-navorsers in die navorsingproses. Daar is dus nie 'n magsverhouding tussen die navorser en die gespreksgenote nie. Die mede-navorsers word ten volle deel van die navorsingsproses. Die mede-navorsers moet dus opgebou word deur die navorsing en daarby baat vind. Die navorser moet dus nie al persoon wees wat voordeel uit die proses trek nie. Volgens Rubin (1995:11) moet die mede-navorsers dus vennote in die proses word: "Together the researcher and the conversational partner decide what issues to explore, suggest what remains to be said, and work to provide the thick description that builds toward and overall picture."

"With a narrative approach we are more likely to invite respondents to tell their stories in their own way and to speak in their own voices. We will allow them to control the topics raised. We will try to facilitate a situation where they can tell their stories uninterrupted", volgens Müller, Van Deventer & Human (2002:81). Die kliënt of mede-navorser word as die ekspert van sy of haar eie lewe beskou. Die navorser domineer dus nie die mede-navorser met ekspert-kennis nie, maar word eerder deur die mede-navorser ingelei in sy of haar wêreld. Die navorser moet dus probeer verstaan en nie analiseer nie.

### 1.8.2 Die model van Anne Lamott

Lamott (1995:62) het 'n model ontwikkel vir die skryf van verhale. Ook studente in Praktiese Teologie het van hierdie model gebruik gemaak. Human (2003:45) bespreek hierdie model wat uit vyf dele bestaan:

- Aksie

  Die aksie gaan oor die "nou" van die storie. Dit gaan dus oor baie meer as die probleem. Dit is belangrik dat die navorser in die "nou" van die storie moet bly.



© University of Pretoria

Vrae wat op hierdie stadium gevra kan word, is dinge soos: "Wat is hierdie persoon se roetines of geloofsoortuigings?"

- Agtergrond

  In die agtergrond moet daar agtergekom word wie hierdie persoon is, hoe die familie bymekaar gekom het en wat gebeur het, voordat die "nou" plaasgevind het. Dit is die persoon se herinneringe van die verlede, die sosio-politieke en ekonomiese agtergrond.

- Ontwikkeling

  Die navorser, tesame met die mede-navorsers, kyk na die "unieke uitkomste" in die storie van die mense. Dis belangrik dat die navorser op hierdie stadium geduldig moet wees en nie oplossings en uitkomste moet gee nie. Daar moet nog nie interpretasies gemaak word nie.

- Klimaks

  "In the climax phase you move them along until everything comes together in the climax, after which things are different for the main characters, different in some real way." (Lamott, aangehaal deur Human 2003:46) Weereens moet die navorser geduldig wag vir die klimaks om te ontwikkel. Die navorser moet nie voor die tyd weet wat die uitkoms gaan wees nie.

  Human (2003:46) haal vir Lamott aan wat die klimaks met die volgende metafoor beskryf: "We (writers) need to align ourselves with the river of the story, the river of the unconscious, of memory and sensibility."

- Einde

  Wat is die navorser se bewussyn/bewustheid van wie hierdie mense nou is, waarmee is hulle nou gelos, wat het gebeur en wat beteken dit? 'n Navorser moet saam met die mede-navosers kan droom. Human (2003:47) haal Lamott aan: "You are lucky to be one of those people who wishes to build sand castles with words, who is willing to create a place where your imagination can wonder. We built this place with sand of memories; these castles are our memories and inventiveness made tangible."

Narratiewe navorsing eindig dus nooit met 'n slot nie, maar met 'n oop einde, wat hopelik 'n nuwe storie en nuwe navorsing sal stimuleer. 'n Narratiewe navorser het dus



© University of Pretoria

die etiese verpligting om so getrou as moontlik te wees aan die beginsels van die narratiewe benadering en erns te maak met die unieke verhale van die mede-navorsers. Hierdie riglyne bepaal uiteindelik die geldigheid en betroubaarheid van die navorsing, aangesien dit nie formeel getoets kan word nie.

Clandinin & Connelly (2000:184) som goeie narratiewe navorsing as volg op: "Like other qualitative methods, narrative relies on criteria other than validity, reliability and generalizability. It is important not to squeeze the language of narrative criteria into a language created for other forms of research. Good narratives have an explanatory, invitational quality, have authenticity, adequacy and plausibility. Our question is not so much what makes a good narrative, but rather what makes a good narrative inquiry."

### 1.9 Kwalitatiewe navorsing

"Somehow we have lost the human and passionate element of research. Becoming immersed in a study requires passion: passion for people, passion for communication and passion for understanding people. This is the contribution of qualitative research", (Janesick 1994:217).

Binne die narratiewe benadering word kwalitatiewe navorsing gebruik. Daarom gebruik ek dit ook in hierdie navorsing. Müller & Schoeman (2004:8) voer aan dat narratief-gebaseerde kwalitatiewe navorsing meer belang stel in 'n outentieke proses van navorsing as in die ontdekking van waarheid. Klem word ook gelê op navorsing as betrokkenheid en nie noodwendig as intervensie nie. "In a qualitative study the 'variables' are usually not controlled because it is exactly this freedom and natural development of action and representation that we wish to capture", volgens (Henning, Van Rensburg & Smit 2004:3). Daarom gaan daar in hierdie studie nie gepoog word om iets te bewys nie. Die navorser gaan wel saam met die mede-navorsers reis en hulle stiefma-stories dekonstrueer, interpreteer en weer herkonstrueer. Die navorser is nie van die proses uitgesluit nie.

Teenoor kwalitatiewe navorsing staan dus kwantitatiewe navorsing. Leedy & Ormrod (2005:94) beskryf kwantitatiewe navorsing as volg: "…quantitative research is used to answer questions about relationships' measured variables with the purpose of



© University of Pretoria

explaining, predicting, and controlling phenomena. This approach is sometimes called the traditional, experimental, or positivistic approach. In line with their positivistic approach to research, quantitative researchers mostly begin with a specific hypothesis to be tested. They do this by isolating the variables they want to study, while at the same time."

Kwalitatiewe navorsing steek ook die grense van dissiplines oor, volgens Denzin & Lincoln (ed. 2000:7): "Qualitative research is an interdisciplinary, transdisciplinary, and sometimes counterdisciplinary field. It crosscuts the humanities and the social and physical sciences. Qualitative research is many things at the same time. It is multiparadigmatic in focus. Its practitioners are sensitive to the value of the multimethod approach. They are committed to the naturalistic perspective and to the interpretive understanding of human experience." Daarom skakel kwalitatiewe navorsing goed in by transversaliteit wat ook in die navorsing gebruik gaan word.

"Qualitative research is a situated activity that locates the observer in the world. It consists of a set of interpretive, material practices that make the world visible. These practices transform the world. They turn the world into a series of representations, including field notes, interviews, conversations, photographs, recording, and memo's to the self", (ed. Denzin & Lincoln 2000:3).

"The qualitative researcher may be seen as a bricoleur or quilt maker. As bricoleur or maker of quilts, he or she uses the aesthetic and material tools of his or her craft, deploying whatever strategies, methods, or empirical materials are at hand", (ed. Denzin & Lincoln 2000:4).

"The choice of research practices depends upon the questions that are asked, and the questions depend on their context, what is available in the context, and what the researcher can do in that setting", (ed. Denzin & Lincoln 2000:4).

"This rather complex statement means that qualitative research embraces within its own multiple disciplinary histories, constant tensions and contradictions over the project itself, including its methods and the forms its findings and interpretations take", (ed. Denzin & Lincoln 2000:7).



© University of Pretoria

Rubin (1995:13) beklemtoon die feit dat 'n navorser nooit neutraal kan wees nie. Dit sluit aan by die beginsels van narratiewe navorsing. Objektiwiteit is daarom nooit werklik moontlik nie. Dit is belangrik dat die navorser empatie met die mede-navorser sal hê en eerder 'n balans sal handhaaf, as om te streef na neutraliteit. Daarom is dit van kardinale belang dat die navorser sal bewus wees van sy of haar gespesialiseerde woordeskat en kulturele diskoerse.

Strydom (2005:41) haal vir Rubin aan wat skryf dat in kwalitatiewe navorsing die waarheid altyd in lae voorkom. Daar is dus veelvoudige interpretasies van enige gegewe sosiale fenomeen. Daar is dus nie net een algemene geldende waarheid nie.

### 1.10 Ingeligte toestemmingsverklaring

In die kwalitatiewe navorsingsproses is die gebruik van die ingeligte toestemmingsvorm baie belangrik. Die mede-navorsers word hiermee ingelig wat die veld van navorsing is, hulle deelname word daarmee versoek en klem word daarop gelê dat deelname aan die navorsing vrywillig is. Die versekering word gegee dat hulle data vetroulik hanteer sal word en dat hulle anoniem hanteer sal word. Sien aanhangsel A vir die ingeligte toestemmingsvorm wat vir hierdie navorsing gebruik is.

Clandinin & Connelly (2000:170) voer aan dat die ingeligte toestemmingsvorm eintlik teenstrydig is met die narratiewe manier van dink en doen: "Before beginning the research you need to get ethical approval for the research, normally before beginning the research. This works against the rational negotiation that is part of narrative inquiry. If you approach participants with ethical approval, then some aspects of the inquiry are no longer able to be negotiated."

Die etiese proses moet dus dwarsdeur die navorsingsproses aan die gang wees. Die etiek van die navorsing het in narratiewe navorsing te doen met die verhouding wat daar tussen die navorser en die mede-navorsers bestaan. "In everyday life, the idea of friendship implies a sharing, an interpenetration of two or more persons' spheres of experience. Mere contact is acquaintanceship, not friendship. The same may be said



© University of Pretoria

for collaborative research, which requires a close relationship akin to friendship", (Clandinin & Connelly 2000:171).

Een van die navorsingsmetodes binne kwalitatiewe navorsing is deelnemende aksienavorsing.

## 1.11 Deelnemende aksienavorsing

Die metode wat vir die hierdie navorsing gebruik is, is deelnemende aksienavorsing. Ek vind hierdie navorsingsmetode geskik vir die tipe navorsing wat ek doen, asook my posisionering binne die postfundamentele teologie. Deelnemende aksienavorsing is 'n proses waar die navorser ook deel is van die proses en ook deelneem aan die aksie wat nagevors word. Dit gaan hoofsaaklik oor 'n integrasie van teorie en praktyk, asook interafhanklikheid tussen die navorser en mede-navorsers. Kemmis en McTaggart (2000:568) onderskei deelnemende aksienavorsing só van ander tipes navorsing: "…shared ownership of research projects, community-based analysis of social problems, and an orientation toward community action."

'n Voortdurende spiraal van beplanning, aksie, observasie en refleksie word gevolg. Kenmerkend van deelnemende aksienavorsing is die self-refleksie wat die navorser gedurende die navorsingsproses ondergaan. "…it is generally thought to involve a spiral of self-reflective cycles of planning a change, acting and observing the process and consequences of the change, reflecting on these processes and consequences, and then replanning, acting and observing, reflecting, and so on…" (Kemmis & McTaggart 2000:595).

Dit is ook 'n oop, vloeiende proses, waarvan die stappe in die proses soms kan oorvleuel. Sukses van die proses word ook nie gemeet aan die stiptelike navolging van die stappe en reels nie. "…but whether they have a strong and authentic sense of development and evolution in their practices, their understandings of their practices, and the situations in which they practice", volgens Kemmis & McTaggart (2000:595).



© University of Pretoria

Strydom (2005:43) beweer dat deelnemende aksienavorsing die afstand verwyder tussen die objektiewe waarnemer en die subjektiewe subjek en sluit die gemeenskap wat bestudeer word in as aktiewe deelnemers aan die navorsing, met die einddoel om die gemeenskap te bemagtig met die oog op verandering. Hierdie manier van navorsing is gebaseer op drie sleutelelemente, naamlik navorsing, opvoeding en aksie. Dit wyk dus hiervolgens af van tradisionele navorsingsmetodes deur opvoeding en aksie in te sluit en nie net te eindig by dataversameling nie. Die data word juis gebruik om diegene betrokke by die navorsing te onderrig en hulle tot aksie aan te spoor. Die gemeenskap word betrek by die ontwerp, implimentering, interpretasie en disseminasie van die data, dit hou die lokus van die navorsing binne die gemeenskap, bestudeer sake wat deur die gemeenskap geidentifiseer word, versprei inligting in die gemeenskap, erken dat daar veelvuldige maniere is om te ken en kennis te bekom en erken dat lede van die gemeenskap die kenners is met betrekking tot daardie gemeenskap se behoeftes.

Deelnemende aksienavorsing word veral gebruik in navorsing wat gedoen word met minderheidsgroepe, asook randfigure van die samelewing. Dit is navorsing deur persone op hulle eie situasie, met die oog op die verbetering van dit waarmee hulle besig is. Hierdie werkswyse behandel persone as outonome, verantwoordelike agente wat aktief daaraan deelneem om hulle eie lewensverhale te skryf. Kritiek op deelnemende aksienavorsing, is dat die navorsing nie altyd geskei kan word van gemeenskapswerk en -opheffing nie.

### 1.12 Etiese aspekte in die navorsingsproses:

As narratiewe navorser wat binne die postfundamentele praktiese teologiese paradigma werk, sien ek die etiese aspekte van die navorsingsproses as iets wat deurgaans moet geskied. Soos wat die navorsingsproses vorder, sal die etiese aspekte ook verander. Dit is dus ‘n dinamiese proses wat aan die gang is.

Ek is ook deeglik bewus daarvan dat die beginsels wat vir tradisionele navorsingsmetodes geld, beperkend is wanneer dit toegepas word op narratiewe



© University of Pretoria

navorsing. Pienaar (2003:69) haal vir Smythe aan: "These regulative principles applied to traditional research methods are limited when applied to narrative research. Methodologically, narrative research is an essentially interpretive enterprise in that the researcher is engaged actively in formulating meanings for participants' narrative expressions, often in quite different terms than the participants themselves would. Thus, often narrative researchers are conflicted ethically about how to do justice both to their own and their participants' very different understandings of their life experiences."

Freedman & Combs (1996:265) wys ook op die verskille tussen postmoderne en modern benaderings tot etiek in navorsing: "Modernist ethics tend to be based in rules that can be prescribed and enforced in a 'top down' way. In the postmodern world, ethics focus on particular people in particular experiences, and there is considerable skepticism about the applicability of any kind of sweeping, universal, one-size-fits-all truth claims. According to them, narrative/social constructionist ethics should make a shift to making room for marginalized voices and marginalized cultures. This approach values the experience of people at the margins of any dominant culture or at the bottom of any culture's hierarchies and takes a strong ethical stance in favor of making space for such people's voices to be heard, understood, and responded to."

Die etiek in narratiewe navorsing kan nie net beperk word tot 'n deel van die navorsing nie. Die etiese vraagstuk geld deurgaans deur die navorsingsproses. Die navorser moet haarself/homself deurentyd afvra of hy of sy eties optree en eties navorsing doen. Clandinin & Connelly (2000:169) stel dit soos volg: "We give a sense of how these concerns are experienced throughout an inquiry as we move from field to field text to research text, weaving our way forward and backward, inward and outward, and always staying situated in place."

Wat die etiese vraagstukke in narratiewe navorsing bemoeilik, is dat daar nie noodwendig definitiewe antwoorde op vrae gekry word nie. Die etiese proses word dus nie afgehandel as die ingeligte toestemmingsvorms by die universiteit ingedien word nie. Etiese vraagstukke verander soos wat die navorsingsproses vorder. As ons krities daarna kyk, is die etiese klaring wat met die indiening van die navorsingsvoorstel



© University of Pretoria

verkry word, teen die narratiewe manier van doen. Etiese vraagstukke kan dus gedurende die navorsingsproses verander.

Omdat mede-navorsers in narratiewe navorsing dus 'n groot rigtingbepalende aandeel in die navorsingsproses het, ontwikkel daar 'n intieme band tussen die navorser en mede-navorsers. Die navorser sal dus deurentyd oor sy of haar verantwoordelikhede in die proses moet reflekteer.

Die tradisionele etiese beginsels wat in navorsing geld is dinge soos die anonimiteit van die mede-navorsers, die beskerming van mede-navorsers se privaatheid, beskerming van mede-navorsers teen uitbuiting en blootstelling en die bekendmaking van inligting aan die mede-navorsers. Rubin (1995:94) stel dit as volg: "When you encourage people to talk to you openly and frankly, you incur serious ethical obligations to them. These ethical obligations require avoiding deception. You can protect the people by not using their real names and by disguising the circumstances. It is courteous to ask interviewees for permission to tape-record an interview or to take notes. You should also be honest about the intended use of the research. Your obligations also include ensuring that interviewees are not hurt emotionally, physically, or financially because they agreed to talk with you. You have an obligation to warn interviewees if something they are saying may get them in trouble and to give them an opportunity to retract what they said or tell you not to use the material or not to identify them as the source. You should not take material leaving the interviewee feeling diminished or 'ripped off'."

In narratiewe navorsing kom ander etiese kwessies ook ter sprake soos:

- Eienaarskap van die navorsing
  Aan wie behoort stories? Behoort stories aan die mede-navorsers, of aan die navorser self? Moet alle data of veldnotas aan die mede-navorsers beskikbaar gestel word? Behoort die veldnotas/data aan die navorser of mede-navorsers? Gedeelde eienaarskap mag ontwikkel as die verhouding tussen die navorser en mede-navorsers hegter word. Die ideale situasie is wanneer die mede-navorsers die navorser so vertrou dat hy of sy die vryheid het om kreatief met die navorsingsmateriaal om te gaan.



© University of Pretoria

- Feite en fiksie

  In narratiewe navorsing is die onderskeid tussen feite en fiksie soms verberg. Het dit wat vertel of geskryf is, werklik gebeur? Sal die navorser weet wanneer dit nie meer 'n feitlike weergawe van die storie is nie? Hoe word dit hanteer? Maak dit regtig saak? Omdat narratiewe navorsing juis handel oor die vertel en hervertel van stories, gaan die inhoud juis verander soos wat betekenis daaraan geheg word.
- Refleksie

  Deurgaanse refleksie is belangrik gedurende die navorsingsproses. "Narrative inquiry necessitates ongoing reflection – this is called wakefulness. Narrative inquiry is a state of development, a state that asks us as inquirers to be wakeful, and thoughtful about all of our inquiry decisions." (Clandinin & Connelly 2000: 184) Dit is dus belangrik om deurentyd op jou hoede te wees, krities ingestel te wees ten opsigte van jou eie navorsing en gereeld te reflekteer op die navorsingsproses. Kritiek van ander eksperts in die veld moet ook ernstig opgeneem word. Refleksie van die mede-navorsers moet ook ter harte geneem word.

Etiese optrede in navorsing vereis 'n morele verantwoordelikheid. Hierdie morele verantwoordelikheid moet in die hart van die navorser begin. "A moral position is not a message, or a slogan, or wishful thinking", (Müller, Van Deventer & Human 2002:88).

Narrative researchers must place their own moral preferences at the centre of their research. They must choose a quality, or ethic that they would like to guide their relationship with others. Narrative researchers must use their own spiritual beliefs as the foundation of their personal ethics. This stance in required so that they can be mindful, moment by moment, of the real moral and relational effects of their way of being and their words and actions that accompany that way of being", (Müller, Van Deventer & Human 2002:88).

Wanneer daar na die etiese aspekte gekyk word wat ter sake is in narratiewe navorsing, word magsverhoudings altyd beklemtoon. In elke verhouding is daar dus ook 'n magsverhouding ter sprake. In die narratiewe benadering en dan ook in postmoderne



© University of Pretoria

teologie, is die persoon met die "ekspert kennis", dus nie die enigste een na wie se stem geluister moet word nie. "Those who are affected by such decisions also have a valuable and indispensable contribution to make – even if they are considered non-experts or non-literates in terms of modern rationality", volgens (Pienaar 2003:63).

In die opinie van Carlson & Erickson (ed. 2002:220) is etiese optrede in navorsing die volgende: "To be ethical requires more than an appeal to current regulations, rules, and standards. It invites us to be ever mindful of the moral quality of the relationships we are inviting, encouraging, fostering, responding to, and a part of in our work. This relationalist stance calls for a definition of ethics as a way of being that we seek to embody and live in relationship with others."

### 1.13 My eie storie

Hierdie tesis is 'n uitvloeisel van my lewensreis en die paaie wat ek sover geloop het. Hier volg 'n kykie in my lewensverhaal: Ek het grootgeword in Potchefstroom, op die walle van die Mooirivier. Ek het baie beskermd grootgeword as kind van ouers wat betrokke was by die Universiteit. Ek het 'n broer wat drie jaar jonger as ek is. Van diversiteit in ons gemeeskap was daar nie regtig sprake nie, omdat al my maats se ouers ook dosente aan die Universiteit was. Kinders wat saam met my op skool was, het dus dieselfde sosio-ekonomiese omstandighede as ek gehad. Dit was dus 'n Afrikaner-omgewing - blank en Afrikaanssprekend. Omdat Potchefstroom op daardie stadium - die sewentiger en tagtiger-jare - die bakermat van die Gereformeerde Kerk of "Doppers" was, het ek tog wel 'n bietjie beleef hoe dit is om 'n "outsider" te wees, want ons was lidmate van die NG-Kerk. My beste vriendin was 'n "Dopper" en ek het die persepsie gehad dat haar kerk eintlik die "die regte waarheid" beet het. My ouers het ons altyd aangemoedig om ons vlerke te sprei en wyer te dink. Ek het dus van kleins af geweet dat enige iets vir my moontlik is as ek net wou. Van kleintyd af het ek 'n passie gehad vir mense wat swaarkry en kon nog altyd identifiseer met randfigure in die samelewing. Ek het nog altyd belang gestel in ander mense se probleme en na hulle uitgereik.



© University of Pretoria

Ek het by die PU vir CHO gestudeer in Biblioteek-en Inligtingkunde en daarna my Hons. in Inligtingkunde by Tukkies gedoen. Hierdie stap om na Pretoria te kom, het my lewe beslis in 'n ander rigting gestuur. Ek is getroud met 'n mediese dokter wat 'n praktyk in die swart gemeenskap, Mabopane, buite Pretoria, gehad het. 'n Lewe saam met hom het my oë laat oopgaan vir mense in nood, mense wat ander omstandighede as ek gehad het. Hy het sy werk met soveel passie gedoen en altyd vertel dat dit wonderlik is om die enigste blanke man tussen swart mense te wees. Intussen het ek begin werk as vakreferent in die Biblioteek by Tukkies.

Op 12 Augustus 1998, om vyfuur die middag het my lewe onherroeplik in 'n oogwink verander. Ek het 'n telefoonoproep van my man se praktyk gehad. Hulle het my meegedeel dat hy geskiet is. Die personeel wat vir hom gewerk het, het hom agter op 'n pasiënt se bakkie na Kalafong Hospitaal geneem, maar hy is oppad daarheen oorlede. Ek het 'n tweede oproep van die hospitaal gekry. Toe hulle my meegedeel het dat hy oorlede is, het ek op die trappie van my sitkamer gaan sit en geweet dat niks meer dieselfde is nie. Dit wat voorheen vir my sin gemaak het, het nou nie meer bestaan nie. Ek was skielik 'n weduwee op 28-jarige ouderdom en het gevoel asof ek nêrens meer inpas nie. Ek was nou in die "outsider"- posisie. In 2001 is ek weer getroud, wat my dadelik 'n "kitsma" en stiefma gemaak het, want ek moes ma wees vir my man se vyf-jarige seuntjie, wie se mamma oorlede is. Ek was dus nou ook deel van 'n hersaamgestelde gesin. Die norme en "reëls" wat vir "normale" gesinne geld het nie vir my gesin gewerk nie.

Ek het tot die besef gekom dat ek met mense wil werk wie se lewens nie sin maak nie en in pastorale teologie begin studeer. Ek het betrokke geraak as vrywilliger by Hospivisie in Steve Biko Hospitaal.

Ek onthou 'n spesifieke insident, kort na my tweede huwelik. Ek het vir my "nuwe" seuntjie 'n sprokie gelees. Toe die wrede stiefma haar opwagting maak, was ek vir die eerste keer geskok! Ek het tot die besef gekom dat ek beslis nie meer vir hom kan sprokies lees nie, want hy het dan nou self 'n stiefma! Ek het gewonder of hy ook so oor my dink en my ook so ervaar. Daardie dag is die tema van my tesis dus gebore…



© University of Pretoria

Ek het my werk as bibliotekaresse bedank en voltyds pastorale terapeutiese werk begin doen. Ek het 'n hart begin ontwikkel vir vroue wat hulle in dieselfde omstandighede as ekself bevind. Omdat ons nuwe hersaamgestelde gesin terapie moes kry, is ek gestimuleer in my denke oor stiefma's, danksy 'n wonderlike narratiewe terapeut wat oor my pad gekom het. Ek het vrae aan myself begin vra oor my rol as stiefma. Wat word deur die samelewing van my verwag? Kan ek werklik 'n ma vir my stiefseun wees? Sal hy my ooit werklik aanvaar as sy ma? Ek het intussen ook twee dogtertjies van my eie bygekry, wat ons dus 'n volwaardige hersaamgestelde gesin gemaak het.

Saam met die draaie wat die lewe met my geloop het, het my siening oor God of dan godsdiens ook verander. My studies in teologie het ook 'n groot verrykende invloed daarop gehad. Ek het baie vrae oor God gehad. Sommige dinge wat ek al die jare blindelings aanvaar het, het nie meer vir my sin gemaak nie.

In die postfundamentele teologie het ek tot ruste gekom in my denke oor teologie. Dis hierin waarin ek veilig voel en vir my die beste plek waaruit ek hierdie studie aanpak…

### 1.14 Konteks van die navorsing

Müller (2005:78) voer aan dat praktiese teologie net funksioneel kan wees as kontekstuele praktiese teologie. Dit kan nie as 'n algemene praktiese teologie bestaan en funksioneer nie. Dit is altyd lokaal, konkreet en spesifiek. Die metodologie moet dus bestaan uit konteks, teorie en dan weer terug na die konteks. Pattison en Woodward (ed. 2000:42) beklemtoon ook die belangrikheid van die konteks in praktiese teologie. "…They must forget the desire to address all people in every place. If they are to be useful and authentic, pastoral theologies will emerge out of particular experiences and situations and they may have little significance beyond these situations. Attempts to generalize and universalize often render theologies suspect."

Hierdie navorsing is gedoen in die Moot, 'n woongebied in Pretoria, Suid-Afrika. Dit is 'n ouer woonbuurt met middelklas inwoners. Ek woon self ook in die gebied. Die gebied is amper "landelik" in vergelyking met die gejaagdheid van die res van die stad. In die



© University of Pretoria

gebied is mense definitief minder materialisties ingestel. Daar is heelwat kerke in die omgewing.

My navorsingsgenote bly almal in ook die Moot, behalwe Olga, wat in 'n swart woonbuurt bly. Ek het my mede-navorsers leer ken in daaglikse omgang met ander ma's by my kinders se skool. Twee mede-navorsers het ek by die kerk ontmoet. Olga het ek ontmoet in my werk as pastorale terapeut by 'n hëerskool in die omgewing. Dit was dus nie vir my moeilik om my mede-navorsers se konteks te verstaan nie, omdat dit baie ooreenkomste met my eie het. Olga se situasie was vir my vreemd, maar in my werk as pastorale terapeut in 'n skool met oorwegend swart leerders, was die Afrika-konteks nie heeltemal vreemd vir my nie.

Hierdie studie handel oor die stiefma. Diskoerse wat oor stiefma's bestaan, word gedekonstrueer. Daar word ook ondersoek ingestel na sprokies se aandeel in diskoerse wat oor stiefma's bestaan. Stiefma's se Godsbeelde word ondersoek, asook die aandeel wat die kerk het in hulle vorming van hulle identiteit. Omdat ek self 'n stiefma is, soos wat ek in 1.13 uiteengesit het, weet ek dat ek sal moet waak om nie te subjektief by die navorsing betrokke te raak nie, maar perspektief moet behou.

## 1.15 Verloop van die navorsingsproses

### Sewe Bewegings

Müller (2004:300) het 'n prakties-teologiese navorsingsproses ontwikkel uit die idees van Wentzel van Huyssteen oor postfundamentele praktiese teologie. Hierdie proses bestaan uit sewe bewegings. Hierdie sewe bewegings gaan ek as die raamwerk gebruik vir my studie oor die stories van stiefma's. Die sewe bewegings bestaan uit die volgende:

1. 'n Spesifieke konteks word beskryf.
2. Daar word geluister na in-konteks ervarings en dit word beskryf.
3. Interpretasie van ervaringe word gemaak, beskryf en ontwikkel in samewerking met die mede-navorsers.



© University of Pretoria

4. ‘n Beskrywing van ervaringe soos wat dit deurlopend ingelig word deur tradisies van interpretasie.
5. ‘n Refleksie van God se teenwoordigheid soos wat dit verstaan en ervaar word in ‘n spesifieke situasie.
6. ‘n Beskrywing van ervaring deur ‘n interdissiplinere ondersoek
7. Die ontwikkeling van alternatiewe interpretasies verder as die lokale gemeenskap

### 1.16 Uiteensetting van hoofstukke

In hoofstuk 1 word die navorsing ingelei met ‘n fokus op die epistemologie van die navorsing. Daar word gekyk na die teologiese posisionering van die navorser, spesifiek dan postfundamentele praktiese teologie. Daar word ook gekyk na transversale rasionaliteit. Die narratiewe paradigma word ondersoek, asook sosiale konstruksionisme. Kwalitatiewe navorsing word bespreek. Die konteks van die navorsing word genoem, asook die navorser se eie storie en waar dit binne die navorsing inpas.

In hoofstuk 2 word die verhale van die vier mede-navorsers bespreek. Die vier vroue is stiefma’s, maar in verskillende omstandighede. Die navorser reflekteer ook op elke storie.

Hoofstuk 3 handel oor sprokies, een van die diskoerse wat in die stories van die stiefma’s geidentifiseer is. Daar word gekyk na die onstaan van sprokies. Die broers-Grimm se lewensverhale word in diepte bespreek. Daar word gekyk na feministiese sienings oor sprokies, asook “stilgemaakte vrouestemme” in sprokies. Alternatiewe sprokies vir vandag kry ook aandag.

In hoofstuk 4 word families deur die eeue bespreek. Daar word gekyk na families van die Antieke Wêreld tot vandag. Spesifieke aandag word gegee aan die rolle van die geslagte deur die eeue, spesifiek die rol en plek van vroue. Daar word ook aandag gegee aan hersaamgestelde gesinne.



© University of Pretoria

Hoofstuk 5 fokus op moederskap. Moederskap in verskillende kulture word bespreek. Die klem val veral op die geskiedenis van Afrikanermoeders. Aandag word gegee aan stiefmoeders en dan spesifiek die mites wat daar oor stiefmoeders bestaan. ‘n Teologiese perspektief of moederskap word ook gegee.

In Hoofstuk 6 vind die interdissiplinêre beweging in die navorsing plaas. Dit geskied aan die hand van transversale rasionaliteit. Die storie van een van die mede-navorsers is gegee aan ‘n interdissiplinêre span en hulle reflekteer daarop. Die mede-navorser kry dan geleentheid om weer daarop te reflekteer.

Hoofstuk 7 handel oor die godsbelewing van die mede-navorsers. Hulle gebruik van Godstaal word uitgelig en daar word daarop gereflekteer. Hoop word bespreek, asook verbeelding en humor. Dit word toegepas in hersaamgestelde gesinne.

In hoofstuk 8 word daar finaal gereflekteer oor die navorsing. Daar word ook gekyk na die betekenis van die navorser vir die groter konteks. Moontlike verdere navorsing wat uit hierdie navorsing kan voortvloei, word aangeraak.



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 2

# VIER STIEFMA'S AAN DIE WOORD

**"Die mooiste in die land is ek!"**

*Maar die koninging is net na die geboorte dood en 'n jaar later trou die koning weer. Sy nuwe vrou is beeldskoon, maar so verwaand dat sy nie die gedagte kan verdra dat iemand in die koninkryk dalk mooier as sy is nie. Daar is 'n towerspieël teen haar kamermuur en elke keer as sy voor die spieël gaan staan om haarself te bewonder, vra sy: "Spieëltjie, spieëltjie aan die wand, wie is die mooiste in die land?" En dan antwoord die spieël: "U. liewe koninging, is die mooiste in die land."*

(Van der Vyver, 2010:59)

## 2.1 Inleiding

Die voorafgaande uittreksel uit die bekende sprokie "Sneeuwitjie", is tog so bekend aan ons almal. Hierdie stereotipering van 'n stiefma is ver van die werklikheid af, of is dit dalk juis die geval? In hierdie hoofstuk gaan die vier mede-navorsers bekend gestel word en elkeen van hulle se "stiefma-storie" gaan op 'n unieke manier vertel word.

Hierdie navorsing word gedoen in die postfundamentele praktiese teologie en volgens die narratiewe metode. In narratiewe navorsing is mense se stories belangrik. Die lewe is 'n reis. Elkeen van ons kom van êrens af en is ook oppad êrens heen… Ons het elkeen 'n verlede, sowel as 'n toekoms en met stories probeer ons die verlede en die toekoms met mekaar verbind. Daar bestaan dus 'n spanning tussen dit wat alreeds in die verlede ervaar is en dit wat nog in die toekoms moet gebeur. Müller (1999:3) lê ook klem op die vorming van mense se identiteit in die vertel van stories: "Each story told, represents a struggle in the process of thinking, doing and decision-making. Through our stories we not only discover identity, but also build identity."



© University of Pretoria

Die oomblik wanneer ‘n storie vertel word oor ‘n ervaring wat plaasgevind het, is die ervaring reeds geinterpreteer. Sodra die storie vertel word, word dit dus ‘n nuwe ervaring. Volgens Morgan (2000:5) bestaan ‘n storie uit ervaringe wat in ‘n sekere volgorde plaasvind. ‘n Storie vind altyd binne ‘n sekere tydsraamwerk plaas en ook volgens ‘n intrige. Uit die intrige word sin uit die storie gemaak. Ons gedurig besig om sin van ons lewens te maak deur die stories wat ons vertel.

## 2.2 Konteks van die navorsing

Die konteks van die navorsing word ook in hoofstuk 1 breedvoerig bespreek. Müller (2005:78) voer aan dat praktiese teologie net funksioneel kan wees as kontekstuele praktiese teologie. Dit kan nie as ‘n algemene praktiese teologie bestaan en funksioneer nie. Dit is altyd lokaal, konkreet en spesifiek. Die metodologie moet dus bestaan uit konteks, teorie en dan weer terug na die konteks.

Die konteks van die navorsing is die Moot, ‘n woongebied in Pretoria, Suid-Afrika. Dit is ‘n ouer woonbuurt met middelklas inwoners. Ek is self ook ‘n inwoner van die gebied. Die gebied is amper “landelik” in vergelyking met die gejaagdheid van die res van die stad. In die gebied is mense definitief minder materialisties ingestel. Daar is heelwat kerke in die omgewing.

My navorsingsgenote bly almal in ook die Moot, behalwe Olga, wat in ‘n swart woonbuurt bly. Ek het my mede-navorsers leer ken in my daaglikse omgang met ander ma’s by my kinders se skool. Twee mede-navorsers het ek by die kerk ontmoet. Olga het ek ontmoet in my werk as pastorale terapeut by ‘n hoërskool in die omgewing. Dit was dus nie vir my moeilik om my mede-navorsers se konteks te verstaan nie, omdat dit baie ooreenkomste met my eie het. Olga se situasie was nie vir my vreemd nie, omdat ek op daardie stadium gewerk het as pastorale terapeut in ‘n skool met oorwegend swart leerders.



© University of Pretoria

## 2.3 Metodes wat gebruik is om die data te bekom

Die kwota steekproef-metode is in die navorsing gebruik. Russel Bernard (2000:174) beskryf dit as volg: "In quota sampling, you decide on the subpopulations of interest and on the proportions of those subpopulations in the final sample…How you design a quota sample depends on what's important for your study."

Die metode wat vir die navorsing gebruik is, is deelnemende aksie navorsing. Deelnemende aksie navorsing gaan hoofsaaklik oor 'n integrasie van teorie en praktyk, asook interafhanklikheid tussen die navorser en mede-navorsers. Kemmis en McTaggart (2000:568) onderskei deelnemende aksie navorsing só van ander tipes navorsing: "…shared ownership of research projects, community-based analysis of social problems, and an orientation toward community action".

Kenmerkend van deelnemende aksie navorsing is die self-refleksie wat die navorser gedurende die navorsingsproses ondergaan. "…it is generally thought to involve a spiral of self-reflective cycles of planning a change, acting and observing the process and consequences of the change, reflecting on these processes and consequences, and then replanning, acting and observing, reflecting, and so on…" (Kemmis & McTaggart 2000:595).

Dit is ook 'n oop, vloeiende proses, waarvan die stappe in die proses soms kan oorvleuel. Sukses van die proses word ook nie gemeet aan die stiptelike navolging van die stappe en reëls nie. "…but whether they have a strong and authentic sense of development and evolution in their practices, their understandings of their practices, and the situations in which they practice", volgens Kemmis & McTaggart (2000:595).

Deelnemende aksie navorsing word baie keer gebruik in navorsing wat gedoen word met minderheidsgroepe, asook randfigure van die samelewing. Kritiek op deelnemende aksie navorsing is dat die navorsing nie altyd geskei kan word van gemeenskapswerk - en opheffing nie. Deelnemende aksie navorsing is dus baie geskik vir die postfundamentele praktiese teologiese posisie waaruit ek my navorsing benader.



© University of Pretoria

Elke stiefma se storie is op 'n unieke manier aan my oorgedra. Die keuse daarvan het berus by elke mede-navorser self. Ek het basiese vrae opgestel wat my riglyne was, alhoewel dit "oop gesprekke" was. Sandra en Lientjie het verkies om hulle stories vir my te skryf. Met Olga en Erna het ek gesprekke gevoer, wat ek opgeneem het. Die verbatim gesprekke word as bylae aangeheg. Ek het ook 'n sprokie vir die Afrikaans-sprekende vroue gegee, waarop hulle moes reflekteer. Die sprokie word as 'n bylaag aangeheg.

## 2.4 Etiese aspekte

Etiese optrede moet deurgaans deur die loop van die navorsingsproses toegepas word. Die etiese aspekte is dinamies en sal verander soos wat die navorsingsproses vorder. Etiese optrede deur die navorser is van kardinale belang in die proses om die stories te bekom. Die navorser moet haarself/homself deurentyd afvra of hy of sy eties optree en etiese navorsing doen. Soos reeds in hoofstuk 1 bespreek is, word persone met wie navorsing gedoen word in narratiewe navorsing hanteer as mede-navorsers. Persone word dus nie beskou as "objekte" op wie die navorsing gedoen word nie.

Die verhouding tussen die navorser en die mede-navorsers is baie belangrik. Daar moet 'n vertrouensverhouding ontstaan. Die navorser sal dus deurentyd oor sy of haar verantwoordelikhede in die proses moet reflekteer. Dit is belangrik dat die navorser nie in 'n magsverhouding teenoor die mede-navorsers staan nie.

### 2.4.1 Ingeligte toestemingsvorm

Die ingeligte toestemmingsvorm moet aan die begin van die navorsingsproses deur die navorser met die mede-navorsers bespreek word en dit moet onderteken word. Die ingeligte toestemmingsvorm vorm deel van die etiese proses wat reg deur die navorsing gehandhaaf moet word. Die mede-navorsers word hiermee ingelig wat die veld van navorsing is, hulle deelname word daarmee versoek en klem word daarop gelê dat deelname aan die navorsing vrywillig is. Rubin (1995:95) het die volgende opinie



© University of Pretoria

daaroor: "Whipping out an informed consent statement and asking for a signature can be akward at best. To the extent that interviews are an extension of a conversation and part of a relationship, the legality and formality of a consent form may be puzzling to your conversational partner or disruptive to the research. On the one hand, you may be offering conversational partners anonymity and confidentiality, and on the other asking them to sign a legal form saying they are participating in the study."

Josselson (2007:540) lê klem op die deursigtigheid van die navorsing teenoor die mede-navorser, veral in narratiewe navorsing: "The researcher has to be transparent about his/her interests in order to make a research alliance with the participant. Good narrative practice requires intense collaboration about the topic such that the participant can inform the researcher about the area of the participant's life or experience that is of interest to the researcher".

Die ingeligte toestemmingsvorm wat ek gebruik het, word aangeheg in Bylaag 2. Dit is in Engels, omdat ek op daardie stadium nog oorweeg het om die navorsing in Engels te doen. Die vorm is met elke mede-navorser behandel en elkeen het dit onderteken. Anonimiteit is gehandhaaf deurdat skuilname deurgaans in die navorsing gebruik word.

## 2.5 Bekendstelling van mede-navorsers

### 2.5.1 Sandra se storie

Sandra het verkies om haar storie vir my te skryf. Ek het haar gelei aan die hand van vrae wat ek aan haar gestuur het. Sy het ook haar stiefma-storie vir my in die vorm van 'n sprokie geskryf. Die sprokie word in Hoofstuk 3 bespreek.

Hier volg uittreksels uit Sandra se storie:

> *Ek het Mike en Nicolene ontmoet deur 'n gemeenskaplike vriend. Ek en Nicolene het 'n baie intieme vriendskap ontwikkel. In teendeel, sy het was vir my soos 'n suster. Toe sy oorlede is, het ek vir Mike en die dogters baie ondersteun. Ek het al meer tyd met hulle spandeer. En net eendag besef dat ek en Mike*



© University of Pretoria

*gevoelens vir mekaar het. Twee jaar na Nicolene se ongeluk is ons getroud. Die meisies was to 13 en 7*

*Ek haat elke oomblik van stiefma wees. In die begin het ek nooit as my rol gedink as STIEFma nie. Vir my was ek nou die ma in die huis. Dit was vir my baie natuurlik om te sorg dat hulle klere het, gesonde kos kry, by die skool kom, huiswerk doen ens. Natuurlik het dit ook baie natuurlik gekom dat ek hulle wou opvoed en tugtig. En dis deel van wat vir my so sleg is van stiefma wees. Jy is goed genoeg as hulle iets soek. Hulle moet by die skool kom en jy moet goed vir skool gaan koop – dan is jy so goed, maar die dag as jy 'n sê wil in terme van hulle lewens en opvoeding dan moet jy in die hoek sit en jou mond hou. Van beide partye. Die pa voel heeltyd jammer vir die arme bloedjies wat hulle ma verloor het. Die kinders voel heeltyd die lewe skuld hulle iets. So hulle voel alles wat jy vir hulle doen "kom hulle toe/dis hulle reg". Maar die dag as jy hulle wil opvoed – "moenie lelik praat met ander mense nie", self basiese goed soos "eet mooi", "maak jou kamer aan die kant", en "groet", dan is jy die stief monster! Daardie speelveld is nie vir jou bedoel nie. Jy kry niks waardering vir wat jy doen doen nie. Hulle gaan weg vir 'n naweek en is soooo bly om hulle pappa te sien, maar groet jou skaars (toe hulle jou weer nodig het dan eweskielik tel jy weer….). Jy kry niks waardering of erkenning nie. Dit breek my as ek lekker kos gemaak het en hulle staan op en se "dankie PAPPA vir die lekker kos". Hulle gee my net asoluut NIKS krediet of erkenning vir my kennis nie. Hulle sal hul PA vra "hoe maak jy die hoender gaar" (al weet hulle voor hulle heilige siele ek maak altyd die kos, hulle sal hom vra oor oefening en spiere ens (al hardloop ek al vir amper 30 jaar en hy net vandag ons getroud is…). So, van hulle kant af voel ek net rejection. Dit voel nie hulle is lief vir my nie. Ek is maar net die vloerlap wat hulle kan gebruik as hulle iets nodig het.*

*Ek het ook altyd gedink dit sal beter gaan as hulle groter word. Gedink hulle sal besef wat ek alles opgeoffer het vir hulle en wat ek als vir hulle doen. Ongelukkig raak dit net slegter. Hulle kan steeds nie aanvaar dat hulle pa iemand anders lief gekry het nie. Dit voel hulle recent my elke dag al meer. Hulle*



© University of Pretoria

*raak nou onafhankliker, soos bv Lucy het 'n lisensie, nou het sy my nie meer nodig om haar rond te ry nie. So sy hoef nou minder met my te praat. Daar is net geen plek vir my in haar lewe nie. Dit voel ook dat hulle my die skuld gee/vir MY kwaad is vir alles wat verkeerd geloop het in hulle lewens. Dis my skuld dat hulle ma dood is, my skuld dat hulle vet is, hulle velle lelik is ens.*

*Die verwerping wat jy op 'n daaglikse basis ervaar breek jou selfbeeld soooo af dat jy naderhand glo niemand hou van jou nie. By die werk is ek baie suksesvol. EK is hoog aangeskrewe, mense praat van my. Die laaste jaar voel ek eweskielik niemand hou van my nie. Dit voel vir my hulle praat agter my rug en ek ervaar sommer verwerping van hulle kant af ook. Ek moet myself heeltyd aanspreek – vir myself sê dit is nie so nie.*

*Die hele verwerping ding het my ook verander van 'n baie opgewekte positiewe mens. Ek voel die laaste 10 jaar van stiefma wees het my 'n negatiewe siniese mens gemaak. Ipv dat ek saam met mense wil uitgaan/met mense gesels, wil ek nou net alleen wees.*

*Na 10 jaar as stiefma dink ek die klem moet val op stief kinders, nie stief ma's nie. Hulle behandel jou stief. In al die sprokies verhale is die stiefma die vark in die verhaal. Ek kan nie dink aan 'n sprokies verhaal oor hoe stiefkinders hulle misgedra het nie. Vraag nogal is het die aangehegte sprokies verhaal kinders beïnvloed oor hoe hulle stiefma's moet sien? Hoekom kan hulle nie maar net dink: "Wow, die vrou doen so baie vir ons nie, ons is nie eers haar eie nie"?. Ten slotte, feit bly staan: Verhoudings en liefde kom van twee kant af. Dit is hoekom dit nie werk in my geval nie. Jy kan alles doen en insit wat jy het, maar as hulle nie jou input in hulle lewens wil hê nie, is dit ongelukkig 'n loosing battle……*

*Ek het kuns klas in die aande gehad wat ek opgegee het. Ek het baie geoefen en nie meer tyd gehad nie. Ek het baie met vriende uitgegaan en het dit alles opgegee om daar vir hulle te wees. Ons het ook langer gewag om swanger te raak omdat die kinders baie onstabiel was en ons hulle net eers wou uitsort. As ons dalk vroeer begin probeer het, kon ek dalk my eie kinders gehad het.*



© University of Pretoria

*Ek wou oorsee gaan werk het. Dit was 'n baie groot droom van my. Ek was reeds besig om my goed te reël. Mike het my oortuig om met hom te trou en nie oorsee te gaan nie (ons het besluit dat as ek gaan, ek en hy ons verhouding sal verbreek).*

*Ek het ook baie goed fiets gery. Ek was 11de vrou in die land op die nasionale fietsry seeding en het toe ook 'n borg gekry. Toe ons trou, moes ons nou in plaas van naweke fiets resiese doen, langs die hokkie veld gaan sit om te kyk hoe Lucy se span elke week 20-0 verloor. Ek kon ook nie oefen soos ek altyd wou nie, want dan was ek en Mike te veel ure van die huis af en die kinders alleen by die huis. So, ek moes my fietsry opgee. Ek sou baie graag kompeterend wou ry en op die vlak kom waar ek profesioneel kon ry.*

**Refleksie op Sandra se storie**

Ek het Sandra by die kerk ontmoet. Ons was ook in dieselfde selgroep vir drie jaar. Ons het goeie vriendinne geword, omdat ons baie in gemeen met mekaar gehad het. Sandra is 'n stiefma vir twee dogters wie se ma oorlede is in 'n tragiese ongeluk. Sandra was die kinders se ma se beste vriendin en het die gesin dus vooraf geken. Na die ongeluk het sy vir Mike en die kinders bygestaan en so het 'n verhouding tussen hulle onstaan. Hulle is daarna getroud. Daar is 'n redelike ouderdomsgaping tussen Sandra en Mike en dus 'n klein ouderdomgsverskil tussen haar en die dogters. Sandra probeer werklik 'n goeie ma die die kinders wees, maar dit gaan moeilik. Sy ervaar dat hulle haar verwerp en ondankbaar teenoor haar is. Hulle aanvaar haar nie as 'n ma-figuur in hulle lewens nie. Dit is baie moeilik vir Sandra, omdat sy en Mike nie kinders het nie. Sandra ervaar dat sy baie van haar kant af doen en opoffer vir die kinders, maar hulle verwerp haar. Mike is ook nie ingestel op haar emosionele behoeftes nie en volgens Sandra kry hy altyd die kinders jammer. In hoofstuk 6 reflekteer ekself as navorser op Sandra se storie as deel van die interdissiplinêre proses.



© University of Pretoria

### 2.5.2 Olga se storie

Hieronder volg 'n brief wat Olga aan my gefaks het. Ek het die brief opgevolg met 'n gesprek wat ek met haar gevoer het. Dit is opgeneem op band en die volledige verbatim notas volg in Bylaag 4.

Olga se brief:

> *Dear Madam*
>
> *My name is Olga and this is the life story of my daughter & her son.*
>
> *My daughter was born in the year 1974 on the 8th of December. She attended school and she passed Grade 12. In 1996 she fall pregnant and give birth to her son. After that she started working as a temp at Shoprite.*
>
> *Then suddenly she started to get sick in 2001 the course of her sickness was low blood pressure. In 2006 she was working as a cashier at Engine Garage and then became sick again in 2006. In 2008 on the 17th of August she was admitted at George Mukari Hospital in Garankuwa. On the 30th of September she passed away. I was busy preparing myself to go and visit her at the hospital, when my sister's daughter telling me that she passed away. My daughter's funeral was held on the 5th of October.*
>
> *After her funeral I was so sick, couldn't cope with the lost of my beloved daughter she meant everything to me. I am looking after my grandson and also love him to bits and only want what's best for him.*
>
> *He is attending school at CR Swart in Grade 9. He is a very clever young boy. There comes a time when he does not attend school and is using his transport money with his friends.*



© University of Pretoria

*I am a single grandmother I got two boys the other second born is in Grade 12 at Berea Park High School and the eldest one is a slow learner he is diagnosed of asthma. I am currently working at Toyota Forklift in Elandsfontein as a tea lady. With my salary I have to pay rent, water, electricity, buy food, for my transport money…And transport money for the children to attend school.*

*I am doing my outmost best for these boys, my grandson is very lazy and chicky sometimes all I want from him is to be happy, but he doesn't care at all. He does not want to help with anything in the house like cleaning the yard. He also wants expensive things.*

*I thank God for the power and wisdom he grace me with and for being a strong grandmother and a mother for these boys. There was never a day or night when we did not go hungry GOD provides for us.*

*My wish is that GOD can give me this time to race them in order for them to look after themselves one day when they are much wiser. And live a life the way I brought them up with dignity and self esteem to look after themselves and go the extra mile to make a success of their lives.*

*Thank you*

**Refleksie op Olga se storie**

Olga is 'n swart vrou en verteenwoordig dus die Afrika-kultuur in my studie. Ek het Olga leer ken in my hoedanigheid as pastorale terapeut waar ek by 'n skool in die Moot van Pretoria werksaam was. Sy het 'n afspraak met my gemaak, omdat sy bekommerd was oor haar seun wat 'n leerder in die skool was. Met ons gesprek het ek verneem dat sy haar kleinseun soos haar eie kind grootmaak. In die Afrika-kultuur is dit 'n algemene verskynsel. Olga se dogter is oorlede en sedert haar dood, woon haar kleinseun by haar. Ek het my navorsingprojek met Olga bespreek tydens een van ons ontmoetings by die skool en gevra of sy bereid sal wees om een van my navorsingsgenote te wees.



© University of Pretoria

Olga is ‘n enkelma vir haar drie seuns. Na haar dogter se dood was dit haar plig om haar kleinseun groot te maak. Dit is hoe dit in die Afrika-kultuur werk. Olga sukkel om finansieël die mas op te kom. Sy verdien ‘n karige salaris en moet daarmee aan hulle lewensbehoeftes voorsien. Olga wil net die beste vir haar seuns hê. Daarom het sy ook vir Vusi in ‘n dubbelmedium höerskool in die stad gesit. Dit bekommer haar baie dat Vusi nie op skool na wense vorder nie. Dis ook vir haar swaar as sy ingeroep word na die hoof se kantoor, omdat Vusi homself wangedra. Sy kry dit nie altyd reg om hom te dissiplineer nie. Dit is moeilik vir haar om in ‘n gesagsposisie teenoor hom op te tree. Sy tref geen onderskeid tussen haar drie seuns nie. Olga het nie skuldgevoelens dat sy dalk nie ‘n goeie ma vir Vusi (haar stiefseun) sal wees nie. In die Afrika-kultuur bestaan daar dus nie negatiewe diskoerse oor stiefma’s nie en stigma’s kleef ook nie daaraan om ‘n stiefma te wees nie. Inteendeel, die hele gemeenskap help saam om ‘n kind groot te maak. Dit staan bekend as “Ubuntu”. Olga wil hê dat haar seuns met die regte waardes sal grootword en eendag volwassenes sal wees na wie mense sal kan opkyk en trots op wees.

### 2.5.3 Lientjie aan die woord

Lientjie het haar storie vir my geskryf aan die hand van vrae wat ek aan haar gestuur het, asook ‘n sprokie wat sy moes lees. Lientjie se storie word volledig aangeheg in Bylaag 5. Hier volg ‘n rou en eerlike inskrywing uit haar joernaal:

> *Mense vra nie om jou storie te vertel nie, want hulle “ken” mos reeds jou storie… die prentjie is mos reeds geskets!*
>
> *Ek het broodnodig om my storie te vertel en as jy meer heel is as ek hoop ek dat jy my seer met deernis sal hanteer. Vir jou wat ook stukkend is hoop ek dat my getuienis oor hoe God die pad saam my loop vir jou sal help op jou heelword pad.*
>
> *My doel is nie om vuil wasgoed in die openbaar te was nie, want God is besig met my in ’n proses van vergifnis en om bloot net ’n klomp negatiewe*



© University of Pretoria

*herinneringe van die verlede neer te skryf is teenstrydig met hierdie pad van vergifnis.*

*Ek en Darius is 'n vorige keer geskei en in ons 2$^{de}$ huwelik was daar goeie tye, maar daar was ook seer en ek wou, ná die eerste mislukking, met alle mag en krag nie wéér misluk nie! Dan kry mens maar 'n manier om te "cope"... om êrens in jouself 'n rustige plekkie by God te kry.*

*Soos ek reeds gesê het is my doel nie om nou klippe te gooi nie, maar eerder te deel watter impak my gebroke huwelik op my menswees gehad het. Ek het geleef met gevoelens van vrees, spanning, dat ek nooit genoeg sal wees nie en dan intense eensaamheid! Dan is daar die borrel wat ek uitgee na buite maar binne my huis het ek gou geleer dat stilwees die resep is vir vrede. Ek was in baie opsigte pateties en is deur my kinders gesien as 'n sussie (die gesagskwessie word steeds tans by 'n sielkundige hanteer).*

*Ek is moeg om te probeer regverdig waardeur ek is en watter definisie die beste pas. Vandag staan ek vas met volle oortuiging dat ek emosioneel verwaarloos én mishandel is!*

*My lewe het verseker verander toe ek by die kerk as jeugwerker begin werk het. Ek het my doel/roeping op aarde gekry en het elke sekonde geniet om so vir God te werk! Die manier hoe mense my behandel het, het ook my innerlike krag versterk en ek het begin besef dat ek nie so pateties is as wat ek gevoel het nie.*

*Dan was daar Adriaan saam wie ek die jeugbediening hanteer het. Ons het van die begin af ongelooflik lekker saamgewerk en ek was so bewus dat ons 'n kragtige span maak... selfs met die verskille in ons manier van doen. Daar het 'n mooi vriendskap tussen my en hom én die res van die kollegaspan, ontstaan.*

*Met verloop van tyd het ek in my binneste emosies begin ervaar wat die begin was van 'n intense worsteling. Dit was NAG... Ek het so baklei teen my gevoelens vir hom, ek het met God gepraat, baie gehuil, kere in my kar geklim en*



© University of Pretoria

*net gevlug op 'n grondpad. Dit was 'n helse stryd wat ek met niemand kon deel nie.*

*Ek het sy menswees raakgesien en op 'n vreemde manier gevoel of ek hom nog altyd ken. Sy blote teenwoordigheid het die storm binne my stilgemaak. Ek was bewus van sy eie pyn en het een oggend hom in trane in sy kantoor gekry. Daar was by hom 'n breekpunt oor 'n finansiële krisis. Ek het soveel empatie vir mense se seer, maar ek het daar weg gestap en geweet dat Adriaan se pyn my veel dieper raak...*

*Wat 'n tydlyn aanbetref is my liefde vir Adriaan dalk soos my liefde vir God. Net soos ek nie 'n bekeringsdatum het nie kan ek nie vir jou 'n dag en datum gee waarop ek geweet het ek vir hom lief is nie. My liefde vir hom het gegroei en die stoei in myself het net minder geword.*

*Ek het by 'n keerpunt gekom waar ek besluit het om vir Darius van my gevoelens vir Adriaan te vertel. Hy het my voor 'n ultimatum gestel- óf hy vertel vir Adriaan of ék... Natuurlik het ek besluit om dit self te doen. 'n Mens weet as daar 'n "connection" is en in die stilligheid kon ek in Adriaan ook al 'n sagtheid teenoor my raaksien. Alhoewel ek bewus was daarvan, het dit niks beter gemaak aan die gevoel van verleentheid en vernedering wat ek beleef het toe ek hom moes vertel het van my gevoelens vir hom nie. Inteendeel – dit het dit juis soveel erger gemaak... Adriaan het my egter met soveel deernis en empatie behandel wat my altyd sal bybly.*

*Die bom het met my liefdesverklaring ontplof en die volgende paar maande is partykeer vir my soos 'n droom waar ek buite myself my eie lewe dop gehou het. Daar was so 'n warboel van emosies en as ek nou aan daardie tyd terug dink, beleef ek net 'n doodsheid in my.*

*Ek wou net wegkom uit die situasie en vir niemand (veral nie vir Adriaan nie) ongemak en probleme veroorsaak nie. Hein het gevra om 'n gesprek tussen my, Darius, Adriaan en Alma te fasilliteer, maar ek het eenvoudig nie daarvoor kans*



© University of Pretoria

*gesien nie. Ek wou nie moeilik wees of nie my samewerking gee nie, dit sou net so 'n verleentheid wees om voor almal te sit met my "ingewande uitgeryg". Ek het so intens skaam gevoel en wou net wegkom!*

*My hart het in stukke gebreek om my bedanking as jeugwerker in te dien, maar dit het op daardie stadium na die enigste oplossing gelyk! Ek het gepyn!*

*My huwelik met Darius het net versleg. Hy wou dinge regmaak maar in die proses het hy ook goed gedoen (wat ek kies om nie hier te noem nie) wat my net die bevestiging gegee het dat ons huwelik nie meer herstel kan word nie. En ja, ek het 'n ander kant gesien... daar kan iets meer wees as die huwelik wat ek geken het... ek het in Adriaan 'n mens gesien by wie ek sou kon tuiskom. En as dit nie 'n pad met hom beteken het nie, dan 'n man met dieselfde sagtheid as Adriaan.*

*Ek het in hierdie tyd, voor die finale besluit om te skei, vir sessies by 'n sielkundige gegaan. Tydens een van ons sessies het sy, na intense ondersoek bevestig: My rede vir egskeiding was omdat ek nie meer kans gesien het om met Darius getroud te wees nie. Dit was nie omdat ek saam met Adriaan 'n pad wou stap nie. Sy sagtheid het bloot die wete dat dit anders in 'n huwelik kán wees, bevestig. Die sielkundige het my ook later, in opvolgsessies, begelei deur die egskeidingsproses wat op daardie stadium vir my traumaties was as gevolg van die vorige keer.*

*Ek het besluit ek was lank genoeg geboelie en wou finaal breek daarmee. Dinge het net slegter geword... die konflik het net erger geword. Ek moes "cope" met alles wat die egskeiding op hande meebring (van die konflik rondom skikking, tot om die kinders te "comfort" en te sorg dat hulle goeie begeleiding kry). Ek moes ook "cope" met die feit dat ek werkloos en huisloos is (ek en die kinders het by my ouers ingetrek na 'n heftige konfrontasie tussen my en Darius). Dit was ook 'n moeilike tyd rondom kerk toe gaan want die stories het toe al so versprei dat ek aardig gevoel het om kerk toe te gaan. Ons het in daardie tyd eredienste by*



© University of Pretoria

*ander kerke in die Moot bygewoon. Totaal ontwortel, maar in die hele tyd van al die gemors, seker die naaste ooit aan God! Ek was deurgaans so intens bewus hoe God my en ook my mense dra... Hy het my aan die lewe gehou!*

*Rondom dieselfde tyd het Adriaan bedank omdat hy aan die een kant sy droom om ook buite die kerk 'n verskil te maak wou uitleef en aan die ander kant omdat hy die spanning in hulle huwelik en gesinslewe wou verlig. Ons het baie gepraat en, absoluut téén my hart, het ek hom aangemoedig om sy huwelik te probeer red. Die pyn van egskeiding was op daardie stadium vir my so vernietigend dat ek hom nie daardeur wou sien gaan nie. Glo my dit was so téén my hart om hom aan te moedig om saam Alma na 'n huwelikswerkswinkel te gaan (en maande later, nadat hy uitgetrek het, om hom aan te raai om te besin), maar ek het dit gedoen.*

*'n Slegte ervaring was die dag toe Alma my onverwags by my ouers kom besoek het om oor hulle probleme te praat. Ek was emosioneel vodde met my eie situasie en het nie krag gehad vir die konfrontasie nie! Sy het gesê dat sy weet dat ek nie verantwoordelik is vir hulle probleme nie, maar was bang dat 'n vriendskap tussen my en Adriaan, hulle situasie nie help nie. Ek het vir haar gesê dat ek sielslief is vir Adriaan, maar dat ek gekies het om nie daarop te reageer nie. Die gesprek was so ontstellend dat my ma haar versoek het om asseblief te gaan.*

*Wat verder tussen hulle gebeur het is vir Adriaan om te vertel, maar van my kant af het my liefde vir hom bly groei. Ons het baie gepraat, mekaar van tyd tot tyd gesien en het, 5 maande nadat hy uitgetrek het, besluit om amptelik, na gesprek met ons kinders, met 'n verhouding te begin. Ek was toe reeds geskei, maar hy was nog besig met die skikking van sy egskeiding wat eers 'n verdere 4 maande later onderteken is.*

*'n Baie slegte tyd met dreigemente, siek stories wat versprei is en mense wat lyk of 'n slang hulle pik as hulle jou in die winkel raakloop! Deur God se wonderlike*



© University of Pretoria

*genade het Hy ons deur hierdie tyd gedra deur lieflike mense (ons kinders, familie, handjievol vriende, mense van ons nuwe gemeente) op ons pad te sit. Ek sal Hom ewig dankbaar wees vir die seën en voorsiening wat ons ook in hierdie krisistyd beleef het.*

*'n Maand nadat Adriaan geskei is, is ons op 11 November 2011 voor God en ons mense getroud! Die mooiste dag in my lewe....*

*Dit was ook nie 'n "moet" troue soos met groot oorgawe rondvertel is nie! Ons heg steeds, na ons egskeidings, die hoogste waarde aan die huwelik en wil ook vir ons kinders daarin tot voorbeeld wees!*

*Ek sit hier vandag met 'n diepe berou oor my sonde van 'n gebroke huwelik en egskeiding… Sonde wat ek reeds voor God bely en volkome vergifnis voor ontvang het.*

*Ek sit ook hier met 'n diepe dankbaarheid en intense tevredenheid en geluk oor my en Adriaan se huwelik! Ons is sielsmaats wat met ons huwelik vir ons kinders tot voorbeeld wil wees, ander mense wil inspireer en BO ALLES GOD WIL VEREER!*

*Ja, ek is nog vol gate en dalk in jou oë liederlik, maar hou dop: dis deur hierdie einste gate wat jy God se lig deur my kan sien skyn!*

**Refleksie op Lientjie se storie**

Ek het Lientjie as lidmaat leer ken by die kerk waar ek werksaam is. Lientjie en Adriaan is getroud en wonderlik gelukkig, maar het 'n moeilike en hartseer pad wat agter hulle lê. Hulle is albei deur egskeidings en moes hulle werk by die kerk bedank waar hy leraar en sy die jeugwerker was. Dit was vir hulle baie moeilik om 'n nuwe lewe te begin, maar dit gaan baie goed ten spyte van moeilike omstandighede. Lientjie se eie twee kinders bly voltyds by hulle en Adriaan se kinders sien hulle op 'n gereelde basis.



© University of Pretoria

Lientjie ken Adriaan se kinders al baie lank en het 'n goeie verhouding met hulle. Soos wat dit maar na baie egskeidings gaan, moet Lientjie soms ook koppe stamp met die "eksvrou" en met persepsies wat daar oor haar geskep word, saamleef.

Lientjie het 'n baie hegte verhouding met Adriaan, wat haar help met dinge soos dissipline, ensovoorts. Haar kinders uit haar vorige huwelik is lief vir hom en sy is passievol daaroor om 'n goeie verhouding met haar stiefkinders te hê. Sy het baie drome vir die toekoms en veral vir haar hersaamgestelde gesin. Lientjie se storie het myself baie diep geraak, omdat ek self 'n amptenaar van die kerk is en in haar storie kon sien hoe seer mense in die kerk kan kry. Ek het ook by haar geleer hoe om hierdie seer te hanteer en nogtans waardig op te tree.

### 2.5.4 Erna se storie

Erna het haar storie aan my vertel. Ek het dit opgeneem op band en die volledige verbatim gesprek volg in Bylaag 6.

Hier volg uittreksels uit Erna se storie:

> *Weet jy, ek dink ons situasie is so anders. Jy het nou die dag gevra hoe ek 'n stiefma geword het. Weet jy – dit was nooit eintlik eers ons gedagte gewees om kinders aan te neem nie. Toe ons begin het met veiligheidsorg, was ons gedagte net gewees om kinders te help en hulle weer met hulle biologiese ouers te herenig. En toe…die eerste kind wat ons inneem in 'n plek van veiligheid…Toe na 6 maande kry die maatskaplike dienste nog steeds nie vir hom pleegouers nie. Toe was ons een aand by 'n vergadering waar hulle voornemende pleegouers genooi het en 'n profiel van die kind gegee het. Hulle vra toe waarvoor die kind wat by ons in veiligheid is dan moet pleegouers kry, want hy het dan ouers. Dit was gladnie in ons beplanning om enigsins kinders te pleeg nie. Toe het die maatskaplike dienste vir ons op 'n stadium gesê of ons nie maar dit wil oorweeg om pleegouers vir die kind te wees nie, want kyk hoe die kind in ons sorg ontwikkel het. "Kyk net hoe blom hierdie kind onder julle sorg! Kyk hoe*



© University of Pretoria

*het hy met julle gebind! So dis so half vanselfsprekend dat ons ook moes gebind het met hom". Ons het baie daaroor gebid en ek het geweet dis nie wat ek eintlik wil doen nie. Ons het dit regtig na die Here toe gebring en toe besluit ons sal hom maar pleeg, want niemand wil hom hê nie. Albei sy ouers was baie moeilik – so niemand was bereid om 'n pad met die biologiese ouers te stap nie. Ons het besluit ons sal maar die pad stap en haar (mamma) lei tot bekering en as sy tot bekering kom sal ons haar kind vir haar teruggee. Ons gaan dan nou maar hierdie pad stap as niemand anders bereid is om dit te doen nie. Die dag voor sy eerste verjaarsdag sou ons die pleegsorg ooreenkoms doen en toe was die pa baie aggressief. Die ma het net daar besluit om hom af te teken. Toe het ek soos nageboorte skok, want hier het ek eintlik die beplanning gehad dat ons met haar 'n pad sal stap en nou het ek 'n baba!*

*Toe het ek op 'n stadium gevoel dat my eie kinders 7 en 8 jaar oud is en nou is hy weer alleen. My somme werk nie so nie. Daar moet nou iets gebeur. Of ek moet nog 'n kind aanneem of. So het ek nie regtig weer gekies nie, maar so het Tharina op ons pad gekom. Tharina was weer op 'n ander manier so intens. Sy was ongelooflik afhanklik. Ek verskil as stiefma vir Pierre en Tharina, omdat Pierre sy eie ding wil doen en nie noodwendig so fisies afhanklik is nie.*

*So het daar ander kinders bygekom wat ons dan gepleeg het, maar vir wie ek ook 'n stiefma is. Kevin is weer 'n kleurlingseun en dit verskil geheel en al van ons eerste twee.*

*Jy kan 'n kind uit 'n varkhok haal en in 'n paleis met goue strate sit, maar hy sal hunker na sy biologiese ma. Jy kan enige kind vra wat nie by sy biologiese ma is nie "Wil jy graag by jou mamma wees en hy sal sê "Ja ek wil!" Hulle sien nie die varkhok raak nie. Maar jy kan nog steeds vir jou kinders 'n ouer wees. Omdat hy 'n kleurlingkind is, soek hy altyd soos hy loop "sou dit nie dalk my ma wees nie", omdat jy van velkleur anders is. As ek dink hoeveel keer ons weer vir Kevin van vooraf verseker. Hy is baie bevoorreg, hy het eintlik 'n baie mooi briefie gekry van sy mamma af. Elke keer as hy onseker is kan terug gaan na haar briefie en hom verseker "sien jy, jou mamma het haar seën oor jou uitgespreek.*



© University of Pretoria

*Maar ek dink tog hy kry swaar omdat hy nie weet waar hy vandaan kom nie. So dit maak dit anders.*

*Wat ek dink is dat ek en my kinders se biologiese ouers mekaar nie regtig teen mekaar kan afspeel soos in 'n huis wat daar 'n hersaamgestelde gesin is nie. Dit wat jy nie by die een regkry nie, sal jy by die ander een regkry.*

*Ek dink die verhouding met elke kind verskil, want elke kind se behoefte is anders. Die een kind soek fisies die hele tyd jou aandag. As jy beweeg wil hulle weet waarheen jy gaan. Die ander kind hou hom weer self besig. So elke kind vra iets anders van jou. Elkeen se persoonlikheid is anders, so dit wat jy gee is anders.*

*Ek sien ons as 'n groot gesin en ook, dit leer ons die kinders ook elke dag, hierdie is jou gesin, hierdie is waarheen jy terugkom. As die wind buite vir jou te rof waai, ons sal jou ondersteun, jy kan maar terugkom hierna toe.*

*Ek dink ons slaag omdat ons saamstaan, mekaar ondersteun. Dit maak 'n baie groot verskil. Die feit dat ons saam die biologiese ouers kan hanteer.*

*Jy kan dit nie keer nie, nie velkleur nie, niks. As ek dink aan die binding met Alex. Hy's glad nie die prentjie van die kind wat jy sal aanneem nie. Weet jy, al die dogters wat ek aangeneem het, het niks hare gehad nie. Daar is nie 'n manier wat jy voorskriftelik kan wees nie vir hoe jy bind nie. Daar is bitter min kinders deur al die jare wat ek kan sê daar was niks tussen ons nie. Baie keer is die belangrikste dat ons as volwassene die bindwerk moet doen. Want die kind is die een wat nie verstaan wat met hom gebeur nie*

*Ek dink die normale kerngesinne is op die oomblik die "freaks". Ek sien dat ons kinders hulleself as 'n normale gesin beskou. Hulle kry byvoorbeeld swaar as hulle maatjies se ouers skei. Dis asof hulle eie omstandighede van voor hulle by ons kom bly het, amper vervaag het en hulle nou so veilig in hierdie nuwe gesin is.*



© University of Pretoria

*Ek dink kinders in 'n kerngesin kan amper jaloers voel op ander kinders in saamgestelde gesinne, want dan gaan die kind by sy pa vir hierdie naweek en dan weer na sy ma.*

*Ek dink dat dit vir die ouers van die pleegkinders baie keer moeilik is en dat hulle baie keer "jaloers" op ons is.*

*Ek en Gavin het al 'n verhouding vandat ons in standerd 7 is en nog altyd saam 'n pad met die Here gestap. Wat vir my sleg is, is dat dit wat ons waarlik in opregtheid doen, deur ander geanaliseer word en dan as 'n gevaarteken gesien word. Ons wil regtig net hê dat die kinders iets daarvan moet beleef. 'n Mens sal eers as hulle groot is, werklik weet wat jy nou wel in hulle lewens ingebou het.*

**Refleksie op Erna se storie**

Ek het Erna aanvanklik ontmoet by 'n "ouerleidinggroepie" van die SAVF. Ons kinders is in dieselfde laerskool, dus sien ons mekaar gereeld by die skool. Erna en Gavin, haar man, is voltyds pleegouers. Hulle het hulle ander beroepe gelos en doen net pleegsorg. Hulle het 'n groot huis, waar hulle pleegouers vir baie kinders is, soms tot 20 kinders op 'n slag. Drie van hierdie kinders het hulle al aangeneem as hulle eie. Hulle doen 'n uitstekende werk van die pleegsorg en die kinders is baie gelukkig daar. Hulle het streng reëls en is baie godsdienstig. Hierdie godsdienstige beginsels pas hulle ook in die opvoeding van die kinders toe. Erna ervaar glad nie die stigma's wat aan ander stiefma's kleef nie. Waar ander stiefma's baie keer gekritiseer word, dink mense net goed van Erna en bewonder haar dat sy bereid is om soveel kinders vrywillig groot te maak. Dit maak haar situasie op 'n manier makliker. In ons samelewing word mense dus geprys en bewonder wat pleegsorg doen, terwyl stiefouers in ander gesinsverbande baie keer gekritiseer word. Erna is 'n baie positiewe mens en probeer werklik om 'n veilige hawe vir hierdie kinders te skep. Sy en Gavin is 'n formidabele span, wat saamstem oor dissipline, wat dit ook makliker maak. Dit is dus nie ''n geval van "my kind" en "jou kind" nie. Hulle het streng reëls in hulle huis en skep gesinsrituele wat die kinders veilig en geborge laat voel.



© University of Pretoria

## 2.6 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die vier mede-navorsers bekend gestel en hulle stories is gehoor. Die navorser het ook daarop geflekteer. Uit die ooreenstemmende diskoerse wat in al vier stories teenwoordig is, is temas vir die literêre ondersoek geidentifiseer wat in die volgende drie hoofstukke aangespreek gaan word.



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 3

# VAN PRINSE EN PRINSESSE…

# DIE DEKONSTRUKSIE VAN SPROKIES

## 3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk gaan sprokies bespreek word. Daar gaan gekyk word na die ontstaan daarvan en die elemente waaruit sprokies bestaan. Aspekte van sprokies wat gedekonstrueer gaan word, is die negatiewe beeld van vroue wat baie keer in sprokies geskep word en dan in besonder die negatiewe beeld van die stiefma. Sprokies is veral ‘n kragtige bron wat die mites wat daar oor stiefma’s bestaan, versterk. Sprokies dra inderdaad ook goeie waardes oor en word deur die eeue al bewaar van geslag tot geslag. Die hoofstuk word beëindig met ‘n sprokie wat deur een van die mede-navorsers geskryf is. In die sprokie word haar stiefma-storie kragtig metafories uitgebeeld.

Sprokies maak deel uit van 'n groter groep van die wêreld se oudste verhale wat teruggevoer kan word na die mondelinge verteltradisie en wat ook mites, legendes, sages en volksverhale insluit.

Talle van die sprokies wat bestaan, handel oor prinse en prinsesse of eenvoudige vroue wat prinsesse word. Dit spreek nog altyd tot mense. Prinse en prinsesse is argetipes wat in alle mense leef. Almal wil iemand spesiaal wees, mooi en gelukkig en geborge in die liefde van iemand wees, wat ook nog boonop adellik van gees is. Die meeste sprokies dui op ‘n nuwe begin. Tog staan baie mense deesdae krities teenoor sprokies se relevansie in die lewe van vandag en word die sprokies aangepas. So gaan tog van die trefkrag van sprokies op die onderbewuste van kinders verlore.

Zipes (1988:27) meld die volgende: “We tend to structure our lives according to fairy tales. Young boys want to become like princes when they grow up and young girls want to become like princesses. Fairy tales still play a vital role in our phylogenetic and



© University of Pretoria

ontogenetic development and in socialization processes. It is thus as part of our cultural heritage that the Grimms' fairy tales have been institutionalized."

Sneeuwitjie en ander sprokies is deur die Grimm-broers, Wilhelm en Jacob (1786-1859 en 1785-1863) opgeteken. Hulle het die verhale by eenvoudige plattelanders op plase, in kroeë en in dorpies gehoor. Een van hulle vernaamste vertellers was Kathariena Viehmann van Kassel. Wilhelm en Jacob Grimm het hulle onderskei deurdat hulle die verhale en die vertellers met respek behandel het en dit gewoonlik getrou weergegee het, sonder om daarop te probeer verbeter of hul eie waardestelsel daarop af te dwing, volgens Van Rensburg (2011:25).

Die Grimm-broers het gemeen dat die stories wat hulle vertel het, almal Europees van oorsprong was en die oorblyfsels van ou Germaanse gelowe, gebruike en mites was. Latere navorsing het egter getoon dat baie van die stories deur Hebreeuse, Latynse en Arabiese vertalings uit lande soos Indië gekom het. Die Grimm-broers se waardevolle bydrae tot sprokies word later in die hoofstuk breedvoerig bespreek.

## 3.2 Die oorsprong van sprokies

Bacchilega (1997:5) sê die volgende: "...the fairy tale's magic fulfills multiple desires. As literature for children, fairy tales offer symbolically powerful scenarios and options, in which seemingly unpromising heroes succeed in solving some problems for modern children. These narratives set the socially acceptable boundaries for such scenarios and options, thus serving, more often than not, the civilizing aspirations for adults."

Daar bestaan verskillende teorieë oor die oorsprong van sprokies en dit is interessant dat daar opvallende gemeenskaplikhede tussen sprokies vanoor die wêreld is. Feitlik alle volke het byvoorbeeld hul eie variasie van die verhaal van Aspoestertjie. Die teorie van monogenese word gevolglik gegrond op 'n gemeenskaplike oorsprong in die vroeë Mesopotamiese of Teutoniese samelewings.

Voorstanders van die poligenese teorie glo egter weer dat sprokies afsonderlik in verskillende gemeenskappe ontwikkel het. Die gemeenskaplikhede tussen sprokies van verskillende wêrelddele is daaraan te danke dat mense regoor die wêreld dieselfde



© University of Pretoria

psigologiese behoeftes gehad en emosies ervaar het en dat sprokies, soos legendes en mites ontstaan het, om dieperliggende vrese, onsekerhede en ander menslike emosies aan te spreek. Hulle is vertel en oorgedra om natuurverskynsels te verklaar, die optrede van mense te verstaan en te interpreteer en om uitdrukking aan vreugdes, teleurstellings en jaloesie te gee.

Aansluitend hierby is daar nog 'n teorie waarvolgens die oorsprong van sprokies in drome en die kollektiewe onderbewuste lê - dat sprokies, en volksverhale in die algemeen, simbole van emosionele fantasie is.

Een enkele klinkklare verklaring vir die oorsprong van sprokies sal daar seker nooit wees nie. Die ooreenkomste tussen sprokies van lande en streke wat geen bande met mekaar gehad het nie, is egter te opvallend om te ignoreer. Wat verder duidelik is, is dat die verskillende variasies ook te danke is aan die mondelinge aard van sprokies. Van geslag tot geslag is die verhale vertel en aangepas om die heersende sosiale, kulturele of psigologiese toestande te verklaar. Dit het bygedra tot die lewenskragtigheid van sprokies.

Wat die wesensinhoud van sprokies betref, het hulle ook binne die mondelinge oorlewering tog redelik suiwer bewaar gebly. 'n Verteller wil niemand beïndruk nie; hy of sy wil vertel soos hulle dit ken en onthou.

Sprokies was nie aanvanklik spesifiek vir kinders bedoel nie. Hulle is deur volwassenes aan volwassenes vertel, maar in 'n tyd waarin kinders gewoon as klein volwassenes beskou is, het hulle saam met die volwassenes daarna geluister. Dit word duidelik wanneer daar gekyk word na die ernstige temas van sprokies: hulle handel oor fundamentele kwessies soos liefde, haat, jaloesie, wraak, seksuele ontwaking en lojaliteit.

### 3.2.1 Vroeë sprokies

Van die vroegste sprokies kan teruggevoer word na die Ooste. Die Panchatantra uit Indië, byvoorbeeld, dateer terug na ongeveer die sesde eeu vC en het 'n groot invloed gehad op latere Europese verhale. Uit die Midde-Ooste is daar die bekende "Verhale



© University of Pretoria

van 'n duisend-en-een nagte", wat bekende sprokies soos Aladdin, Ali Baba en Sinbad insluit.

Die vroegste uitvoerige neerskryf van Europese sprokies is gedoen deur die Italianer Giambattista Basile in sy Pentamerone (1634-1636). Dit het sprokies soos "Skoonlief en die ondier" en "Aspoestertjie" ingesluit. Ook in Frankryk is sprokies neergeskryf en dit is veral Charles Perrault se gepubliseerde weergawe wat in Engels bekend sou word as "The Tales of Mother Goose" (1697) wat sprokies in die vorm soos ons dit vandag ken, bewaar laat bly het. Perrault het die inhoud van sommige sprokies aangepas vir kinders en omdat die verhale in die Puriteinse tyd as goddeloos beskou is, is hulle selfs vir volwassenes meer respektabel gemaak.

Tydens die tydperk van die Verligting, ook bekend as "the age of reason", wat gestrek het vanaf die laat 17de eeu tot omtrent die middel van die 18de eeu, het mense soos John Locke en Jean-Jacques Rousseau 'n veldtog teen sprokies gevoer, weliswaar nie oor die morele inhoud nie, maar oor wat gesien is as bygeloof. Die agttiende eeu was meer genadig vir die sprokie. Dit was die tyd van die Romantiek, toe daar 'n meer positiewe ingesteldheid teenoor nie-realistiese dinge was. Aan die einde van die agttiende en begin van die negentiende eeu het die Grimm-broers in Duitsland volksverhale versamel wat hulle in 1812 as "Kinder - und Hausmärchen" gepubliseer het. Dit het ook heelwat van die Europese sprokies wat vandag nog bekend is, ingesluit.

### 3.2.2 Volksprokies teenoor kunssprokies

Die bekende sprokies wat neergeskryf is deur onder andere die Grimm-broers, soos Rooikappie, Aspoestertjie en Sneeuwitjie, staan bekend as tradisionele volksprokies. Hierdie sprokies is deur die eeue mondelings oorgelewer en later neergeskryf. 'n Uitsondering is Afrika-sprokies en sprokies wat nog mondeling oorgedra is in ander wêrelddele waar dit eers baie later neergeskryf sou word.

Sprokies wat hierna sou ontstaan, is nie meer anoniem nie, maar geskep deur 'n spesifieke outeur. Hierdie sprokies staan bekend as kuns- of moderne sprokies. Die



© University of Pretoria

bekendste voorbeelde hiervan is die sprokies wat deur Hans Christian Andersen geskryf is.

### 3.3 Die sprokie as genre

Sprokies word beskou as 'n subgenre van volksverhale. In Duits word sprokies "Marchen" genoem. King (1992:1) beskou sprokies as tradisionele narratiewe wat gewoonlik die tradisies van 'n kultuur oordra. "They have also played and continue to play a significant role in stimulating the intellectual, spiritual and psychological development of human beings."

Volgens King (1992:1) speel die tradisionele narratief soms verskillende rolle "…to call attention to dramatize, clothe with a certain imaginative grandeur various still scantily recognized possibilities, places to go, powers to develop, new moralities to explore, relationships to nurture, weaknesses to assess and sensibilities to refine."

Sprokies is baie keer gegrond in die bizarre, die abnormale, selfs die supernatuurlike. Die funksie hiervan is dat dit die lesers en luisteraars juis daarheen wil neem – uit die normale, die aanvaarbare en die rasionele.

### 3.4 Die vier fases van sprokies:

Van Rensburg (2011:38) haal vir Von Franz aan, wat sprokies in vier fases van die klassieke Griekse drama indeel:

#### 3.4.1 Uiteensetting:

Dit behels die hoe, waar en wanneer van die sprokie. Die meeste sprokies begin met "Lank, lank gelede…". So 'n begin sê dadelik vir 'n mens die betekenisinhoud van die storie is argetipies, omdat dit oud is en van lankal af vertel word. Dit dui op tydloosheid en ruimteloosheid. Sodra die waar en wanneer van die storie bepaal is, kom die karakters aan die beurt. Die karakters is van deurslaggewende belang vir die boodskap wat oorgedra word.



© University of Pretoria

### 3.4.2 Probleemstelling:

In baie sprokies word die probleem reg aan die begin genoem. In die meeste sprokies word sekere temas herhaal, soos byvoorbeeld stiefsusters en stiefmoeders. Sonder ‘n probleem is daar nie ‘n storie nie.

### 3.4.3 “Peripeteia” (Rondlopery):

Dit is die fase in die sprokie waar daar oplossings vir die probleem gesoek word. Baie keer is dit ‘n reis wat plaasvind of ‘n taak wat afgehandel moet word. Dit kan ook ‘n innerlike reis wees wat moet plaasvind. Sprokies kan mense help om die spirituele reise van hulle lewens beter te verstaan.

### 3.4.4 Oplossing “Lysis”:

Dit is gewoonlik die groot belofte van “geluk vir altyd”. Uit ‘n sielkundige oogpunt gesien, is dit nie waar nie, want die reis hou nooit op nie. As die een sprokie deurleef is, wag ‘n ander.

## 3.5 Eienskappe van sprokies

- Sprokies het gewoonlik 'n vinnige pas. Die klem val op die noodsaaklike en min besonderhede word gegee. ‘n Mens kry in der waarheid nie eers werklik 'n beskrywing van byvoorbeeld die atmosfeer of die ruimte nie. Ook die gebeure word nie in besonderhede uitgewerk nie en word dikwels sprongsgewys gegee. Die verhaal beweeg van die een belangrike moment of element na die volgende. Daar kom dikwels herhaling voor, wat nodig is as gevolg van die spronge wat gemaak word om die eenheid te bewaar. Die verhaal begin egter duidelik op 'n punt en beweeg na 'n punt.
- Die vertelde tyd verskil baie. Die verhaal kan in 'n paar uur afspeel, byvoorbeeld sooos in Rooikappie, of jare kan verloop, byvoorbeeld Sneeuwitjie of Doringrosie.



© University of Pretoria

Die kinderkarakters beweeg soms onnatuurlik vinnig vooruit in die tyd en ontwikkel dikwels onrealisties vinnig van kind tot hubare jong meisie of man.

- Die ruimte is gewoonlik baie vaag. Daar word wel 'n omtrekaanduiding gegee, byvoorbeeld 'n koninkryk, berge of 'n bos, maar dit is nooit spesifiek nie - geen name word genoem nie. Dit bly dus universeel. Die bos speel 'n belangrike rol in sprokies en staan dikwels sentraal. Dit speel 'n geestelike rol in die sin dat dit dikwels die plek is waar karakters 'n krisis of probleme ondervind. Hulle word dikwels daarheen gestuur of geneem en dikwels moet hulle na iets gaan soek. In die bos moet hulle die probleme te bowe kom en aan die einde kom hulle ook weer uit die bos uit.
- Een van die belangrikste kenmerke van sprokies is die element van betowering of die wonderbaarlike. Daar is altyd twee wêrelde in die sprokie - die realistiese en die fantasiewêreld. Sprokies begin in 'n relatief gewone wêreld - die karakters is mense wat gewoonweg leef. Dan volg daar 'n oorskakeling na 'n tweede wêreld. Dit is gewoonlik nie 'n totaal ander, vreemde wêreld nie - maar dit kan wel 'n toweragtige wêreld met toweragtige objekte wees. Aan die einde is daar 'n terugkeer na die gewone wêreld - dit eindig nooit in die towerwêreld nie.
- 'n Sterk klimaks is nie belangrik nie, maar daar is wel gewoonlik 'n oomblik van verlossing. Daar moet iets gebeur en 'n terugkeer na die normale wêreld wees. Die sprokie eindig altyd goed.
- Sprokies het altyd 'n openings- en slotformule. Tradisioneel begin dit met "Eendag was daar ..." en eindig met "En hulle het lank en gelukkig saam gewoon". Die openingswoorde van 'n sprokie hang saam met die onbepaalde verlede, die vae tydsaanduiding daarvan. Daar word afstand geskep. Omdat hierdie afstand daar is, doen die inhoud van 'n sprokie nie werklik skade aan die jong kind nie. Die oomblik as daar afstand is, as daar 'n verskil tussen fantasie en werklikheid is, beleef die kind dit ook so.
- Die karakters in sprokies is meestal duidelik omlyn en sterk eendimensioneel. Die kontras tussen goeie en slegte karakters is baie duidelik. Hulle het tiperende eienskappe en dit word selfs in die name gereflekteer, byvoorbeeld Doringrosie of Rooikappie. Die verlossing of ommekeer wat so 'n belangrike element in



© University of Pretoria

sprokies is, hang dikwels saam met die hoofkarakters wat iets moet doen. Hulle is nie passief nie. Die onderliggende boodskap aan die kinderleser is dat jy self iets moet doen en dan sal dinge regkom.

- Die hoofkarakter word baie keer gehelp deur iemand om só die botoon te voer, dikwels 'n ou vroutjie of 'n goeie fee, net soos die kinderleser op sy ouers, of dalk ander volwassenes, behoort te kan staatmaak. Tog is die helpers se mag beperk: Hulle kan nie die hoofkarakter red nie; hulle help hom net. Op die ou end moet hierdie hoofkarakter, wat altyd die goeie verteenwoordig, 'n karaktertoets slaag wat uitloop op 'n oorwinning oor die slegte of bose.
- Die getal drie is belangrik in sprokies. Dit het te doen met 'n sekere klimaks, ook met volmaaktheid en afronding. Dit het ook iets te make met die gesinstruktuur: pa, ma en kinders. In sprokies is daar ook dikwels sprake van drie kinders, en die derde - meestal die jongste of domste - word dikwels gedistansieer. Aan die einde is hy of sy egter die een wat triomfeer. Hierin lê daar ook troos vir die kinderleser wat dikwels "onmagtig" voel in 'n wêreld wat hy of sy nie verstaan nie.
- Daar kom dikwels 'n stiefma of 'n heks voor in sprokies. Beide die stiefma en heks het 'n negatiewe betekenis, en volgens ontleders van sprokies verteenwoordig hulle die negatiewe kant van die moederfiguur. By die aanhoor of lees van die sprokie kan die kind die negatiewe kant van die ma - dit waarvan hy of sy nie hou nie, wat hom/haar kwaad maak en veroorsaak dat hy/sy hierdie emosies nie begryp nie uitwis en dan bly net die positiewe kant oor.
- Volgens Jung is die heks die swakste negatiewe krag in die hiërargie van argetipes. Dit is nie so sterk dat die kind dit nie kan verwerk nie. Daar word baie van argetipes gebruik gemaak in sprokies. Die pa se negatiewe kant word dikwels deur die reus verteenwoordig en die goeie deur die jagter.
- Dwerge is ook belangrik. Binne die raamwerk van argetipes word hulle beskou as onvolledige karakters. In die sprokie bly hulle ook onvolledig. Die prinses sal byvoorbeeld nooit met die dwerg trou nie - Sneeuwitjie is 'n goeie voorbeeld hiervan.



© University of Pretoria

- Daar is duidelik 'n volwasse verteller aan die woord. Dit is belangrik sodat die kind altyd die gevoel kan hê dat dit 'n volwassene is wat die verhaal vertel, liefs sy pa of ma. Dit moet vir hom of haar voel asof die ouer sê: “Ek stem saam met wat ek vertel. Jy gaan grootword en oorwin. Dit kan geverbaliseer word deur die ouer, maar dit is beter dat dit nie gedoen word nie, maar eerder in die onderbewuste van die kind werk. Terwyl ander fantasieverhale dikwels humoristies is, is die sprokie daarenteen dodelik ernstig. Spot en humor pas nie by die sprokie nie. Die kind moet die gevoel kry dat die volwassene dit ernstig opneem, dat hy nie spot nie, en dat die oplossing 'n ernstige een is.

## 3.6 Eendag was daar twee broers met die van Grimm…

### 3.6.1 Grootwordjare

Die Grimm-broers, Jacob (1785-1863) en Wilhelm (1786-1859), is verseker die bekendste skrywers van sprokies deur die eeue. Tog bestaan daar baie mites oor hulle lewe en werk. Alhoewel baie wat oor hulle gesê en bespiegel is, verkeerd bewys is deur navorsing, is daar nog steeds debatte aan die gang oor wie hulle was en wat hulle motiewe regtig was. Vrae word ook gevra oor die manier waarop hulle die sprokies wat hulle geskryf het, aangepas het oor die jare. Daar word ook bespiegel oor waar hulle die sprokies vandaan gekry het.

Volgens Zipes (1988:2) was die Grimm-broers se vader ‘n baie ambisieuse en ryk advokaat. Hulle moeder was ‘n huisvrou wat haar gesin se belange op die hart gedra het. Hulle was nege kinders, waarvan net ses oorleef het. Hulle vader het ‘n belangrike posisie as distrikmagistraat beklee en was vinnig die belangrikste persoon in die dorp. Hulle het in ‘n groot huis gewoon en het baie slawe gehad wat hulle lewe vergemaklik het. Die kinders is onderrig in lees en skryf en Wiskunde is deur ‘n privaat onderwyser aan hulle gegee. Hulle is later na ‘n privaatskool gestuur. Hulle is ook onderrig in die Gereformeerde Calvinistiese Kerk se leerstellings. Albei die broers was diep godsdienstig en het hoë morele standaarde vir hulleself gestel.



© University of Pretoria

Hulle bekendheid met boerdery, die natuur en gebruike van boere het later 'n groot rol gespeel in hulle navorsing en die skryf van hulle sprokies.

Hulle vader is skielik oorlede in 1796 op die ouderdom van 44 jaar. Sy skielike dood was 'n traumatiese skok vir die hele familie. Skielik moes hulle sonder hulle vader se inkomste finansieel oorleef. Hulle het afhanklik geword van finansiële steun van buitepersone.

Beide broers het hulle sorgelose kinderlewe verloor as gevolg van al die verantwoordelikhede wat hulle gehad het. Die familie het na Kassel verhuis. Dit het 'n radikale verandering in hulle lewens teweeg gebring. Die idilliese kinderlewe wat hulle eers gelei het, was vergete. Daar was ook 'n groot gemis aan 'n vaderfiguur in hulle lewens. Hulle vader was ook nie meer daar om die klassestelsel aan hulle te verduidelik nie. Die broers het intens bewus geword van die onregverdigheid van die klassestelsel. Hulle was ook nou blootgestel aan die onregverdige verdeling tussen ryk en arm mense.

In kontras met die mites oor die Grimms, het hulle nie hulle sprokies gekry deur boere op plase te besoek en die stories wat hulle gehoor het neer te skryf nie. Hulle het storievertellers na hulle huis genooi en dan het die persone die stories hardop vertel. Die Grimms het dan die stories neergeskryf soos wat hulle dit gehoor het. Die meeste storievertellers was geleerde jong vroue van die middelklas of aristokrasie. Die meerderheid van hulle sprokies het gekom van Hessia. Dorothea Viehmann, 'n kleremaker se vrou, wat vrugte in Kassel verkoop het, het die meeste van die sprokies aan hulle vertel. Johann Friedrich Krause, 'n afgetrede soldaat, het aan hulle sprokies vertel in ruil vir hulle ou klere. Die Grimms het ook sprokies gekry in boeke, joernale en briewe. Hulle het dit verander en aangepas soos hulle wou, volgens Zipes (1988:11).

Alhoewel Jacob Grimm die leiding geneem het, het hulle absoluut ooreengestem oor die manier en struktuur waarop hulle sprokies geskryf het. Daar was wel bespiegelinge dat daar onenigheid tussen die broers ontstaan het en dat Wilhelm sekere sprokies teen sy broers se wil verander het. Volgens Zipes (1988:13) het Wilhelm hom tog meer daaraan gewy om die skryfstyl van die sprokies te verfyn en die inhoud meer aanvaarbaar vir kinders te maak. "While he tried to retain what they considered the



© University of Pretoria

'essential' message of each tale, he tended to make the narratives more proper and prudent for bourgeois audiences."

### 3.6.2 Die psigo-sosiale oorsprong van die Grimms se sprokies

Daar is sover redelik min navorsing gedoen oor die psigo-sosiale oorsprong van die Grimms se sprokies. Volgens Zipes (1988:27) kan die mees verklaarbare rede wees dat navorsers onder die indruk is dat die sprokies ware volksverhale is: "These critics believed that the tales were products of a "Volksgeist" of the common people and thus represented phantastic projections of either the collective unconscious as described by Jung or the universal psyche as outlined by Freud."

Nuwe navorsing probeer die moontlike sielkundige motiewe agter die Grimms se sprokies ontleed en dit dekonstrueer binne die sosio-historiese konteks. Dit is altyd belangrik om te onthou dat die Grimms sterk met hulle sprokies geïdentifiseer het en dat die sprokies iets van hulle eie menswees weergegee het.

Zipes (1988:27) is van mening dat die sprokies van die Grimms nie 'n refleksie is van antieke tye en gebruike nie. Teen die tyd dat die Grimms die sprokies gehoor het, het die sprokies al radikale veranderinge ondergaan. Die Grimms het die sprokies geneem en verder verander "…and infused them with their own psychological needs, utopian dreams, sexual preferences and socio-political views. The fear of separation from loved ones, the loss of their father, diligence as compensation for a decline in social status, dreams of peace and stability to lead a good clean life were all factors in the psycho-social origins of the tales."

Met die dood van die broers se vader in 1796 het die familie ver gedaal in sosiale status en is baie keer onregverdig behandel deur sogenaamde hooggeplaaste mense. Die broers wou opleef na hulle vader se ideale en het aan 'n universiteit studeer in die regte. Hulle moes spesiale vergunning kry om te kan studeer, omdat hulle sosiale kwalifikasies nie reg was nie. Hulle het gedroom van 'n beter lewe.

Terwyl die broers in die regte studeer het, het albei bewus geword van 'n diep begeerte om in Duitse letterkunde te studeer. Hulle regsprofessor, Friedrich Karl von Savigny, het hulle denke gestimuleer in ou Duitse letterkunde en gebruike. Beide die broers was van mening dat taal die Duitse nasie kon verenig. Hulle is ook gestimuleer deur Duitse



© University of Pretoria

Romantici, veral Ludwig Tieck (1773-1853), Clemens Bretano (1778-1842) en Achim von Arnim (1781-1831). Die broers het "Volksbucher" en dokumente oor Duitse gebruike en tradisies versamel.

In reaksie teen die dood van hulle vader, wat uit die ou Duitse tradisie kom, wou hulle die ou Duitse gebruike en tradisies vir die nageslag bewaar in die vorm van hulle sprokies. Hulle wou hulle persoonlike etiek en waardes so aan ander en die nageslag oordra. Hulle waardes was gebaseer op die Calvinisme, die godsdiens waarin hulle opgevoed was. "It was due to their religious beliefs and upbringing that they stressed diligence, industry, honesty, order and cleanliness as the ingredients necessary for success", volgens Zipes (1988:34).

Die dood van hulle vader en die verlies daarmee aan status was dus die grootste invloed op die inhoud van hulle sprokies. "The portrayal of the family in the Grimms' tales reflects the dissolution of the original family at first, whereby the protagonist or protagonists must go on a quest to establish a new realm. The loss of family must be compensated by the recreation of a new type of family that incorporates a sense of the Grimms' own bourgeois ethics", volgens Zipes (1988:39).

### 3.7 Feministe en die sprokies van die Grimms

Feministiese navorsers (onder andere Blackwell, Bottigheimer, Stone, Lieberman en Rowe) is van mening dat die sprokies van die Grimms 'n negatiewe beeld van vroue by lesers kan skep. Dit skep dus negatiewe stereotipes van vroue. Vroeë feministiese skrywers het beweer dat die negatiewe beeld wat sprokies van vroue skep, vroue daarvan weerhou om hulle volle potensiaal te verwesenlik. "Marcia Lieberman stressed in 1972 the damaging passivity of heroines. She insisted that the fairy tale romance, the 'happily ever after' endings, have been made the repositories of the dreams, hopes and fantasies of generations of girls", volgens Stone (1986:230).

Die vraag word baie keer gevra hoekom daar so min gehoor en gelees word van verskeie vroueskrywers in die sprokies wat uit Europa kom, wat volgens party navorsers deur die Grimms oorgeneem en verander is. Daar het meer as vyftig vroue en dogters vanaf 1808–1830 bygedra tot die sprokies wat deur die Grimms oorgeneem en



© University of Pretoria

verander is, volgens Blackwell (2001:1). "Women often had more access than their male friends and relatives to the 'Volk' through the marketplace, the small shop, servants and consumer providers such as tailors, shoemakers and laundresses."

## 3.8 "Stilgemaakte" vrouestemme in die sprokies van die Grimms

Hedendaagse feministiese navorsers (onder andere Blackwell, Bottigheimer, Stone, Lieberman en Rowe), asook Neuger (2001:82) fokus op "stilgemaakte" vrouestemme in sprokies. Veral in die middel van die negentiende eeu was daar 'n tyd van "stilgemaakte vrouestemme" in die Duitse kultuur. Tog was dit nie die geval in alle dele van Europa nie. Daar was wel 'n paar Duitse vroue, naamlik Germaine Necker de Stael (1766-1817), Bettina Bretano von Arnim (1785-1859) en Charlotte von Stein (1742-1827), wat vroue se stemme wou laat hoor het. In die 1820's en 1830's was daar verskeie vroue in Berlyn wat "literêre salonne" bedryf het. Volgens Bottigheimer (ed. 1986:115) het Rahel Varnhagen (1771-1833), Dorothea Veit (1764-1783) en Henriette Herz (1764-1847) forums gestig vir "females with an education".

In die klein dorpies op die Duitse platteland, was dit egter anders. Bottigheimer (ed. 1986:116) beskryf dit as volg: "Their daughters spent their youth "simpering and primping their way to the altar." Theodore von Hippel het gepleit dat hierdie vroue ook blootgestel moes word aan goeie literatuur in sy opstel "Uber die burgerliche Verbesserung der Weiber", in 1772.

Bewyse in joernale en briewe dui daarop dat "stil" vrouestemme as 'n positiewe waarde geag was in die sosiale klasse in Duitsland in 1830. "Even if a woman was a genius and she complained, she would be told to sit quietly and knit. The image of the silent women and of a silent repose as the most praiseworthy female character trait emerged consistently in German life", volgens Bottigheimer (ed. 1986:117).

Bottigheimer (ed. 1986:117) meld dat die volgende woorde geskryf was op 'n sakdoek in 1880: "The boy's imagination soars abroad, the girl walks at his side quietly."



© University of Pretoria

Middeleeuse skrywers het vroue beskou as die ontvangers van die dogma van stilte en stilte het 'n narratiewe funksie vervul. "A silent character can provide an opening for narrative elaboration by the authorical voice", volgens Bottigheimer (ed. 1986:118).

Bottigheimer (ed. 1986:118) is van mening dat daar in die sprokies van die Grimms dieselfde patroon van stilte en stilmaking is. Stilte was hoofsaaklik van toepassing op vroue en gedwonge stilte het gegeld vir helde sowel as heldinne. Dit was 'n voorvereiste vir 'n persoon: "for redeeming oneself or others". Dit het ook bestaan as "a punishment for heroines and as a narrative necessity for heroines". In die wêreld van Wilhelm Grimm was 'n pratende vrou "moeilikheid".

Stilgemaakte vroue het so 'n deel geword van sprokies, dat negentiende eeuse sprokies ook geskryf is met stilgemaakte vrouestemme as bestanddeel. "Fairy tales offered an apparently innocent and peculiarly suitable medium for both transmitting and enforcing the norm of the silent women. Fairy tales reinforce the values of the society in which they appeared powerfully and serving as paradigms for powerlessness", volgens Bottigheimer (ed. 1986:119).

### 3.9 Rondom die spinwiel: vrouestemme in sprokies

Om te spin was 'n taak wat deur elke vrou gedoen is – spinwerk het gewag nadat sy haar ander huiswerk voltooi het. Rowe (1986:55) het navorsing gedoen wat bewys het dat spinwerk 'n medium geword het waarin vroue hulle stemme kon laat hoor: "Women's voices could be heard in their spinning, although their voices were silenced in society and culture of the time. There is an analogy between weaving or spinning and tale-telling. Although women could not write, they could tell a story without speaking through their weaving. Women used their weaving as a medium for narrating the truth."

Rowe (1986:56) stel dit as volg: "The intimate connection, both literal and metaphoric, between weaving and telling a story also establishes the cultural and literary frameworks within which women transmit not only tapestries that tell stories, but also later folklore and fairy tales."



© University of Pretoria

In Duits beteken die woord "Spinnen" "om te fantaseer" – met wol, sowel as stories. Duitse volksverhale het onstaan in die "Spinnstube" waar vroue in die aande bymekaar gekom het en stories vertel het, terwyl hulle gespin het. "These women found an arena and form through which to articulate the silent matter of life. They passed on the secrets of birthing, dying, destiny, courtship, marriage and sexuality from generation to generation", volgens (Rowe 1986:64).

Jacob Grimm het die spinwiel beskou as 'n gebruiksartikel van 'n wyse vrou. Daarteenoor het Wilhelm Grimm kontrasterende idees gehad oor 'n vrou agter 'n spinwiel. Die "Spinnstube" waar vroue bymekaar gekom het en stories met mekaar gedeel het, kan dus dalk eerder as die plek van oorsprong van sprokies beskou word as die Grimm-broers. Die Grimm- broers het hulle stories versamel by die "mothers in the French veillees, in the English nurseries and in court saloons", volgens Rowe (1986:64).

### 3.10 Die "Kaffeterkreis"

In 1843 is die "Kaffeterkreis" in die lewe geroep. Die Kaffeterkreis, was volgens Jarvis (2001:102) "a female conversational salon in the great tradition of the French salonieres and the German Romantics. The members were a stately lot: the daughters of Berlin surgeons, zoologists, generals, writers, philosophers, politicians; thus children of an intellectual, political, often monied, aristocracy and developing bourgeoisie."

Hulle het weekliks vergader gedurende die dooie lang wintersmaande en het anonieme kunswerke, literêre en musikale komposisies ten toon gestel. Hulle het ook hulle eie sprokies opgevoer voor mense soos die Pruisiese monarg Friedrich Wilhelm IV. Die lede het dieselfde aangetrek "…its members wore pointed brown paper hats with pink veils to hide their blushes when words of praise overwhelmed them or if their forays into a public sphere rendered them meek", volgens Jarvis (2001:102).

Die lede van die Kaffeterkreis se oogmerk was om die intellektuele eweknieë van hulle manlike opposisie te wees. Die Kaffeter het dus onstaan as 'n direkte respons teen 'n paar manlike literêre en sosiale groepe. Die Kaffeter het altyd uitsluitlik 'n vroulike



© University of Pretoria

beweging gebly. Die Kaffeterkreis het vir die laaste keer bymekaar gekom op 14 Maart 1848, terwyl die stad gebuk gegaan het onder die rewolusie.

Soos wat die feministiese literêre produksies 'n model was vir die Kaffeterkreis, so was die Duitse Romantiese salontradisie later 'n impetus vir sosiale en politieke verandering. "The girls of the Kaffeter combined the characteristics of oral genres with the art of conversation and wrote fairy tales that they presented orally. They found in their collaboration the possibility of playing out roles that seemed or were impossible in real life", (Jarvis 2001:105).

### 3.11 Dekonstruksie van die sprokies van die Grimm-broers

Daar is en was verskeie pogings deur die jare van feministiese skrywers om die sprokies van die Grimms te dekonstrueer. Volgens Jarvis (2001:106) was die vroue in die Grimms se sprokies "passive, silent, industrious, and rewarded with riches and a man to support them, while male models were destined to seek out adventure and take as their reward passive, silent, industrious females." Jarvis beweer ook dat die meeste van die vroue wat aan die Kaffeterkreis behoort het, verhoudings of vriendskappe gehad het met die mans wat in hulle sprokies voorkom.

Tog het die Kaffeter hierdie rolle omgeruil en was die temas van hulle sprokies baie keer heldinne wat geluk gevind het daarin om geleerdheid te bekom en eerder ongetroud te bly as om vroue te wees wat getroud is, maar geen lewe het nie. In 'n sprokie wat deur die Kaffeterkreis geskryf is "Die Rosenwolke", word 'n wêreld geskep waar slegs vroue bestaan en hierdie vroue floreer op intellektuele insette en nie op materialisme nie. 'n Nuwe prototipe van die sprokie word dus geskep. Die geslags-spesifieke tendense van die Grimms se sprokies soos vroulike passiwiteit, gehoorsaamheid, selfopoffering, harde werk, geduld en stilte word verwerp en 'n nuwe kultuur word geskep.

Feministiese skrywers het dus nuwe heldinne in sprokies begin skep, wat innerlike sterkte het en nie bloot mooi is nie. "Feminist writers have reworked old stories in new ways, to emphasize unrecognized aspects of feminine strength", volgens Stone



© University of Pretoria

(1986:232). Sprokies was dus nie meer net die tipiese “living happily ever after” nie, maar het ook elemente bevat van innerlike ontwikkeling van vroue.

## 3.12 Moontlike betekenisse van sprokies

Daar is hierbo gewys op die verskillende teorieë oor die ontstaan van sprokies. Dit is egter duidelik dat die bestaan van sprokies nie verklaar kan word sonder om te verwys na die kollektiewe onderbewuste nie. Bruno Bettelheim het bekend geword vir die werk wat hy gedoen het oor die skakeling tussen sprokies en die onderbewuste van die kind.

Van Rensburg (2011:60) het gepoog om moontlike betekenisse vir ‘n paar sprokies te gee. Sprokies het te make met onsekerhede en probleme waarmee pre-geletterde gemeenskappe te make gehad het en waarmee kinders vandag mee te make het - en daarom is sprokies so gewild by kinders. Die kind ervaar verskillende emosies wat hy of sy nie begryp nie. Daar is soms 'n ontsaglike angs, woede of jaloesie wat hy of sy nie kan verwerk nie en wat hy of sy dikwels moet onderdruk - en gedwing word om te onderdruk, byvoorbeeld "Seuntjies huil nie" of "Ag nee, jy is tog mos al mooi groot".

Hierdie emosies moet egter op 'n manier verwerk word - en dít is waar sprokies 'n belangrike rol kan speel op 'n onderbewustelike vlak. Sprokies werk naamlik met die kwessies waarmee kinders worstel: ouers se uitoefening van gesag; die vind van 'n eie identiteit; jaloesie en seksuele vrese.

### 3.12.1 Voorbeelde

Aspoestertjie is in wese 'n verhaal van verwerping, 'n vrees wat elke kind ervaar. Op die ou end is sý die uitverkorene en nie die ouer susters nie. Elke klein kind ervaar soms 'n gevoel van haat teenoor sy of haar pa en ma wat hy of sy nie begryp nie, want eintlik is hulle so lief vir hulle ouers. In sprokies word die positiewe en negatiewe kante van ouers deur positiewe en negatiewe karakters verteenwoordig. Deurdat daar met die negatiewe karakters afgereken word, reken die kind op onderbewustelike vlak ook af met die negatiewe emosies.



© University of Pretoria

In Sneeuwitjie is die goeie en slegte kante van die vader- en moederfigure byvoorbeeld duidelik uitgespel. Die vader in die verhaal verteenwoordig die swak kant van die pa - hy stem maar in dat sy weggestuur word. Die goeie kant word verteenwoordig deur die jagter wat die kind wegvat, maar nie doodmaak nie.

In Hansie en Grietjie word die negatiewe kante van die ma verteenwoordig deur die heks en die stiefma. Daar is die onderliggende gevoel dat die ma die kind vir haar laat werk, of hulle vasbind aan haar (Hansie word vasgehou, Grietjie word toegesluit). Die probleem word oorkom deur Grietjie - die karakters doen self iets aan hulle lot. Die feit dat die heks in 'n oond gestamp word, is volgens die sielkundiges nie om dowe neute nie - dit het te make met die orale fase van die klein kind ... met die oond is daar steeds die verband met kos. Hierna is die orale fase verby - en die kind het dit self beëindig. Hulle gaan huis toe en eet nie meer van die koekies en lekkers nie.

Die bos is dikwels 'n plek van onsekerheid, maar ook van verlossing. Ook by Sneeuwitjie is dít die geval. Dit is dikwels ook 'n plek van versoeking: Sneeuwitjie en Rooikappie gee toe aan die versoeking in die bos. Rooikappie was oorspronklik 'n waarskuwingsverhaal met duidelike seksuele konnotasies - die kind moenie te nuuskierig voor sy tyd wees nie.

## 3.13 Alternatiewe sprokies vir vandag

Ek het op ‘n paar alternatiewe sprokies op die internet afgekom, wat mense se hedendaagse ervarings weergee. Dit het terapeutiese waarde om jou eie lewensverhaal in ‘n sprokie te omskep. Hier volg ‘n alternatiewe hedendaagse sprokie:

### 3.13.1 Sneeuwitjie

*Eendag lank, lank gelede was daar………… Nee vergeet maar die storie begin glad nie so nie. Sommer nou die dag in die Kaap was daar Sneeuwitjie wat somtyds gelukig saam met haar pa en haar stiefma Erika gewoon het. Sneeuwitjie het egter geweet dat haar stiefma haar haat en het altyd maar lig geloop vir haar. In hulle woonstel in die middestad was die dag maar sommer nog op sy begin toe daar al klaar ‘n geskelery in die huis plaasvind. “Wat gaan hier aan?” Roep Erika dat die aarde sommer bewe. Daar*



© University of Pretoria

*is egter geen antwoord op haar verskriklike harde roep nie. "Waar is jy meisietjie?" Dreun daar nog 'n geroep deur die huis. Weer eens antwoord niemand nie. Erika gryp haar swart telefoonboekie en blaai tot 'n nommer wat sy lank laas gebruik het. Sy bel die nommer en 'n diep stem antwoord.*

*Terwyl Erika praat is Sneeuwitjie op soek na klere by die winkelsentrum naby hulle huis vir 'n partytjie. Die aand by die partytjie verlei daar 'n baie aantreklike man vir Sneeuwitjie. Die man dring toe aan dat hy vir haar sal huis toe vat met sy kar. Sneeuwitjie stem toe in en ry saam met die man. Hulle stop egter 'n paar blokke van hulle huis af toe sê die man " Maak dat jy weg kom! Jou stiefma wil jou dood maak. Gaan en moet nooit weer terug kom nie." Sneeuwitjie was so verskrik dat sy dadelik uit die kar spring en weg hardloop.*

*Sy het amper die hele aand gehardloop toe sy af kom in 'n stegie waar daar sewe kombersies lê. Sy gaan sit toe en raak vas aan die slaap op die kombersies.*

*Na 'n ruk kom sewe kindertjies daar aan. Hulle skrik hulle amper boeglam vir die mooi jong dame wat op hulle kombersies lê. Een vra toe: "Leef sy nog?" Met die woorde skruk sneeuwitjie wakker en spring op.*

*Toe hulle klaar geëet het waag sneeuwitjie om te vra of sy by hulle kan bly vir 'n dag. Sy sien hou hulle gesigte lyk en sê toe vir hulle: "Ek het 'n bietjie geld vir kos en ek sal die plek vir julle skoon maak en meer huislik maak." Die bergies stem toe dadelik in dat sy maar kan bly.*

*Die een dag se gebly raak nog 'n dag en laterant is dit al 'n week, maar die bergies gee nie om nie, want sneeuwitjie is so gaaf. Die Saterdag was nog 'n normaale dag die bergies staan vroeg op om loswerkies te doen vir mense in die aande kom hulle eers laat terug, want hulle kry nie altyd vinnig werk nie en word maar min betaal. Die oggend groet hulle vir Sneeuwitjie en gaan.*

*By Sneeuwijie se ouerhuis het haar pa al begin dink dat sy dogter dood is en was baie hatseer. Die stiefma bel die huurmoordenaar om hom te ontmoet in die parkie agter hulle woonstel. Die stiefma vra die huurmoordennar of sy dood is en die huurmoordenaar antwoord vir haar:" Hoe kan ek so 'n pragtige en beeldskone dame*



© University of Pretoria

*dood maak?" Erika besluit toe dat sy dit maar self moet doen. Na twee weke se soek weet sy eiteindelik waar Sneeuwitjie.*

*Die volgende dag is die sewe bergies soos gewoonlik weer vroeg oggend al weg. Sneeuwitjie was besig om die kombersies op te vou toe sy haar stiefma sien met 'n pistool. Sneeuwitjie smeek haar om haar nie te skiet nie die Erika kry haar jammer en sukkel om haar te skiet. Na meer as tien minute wat Erika haar dreig met die geweer sien Sneeuwitjie iemand aan kom die persoon lyk bekend, maar sy weet nie wie dit is nie daar word gebaklei tussen die man en haar stiefma. Tussen deur raak Sneeuwitjie flou en val op die grond.*

*Na 'n ruk kom sneeuwitjie by en sien sy is in die arms van die man wat haar gered het met 'n skok besef sy dit is die man van die partytjie. Sneeuwitjie woon nou gelukkig saam met haar held wat glad nie meer 'n huurmoordenaar is nie, en gaan kuier dikwels by haar pa.* (Van der Walt 2012)

### 3.13.2 Sandra se sprokie

Sandra is een van my navorsingsgenote en hier volg haar lewensverhaal in 'n sprokie…

*Eendag, lank lank gelede was daar 'n pragtige prinses wat alleen op die strand in 'n baie mooi huisie gebly het. Sy was baie mooi en het baie vriende gehad. Sy het die natuur baie goed geken het en het elke oggend plante en bessies gepluk om ontbyt te maak en op die strand gesit en eet. Daarna het sy vir ure lank saam met die dolfyne en ander visse geswem.*

*Een pragtige sonnige dag terwyl sy haar ontbyt op die strand eet sien sy 'n bootjie op die see rond dobber. Sy was baie lief vir mense en het dadelik opgestaan om te gaan kyk wat aangaan. Toe sy mooi kyk, sien sy 'n klein meisie wat vir haar lewe klou aan die stukkende bootjie. Sy spring toe dadelik in die water, swem so vinnig sy kan tot by die dogtertjie en swem met bootjie en al uit tot hulle veilig op die strand is. Toe sy uiteindelik op die strand kom, sien sien sy dat die dogtertjie se pappa en ook haar ouer sussie binne in die boot is. Hulle was al 2 bewusteloos.*



© University of Pretoria

*Die prinses het dadelik hulle versorg. Sy het plante uit die veld gepluk en medisyne gemaak sodat die pappa en die oudste suster dadelik hulle bewussyn herwin het. Daarna het sy vir hulle elk een 'n warm bed in haar huisie gemaak en hulle goed versorg dat al hulle wonde genees het.*

*Die pappa het na 'n ander land gevaar om werk daar te gaan doen, toe hulle boot deur 'n heftige storm op die diepsee omgegooi is. Hy het baie seer gekry en gedink dat hulle al 3 net daar in die see sou sterf. Hy was so dankbaar dat die pragtige prinses hulle lewens gered het. Hy het gesien dat die prinsessie baie liefdevol is en mooi vir hulle sorg, en hy het besef dat hy sommer baie lief vir haar geword het. Hy het ook besef dat sy 'n wonderlik ma vir sy kinders sal wees. Hulle sal weer iemand hê wat hulle kan versorg as hulle siek is, vir hulle stories lees as sy hulle in die bed sit en hulle alles van die see en natuur leer.*

*Die prinses was baie bly toe die pappa haar vra om met haar te trou. Sy kon nie wag om die kindertjies soos haar eie groot te maak nie. Daar was 'n groot partytjie op die strand en almal was saam met haar bly oor haar nuwe lewe.*

*In die oggende het sy vroeg opgestaan om vir hulle vars bessies in die veld te gaan pluk. Die kinders wou dit glad nie eet nie. Die prinsessie wou ook vir hulle vat om saam met haar saam met die dolfyne te gaan swem. Hulle wou dit ook nie doen nie. Dit het haar hartjie baie seer gemaak. Sy wou so graag vir hulle 'n mamma wees, maar alles wat sy probeer het, het hulle verwerp.*

*Dit het die pappa se hart baie seer gemaak dat hulle nie al die dinge wou saam doen nie. Hy het probeer om mooi met die kinders te praat, maar hulle wou nie luister nie.*

*Die prinsessie was so 'n goeie mens. Sy was so lief vir mense. Maar al die hartseer het haar net stiller en stiller laat word. Sy het ook al hoe minder saam met die dolfyne gaan swem omdat haar hart so seer was.*

*Een dag dink die prinsessie: "Vandag gaan ek maar net weer hard probeer om lief vir die 2 pragtige kinders te wees". Sy vat toe haar spaargeld en gaan koop vir hulle die lekkerste kos in die dorpie daar naby en sy maak vir hulle die wonderlikste feesmaal. Maar die kinders trek net hulle neuse op vir die kos.*



© University of Pretoria

*Die arme prinses. Haar hart was stukkend. Sy hardloop toe uit na die strand en huil innig. Toe sy opkyk, sien sy 'n skool dolfyne wat voor haar dans. Sy spring toe dadelik in die water en swem saam met hulle. Die oupa dolfyn tel haar toe op sy rug en begin met haar verder en verder weg swem van die strand af.*

*Die volgende oggend toe die pappa en die kinders wakker word is die prinses weg. Hy het nie geweet hoe om kos te maak nie en die kinders het vreeslik gekla dat hulle honger is. Toe hy kwaai word, het die kinders die prinsessie baie gemis. Vir die eerste keer het hulle besef dat sy 'n baie goeie mens was en baie lief vir hulle was. Hulle het elke dag op die strand gaan kyk om te sien of sy terug kom en elke aand as die son sak huilend huis toe gestap. Hulle was baie spyt dat hulle so lelik was. Hulle het probeer om saam met die dolfyne te swem, maar hulle het nie geweet hoe nie. "As ons tog maar net saam met haar wou gaan toe sy ons genooi het, het ons nou alles geweet…..", het hulle gedink. Die pappa was vir ewig ongelukkig omdat sy prinsessie vir ewig weg was. Hy was baie kwaad omdat sy kinders ondankbaar was vir alles wat die prinses vir hulle gedoen het.*

*Die prinsessie was so ver van die huis af weggevat dat sy nie weer soontoe terug kon loop nie. Al wat sy kon doen was om weer vir haar 'n huisie op te rig en weer 'n lewe daar te begin – met nuwe vriende en mense wat alles wat sy vir hulle gedoen het, baie waardeer het….. En in die aand as die son sak en sy sit op die strand en kyk vir die dolfyne het sy hardop gedink "Dankie Oupa Dolfyn dat jy my gered het!.. BAIE DANKIE!"*

### 3.13.3 Ontleding van die hedendaagse sprokies

Hedendaagse skrywers van sprokies gebruik tradisionele sprokies se storielyne as die raamwerk vir hulle sprokies. Hedendaagse sprokies bevat egter baie realistiese elemente en is konteksgebonde. Die skrywers skryf dus uit hulle eie verwysingsraamwerk en gebruik juis die elemente in hulle eie lewens wat vir hulle moeilik is of spesiaal is, as die inhoud van hulle sprokies.



© University of Pretoria

Die skryfster van "Sneeuwitjie" woon waarskynlik in die Kaap. Haar sprokie is dus tyds- en konteksgebonde. Sy is waarskynlik vasgevang in 'n hersaamgestelde gesin en het 'n swak verhouding met haar stiefma. Die probleemstelling is dus Sneeuwitjie wat nie met haar stiefma oor die weg kom nie. Sneeuwitjie probeer oplossings vir haar probleem soek. Sy gaan woon by die "bergies", wat terugwys na die dwergies in die tradisionele sprokie. Die dwergies, of in hierdie geval, die "bergies", dui op onvolledige karakters. Die oplossing vir Sneeuwitjie se probleem, kom in die vorm van die held, wat toe nie 'n huurmoordenaar is nie. Dit is ook die verlossing wat vir haar kom. Die kontras tussen die goeie en slegte karakters word in hierdie sprokie duidelik gesien.

Sandra se sprokie is ook konteksgebonde. Sandra is baie lief vir die buitelewe en is 'n professionele duiker. Daarom gebruik sy dus die strand, see en dolfyne in haar sprokie. Dit is die dinge wat vir haar bekend is en haar na aan die hart lê. Die pappa in die boot en die twee kinders dui op haar eie hersaamgestelde gesin. Sandra wil baie graag vir haar stiefkinders 'n goeie ma wees en probeer om hulle na die beste van haar vermoë te versorg. Dit werp egter nie vrugte af nie, soos wat in die sprokie gesien kan word. Dit is dus die probleemstelling in haar sprokie. Die verlossing kom in die vorm van die dolfyn, wat haar wegneem sodat sy 'n nuwe lewe kan begin. Sandra se eie soeke na aanvaarding by haar stiefkinders word dus treffend uitgebeeld in die feit dat die prinses weer van vooraf kon begin en dat mense haar waardeer het. Haar sprokie het dus ook 'n gelukkige einde.

### 3.14 Samevatting

In hierdie hoofstuk is daar gekyk na sprokies. Die elemente waaruit sprokies bestaan is ontleed. Die Grimm-broers se groot aandeel in die tradisie van sprokies is bespreek. Daar is gekyk na vroue-figure in sprokies, sowel as vroue se aandeel in die oorvertelling van sprokies deur die eeue. Feministiese navorsers se uitgangspunte ten opsigte van sprokies is bespreek. Die hoofstuk eindig met twee hedendaagse sprokies, waarvan een die sprokie is wat 'n mede-navorser oor haar lewe geskryf het. In die volgende hoofstuk word families deur die eeue bespreek. Die klem gaan val op die rol van vroue deur die eeue.



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 4

# DIE FAMILIE DEUR DIE EEUE

## 4.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk gaan daar 'n oorsig gegee word oor die familie deur die eeue tot vandag. Vroeër is daar gebruik gemaak van die woord "familie", terwyl daar deesdae eerder van "gesin" gepraat word. Families in die antieke wêreld het bepaalde eienskappe gehad, so ook die kerngesin van die twintigste eeu. Deesdae is die oorgrootte meerderheid van gesinne hersaamgestelde gesinne wat 'n bepaalde dinamiek het. Stiefma's vorm ook deel van hersaamgestelde gesinne.

## 4.2 Beskrywings van familie

Hier volg 'n paar beskrywings vir 'n familie:

> "*In every corner of the globe and as far back in time as our lenses of historical and anthropological research can peer, a small, kinship-structured unit is visible on the broad landscape of human existence. Yet the simple English word "family" masks a unit of social connection and interaction that is incredibly complex and varied. The family is complex and diverse even within the same culture, and it is significantly influenced by the changes occurring within its larger sociopolitical and religious world. No social institution, even one as basic as the family, is static and thus insulated against change. Yet, in spite of the complex, diverse, and dynamic character of the family, it provides the key institution for understanding the nature and character of human society and social interaction*",
>
> (Meyers 1997:1)

"We are born into families. They are the foundation of our first experiences of the world, our first relationships, our first sense of belonging to a group. We develop, grow and hopefully die in the context of our families. Human development takes shape as it



© University of Pretoria

moves and evolves through the matrix of the family life cycle", volgens McGoldrick, Carter & Garcia-Preto (ed. 2011:1).

Belangrike kenmerke van mense wat aan 'n familie behoort, is dat hulle 'n verlede deel en 'n gesamentlike toekoms tegemoet gaan. Families word bymekaar gehou deur bloedbande. Tog gee Müller (2002:8) 'n unieke perspektief op families of gesinne. Volgens hom is elke gesinsverhaal uniek. Party gesinne woon op straat en slaap saam onder dieselfde stukkie plastiek op die sypaadjie; ander woon in 'n "mansion" waar elke kind 'n en-suite slaapkamer met 'n uitsig oor die stad het. Party gesinne vertoon die klassieke prentjie van pa, ma en kinders van albei geslagte; terwyl ander gesinne weer bestaan uit 'n paar vigswesies waarvan die oudste nie ouer as twaalf is nie. Party gesinne is hersaamgestel uit twee of drie vorige gesinne…"

Steinmetz, Clavan & Stein (1990:12) deel Müller se perspektief in haar perspektief op die familie: "In our society…family typically means an adult couple and their children sharing a common residence and mutual goals. We may wonder: Does this mean that a childless couple is not a family? What about two adults plus other realitives?..What about the family consisting of adults and a beloved pet?"

Müller (2002:14) verwys na die gesin ook as 'n "verhalende kultuur". Die gesin word deur die verhale wat hulle deel en waarmee hulle hulle identiteit konstrueer, gevorm. Volgens hom kan die gesin ook beskryf word as 'n "interpreterende gemeenskap". Dit is 'n groep mense wat binne 'n bepaalde konteks, hulle lewe op dieselfde manier verstaan en interpreteer. Hulle lewe uit dieselfde taal wat bestaan uit die konstellasies van metafore, uitdrukkings, simbole en verhale. Waarde en betekenis word aan dieselfde dinge geheg en hulle verwoord dit in die verhale wat hulle onderling instand hou.

McGoldrick, Carter & Garcia-Preto (ed. 2011:5) voer aan dat die betekenis van familie ook ineengevleg is met 'n gevoel van "huis" of "behoort" en dat dit van uiterste belang is vir die vorming van ons eie en sosiale identiteit. McGoldrick, Carter & Garcia-Preto (ed. 2011:1) sien 'n familie ook as 'n sisteem. "As a system moving through time, families are different from all other systems, because they incorporate new members only by



© University of Pretoria

birth, adoption, commitment, or marriage, and members can leave only by death”. Omdat mense nie sommer die sisteem van die familie kan verlaat nie, lei dit baie keer tot disfunksionaliteit en in ekstreme gevalle tot moord en selfmoord. Die belangrikste waarde in die familie-sisteem, is die verhoudinge wat daar tussen die lede bestaan.

Steinmetz, Clavan & Stein (1990:12) tref onderskeid tussen ‘n huishouding en ‘n familie: “A household is a collection of people who live together in a dwelling unit. A family, however, is usually defined as a unit of intimate, transacting and interdependent persons who share some values, goals, resources and responsibility for decisions as well as a commitment to one another over time.”

Settles, aangehaal deur Steinmetz, Clavan en Stein (1990:13) het voorgestel dat ‘n familie op ses maniere beskryf moet word, naamlik as ‘n romantiese beeld, as ‘n ideologiese abstraksie, as ‘n eenheid wat behandel kan word, as ‘n tuiste vir die lede van die familie en as ‘n proses en ‘n netwerk.

“No one goes anywhere alone…not even those who arrive physically alone, unaccompanied by family, spouse, children, parents, or siblings. No one leaves his or her world without having been transfixed by its roots, or with a vacuum for a soul. We carry with us the memory of many fabrics, a self soaked in our history, our culture; a memory, sometimes scattered, sometimes sharp and clear, of the streets of our childhood, of our adolescence, the reminiscence of something distant that suddenly stands out before us, in us, a shy gesture, an open hand, a smile lost in a time of misunderstanding”, volgens Freire (2000:31).

### 4.3 Families in die Antieke Wêreld/Ou Nabye Ooste

Hierdie tydperk staan ook bekend as die wêreld van die Ou Testament in die Bybel. Die sosiale omgewing van die Bybelse wêreld word gekenmerk deur die Oosterse Meditereense of die Semitiese wêreld en die Westerse Meditereense of die Grieks-Romeinse wêreld. Hierdie twee wêrelde het later verenig as gevolg van die Hellinisme. Die Ou Testament weerspieël hoofsaaklik die Oosterse Meditereense wêreld, of die Ou



© University of Pretoria

Nabye Ooste, terwyl die Nuwe Testament die waardes van beide die Oosterse en Westerse Meditereense wêrelde vertoon.

### 4.3.1 Rolle van die geslagte

Die natuurlike orde van lewe in antieke Mesopotamië het vir elke persoon ‘n spesifieke plek in die samelewing gegee. Sodra ‘n persoon sy kinderjare oorleef het, is daar ‘n spesifieke plek aan hom of haar in die huishouding en samelewing toegeken. Stol, aangehaal deur Matthews in Campbell (ed. 2003:6) beskryf die stadiums van ‘n vrou se lewe as volg in die “Sumerian Hymn to Gula”: “I am daughter, I am bride, I am spouse, I am housekeeper”. ‘n Soortgelyke lys sou vir ‘n man geskryf kon word, naamlik: “I am son, I am bridegroom, I am husband, I am head of household”. Elke lid van die gesin het dus sekere take gehad om struktuur aan hulle lewens te gee.

Sosiale rolle in die huishouding was gedefinieer deur koningskapstrukture, georganiseerde huwelike, ouderdomme en geslag. Die meeste aktiwiteite is in die huishouding gedoen. Die huishouding het gedien as ‘n werksplek, waar geslag bepaal het watter take en verantwoordelikhede deur wie gedoen en geneem moes word.

#### 4.3.1.1 Mans

Hierdie samelewings is gekenmerk deur patriargale strukture. Die sentrale posisie in die familie het aan die pa behoort. Die pa is gesien as God se verteenwoordiger en hy moes toesien dat God aanbid, gerespekteer en gehoorsaam word. ‘n Voorvereiste om God se seën te kon ontvang, was om aan ‘n familie te behoort.

Malina (1993:106) beskryf die patriargale tydperk as volg: “We may characterize the patriarchal period as symboled by the family, as sacred or holy family chosen by God and consisting of the patriarch and his offspring. The patriarch heads the family, with worship centered in the family and with norms governing social interaction deriving from family custom. Inheritance was patrilineal, and residence after marriage is normally



© University of Pretoria

patrilocal. The familial roles of males in the household's kinship structure included those of lineal descent and marriage – grandfather, father, son and husband – and those lateral relationships – brother, uncle, nephew and cousin. Functional roles for males within the household included procreation, agricultural labor, education, judicial decisions, religious instruction and practice and protective associations."

Perdue *et al*. (ed. 1997:174) beklemtoon die vader se hoofskap van die familie verder: "Beyond the family was the village, beyond the village the city, and beyond the city, the ends of earth."

Elke huishouding het bestaan uit verskeie families van twee of meer generasies wat gebind was deur bloedbande of huwelike. Hierdie families het in twee of meer huise gebly, wat met mekaar verbind was. Elke huishouding het sy eie boerdery, wingerde, asook landerye gehad.

#### 4.3.1.2 Vroue

Perdue *et al*. (ed. 1997:181) beskryf die vrou se plek in die familie as volg: "Women's lineal kinship and marriage roles in the household were those of grandmother, mother, daughter and wife, while lateral ones were sister, aunt, niece and cousin. Throughout their lives, women were legally subordinate to men, primarily as daughters and wives. When their husbands and fathers were deceased, women existed as members of the household of either their next of kin, or their master whom they served as slaves or concubines. Women's roles were legally defined and determined by men."

Vroue is uit hulle vader se huishouding uitgeneem en ingeneem in die huis van hulle man. In hulle lewe het 'n groot omwenteling plaasgevind, terwyl die man wat met 'n eie huishouding begin het, sy blyplek altyd min of meer in die omgewing van sy vader se huishouding behou het. Die vrou wat so in 'n "patrilokale residensie" opgeneem is, is eers ten volle as deel van die gemeenskap erken wanneer sy geboorte aan 'n seun gegee het om sodoende die familie van prokreasie te dien. Indien sy kinderloos sou bly



© University of Pretoria

of nie seuns in die lewe sou bring nie, was sy ‘n objek wat weggegooi kon word, (Dreyer 2000a:675).

Om baie seuns te hê, is van hoë waarde geag. Seuns het aan hulle huishoudings, sowel as aan hulle moeders ekonomiese sekuriteit en sosiale status verskaf. Kinderloosheid is as skande beskou en was ‘n teken dat God se seën nie op ‘n moeder gerus het nie.

Die primêre rol van die moeder van die huishouding was om kinders in die wêreld te bring. Sy moes ook omsien na die ander vroue in die huishouding. Verder moes sy sorg dat daar etes vir almal voorberei word en toesien dat daar kos beskikbaar was om etes van voor te berei. Moeders moes ook die kinders en ander vroue onderrig. Deur stories te vertel, het sy die tradisies van die familie aan die kinders oorgedra en hulle geleer wat wysheid is. Dreyer (2005:734) sien die werk van die vroue in die familie verder as “…taking the last place at the table, serving others, forgiving wrongs, having compassion and healing”.

In die patriargale samelewings is geglo dat die teenwoordigheid van ‘n man die vrou sal vrywaar daarvan om skande oor die familie te bring. Wanneer ‘n man nie daar was nie, moes die vrou die instruksies en wense van die ander mans in die familie eerbiedig. Die vrou was ook verantwoordelik daarvoor om die man se belange te beskerm, ook as hy nie daar was nie.

### 4.3.2 Die huwelik

In die tipiese patriargale huishouding het die vader of die oudste broer die huwelik gereël met die bruid se familie. Die persoon wat die huwelik gereël het, moes sorg dat sy familie ekonomiese en sosiale voordeel uit die huwelikstransaksie kry. Onder geen omstandighede kon ‘n persoon trou met iemand uit ‘n laer sosiale of ekonomiese klas nie. Huwelike was dus nodig om te sorg vir nuwe generasies en om eiendomme en grond by te kry. Dit was ook voordelig vir die uitbreiding van sosiale en ekonomiese bande en belange.



© University of Pretoria

Die Mesopotamiese wette het nie dit voorgeskryf dat die voornemende bruid ‘n maagd moet wees, alvorens sy mag trou nie.  Dit is in teenstelling met die streng wette rondom ‘n maagd in die Bybelse tyd.  Die bruid self het geen sê gehad in die huwelikstransaksie nie.

Human (2006:1) verkies om nie van die huwelik, maar die “eg” in hierdie tydperk te praat.  “Eg” dui op ‘n bepaalde spesiale verbintenis tussen ‘n man en ‘n vrou.  Die term “huwelik” word vermy om nie die inhoud van hierdie meer moderne konsep op die verhoudings wat destyds in die Nabye Ooste bestaan het, oor te dra nie.  Volgens Human (2006:1) kom daar veral in die gode-verhale of mites van die antieke wêreld aspekte van menslike seksualiteit na die oppervlak.  Antieke mense het die godewêreld as ‘n spieëlbeeld van die aardse lewe beskou.  Die transendente het in die immanente weerkaats.  Wat met die gode gebeur, is eintlik ‘n weergawe van die mens, sy of haar gedrag en ervarings.  Daarom spieël antieke mites hoe mense oor hulle eie seksualiteit gedink en gedoen het.

Liefde was vir die Nabye-Oosterse denke meer as net ‘n vlugtige gevoel.  Dit het die totale lewensruimte van die mens ingesluit.  Natuur, kultuur, asook mense en gode is by die liefde betrek.  Dit het beteken dat seksualiteit vanselfsprekend deel van die godsdienstige en profane lewenssfere was.  Soos vandag, was mense uit antieke tye emosioneel en liggaamlik by die liefde betrokke.  Liefdesgevoelens en fisiese aantrekkingskrag is nie van mekaar geskei nie.  As individue mekaar liefhet, het hulle fisiese kontak met mekaar gemaak.  Hulle het mekaar omarm, gedruk, gesoen en uiteindelik liggaamlike gemeenskap met mekaar gehad.

Met die terme “broer”en “suster” is die engste verbintenis tussen die manlike en vroulike geslagte in die Nabye Ooste aangedui.  Dit was nie vanweë hulle verwantskap nie, maar in die oordrewe patriargaal gestruktureerde lewe het mans en vroue normaalweg in die openbare samelewing in verskillende groepe beweeg.  ‘n Broer kon egter sy suster in die openbaar begelei.  Hierdie verhoudings het nabyheid uitgedruk.



© University of Pretoria

Seks in die Antieke Wêreld was nie altyd aan liefde gekoppel nie en was ook nie bindend vir die eg nie. Die aard van die antieke eg-verbintenis, wat soms deur politiese en sosio-ekonomiese dryfvere totstand gekom het, het daartoe gelei dat seksualiteit en erotiek waardeer is vir die intrinsieke waarde daarvan. Vrye liefde en seksuele avonture was egter nie 'n alternatief in die ou Nabye Ooste nie. Sosiale- en samelewingsvoorskrifte het bestaan. As mense hierdie reëls of grense sou oorskry, kon hulle sosiale probleme verwag het. Vir die ou Nabye Ooste was dit aanvaarbaar dat 'n man buite die eg met ongetroude vroue en prostitute seksueel verkeer het. Die grense van die eg was nie so geslote soos vandag nie.

Volgens Human (2006:9) was daar drie moontlike verhoudings buite die eg wat deur die ou Nabye Oosterse samelewings verdra is, naamlik:

- Skrale of heilige prostitusie:

  Dit het in die omgewing van die tempel plaasgevind. Inheemse vroue het seksuele dienste aan vreemdes gelewer. Daarmee het hulle die tempelskat met hulle seksuele aktiwiteite help aanvul, terwyl hulle seksualiteit om godsdienstige redes bedryf het.

- Profane prostitusie:

  Dit is deur armes en sosiaal swakkes beoefen. Hierdie vroue was aan bepaalde reëls onderworpe en moes soms belasting betaal. Hulle was veral in die groot stede en in hawegebiede bedrywig.

- Metgeselle:

  Belangrike manne in die samelewing het dikwels 'n vrou gehad, met wie hulle nie net seksueel verkeer het nie, maar wie hulle in die openbaar begelei het. Hierdie metgeselle was meestal opgevoede en gekultiveerde vroue, wat musiek, politiek en filosofie geken het.



© University of Pretoria

Baie huwelike het ook nie in die Antieke tye gehou nie. Dit was makliker vir mans om van hulle vrouens te skei, as wat dit vir vrouens was om uit 'n huwelik te stap. Egskeiding het ook bepaalde finansiële en sosiale implikasies ingehou.

Omdat baie mense vroeg gesterf het, was daar wette wat weduwees beskerm het. Jong weduwees het in baie gevalle weer getrou. Ouer weduwees het by hulle volwasse seuns gaan bly in die huis wat deel van haar erfporsie was. Sommige weduwees het baie geërf by hulle oorlede mans, maar ander het in groot armoede voortgegaan.

### 4.3.3 Kinders

In die Mesopotamiese kultuur was dit belangrik dat elke generasie die verlede moes respekteer en behou, waardes en tradisies van die verlede voortsit, asook rituele behou. Die ideale was dat daar 'n manlike erfgenaam moes wees, om die ekonomiese en sosiale tradisies van die verlede voort te sit. Dogters was 'n groot finansiële las op families. Infertiliteit was 'n groot skande en vroue se grootste vrees was om kinderloos te wees. Mans het baie keer van hulle vroue geskei as hulle nie kon kinders hê nie.

Kinders is gewaardeer bo hulle ekonomiese waardes wat hulle vir hulle families gehad het. In elke huishouding is daar na kinders omgesien. Die meeste onderrig het plaasgevind deur mondelinge oordrag van kennis en vaardighede. Dit het dinge ingesluit soos huishoudelike take, sosiale gebruike en godsdienstige tradisies. Klein kindertjies is deur hulle moeders onderrig, terwyl vaders verantwoordelikheid vir seuns aanvaar het as hulle volwasse geword het. Seuns is onderrig in dinge soos vaardighede wat nodig is vir boerdery. Dogters is weer opgelei in dinge soos ouerskap, die voorbereiding van maaltye, hoe om voedsel te preserveer en om klere te maak. Kinders is ook onderrig in die morele waardes en godsdienstige tradisies van die familie.

Individualiteit het nie regtig bestaan in hierdie tyd nie. Daar was eerder die bewustheid van 'n korporatiewe identiteit van die familie. Meyers (1997:22) stel dit as volg: "People belong to a family rather than, if they so choose, have a family. Individualistic elements



© University of Pretoria

of human existence, including a person's range of psychological processes and feelings states, were characteristically subordinate to the person's role in the family unit. A person was not an autonomous entity, but someone's father, mother, daughter, son, grandparent…"

Lewe as 'n familie was baie taakgerig. Daaglikse aktiwiteite het die basis gevorm van alledaagse lewe. Op die ouderdom van vyf of ses jaar is kinders al ingespan om take te verrig, soos die bymekaar maak van kos, die natlei van tuine en hulp met die voorbereiding van kos. Op die ouderdom van dertien jaar is kinders as volwassenes beskou en moes hulle alle take in die huishouding help verrig. 'n Werksdag kon tot soveel as nege ure inhou.

Die wysheid van die ouer mense in die familie is hoog geag en gerespekteer. Dit is ook aan die kinders oorgedra. Daar is omgesien na die weeskinders, in die meeste gevalle kinders wat op straat gelos is. Kinderlose egpare het baie keer van hierdie kinders in hulle sorg geneem, sodat daar ergename kon wees vir hulle grond en besittings. Kinders moes ook omsien na hulle ouers en hierdie aangenome kinders het die rolle ingeneem.

## 4.4 Eerste-eeuse Mediterreense Wêreld / Wêreld van die Nuwe Testament

Strukture van families stem in hierdie tydperk baie ooreen met die Antieke Wêreld. Patriargale strukture was in gebruik en mans is as die hoof van die huishouding gesien. Produksie was ook die kerntaak van die familie. Eiendomme is van die een generasie na die ander oorgedra en het so vir honderde jare vir 'n familie behoue gebly.

### 4.4.1 Die rolle van die geslagte

Manlike eer het bestaan in die behoud van status, mag en reputasie van die manlike lede van die familie. Dit was van kardinale belang dat die mans in 'n familie lojaal aan mekaar moes wees. Dit was ook 'n eer om seuns in die wêreld te bring.



© University of Pretoria

Die eer van vroue het gelê in die beskerming van haar seksualiteit vir die familie waarin sy getroud was. Vroue is gesien as die swakkere geslag. "…No ancient Mediteranean man would have thought that a woman could be his equal; only a man of similar education and social status could be. Only a man could be equal to a man, a woman to a woman", volgens (Osiek & Balch 1997:41).

Kinders is ook hoofsaaklik deur vroue grootgemaak en onderrig. Na puberteit het dinge egter verander. "Soon after puberty, girls left their own families to be married, and boys were suddenly wrenched from the world of women into the world of men, where their emotional ties to their mothers, however, did not cease. One of the closest and most conflicted relationships in Mediteranean culture is that of mother and son, and each will defend the interests of the other against others, especially father and daughter-in-law", volgens Osiek & Balch (1997:42).

Die verhouding tussen broers en susters was ook baie heg, selfs nadat die suster getroud was. Moeders het meer aandag aan hulle seuns as aan hulle dogters gegee, omdat seuns vir hulle aansien en sekuriteit gebring het. Mans het ook baie keer meer intieme verhoudinge met hulle moeders as met hulle vroue gehad.

Maaltye het 'n baie belangrike sosiale funksie vervul. Dit het twee rolle vervul, naamlik seremonies om gebeure te vier en rituele om statusverhogings te vier. "Meals symbolize communication with those present, with those commemorated, and with those believed to be present though unseen", (Osiek & Balch 1997:45).

Eer is verstaan in terme van die onderskeid van die pligte van 'n man en 'n vrou, ook wat betref die sosiale spasie waarin die twee geslagte beweeg het. Eer was manlik en skaamte vroulik. Vroue het die potensiaal gehad om skaamte oor die man se uitgebreide familie te bring waaraan hulle behoort het. Die man kon egter nie skaamte oor sy vrou bring nie.

Hierdie onderskeid het ook neerslag gevind in die verskillende ruimtes waarin mans en vrouens beweeg het. Mans het na buite geleef en was besig in die openbare sfeer. Hulle was besig op manlike plekke met manlike dinge. Vrouens het weer na binne



© University of Pretoria

geleef. Hulle plek was in die huis en hulle was besing met vroulike dinge, naamlik die versorging van kinders.

Selfs diere is opgedeel as manlik en vroulik. Daar is verder tussen manlike en vroulike gereedskap onderskei. Ruimte is geslagtelik verstaan, asook die take wat in hierdie ruimtes vervul is. Hierdie afbakening van sosiale ruimtes het beteken dat die twee geslagte se omgang en kontak met mekaar beperk was.

### 4.4.2 Die huwelik

Volgens Van Eck (2007a:83) was 'n paar eienskappe van hierdie kultuur bepalend vir die huwelik as instelling in die eerste eeu. Die huwelik was ingebed in die sosiale instelling van die familial. Daar is tussen vier instellings in 'n gemeenskap onderskei, naamlik die familial, die ekonomiese, die politieke en die godsdienstige. Die familiale instelling verwys na die daarstel van 'n bepaalde sosiale struktuur waarvan mense deel kan wees en word deur toewyding tot die groep gekenmerk. Die ekonomiese instelling hou verband met voorsiening en word gekenmerk deur aansporing ten opsigte van die uitruiling van goedere en dienste. Die politieke instelling het kollektiewe optrede ten doel en word gestuur deur die aanwending van mag. Die godsdienstige instelling verwys na 'n omvattende sisteem wat bestaan orden en word gekenmerk deur beïnvloeding.

Malina (1993:94) beskryf die familiale instelling as volg: "Kinship refers to patterns of such social norms that regulate human relationships which are directly based upon experiences of birth and the birth cycle, from the womb, through development stages, to death. Kinship norms basically fill biological interactions among human beings with meaning and value. In other words, kinship norms symbolize human biological interactions and the ongoing results of such interactions."

Die huwelik was nie 'n verbintenis tussen twee individue nie, maar tussen twee families. Huwelike is gereël met die oog op die "trou" van twee uitgebreide families. 'n Man en



© University of Pretoria

vrou se "eenwording" was die simbool van die eenwording van twee families met die oog op politieke en ekonomiese voordeel en die verhoging van eer en status.

Die gebruik dat twee individue se huwelik gereël is, was verder gebaseer op die oortuiging dat kinders aan hulle ouers gehoorsaam moes wees en dat almal wat deel was van 'n bepaalde uitgebreide familie keuses moes maak wat altyd tot voordeel van die betrokke familie moes wees. God is gesien as betrokke by 'n gereëlde huwelik, soos God betrokke was by iemand se geboorte. God het bepaal wie iemand se ouers was. 'n Keuse wat ouers uitgeoefen het ten opsigte van 'n huweliksmaat is dus gesien as die keuse van God. Daarom moes kinders hulle ouers se keuse vir 'n huweliksmaat respekteer, aangesien die ouers se keuse ten opsigte van huweliksmaats altyd gemik was op voordeel van die uitgebreide familie.

Die doel van die huwelik was die daarstel van 'n nageslag. Seksuele kontak in die huwelik was in wese op die daarstel van 'n nageslag afgestem. Seksuele omgang in die huwelik as die uitlewing van menslike seksualiteit is dus as onaanvaarbaar beskou.

Vroue was altyd sosiologies, ekonomies en psigologies ingebed in die paternale familie (die eer van die hoof van die familie). Persone in die eerste-eeuse Mediterreense wêreld was altyd ingebed in die paternale familie, d.w.s in die eer van die hoof van die familie, die pater familias. Wat die vrou betref, was ongetroude vroue altyd sosiologies, ekonomies en psigologies ingebed in die eer van die vader en die getroude vrou in die eer van haar man en sy uitgebreide familie. 'n Huwelik het vir 'n vrou beteken dat sy losgemaak word van die eer van haar vader en die bloedfamilie waarin sy gebore is en dat sy ingebed word in die eer van haar man en sy uitgebreide familie.

Om ingebed te wees in die eer van haar man, was vir die vrou 'n simbool van skaamte vir haar nuwe familie, aangesien sy sensitief moes wees om nie skaamte oor haar man te bring nie. Eer en skaamte was die kernwaardes van die eerste-eeuse Mediterreense wêreld. Volgens Malina (1993:27) was eer "…socially proper attitudes and behavior in the area where the three lines of power, sexual status, and religion intersect…Honor is the value of a person in his or her own eyes, plus that person's value in the eyes of his own social group…".



© University of Pretoria

Skaamte daarenteen, was ‘n sensitiwiteit vir openbare reputasie, ‘n sensitiwiteit om deur ander as eervol geag te word. ‘n Gebrek aan sensitiwiteit vir skaamte kan as skaamteloosheid beskryf word. Skaamte het ook ‘n negatiewe betekenis gehad, naamlik as ‘n persoon nie eervol optree nie. Skaamte het dus duidelik twee betekenisse gehad, naamlik die sensitiwiteit vir eervolle optrede en die gevolg van eerlose optrede.

Die rol wat eer en skaamte in die eerste-eeuse Mediterreense wêreld gespeel het, asook die feit dat die huwelik ingebed was in die familiale instelling, moet verstaan word in terme van die begrip “diadiese persoonlikheid”. Alhoewel die individu uniek was, was elke persoon ingebed in ‘n groep, gewoonlik die familie waaraan hy of sy behoort het. Die goedkeuring van ‘n optrede van ‘n individu deur die groep aan wie die individu behoort het, het eervolle optrede beteken. Dit was dus belangrik om te weet watter rolverwagting die betrokke groep aan wie jy behoort het, van jou gehad het. Persone het nodig gehad om sinvol te bestaan. Sinvolle bestaan het beteken dat jy altyd moes weet wat die ander lede van jou groep van jou gedink het.

Diadiese persoonlikhede het die implikasie ingehou dat persone mekaar nie altyd emosioneel of psigologies geken het nie. Verder is persone negatief beoordeel as hulle nie deel van die spesifieke groep was nie. Persone van ander groepe is baie keer as vyande gesien.

Volgens Van Eck (2007b:106) was die huweliksluiting ‘n proses. Die sluit van ‘n huwelik was een van die belangrikste gebeurtenisse in die lewe van ‘n familie. Dit was ‘n proses waarin die toekomstige vrou by wyse van ‘n bepaalde prosedure van haar biologiese familie losgemaak is en in die eer van haar toekomstige man ingebed is. Hierdie proses het begin met die keuse van huweliksmaats deur onderhandeling tussen die twee families. Dit is gevolg deur die seremonie van die verlowing en dan die huwelikseremonie. Die proses is afgesluit deur die vrou wat fisies in die huis van haar man ingetrek het.

Die keuse van huweliksmaats was belangrik, aangesien ‘n goeie keuse politieke of ekonomiese voordele vir die betrokke families ingehou het. Die onderhandeling het in



© University of Pretoria

die meeste gevalle plaasgevind tussen families wat gelyk in eer en status was. Daar is ook ‘n hoë premie op eerlikheid en openheid geplaas, sodat nie een van die twee families na die sluiting van die huwelik gevoel het dat hulle bedrieg is nie, volgens Malina (1981:108).

Volgens Van Eck (2007b:107) was die onderhandeling meestal tussen die betrokke moeders gedoen. Die vaders of verantwoordelike manspersone was verantwoordelik vir die finalisering van die ooreenkoms tussen die twee families. Kriteria vir die geskikte manspersoon vir ‘n huweliksmaat was iemand wat ‘n goeie versorger kon wees, ‘n sagte vader en geeërde burger. Deel van die kriteria was nie iemand wat die vrou sou liefhê of versorgende lewensmaat kon wees nie. Hierdie behoefte is deur die vrou se seun of eie familie vervul. Die man en vrou het in twee afsonderlike sosiaal gedefinieerde ruimtes beweeg wat net soms oorvleuel het.

Die kriteria vir die geskikte vrou was strenger, aangesien sy sou deel word van die eer en skaamte-verhoudings van die uitgebreide familie van die toekomstige man. Sy moes kon inpas in haar nuwe familie. Die toekomstige vrou se familie se mag, invloed en vermoëndheid het ook ‘n rol gespeel. Die vrou moes ook sekere kwaliteite hê wat tot voordeel van die man sou wees. Sy moes onder andere goed kon huishou, die kinders kon versorg en kinders kon baar, veral seuns. Sy moes ook ‘n maagd wees om “heilige nasate” te kon voortbring.

Die verlowing het begin met die vader van die bruidegom wat by wyse van ‘n positiewe eer-uitdaging, ‘n aanbod gemaak het vir die bruid. Die bruid se vader het gereageer deur ‘n geskenk aan die vader van die bruidegom aan te bied. Indien die onderhandeling suksesvol was, het die vaders ‘n kontrak opgestel. Met die ondertekening van die kontrak was die hele gemeenskap teenwoordig. Die teken van die kontrak is fasiliteer deur ‘n leier van die gemeenskap. Die ooreenkoms was nou wettig en die bruidegom en bruid verloof. Verlowing het dus beteken dat ‘n man en vrou vir mekaar opsy gesit is en dat die vrou nou in die man se eer ingebed was. Die vrou was nou die man se eiendom, alhoewel hulle nog nie bymekaar gewoon het nie.



© University of Pretoria

Die huweliksluiting het plaasgevind by wyse van ‘n openbare huwelikseremonie. Daar het soms ‘n lang tydperk verloop tussen die verlowing en die huwelikseremonie. Dogters is gewoonlik uitgegee vir die huwelik (verloof), voordat hulle puberteit aangebreek het, ongeveer rondom die ouderdom van twaalf jaar. Die ouderdom van agttien jaar was gesien as ‘n goeie ouderdom vir ‘n man en vrou om te trou.

Die huweliksfees was ‘n belangrike geleentheid wat die vader van die bruidegom moes hou. Daar is soms groot skuld aangegaan om hierdie fees aan te bied. Die hele dorpie het gewoonlik in die feestelikheid gedeel. Die eer van die bruidegom se familie was op die spel en alles moes perfek afloop. Die huweliksfees het gewoonlik sewe dae geduur, indien die bruid ‘n maagd was. Indien sy ‘n weduwee was, het die fees net drie dae geduur.

Egskeiding was toelaatbaar en daar was nie ‘n groot stigma hieraan verbonde nie. Alhoewel dit hoofsaaklik deur mans geïnisieer was, kon vroue ook van hulle mans skei. Die vrou se vader was gewoonlik die persoon wat vir haar ingetree het, om haar eer te beskerm. Na ‘n egskeiding het kinders in die vader se huishouding agtergebly, terwyl die vrou na haar vader se huis teruggekeer het.

### 4.4.3 Kinders

Volgens Strange (1996:2) bestaan daar ‘n kontras in die manier waarop kinders in hierdie tyd behandel is. “There is an appealing tenderness in much writing…but alongside this, there was also a casual and almost off-hand brutality in the day-to-day treatment of the young.” Ouers het hulle kinders liefgehad, maar terselfdertyd brutaal behandel. Ouers het baie kinders gehad, omdat die sterftesyfer onder kinders so groot was. Navorsing bewys dat slegs 50 persent van kinders ouer as vyf jaar geword het. Kinders, veral seuns, was nodig om die familietradisies voort te sit. Kinderloosheid is as ‘n skande beskou.

Kinders is onderrig in take wat nodig was om die huishouding aan die gang te hou. In die eeste eeu is daar skole begin waar die kinders onderrig was om die Torah te leer



© University of Pretoria

lees en te skryf. Hoofsaaklik seuns is onderrig om te lees en skryf. Daar is nie van dogters verwag om te kan lees en skryf nie. Dogters moes huistake verrig. “Male and female roles were strictly demarcated, and girls were being brought up for a very different life from their brothers”, volgens (Strange 1996:15). Philo, aangehaal deur Strange (1996:15) het die volgende gesê: “The attitude of man is formed by reason, of woman by sensuality.”

‘n Oplossing vir ‘n vader se bekommernis oor sy dogter was om haar dadelik nadat sy puberteit bereik het, in ‘n gereëlde huwelik te plaas, waarin die dogter geen sê gehad het nie. So kon sy nie meer skande oor die familie bring nie.

Strange (1996:37) som die behandeling van kinders in die tyd van die Nuwe Testament as volg op: “Parents clearly loved their children; but financial necessity might drive them to expose to die. Parents wanted the best for their children; but because they thought of children as animals to be tamed, their methods of bringing them up were bound to be harsh. Children were valued, but in a society where slavery was an unquestioned reality, the exploitation and abuse of children was simply part of the wider exploitation of human beings of all ages.”

## 4.5 Jesus en die familie in die Eerste-eeuse Mediterreense wêreld

### 4.5.1 Jesus en die huwelik

Volgens Van Eck (2007c:505) het Jesus gevoel dat die huwelik die potensiaal het om slagoffers te skep en daarom is dit beter om nie te trou nie en selibaat te bly. Vrouens was die slagoffers in patriargale huwelike. Die huwelik het dus in diens gestaan van ‘n bepaalde ideologie en die gevolg van egskeiding was die weerloos laat van vrouens en kinders. Daarom behoort die man sy pa en ma te verlaat en saam met sy vrou gaan woon.

Volgens die Evangelie van Markus het Jesus nie baie oor die huwelik gesê nie en sou Hy waarskynlik gesê het dat huwelike mense moet bemagtig en nie patriargaal, of



© University of Pretoria

hiërargies moet wees nie. Dit sou waarskynlik ook vir Jesus belangrik wees dat man en vrou in die huwelik as gelykes geag moet word, volgens Van Eck (2007c:509).

### 4.5.2 Jesus en die familie

Jesus het geen plek vir die vader – die patriargale simbool van gesag – gehad nie. Die dissipels was deel van ‘n nuwe familie waarvan die vader, God was. Volgens Jesus was sy familie nie die moeder wat Hom in die lewe gebring het, of sy moeder en broers wat buite vir Hom staan en wag nie, maar hulle wat die wil van sy Vader doen. Jesus het homself verder skerp teenoor hiërargie as aanvaarde gesagsvorm in die familie uitgespreek, volgens Van Eck (2007c:500).

Jesus was dus anti-familiaal en anti-patriargaal ingestel. Die familie as patriargale instelling het dus vroue, kinders en nie-dominante mans gemarginaliseer en gedomineer.

### 4.5.3 Jesus se uitsprake en houding teenoor vroue:

Jesus het met vroue as gemarginaliseerdes in ‘n patriargale samelewing geassosieer. Vroue was deel van Jesus se volgelinge en verskeie vroue is deur Jesus genees. Jesus het nie onderskeid tussen en mans en vroue in terme van geslag gemaak, of vroue as seksuele objekte of simbole van onreinheid gesien nie. Jesus het respek vir die vrou se seksualiteit geopenbaar. Vroue word verder deur Jesus dikwels as voorbeelde van ware geloof en dissipelskap voorgehou. Hy laat ‘n vrou toe om Hom te salf, praat met ‘n vrou by ‘n put, eet waar prostitute teenwoordig is en vroue is dikwels deel van sy gelykenisse. Jesus se geslagsregister sluit die name van vroue met bedenklike reputasies in. Hy weier om op seksistiese wyse tussen die twee geslagte te onderskei. Sy inklusiewe, nie-seksistiese en gelykwaardige hantering van die vrou was dus duidelike kritiek op ‘n patriargale samelewing wat die vrou seksisties uitgesluit en gemarginaliseer het, volgens Van Eck (2007c:503).



© University of Pretoria

#### 4.5.4 Jesus se houding teenoor kinders:

In die eerste-eeuse patriargale samelewing is kinders as "nobodies" gereken. Kinders was die mees kwesbare persone in die eerste-eeuse Mediterreense samelewing. 'n Kind het geen status in die patriargale samelewing gehad nie. Hulle status was gelyk aan die van slawe wat deel was van dieselfde huishouding.

Jesus se optrede teenoor kinders is dus uit kritiek op die patriargale samelewing van sy tyd. Vir Jesus kon alleen mense wat soos kinders word, deel wees van die koninkryk van God. Hy assosieer selfs met straatkinders en bied hulle juis aan as diegene wat deel is van sy koninkryk.

Kinders was deel van die gemarginaliseerdes wat God se Koninkryk sal binnegaan. In God se Koninkryk word wêreldse standaarde omgekeer. Volgens die Evangelie van Markus sê Jesus dat volwassenes by kinders kan leer. Jesus het hom bemoei met kinders en na hulle uitgereik. Hy het hulle aangeraak en in Sy arms geneem.

### 4.6 Die Middeleeue en Reformasie

#### 4.6.1 Die Middeleeue

Die Christendom het 'n groot invloed op die familie van die Middeleeue gehad. Daarmee saam is die gebruike en rituele van die Antieke Wêreld op die Middeleeue oorgedra. Gedurende die elfde tot die vyftiende eeue het daar veranderinge plaasgevind in die strukture van families. Drie dinge wat 'n invloed gehad het, was die Katolieke Kerk, Feodalisme en Ridderskap.

#### 4.6.2 Die Kerk

Die effek van die Christendom het oorgespoel in die Middeleeue in. Teen die dertiende eeu was 'n huwelik nie net 'n transaksie tussen families nie, maar 'n religieuse aangeleentheid waarin die Kerk 'n aandeel gehad het. Perdue *et al*. (ed. 1997:291) stel



© University of Pretoria

dit as volg: "The Roman Catholic Church of the twelfth through sixteenth centuries treated marriage and the family as a natural, sacramental and contractual unit. First the Church taught, marriage was instituted at creation to enable man and women to "be fruitful and multiply" and to raise children in the service and love of God. Yet marriage was subordinate to celibacy, propagation was less virtuous than contemplation. The church also taught that marriage rose to the dignity of a sacrament. The temporal union of body, soul, and mind within the marital estate symbolized the eternal union between Christ and his Church and conferred sanctifying grace upon the couple and the community."

In hierdie tydperk het die Katolieke Kerk onder erge kritiek begin deurloop. Martin Luther het die verset gelei en dit het gelei tot die Protestantse Reformasie.

### 4.6.3 Feodalisme

Feodalisme het vanaf Europa na Engeland oorgespoel. Dit het klasseverskille geskep tussen die aristokrasie en werkersklas. So is definitiewe sosiale strukture geskep. Die variasies in die daaglikse lewens wat families elke dag gelei het, het opvallend begin word. Kinders van die aristokrasie is onderrig in die tradisies en voorregte van hulle sosiale klas. "Sons aspired to knighthood and daughters were socialized to be ladies of the court. "Elaborate codes of etiquette emerged to guide the formal behavior of the aristocracy", volgens (Steinmetz, Clavan & Stein 1990:35).

Slegs mans kon grond erf en vrouens kon nie grond besit nie, selfs nie eers hulle eie erfporsie nie. Tog is dit interessant dat die status van 'n vrou as geromantiseerde ideaal juis in die tyd begin toeneem het, toe haar ekonomiese status op 'n laagtepunt was.



© University of Pretoria

### 4.6.4 Ridderskap

Die leefstyl wat die bevoorregte klasse gelei het gedurende die Feodalisme, het 'n nuwe en abnormale verhoudingspatroon tussen mans en vroue gevestig. So is Ridderskap gevestig. Ridderskap verwys na die godsdienstige en morele standpunte, sosiale kodes en gebruike van die elfde en twaalfde eeuse ridders. Ridderskap het nuwe rolle geskep vir vrouens in die hof – die van 'n geïdealiseerde, geromantiseerde liefdesobjek van die ridder. In hierdie tydperk is romantiese liefde tussen 'n man en vrou gevestig. Steinmetz, Clavan & Stein (1990:35) stel dit as volg: "The knight began to think of himself as in the service of a beloved to whom he pledged undying devotion and the commission of heroic acts. The object of his love, the lady of the castle, responded by knitting and weaving garments for her knight to wear in the battle."

Maar dit was alles net drome, want die vrou het gewoonlik aan iemand anders behoort en huwelike was nog steeds net 'n ekonomiese transaksie tussen families. Tog het die tydperk van Ridderskap wel respek vanaf mans vir vroue begin vestig. Daar het wel moontlikhede begin bestaan dat mans en vroue emosionele verhoudings kon hê. Queen en Habenstein, aangehaal deur Steinmetz, Clavan & Stein (1990:35) sê "…it glorified romantic love which, several centuries later, was to become the approved and expected gateway to marriage…".

### 4.6.5 Vroue

Dreyer (2000a:692) sê studies wys dat daar veskillende idees in die Middeleeue bestaan het rondom 'n vrou se status in God en of 'n vrou na God se beeld geskape is. 'Volgens Abelardus was vroue geskape "in God's resemblance, but not in his image". Bonaventura reduseer die vermoë van vroue om beeld van God te kan wees. Vroue kon nie georden word as priesters nie, omdat hulle Christus nie kon verteenwoordig nie. Omdat mans reeds met die skepping voorrang geniet het, kon vroue volgens hom nie priesters word nie. Tomas Aquinas bevestig dat vroue geskape is na die beeld van God, maar beklemtoon steeds die primaat van die man. Die ondergeskiktheid van vroue is die gevolg van hulle swakheid ten opsigte van die rede en hulle liggaamlikheid.



© University of Pretoria

Vroue as persone is onvolmaak omdat hulle nie die “eintlike mensheid”, naamlik die manlike bereik het nie. Vroulikheid is egter nodig om die mensheid te voltooi. Met die opstanding sal vroue ontslae wees van hulle vroulike defekte.

Gedurende die Renaissance vind daar vanaf die Aristoteliese denke dat vroue niks anders is as “gebreklike mans” nie, ‘n verskuiwing plaas na die siening dat die vroulike geslag in sigself normaal en natuurlik is. Daar is egter steeds geoordeel dat die vroulike geslag swakker en meer broos is as die manlike en daarom beskerm moet word. ‘n Paar vroue, soos koninginne en adelike vroue, het wel in die tyd heelwat politieke en sosiale mag gehad. Die idee van Aristoteles dat ‘n vrou ‘n “gebreklike man” was, het bygedra tot die dood van vroue wat in die vyftiende tot sewentiende eeu van heksery verdink is, volgens Dreyer (2000b:950).

In intellektuele kringe was daar wyd uiteenlopende vooronderstellings oor vroue. Vroue is soms genadeloos geminag en ander kere weer op oordadige wyse geprys. ‘n Algemene vraag in die debat was of vroue se swakheid inherent was of die gevolg van sosialisering, naamlik gebrekkige onderwys en min ervaring buite die huis.

## 4.7 Reformasie

In hierdie tydperk het die Katolieke Kerk onder groot kritiek begin deurloop. Martin Luther het die verset gelei en dit het gelei tot die Protestantse Reformasie.

### 4.7.1 Die Huwelik

Die Reformatore het tydens die Reformasie die huwelik as sakrament verwerp en opnuut die skeiding tussen die regs-kulturele - en die geloofsaspekte van die huwelik bevestig. Hulle het teologies vasgehou aan die uitgangspunt dat die huwelik van Goddelike oorsprong is, maar wat die vorm betref, moes dit burgerregterlik gereguleer word.



© University of Pretoria

Anderson *et al.* (ed. 1998:293) sê die volgende: "The Protestant reformers of the sixteenth century replaced the Catholic sacramental model of marriage and the family with a social model. The Protestants also retained the perspective of the family as an association created for procreation and mutual protection. Unlike the Catholics, the Protestants rejected the subordination of marriage to celibacy and the celebration of marriage as a sacrament. The celibate life had no superior virtue and was no prerequisite for ecclesiastical service." Omdat die Hervormers die huwelik as sakrament verwerp het, het hulle die goedkeuring gegee vir egskeiding as gevolg van geweld en buite-egtelike verhoudings.

#### 4.7.2 Reformasie en die plek van die vrou

Volgens Dreyer (2000b:952) was die vraag oor die natuur van vroue dus relevant in die tyd van die hervormers, Martin Luther en Johannes Calvyn. Luther en Calvyn, wat hulle op die gesag van "die Skrif alleen" beroep het, het anders te werk gegaan as die Middeleeuse teoloë. Hulle kon hulle nie heeltemal distansieer van die tradisie nie, maar het tog probeer om opnuut met die Skrif as beginpunt na die posisie van vroue te kyk. Met die klem op "die Skrif alleen" kon die Hervormers nie meer na hartelus spekuleer soos die Middeleeuse skolastiek voor hulle gedoen het nie. Luther beskou vroue aan die een kant as ten volle menswaardig. Hy verwerp Aristoteles se tipering van vroue as "gebreklike mans" of "monsters". Tog was hy daarteen dat vroue ampte beklee of in die openbaar funksioneer. Luther meen dat Paulus geglo het vroue kan ook slim wees, maar hy is bang dat vroue in die openbaar teen hulle mans sal redeneer en argumenteer. Hy verwys na vroue in die Bybel wat wel gesag gehad het, maar beklemtoon dat hulle ongetroud was. Die getroude vrou moet nie gesag oor haar man hê nie.

Calvyn wou ook soos Luther, direk met die Skrif werk en nie uit die Middeleeuse teologie en klassieke filosofie nie. Volgens hom word die beeld van God aangetref in die mens se siel. Dat vroue se liggame anders is as die van mans, beteken nie dat



© University of Pretoria

hulle nie beelddraers van God kan wees nie, want die beeld van God is ‘n geestelike aangeleentheid.

## 4.8 Families in die negentiende en twintigste eeue

### 4.8.1 Die Romantiek

Die negentiende-eeuse Romantiek het op verskillende maniere teen die denke van die Verligting gereageer. Dreyer (2000b:956) voel dat teenoor die Liberalisme se model van die menslike natuur as rede en morele wil, die Romantiek ‘n verskeidenheid van menslike tipes propageer. Mense is geklassifiseer volgens ras, sosiale stand en geslag. Klem word gelê op die “teenoorgestelde” nature van mans en vroue. Mans is rasioneel aktief, terwyl vroue as passief en emosioneel gesien is. Met die sekularisasie van die openbare sfeer is godsdienstige vroomheid en moraliteit aan vroue oorgelaat. Mans is gesien as meer sekulêr. Vroue se moraliteit en vroomheid was nodig om mans op hierdie gebied te help. Vroue word gesien as die geslag wat meer natuurlik “soos Christus” is naamlik morele suiwerheid, geduldige lyding en altruïstiese diens aan ander. Dit sou impliseer dat vroue nou weer die meerderwaardige geslag sou wees. Maar juis hulle morele en spirituele superioriteit maak hulle ongeskik vir die ruwe take van mag. In die romantiese vorm daarvan het die twee-nature antropologie gelei tot die ondergeskiktheid en die verheerliking van die vroulike. Die “mystique” van die goeie moeder, suster en vrou het vroue afgesny van die openbare sfeer en beperk tot die private sfeer van die huis waar hulle ‘n veilige hawe skep vir mans wat moet uitgaan om te werk in die wrede en genadelose wêreld.

Tydens die periode van die Romantiek staan Friedrich Schleiermacher uit as ‘n uitsondering op die reël. Hy het gevoel dat vroue die slagoffers geword het van romantisering. Schleiermacher was bekend daarvoor dat hy vriendskappe en intellektuele gesprekke nie net met mans nagestreef het nie, maar ook met vroue. Hy was veral bevriend met Eleonore Grunow, die vrou van ‘n Berlynse pastor. In ‘n brief aan haar skryf hy in 1802 “...for it is through the knowledge of the feminine heart and mind that I have learnt to know what real worth is”, (Dreyer 2000b:958).



© University of Pretoria

### 4.8.2 Industrialisasie

In die tydperk voor Industrialisasie was die uitgebreide familie die ideaal. Die hele familie het onder dieselfde dak gewoon. Dit is gedoen sodat produksielyne effektief gebly het. Dit was nodig vir die familie se ekonomiese oorlewing. ‘n Persoon se familie het sy of haar lewe en werk gedefinieer. Met Industrialisasie het dit egter verander: “Economic advancement was based on one criterion: ability to get the job done, no matter who you were or what your family did. Status was based on performance, not inheritance. One’s place in the world would no longer be dependent on one’s home and family”, volgens (Steinmetz, Clavan & Stein 1990:40). Werk is ook nou in fabrieke gedoen en nie net meer by die huis nie. Baie mense moes dus na die stede trek vir hulle werk. Jong mense het dus nou die vryheid gehad om hulle eie koers in die lewe te bepaal.

Met Industrialisasie is die kerngesin gevorm. Die uitgebreide familie het ‘n kleiner rol begin speel in verhoudinge tussen mense. Die uitgebreide gesin het ook nie meer ‘n persoon se sosiale status bepaal nie. Mans en vrouens in huwelike was nou op mekaar aangewese vir emosionele ondersteuning. So het romantiese liefde en wedersydse respek vir mekaar in huwelike begin ontstaan. Praktiese doelwitte vir families soos om kos te kweek en huise te bou is nou vervang deur emosionele doelwitte soos om hegte familiebande te kweek. Wanneer hierdie doelwitte nie bereik kon word nie, was egskeiding ‘n opsie.

Dit het status vir ‘n man geword dat sy vrou by die huis bly en na die kinders omsien. Dit was ‘n teken dat ‘n man suksesvol in sy beroep was. Om dit moontlik te maak, moes baie mans langer ure begin werk. So het mans al hoe minder tyd gehad om aan hulle gesinne te spandeer. Vrouens moes die huishouding hanteer, sowel as die kinders opvoed en versorg.

Die 19de eeuse familie was meer stabiel as die van die laat twintigste eeue. Egskeiding het baie min voorgekom. Die “Viktoriaanse familie” was meer gefokus op die kinders en verhoudinge tussen lede van die gesin. Vroue was bevry in die opsig dat hulle kon studeer, maar was nog nie toegelaat in die politieke en ekonomiese strukture nie.



© University of Pretoria

### 4.8.3 Die twintigste eeu

Vroue het toenemend ekonomies afhanklik van hulle mans geraak. Dit het die patriargale sisteem bevorder. Fundamentalisme in die kerk het ook toegeneem. "Fundamentalist men began to reassert control of church life. Fundamentalist churches worked to bolster the patriarchy and separate spheres of the nineteenth-century family as a way of protecting male authority in churches from the tendency of markets to pull fathers away from home and church", volgens Anderson *et al.* (ed. 1998:296).

Murdock, aangehaal deur Steinmetz, Clavan & Stein (1990:141) beskryf die familie van die 20ste eeu as volg. "All societies moved toward modernization, they formed nuclear families – husband and wife, and children who shared a single residence. He defined this family form as universal because it fulfilled the four functional prerequisites that a society needs in order to survive: control of sexual relations, reproduction, socialization of the young and economic cooperati."

Wetenskaplikes was positief oor die veranderinge wat in families plaasgevind het. "…increased divorce, later marriages, more single parenthood, more stepfamilies, and other family experiments were not harmful. They believed that these changes were thought to contribute to the increased freedom, choice, and self-actualization of both men and women, especially women", (Anderson *et al* ed. 1998:297).

Daar is gepleit dat alle vorme van gesinne positief beoordeel moet word. Gemeenskappe en die kerk moes leer om enkelouergesinne ensovoorts te aanvaar. Anderson *et al.* (ed. 1998:298) was van mening dat 'n middeweg gekies moes word. "This middle perspective, which we call critical familism, promotes preparation for and support of the stable, egalitarian husband-wife partnership in which both partners have equal access to the privileges and responsibilities of the public and the private-domestic world."



© University of Pretoria

## 4.9 Die Protestantisme

### 4.9.1 Perspektief op die huwelik

Anderson *et al.* (ed. 1998:13) voer aan dat die Protestante die sieninge rondom die huwelik getransformeer het. Hulle het in opstand gekom teen die Rooms-Katolieke Kerk se sieninge en tradisies oor die huwelik. “Within the Protestant Reformers, marriage reemerged as a natural state more or less good in itself, entrusted to the partners in the marriage to make it a work of Christ’s grace or of the church. Marriage became more of an ethical project and a source of natural human companionship.”

Egskeiding en hertrou is ook nie meer gesien as ‘n taboe in die kerke nie. Daar is ook meer klem gelê op huweliksvoorbereiding.

### 4.9.2 Die Protestantse perspektief op die gesin

James Dunn, aangehaal deur Balswick & Balswick (1989:18) wys daarop dat die riglyne wat ons vir gesinne uit die Bybel kry, nie net so vir ons eie situasies en kontekste gebruik kan word nie. “The problem arises here when we try to make the household codes into timeless rules which can simply be transposed across time to the present day without addition or subtraction.”

Die verhouding tussen God en die kinders van Israel is ‘n vrugtevolle model vir die teologie van familieverhoudinge. As hierdie model gebruik word, sal die grootmaak van kinders gekenmerk word deur liefde, omgee, dissipline, respek en vergifnis. Dit berus ook op ‘n verbond tussen man en vrou. “It is covenant love that provides the basis for family”, volgens Balswick & Balswick (1989:19). Tog weet ons dat ons sondig is en dit nie altyd moontlik is om te hou by hierdie voorskrifte en ideale nie. Dit kan maklik tot skulgevoelens lei.

Die ideaal is dat gesinslede mekaar moet opbou. “The process of empowering children does not mean that parents will be depleted or drained of power as they parent. Rather,



© University of Pretoria

parents and children will both achieve a sense of personal power, self-esteem, and wholeness", volgens (Balswick & Balswick 1989:30). Gesinne wat as basis het dat hulle 'n verbond met God gesluit het, sal ook in 'n atmosfeer van genade en vergewensgesindheid met mekaar leef.

Met die ontwikkeling van die sisteemteorie, het die sisteem 'n metafoor of raamwerk geword waarvolgens gesinne verstaan is. 'n Sisteem het 'n eie struktuur wat op allerhande maniere in stand gehou en voortgesit word. Binne sisteme is daar rolle, grense en reëls. Die klem het verskuif weg van die individuele lede met hulle persoonlikhede, na verhoudinge en interaksie. Gesinstrukture het nou die fokus geword. Dit het nuwe moontlikheide geopen vir terapie met gesinne.

Die Protestante se ideaal vir 'n familie is die huwelik tussen 'n man en 'n vrou en die geboorte van kinders uit die huwelik. Die belangrikste funksie van 'n familie is die grootmaak van kinders in liefde. Dit plaas die seël op die huwelik tussen 'n man en 'n vrou. Die rol van die grootouers in die grootmaak van die kinders is ook belangrik. Hierdie ideaal vir 'n familie kom van die siening dat kinders beide 'n ma en 'n pa nodig het, wat in 'n stabiele verhouding met mekaar staan. Navorsing het ook bewys dat twee ouers 'n meer stabiele omgewing vir kinders kan skep as enkelouers. Ondersteuning van ander familielede is ook belangrik, maar dit kan nooit die rol van die pa en ma oorneem nie.

Anderson *et al.* (ed. 1998:21) is van mening dat daar tog bewyse bestaan dat sommige enkelouers beter vaar in die opvoeding van hulle kinders as gesinne waar daar 'n pa en 'n ma teenwoordig is. Die sieninge van wat die ideale gesin behoort te wees, wyk tog 'n bietjie af van hierdie "volmaakte" vorm van die gesin. Volgens Patten & Childs (1988:12) kan die gesin enige vorm aanneem, solank daar vir die kinders omgegee word. "There is no ideal form for the Christian family toward which we should strive. There is, however, a normative function: care."



© University of Pretoria

### 4.9.3 Verskillende rolle in die gesin

Daar bestaan baie opinies oor hoe kinders opgevoed moet word. Elke gemeenskap het 'n eie idee rondom kinderopvoeding. Tog is daar 'n paar punte waaroor daar eenstemmigheid bestaan. Goeie kinderopvoeding vereis toegewydheid van elke ouer en oppasser. Dit vereis ook 'n goeie verhouding met kinders, een-tot-een kommunikasie. Gemeenskappe voed kinders op. Ouers en oppassers is deel van 'n netwerk van mense wat omgee. Kulturele waardes van die gemeenskap het 'n groot impak op kinders. Enkelouergesinne, hersaamgestelde gesinne en uitgebreide gesinne kan almal ook suksesvol funksioneer as hulle die regte ondersteuning van familie en die gemeenskap kry. In verskillende kulture bestaan daar verskillende vorme wat gesinne of families kan aanneem, waarin kinders kan opgroei.

In die Bybel sien ons dat families soms verander om by die spesifieke situasie te pas, sodat die kinders voordeel daaruit kry. Die fokus moet dus altyd die welstand van die kinders wees. Navorsing bewys dat kinders daarby baat as beide ouers betrokke is by hulle opvoeding en vir hulle omgee, ongeag of die ouers met mekaar getroud is.

Ouers moet eers na hulle eie fisiese, emosionele en geestelike welstand omsien, voor hulle verantwoordelike ouers kan wees. Ouers wat in ongesonde verhoudings met ander mense staan, sal ook nie gebalanseerde ouers kan wees nie.

Anderson *et al.* (ed. 1998:65) beskou ouerskap in lyn met ouers se verhouding met God: "As the prime cocreators with God of new human beings, parents have a high and unique calling. Parents are to tend the child on behalf of God. This child shares in the mystery of life that flows from God, is sustained by God, and is accountable to God."

Ouers is aan hulle gemeenskappe verantwoordelik in die opvoeding van hulle kinders. Kinders moet so opgevoed word dat hulle positief tot hulle gemeenskappe kan bydra. Ouers is ook aan hulle kinders self verantwoordelik in hulle opvoeding. Kinders se persoonlikhede en karakters word geweldig beïnvloed deur hulle ouers se invloed op hulle in hulle eerste lewensjare. Ouers is ook verantwoordelik vir hulle kinders se



© University of Pretoria

toekoms. Kinders is die volwassenes van môre en die toekoms gaan bepaal word deur hulle karakters en deursettingsvermoë.

"A child is lovable because God has created each child with inherent dignity and loves him or her as God's own. Parents communicate this dignity and love when they recognize and celebrate the mystery of the child's spirit. Children whose parents treat them with respect learn to respect themselves. The more parents value a child's uniqueness and elicit that child's gifts, the greater value and confidence the child finds in himself or herself", (Anderson *et al. ed.* 1998:66).

### 4.9.4 Die hersaamgestelde gesin

Statistieke wys dat 'n groot persentasie kinders deesdae in hersaamgestelde gesinne grootword, waar een van die ouers nie hulle biologiese ouers is nie. Hersaamgestelde gesinne se dinamiek en interaksie verskil van kerngesinne. Navorsing bewys dat daar 'n hele aantal maniere bestaan waarop 'n hersaamgestelde gesin gevorm kan word en dat daar ook verskillende tipes hersaamgestelde gesinne bestaan.

Sommige kinders is baie dankbaar vir hierdie nuwe gesin waarin hulle hulself bevind, terwyl ander weer terug verlang na hulle gesin van oorsprong waar albei biologiese ouers teenwoordig was.

Die samelewing en kerkgemeenskap kan hersaamgestelde gesinne ondersteun deur hulle normaal soos ander gesinne te hanteer en juis die diversiteit in gesinne te vier. Hersaamgestelde gesinne word uit verliese gevorm. Hierdie gesinne moet dus ondersteun word in hulle rouproses en pastorale sorg moet aan hulle verleen word.

### 4.10 Postmoderne periode

Tye het verander en is voortdurend aan die verander. Dit het 'n besliste impak op die lewe in gesinne en op die manier waarop mense gesinne ervaar. Volgens McGoldrick, Carter & Garcia-Preto (ed. 2011:3) was die lewensverwagting van 'n persoon in 1900 in



© University of Pretoria

Amerika 47 jaar, terwyl daar in die jaar 2000 byna geen sterftes voorgekom het onder jong persone nie. Ongeveer 75 persent van Amerika se bevolking word 65 jaar oud, terwyl daar in 1850 slegs 2 persent van die mense 65 jaar oud geword het. Terselftertyd met die hoër ouderdomme wat mense bereik, het die verhoudinge tussen ouers en kinders ook dramaties verander.

### 4.10.1 Kenmerke van gesinne in die Postmoderne periode

Minder mense trou deesdae. Vroue is deesdae ook beroepsgerig en kan na hulleself omsien. McGoldrick, Carter & Garcia-Preto (ed. 2011:3) haal 'n postmoderne vrou aan: "Women's expectations have changed dramatically, while men's have not changed at all…Providing is not enough, I need more partnership." Mense trou deesdae ook op 'n later ouderdom as vroeër. Die hoeveelheid kinders per gesin is minder as vroeër en baie mense verkies deesdae ook eerder om kinderloos te bly.

Families in die Postmoderne tyd het baie meer keuses as families van ouds. "Whether or whom to marry, where to live, how many children to have, if any, how to conduct relationships with the immediate and extended family, and how to allocate family tasks", volgens (McGoldrick, Carter & Garcia-Preto ed. 2011:3). Deesdae is enkel-ouer gesinne 'n groot uitdaging vir die samelewing, sowel as vir die kerk. Nog 'n groot verskuiwing het in die opvoeding van kinders plaasgevind. Vroeër het die opvoeding van kinders hulle ouers 'n leeftyd besig gehou. Deesdae is hulle minder as die helfte van hul ouers se leeftyd in hulle huise.

Die Postmoderne tydsgees sluit onder andere in dat daar 'n verset is teen die sekerhede van die tradisionele, gebrek aan standvastigheid, identiteitskrisisse, die vervloeiing van die waarheid, relativering van gevestigde waardes, suspisie teen enige vorm van manipulasie, magsmisbruik en eksploitering.

McGoldrick, Carter & Garcia-Preto (ed. 2011:11) sê dat families van ons tyd baie vorms aanneem: "...multigenerational extended families of three or four generations, gay or lesbian couples and children, remarried families with shifting membership of children



© University of Pretoria

who belong to severe households, single-parent families, families of brothers and/or sisters or aunts and nieces, unmarried partners and their children and possibly a parent of an unmarried sibling of one. Yet our society still tends to think of 'family' as meaning a heterosexual, legally married couple and their children. This family form is taken all too frequently as the ideal against which all other family forms are judged and found wanting."

Die wyse waarop ons vandag besluite neem word nie meer deur algemeen geldende waarhede bepaal nie. Die proses kan eerder gekarakteriseer word as kontekstueel, lokaal en pluralisties. Veral jongmense neem nie meer besluite op grond van 'n vaste stel reëls nie, maar eerder op grond van verbeelding.

### 4.10.2 Probleme wat die oorgangsperiode oplewer

Volgens Müller (2002:21) lewer die paradigmaskuif vanaf die Modernisme na die Postmodernisme allerlei probleme vir die gesinslewe op. In hierdie oorgangspersiode is die situasie dikwels dat een van die ouers nog in die Modernisme vasgevang is, terwyl die kinders aan die ander kant groei op die denkklimaat van die nuwe paradigma. Ouers raak ongerus omdat hulle kinders na hulle mening alle waardes oorboord gooi, terwyl kinders weer voel dat hulle ouers te rigied is. Van Wyk (2002:268) beweer ook dat dit waarskynlik veiliger sal wees om te sê dat ons, onsself tans bevind in 'n wêreld waarbinne verskillende denkparadigmas deel van mense se leefwêreld en werklikheidsverstaan uitmaak. In die kerk en samelewing het ons te doen met mense wat hulleself nog in die premoderne paradigma bevind. Ons het ook te doen met mense wat in hulle denke en optrede die tipiese kenmerke van die moderne paradigma uitleef. Dan het ons ook te doen met mense wat tipies postmodern is en dink.

Ons hou vas aan die waarde van respekvolle omgang met mekaar en die belang van langtermyn, permanente intieme vehoudings, terwyl ons tegelyk in ons eie gesinne met die werklikheid van onstabiliteit en gebroke verhoudings gekonfronteer word. Baie gesinne is hewig gekant teen vrye seks en hulle vind die hedendaagse verdraagsaamheid teenoor saamwonery onaanvaarbaar. Tog bevind hulle hulself



© University of Pretoria

toenemend in die situasie dat hulle kinders dieselfde praktyke doodluiters aanvaar en dikwels met groot verantwoordelikheid en respek uitleef.

Die eenvoudige Bybelse waarhede oor kinderopvoeding word onderskryf en in kerke word die outydse konsepte van die man wat die priester van die huis is, selfs verkondig. Maar die werklikheid van die voorstedelike samelewing is dat ouers en kinders 'n minimum van kontak met mekaar het en saamleef met die werklikheid van besige en afwesige ouers.

McGoldrick, Carter & Garcia-Preto (ed. 2011:10) wys daarop dat die stabiele multi-generatiewe familie nie geïdealiseer moet word nie. Volgens haar was hierdie families ondersteun deur "patriarchy, sexism, classism, racism and heterosexism. In that traditional family structure, respect for parents and obligations to care for elders were based on their control of the resources, reinforced by religious and secular sanctions against those who did not go along with the ideas of the dominant group."

Müller (2002:22) voel dat die krisis ontstaan omdat ons vasklou aan die ou sieninge en ou maniere van doen. Tog begin ons anders dink en anders kyk na die wêreld rondom ons. Hierdie spanning het ook te make met individualisasie wat deel van die postmoderne lewensgevoel is. Die fokus verskuif meer na die persoon as individuele subjek wat hom uit die kollektiwiteit van sy onmiddellike omgewing losmaak. Die individuele lid van die gesin veroorloof hom- of haarself dus die vryheid om 'n eie mening te vorm en beskou nie net meer die tradisionele norme van gesin en families as deurslaggewend nie.

Gesinne van vandag pas nie meer almal in die ou bekende vorm nie. Gesinne is al meer verskillend en hulle is al meer vry om hulle gesinslewe in te rig volgens hulle eie ontwikkelende gesinsverhaal, volgens Müller (2002:23). Gesinne funksioneer in baie opsigte heeltemal anders as in die verlede en tog bly die gesin voortbestaan as 'n uitsonderlike verhalende kultuur. McGoldrick, Carter & Garcia-Preto (ed. 2011:10) dui daarop dat gesinslede deesdae self hulle eie lot kan bepaal. "The power of elders to demand filial piety is reduced. As women continue developing the right to have lives of their own and are no longer willing to limit their roles to being caretakers of others as



© University of Pretoria

was previously expected, our social institutions will have to shift to fit with the resulting needs."

### 4.10.3 Die Huwelik

Die Postmodernisme het in sterk verset gekom teen die misbruik van mag soos dit in die premoderne huwelik gestalte gevind het. Die patriargale Bybeltekste is blootgelê en ontmasker as dit sou bydra tot magsmisbruik en ontmensliking binne die huwelik. Geslagsrolle binne die huwelik word hergedefinieer vanuit die beskouing dat man en vrou gelyke vennote in die huwelik is.

Op die gebied van seksualiteit het daar merkbare verandering vanaf die premoderne na die moderne en die postmoderne gekom. Die verskuiwing weg van die belange van die familie na die belange van die individu het seksuele bevryding gebring. Seks word nie meer net beskou as nuttig vir voortplanting nie. Vanuit 'n geloofsperspektief word die seksuele in die moderne en postmoderne tye gesien as 'n gawe van God wat deur gelowiges geniet mag word. In die verband was die ontwikkeling en massaproduksie van voorbehoedmiddels 'n belangrike moderne ontwikkeling op die gebied van seksualiteit. Tog kan seksualiteit maklik verlaag en vervlak word tot die vlak van wellus en genotsbevrediging by die outonome mens wat self die reels vir die lewe maak en doen wat hy of sy wil.

Die postmoderne bring in verset teen die modern eksplisietheid en eksploitasie van seksualiteit, weer iets terug van die misterie van die erotiek. Daar is waardering en herwaardering van die natuur, die bewussyn van siklusse, van rypwording en bevrugting. Die klem word sterk gelê op die volledigheid van menswees, maar met spesifieke verwysing na en waardering van die mens se liggaam. Die versorging van die liggaam, klem op gesondheid en 'n besondere waardering van lyflikheid as deel van seksualiteit kom na vore. Seksualiteit is 'n omvattende spel wat met fyn kuns en wedersydse akkommodering van die ander geslagsgenoot gepaardgaan. Dit beteken dat die band tussen liefde en seksualiteit herstel word teenoor die moderne waar dit in baie gevalle nog net oor seks ter wille van seks gegaan het, volgens Van Wyk (2002:274).



© University of Pretoria

Van Eck (2007a:82) voer aan dat die kerk se verstaan van die huwelik en verwante sake soos egbreuk, egskeiding en hertrou, radikaal verskil van die verstaan van die huwelik in die Bybel. Tog maak die kerk daarop aanspraak dat sy verstaan van die huwelik in die Skrif terug te vind is.

Die essensie van die postmoderne huwelik is ‘n “intieme liefdesverhouding tussen twee mense”. Die huwelik vandag word gekenmerk deur kameraadskap, die deel van ervarings en wedersydse vertroue. Gee, ontvang, deel, aanvulling, ondersteuning en onbevange kommunikasie is hedendaagse “huwelikstaal”. Twee individue “word een” en beide huweliksvennote se persoonlikhede en gawes word tot voordeel van die ander aangewend, sonder dat die individualiteit van een van die huweliksvennote opgehef word. Aanpassings in die huwelik funksioneer dus as aanvulling.

Volgens Van Eck (2007a:83) is hierdie “eenwording” moontlik omdat beide partye in die huwelik as gelyke vennote funksioneer. Die postmoderne huwelik is anti-patriargaal. Beide partye in die huwelik lewer op ‘n gelyke basis bydraes ten opsigte van alle fasette van die huwelik. Daar is ook ‘n versmelting van die huishoudelike - en professionele sfere van die huwelik. Die keuse van huweliksmaats is ‘n persoonlike en hoogs individuele aangeleentheid. Ooreenkomste in terme van agtergrond en kultuur is soms ‘n bepalende faktor, maar nie altyd nie. Ooreenstemming in waardes en norme bepaal dikwels keuses wat uitgeoefen word, asook keuses ten opsigte van moontlike ouerskap.

Die uitleef van seksualiteit is die resultaat van ‘n ervaarde geborgenheid, omdat huweliksmaats mekaar as gelykes ag en daar wedersydse respek en ondersteuning bestaan omdat die verhouding nie in terme van outoritêre gesagsposisies funksioneer nie. In ‘n atmosfeer van geborgenheid ontwikkel die behoefte om ook op seksuele vlak intimiteit en eenwording te ervaar.

Volgens Van Eck (2007b:124) kan die verskille tussen die Bybelse huwelik en die Postmoderne huwelik as volg opgesom word:



© University of Pretoria

| Bybelse huwelik | Postmoderne huwelik |
|---|---|
| Ooreenkoms tussen twee families | Verhouding tussen twee individue |
| Doel van die huwelik gemik op politieke, ekonomiese en ander voordele soos eer | Doel van die huwelik die vervulling van behoefte aan intimiteit |
| Dogters word gesien as "onderhandelingsartikel" wat aangewend word om die beste voordeel vir haar uitgebreide familie te bekom | Dogters se belange is nie ondergeskik aan die van die familie nie |
| Geen keuse ten opsigte van huweliksmaats (gereelde huwelik) | Keuse berus by individue (nie-gereelde huwelik) |

Van Wyk (2002:264) gee 'n negatiewe perspektief op die huweliks- en gesinslewe van die postmoderne tye. Volgens hom lê die huweliks- en gesinslewe van die Westerse volke in puin. Egskeidings is aan die orde van die dag. Stemme gaan op wat verklaar dat die tyd van die tradisionele huwelik onherroeplik verby is. Statistieke toon aan dat minder mense deesdae trou. Die praktyk van saamwoon word toenemend deur Christene aanvaar as legitieme alternatief vir die huwelik. Waar daar nog sprake van die huwelik is, dui dit daarop dat dit ver van die tradisionele af is. Huweliksontrou, mans wat hulle vrouens met verbale en fisiese geweld aanrand en misbruik, mans en vrouens wat mekaar vermoor om geld daaruit te maak, kinderverwaarlosing en -molestering is sake wat die beeld van die huwelik verder skade berokken. Statistieke toon ook 'n skerp styging in die praktyk van egskeiding. Die jongste statistieke toon dat een uit elke twee huwelike in die skeihof eindig. Egskeiding het veral 'n negatiewe uitwerking op kinders as dit nie in die kinders se belang hanteer word nie.



© University of Pretoria

### 4.11 Samevatting

In die hoofstuk is daar gepoog om 'n oorsig te gee oor die kenmerke en eienskappe van families deur die eeue tot nou. Skrywers het uiteenlopende menings oor die ideale familie of gesin. Die gevolgtrekking wat gemaak word is dat daar in die Postmoderne tyd waarin ons onsself bevind, ruimte gelaat moet word vir verskillende vorme van gesinne en dat die kerk en gemeenskap elke gesin moet aanvaar en 'n taak het om gesinne te ondersteun.

*"No single family form has ever been able to satisfy the human need for love, comfort, and security…We must keep our family cultures diverse, fluid, and unresolved, open to the input of everyone who has a stake in their future…Our rituals, myths and images must therefore be open to perpetual revision, never allowed to come under the sway of any orthodoxy or to serve the interest of any one class, gender or generation. We must recognize that families are worlds of our own making and accept responsibility for our own creations"*

(Gilles 1996:240)

In die volgende hoofstuk gaan moederskap bespreek word in verskillende kulture, met die klem op Afrikanermoeders. Daar gaan ook in diepte gekyk word na stiefma's en die mites wat oor stiefma's bestaan. 'n Teologiese besinning oor moederskap gaan ook plaasvind.



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 5

# PERSPEKTIEWE OP MOEDERSKAP

**Die Moeder**

*Die vreemde oorsprong van jou lewe het*

*soos lig deur 'n kristal deur my gevloei*

*in al die maande toe ek een was met*

*die stil geheim van jou verborge groei.*

*En nou kan niks ons skei – want is jy nie*

*afhanklik en gebonde aan my bloed*

*wat met sy onbegryplike chemie*

*jou wonderlik gevorm en gevoed?*

*En of die uur ver en vergete word,*

*en of die jare tussen jou en my*

*hul seile span, die see sy golwe stort,*

*of self die Dood sy somber baken steek,*

*nogtans sal jy aan my gebonde bly*

*met die onsigb're naelstring wat nie breek.*

Elisabeth Eybers (Brink 2008:227)



© University of Pretoria

## 5.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk gaan daar gekyk word na 'n paar perspektiewe op moederskap. Die gedig "Die moeder", geskryf deur Elizabeth Eybers waarmee die hoofstuk begin, is maar een vrou se belewenis van moederskap. Moederskap is nie noodwendig altyd 'n positiewe belewenis nie. Tog word 'n moeder se rol nog baie keer geromantiseer. Net so kleef daar nog steeds 'n stigma aan die rol van 'n stiefma. Vroue wat besluit om nie kinders te hê nie, word ook nog soms veroordeel. Perspektiewe op moederskap deur die eeue het baie verander. Daar gaan gekyk word na die geskiedenis van die Afrikanervrou deur die jare. Aandag word ook gegee aan moederskap in ander kulture. Die vroue in Jesus se geslagsregister word ook bespreek.

Tot onlangs was daar relatief min navorsing gedoen oor vroue se belewenisse van moederskap. Die navorsing is gedomineer deur biologiese sieninge van moederskap, volgens McMahon (1995:6). Vroue se gedrag as moeders is gesien as instinktief en gemik op die behoeftes van haar kinders. "Motherhood, and particularly childbearing, continues to be defined as the supreme route to physical and emotional fulfilment and as essential for all women", (Phoenix & Lloyd 1991:7). Hierdie perspektief op wat moederskap is en behoort te wees, romantiseer moederskap en moeder-en-kind-verhoudings.

Vroue se identiteit word hoofsaaklik gebou op hulle ervarings van ma-wees. Wanneer vroue se ervarings van bogenoemde egter nie so rooskleurig is nie, word dit gesien as persoonlike mislukking en wanaanpassing. Gordon (1990:49) se perspektief daarop is die volgende: "Reproduction and motherhood are social as well as biological. The structural and cultural underpinning of the representation of women as mothers is so strong that all women are potential mothers...Thus all women have a relationship to motherhood, even if a negative one."

Gordon (1990:49) haal vir Oakley aan, wat die volgende oor moederskap sê: "Producing a baby is re-producing, looking differently at one's body, one's identity, one's way of living in the society of which one is a part. And in becoming a mother a women takes her place among all women, conscious in a new way of the divisions between men and women, more sharply aware both of the ties of human kinship and of the



© University of Pretoria

special solidarity of sisterhood. Motherhood is a handicap but also a strength; a trial and an error, an achievement and prize."

Die "Women's Movement" het aangevoer dat vroue se reproduktiewe vermoëns hulle altyd ondergeskik aan mans gemaak het. Grenholm (2005:4) voer aan dat vroue se reproduktiewe vermoëns nooit verander kan word nie. Dit moet eerder gevier word! "There has been a tendency to ask how women are supposed to be able to live a good life, not as mothers, but despite being mothers, and without being regarded as only mothers", (Grenholm 2005:5).

Grenholm (2005:27) se definisie van moederskap is die volgende: "Motherhood is a broad concept, firmly anchored in the moment of birth. Our conceptions of motherhood vary across time and space. Motherhood is an umbrella term for that which starts with pregnancy and childbirth." Moederskap is verbind aan die skepping. Die skepping is 'n teologiese konsep wat beteken dat alles afhanklik is van die Skepper. Moeders is dus mede-skeppers van God se skepping en Koninkryk. Om kinders in die lewe te bring, is dus altyd 'n goeie daad, omdat God se skepping goed is. Tog gaan dit baie keer met wanhoop en smart gepaard. "Creation is good, yet it is also broken. If we see what is whole and what is broken as co-existent aspects of life instead of basing our distinction between original and fallen creation, a new image of the biblical mothers emerges. It is not a romantic image", (Grenholm 2005:29).

### 5.2 Sosiale konstruksies van moederskap

Volgens Grenholm (2005:ix) moet ons onderskei tussen werklike moederskap en persepsies oor moederskap wat bestaan en die interaksie tussen die twee. "The important thing is to distinguish between the fact that women bear children, on the one hand, and the necessity of accepting a traditional female life, on the other….what a traditional female life entails are social constructions."

Moederskap en wat moeders behoort te doen, word dus gekonstrueer deur kulture en gemeenskappe. Ons persepsies van moederskap is nou verbind met ons persepsies van vrouwees. Dit is baie belangrik om daarop te reflekteer. Grenholm (2005:xi) vra



© University of Pretoria

die vraag wat "the good mother" regtig is en bestudeer die tradisionele sieninge van moederskap.

"Motherhood is romanticized and idealized as the supreme physical and emotional achievement in women's lives, but when women become mothers, they find that the everyday tasks of mothering are socially devalued and relegated to individual households", volgens Phoenix & Lloyd (1991:13). Daar bestaan dus teenstellings in die romantiese beelde wat van moederskap geskets word en die alledaagse belewenisse wat moeders werklik het.

Elke ma se situasie, konteks en gesinsopset is uniek. Tog word daar baie veralgemeen. Daar bestaan baie hulpmiddele en kursusse in die media wat moeders behoort te help, maar wat ma's nog net meer ontoereikend laat voel. Die kerk speel ook 'n groot rol in die idealistiese beelde wat van moeders geskep word. Ma's kan voel dat hulle geloof nie genoeg is nie en dat hulle nie goeie Christene is nie, omdat hulle gesinsopset en ervarings van moederskap nie so volmaak is nie.

Deur die eeue is vroue se rolle hoofsaaklik gesien as moeders en eggenote vir hulle mans. Daar is verwag dat die meeste van vroue se tyd aan hierdie rolle afgestaan moes word. 'n Vrou se primêre rol is gesien as die versorger van haar kinders. Veral in die Westerse kulture is vroue se "embodied humanity" uitgedruk in hulle biologiese kapasiteit as moeders. "The popularized image of mothering built on women's exclusive care for children in isolated, nuclear-family households, was unique to modern Western societies and was not very good for either women or children", volgens McMahon (1995:7).

Vroue het nog altyd 'n sentrale rol gespeel in families, maar die idee dat vroue ook ander rolle, behalwe die moederskaprol kan hê, is nog steeds nie heeltemal aanvaarbaar vir almal nie. Dit is 'n relatiewe nuwe idee in die meeste kulture, veral die Westerse kultuur.

Tot onlangs is vroue se ontwikkeling beskryf in terme van mans se ontwikkeling. Vroue is gedefinieer deur die mans in hul lewens en hulle rolle is bepaal deur die posisies wat hulle in ander mense se lewens ingeneem het. 'n Vrou se rol is hofsaaklik gesien as 'n persoon wat ander se behoeftes moet vervul en na ander persone moet omsien. Vroue



© University of Pretoria

het nie regtig die bewustheid gehad dat hulle na hulle self ook kan omsien nie en dat hulle by hulle self moet begin nie.

Shapiro, aangehaal deur McGoldrick (2011:43) sê die volgende: “Women lead far more complex, varied, and unpredictable lives than men do, reinventing themselves many times to meet different circumstances. While men’s life tends to follow a linear course, women’s usually consists of starts, stops, meanders, interruptions, revisions, and detours as they accommodate to the others in their lives.”

Grenholm (2005:1) gee ‘n teologiese perspektief op moederskap. “Motherhood is a broad concept. It encompasses adoptive mothers, foster mothers, extra mothers, and stepmothers. Motherhood in most of its forms is characterized by the fact that someone takes special care of a particular child. Many of the problems relating to conceptions of motherhood have to do with pregnancy and birth.”

Grenholm is verder van mening dat moederskap bestaan uit ‘n biologiese en sosiale aspek. Daar is ook ‘n noue verband tussen die twee aspekte. Moederskap is deel van ons alledaagse lewe. Tog word daar van moeders verwag om baie keer buitengewone dinge te doen. “Motherhood is often thought to combine the two: it encompasses the idea of the extraordinary in ordinary life. The mother provides warmth, sustenance, and new life possibilities, and her unlimited care never ceases, even when all her other sources have run dry.” Hierdie persepsies van moederskap word dus baie keer idealisties en onrealisties as in ag geneem word wat van die moeder verwag word. ‘n Realistiese beeld van moederskap moet dus eerder geskep word. Ons het komplekse en eenvoudige idees van wat moederskap behels.

“A real woman gives birth, but this is not enough. She is also supposed to be a good mother. The demands on the good mother are high and thus difficult to meet. As a result, motherhood is simultaneously glorified and demonized”, volgens (Grenholm 2005:3).

### 5.3 Moeders in die werksomgewing



© University of Pretoria

Die meeste vroue, selfs die ma's van klein kindertjies, werk deesdae buitenshuis. Daar bestaan sekere konstruksies rondom vroue in die werksomgewing wat negatief op vroue inwerk en onnodige skuldgevoelens op hulle plaas. Die bekendste mite is dat moeders nie behoort te werk nie en dat hulle by die huis by hulle kinders moet wees. Nog 'n mite is dat vroue slegs werk, omdat hulle selfsugtig is en hulle eie geld wil hê. Vroue se inkomste is deesdae broodnodig vir die finansiële oorlewing van elke gesin. Verder het navorsing bewys dat vroue wat ook buitenshuis werk, beter ma's vir hulle kinders is en meer positief ten opsigte van hulle huisgesinne ingestel is. Dit verbeter ook 'n vrou se selfbeeld as sy buite die huis ook werk. "Generally speaking employed mothers have higher aspirations for their children, discuss and share school activities more, encourage independence skills more, have more parenting satisfaction, fewer family conflicts, and are more effective at setting limits…", volgens McGoldrick (2011:46).

## 5.4 Moederskap in verskillende kulture

Die kultuurgemeenskap waarin vroue hulle bevind, speel 'n baie belangrike rol in hulle houding teenoor hulle moederskaprol en hoe hulle as moeders optree.

### 5.4.1 Moederskap in Hawaii, Wes-Indië en Afrika

Nielsen (1999:117) verwys na die Hawaii'se kultuur, waar ouers hulle kinders saam met ander volwassenes laat woon om hulle kinders blootstelling te gee aan ander volwassenes se insette in hulle lewens. Hulle word steeds liefgehê deur hulle eie ouers en het ook sterk bande met hulle biologiese ouers. Dit word "hanai"-verhoudings genoem. "Their 'hanai' relationships with other adults were considered the models which parents should try to measure up to. Even today young Hawaiians who were raised as 'hanai' children are very comfortable expecting and asking for special support from adults other than parents."

In die Wes-Indiese kultuur en in die meeste Afrika-kulture, word dieselfde beginsel toegepas. In die Afrika-kultuur, word kinders grootgemaak in families. Die bekende



© University of Pretoria

spreekwoord lui "It takes a village in Africa to raise a child". Die sosiale ontwikkeling van kinders is die mede- verantwoordelikheid van al die lede van die gemeenskap. Selfs wanneer ouers oorlede is, sal kinders altyd "ouers" hê. Alhoewel die moeder die primêre verantwoordelikheid van die kind se opvoeding en versorging op haar neem, word sy ondersteun deur die hele gemeenskap. Daar bestaan dus 'n "paar moeders vir een kind". Op die manier ontwikkel kinders in die Afrika-kultuur 'n sterk sosiale verantwoordelikheidsin. Hulle leer ook vroeg om ouer persone te respekteer, om verantwoordelik te wees en om ander lede van die uitgebreide familie te ondersteun.

"Some years ago I heard a song performed by some Ugandan children entitled 'In Africa it takes a village to raise a child'. Life in Africa as I have seen it does involve the village, the tribe, the clan, the family. Over and over have I seen individuals and families demonstrate this spirit in every part of life…A string of wool alone cannot accomplish it, but weave them together and you have a tapestry of unity and togetherness of a village working together in the spirit of the Swahili word, Harambee." (It takes a village in Africa)

Muwati, Zifikile & Gwekwerere (2011:1) het studies onder die Shona's en Ndebele's in Zimbabwe gedoen. Mondelinge tradisies weerspieël hierdie mense se wêreldbeeld en kulture. In hierdie kulture is moederskap die "centerpiece of African-centered existence" en die middelpunt van die skepping. Vroue is die "axis around which African life, survival and perpetuation revolve". Vroue word gesien as die belangrikste rolspelers in die stryd om oorlewing.

Die Ndebele's se beeld van die rolle van man en vrou is volgens Muwati, Zifikile & Gwekwerere (2011:2) die volgende: "...they originated from reeds, in the form of a man and a woman who appeared simultaneously. This runs in contradiction to the Biblical creation myth where God first created Adam – the man, and then Eve, almost as if she were an afterthought."

Die Dogon's van Mali glo die volgende volgens Muwati, Zifikile & Gwekwerere (2011:2): "God created twin offspring known as Nommo, comprising of both male and female



© University of Pretoria

principles. For the Ashanti people of Ghana, humanity came first in the form of a woman and her children."

Die Zulu's in Suid-afrika glo weer: "...the first human life came in the form of twins, representing the balance of the sexes. Other versions of the story show that God first created a woman carrying a child, thereby making the woman the source and protector of the human community", aldus Muwati, Zifikile & Gwekwerere (2011:2).

Daar is 'n Ndebele spreekwoord wat as volg lui: "A good orphan is one that is licked by its mother." Die spreekwoord dui daarop dat dit beter vir 'n kind is om 'n pa aan die dood af te staan, as 'n ma. "Lick" dui op die sagtheid en omgee van 'n moeder teenoor haar kind. Die spreekwoord benadruk die opofferinge wat moeders vir hulle kinders maak. Nog 'n Shona-spreekwoord lui as volg: "The spirit of the mother is supreme." Die direkte vertaling lui "The big breast is that from the maternal side." Die Shona's glo ook dat die voorvadergeeste van die moeder se kant, haar kinders beskerm. Hulle erken ook die nou band tussen moeders en die spirituele wêreld. Die Shona's erken en respekteer dus die moeder as die middelpunt van die gesinslewe.

### 5.4.2 Moederskap in die Westerse kultuur

In die Westerse kultuur is vroue baie keer "besitlik" op hulle rolle as ma's en laat nie sommer 'n ander persoon toe om te help met die opvoeding van hulle kinders nie. Hulle wil veral nie 'n ander vrou se insprake in hulle kinders se lewens hê nie. Hierdie ma's voel bedreig wanneer hulle kinders 'n hegte verhouding met 'n ander volwassene het. Hulle kinders vind dit dan ook moeilik om goeie verhoudings met stiefma's te hê. Hersaamgestelde gesinne maak deesdae 'n groot deel van Westerse samelewings uit. "They often feel disloyal, guilty, and uncomfortable about having a friendship with their stepmother", volgens (Nielsen 1999:116).



© University of Pretoria

### 5.4.3 Afrikanervroue vertolk verskillende rolle

#### 5.4.3.1 Inleiding

Die Anglo-Boereoorlog is ‘n belangrike gebeurtenis in die vrouegeskiedenis van Suid-Afrika na die Groot Trek van 1835-1838. Afrikaanse vroue het tydens en na die afloop van die Anglo-Boereoorlog verskillende rolle vertolk. Hierdie rolle word op verskillende maniere deur historici en navorsers uitgebeeld. Sommige beeld hierdie vroue op ‘n heroïese en byna romantiese wyse as passiewe pasifiste uit. So word hulle beskryf as hulpelose slagoffers van die ongenaakbare Britse sisteem van oorlogvoering wat hulle lot met ‘n glimlag aanvaar het. Büchner (2007:85) haal vir Landman aan wat vertel dat ‘n Boervrou terwyl haar huis afgebrand het, “Prys die Heer”gesing het.

Ander beskouinge wys weer daarop dat die onblusbare verset van die Boervroue ‘n beslissende faktor in die Anglo-Boereoorlog was. Vroue het daarop aangedring dat hulle mans en seuns vir vryheid en onafhanklikheid moet voortveg. Hulle het ook mans wat “Hensoppers” was, met minagting behandel. Hierdie vroue het ‘n onblusbare patriotisme gehad.

Die Anglo-Boereoorlog het vroue ook aangemoedig om in die openbaar hulle stemme te laat hoor. Vanaf 1900 tot 1901 het vroue massa-protesvergaderings georganiseer. Hierdie vergaderings is deur tussen 500 en 1500 vroue bygewoon. Hulle was ingelig oor die politieke kwessies van die dag en het Afrikanernasionalisme aangehang. Vroue het hulself ook georganiseer om daadwerklik iets aan die gevolge van die oorlog te doen. Die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging (ACVV) is in 1904 gestig as uitvloeisel van die protesvergaderings. So is daar ook later huishoudskole gestig waar arm meisies opgelei is om goeie huisvrouens te word. Emily Hobhouse het ook tydens die oorlog werk onder die vroue- en kinderslagoffers van die oorlog gedoen. Sy het prominensie aan die lyding van die vroue en kinders verleen, volgens Büchner (2007:86).



© University of Pretoria

Büchner (2007:86) haal vir Landman aan wat daarop wys dat vroue wat die Anglo-Boereoorlog beleef het, se eie weergawes anders is as die stories wat oor hulle vertel word. In die dagboeke van onder andere Alie Badenhorst, Henrietta Armstrong en Johanna Brandt word die tragiese verhale vertel van vroue wat moes vlug, stry om fisies en emosioneel te oorleef en wat selfs soms aan gevegte moes deelneem. Hierdie vroue het God ook op 'n baie persoonlike manier beleef.

Afrikanervroue het dus aan die begin van die twintigste eeu verskillende rolle in die samelewing begin vertolk en openbare politieke ruimtes begin opeis. Hulle het daadwerklik iets aan die omstandighede rondom hulle begin doen.

#### 5.4.3.2 Die rol van die "Volksmoeder" ontwikkel

Na die afloop van die Anglo-Boereoorlog het die rol van Afrikanervroue ontwikkel as "Volksmoeder". Die Volksmoeder word beskryf as sag en versorgend, die hoeksteen van die huisgesin, maar ook die innerlike krag van die Afrikanervolk. Afrikanervroue is dus gesien as moeders. Die woord "moeder" is dus sinoniem vir die woord "vrou" gebruik. Die identiteit van moeder is op so 'n manier gebruik dat dit as die natuurlike identiteit van vroue beskou is. Die verhaal van die Afrikanervolk het ook nou die verhaal van die Afrikanervrou geword. Daar is gevoel dat vroue, deur die moeders in hulle huise te wees, ook besig was om so die Afrikanervolk sterk te maak.

Brink (2008:7) beskryf die Volksmoeder as volg: "Sy is beeldskoon, beeldryk, beeldspraak; 'n geïdealiseerde voorbeeld van vrouwees, wat vir meer as 'n eeu Afrikaanse meisies en vroue oproep tot die stryd om hulself in diens van hul familie en hul volk te stel. Met hierdie oproep word die Volksmoeder vir die grootste deel van die twintigste eeu 'n plek van herinnering met emosionele drakrag aan wie etlike geslagte Afrikaanse vroue blootgestel is."

Moeders het nie werklik rolle buite die huis gehad nie. Vroue moes hulle moederskapsrol aanvaar – "haar roeping als moeder in stil vetroue op God…" Moederskap is dus ook verbind aan vroue se spirituele of godsdienstige identiteit.



© University of Pretoria

Volgens Brink (2008:9), maak die formele woordbeeld van die Volksmoeder net na die Rebellie en die afloop van die Eerste Wêreldoorlog sy verskyning. Dit word in die eerste deel van die twintigste eeu 'n belangrike onderdeel van die propaganda-arsenaal van Afrikanernasionalisme. In 1918 publiseer Dr. Willem Postma sy boek "Die boervrouw, moeder van haar volk", geskryf in opdrag van die vroue van die Vrystaatse Helpmekaar Kultuurvereniging. Sy beskrywing sluit aan by die beeldmateriaal: "Vir die Boervrou hoef ons ons nie te skaam nie. Ons het alle rede om haar te eer en te bemin. Geen beter, edeler moeder het ooit in voller en ryker sin 'n volk geteel nie, as die Moeder van die Boervrou. Haar geskiedenis, haar karakter, haar lewe is mooi, rein, eerlik, waardig."

Aan die einde van die Eerste Wêreldoorlog het verstedeliking begin toeneem. Daar was nou 'n bekommernis oor die moraliteit van die jongmense wat hulle in die stede gevestig het. Hierdie boek het gedien as 'n verheerliking van die Afrikanervrou en moes as rolmodel vir die nuwe generasie vroue dien. Vroue is aangemoedig om eienskappe soos geloof, dapperheid, 'n gees van opoffering, huislikheid en voorbeeldigheid te hê, volgens Büchner (2007:94).

Die eerste Afrikaanse vrouetydskrif, "Die Boerevrou" het ook in 1918 die lig gesien. Die trefkrag van hierdie visuele boodskap is versterk deur die leuse van die tydskrif, wat ontleen is uit 'n gedig van Jan F.E. Cilliers: "Ek sien haar win, want haar naam is – Vrou en Moeder". Hierdie tydskrif was die simbool van geïdealiseerde vrouwees en moederskap. Hierdie "Boerevrou" moes die na-oorlogse omstandighede oorwin. In die tydskrif is sake soos gesondheid, huishoudelike aangeleenthede en kindersorg aangespreek.

In hierdie tyd het sommige vroue tog in opstand gekom teen die "Volksmoeder-diskoers". Marie Du Toit het in 1921 die boek "Vrou en feminist of iets oor die Vrouevraagstuk" gepubliseer. In hierdie boek het sy krities gekyk na die rolle en natuurlike leefstyl van vroue. Sy het ook gekyk na die beperkinge wat op vroue geplaas is oor hulle kleredrag, om nie te stem nie, ensovoorts. Nog vroue wat teen die tendense van die dag gekant was, was Hansi Pollak en Erika Theron.



© University of Pretoria

Die tendens van vroue wat buitenshuis begin werk het, het spanning rondom die Volksmoeder diskoers teweeg gebring. Werkende vroue is as 'n sosiale probleem beskou en dit is as onversoenbaar met die ideaal van moederskap gesien. Afrikanermans was oor die algemeen nie ten gunste van stemreg vir vroue nie. Baie mans het gevoel dat vroue nie in die politieke arena tuishoort nie. Nog 'n mening was dat "'n verskil in politieke siening in een huis 'n negatiewe impak op die gesin kan hê". Vrouestemreg sou die grondslag van die gesinslewe ondermyn en vernietig.

Tog was vroue nie so stil en apaties soos wat voorgehou is nie. Na die Eerste Wêreldoorlog het 'n groot Afrikaanse vroue-werkersklas ontstaan en vroue se opvoedingspeil is dus daardeur verhoog. Daar is 'n Nasionale Vroue Party (NVP) gestig en in 1927 het meer as 5000 vroue hulle ten gunste van stemreg vir vroue uitgespreek. Die middelklas NVP-vroue het hulself nie as ondergeskik gesien nie, maar as gelykstaande aan die manlike NP-lid. Vanaf die laat twintigs moedig die NVP-mondstuk, "Die Burgeres", vroue aan om te lees, hulle kennis uit te brei en sodoende ingeligte menings oor politieke kwessies te lug.

Voorstanders van stemreg vir vroue het 'n wyer betekenis aan die konsep van die "Volksmoeder"gegee. Hiervolgens is die gesin gesien as 'n integrale deel van die staat en vroue. Politieke kwessies was dus ook gesinskwessies. Stemreg sou die Afrikanervrou in staat stel om dit tot voordeel van haar gesin aan te wend. In 1930 bereik die NVP sy hoogtepunt, maar na die verkryging van vrouestemreg in 1931, word die Volksmoeders voor 'n onbenydenswaardige keuse geplaas. Daar is vir hulle gesê dat die ware nasionale doelwitte nie bloot die verkryging van politieke mag was nie, maar die bereiking van 'n groter ideaal, naamlik die skep van 'n nasie. Die manne van NP het die vroue van die NVP gevra om in 'n gees van opoffering te amalgameer en saam te werk aan die groter volksideaal waarin vrouesake opgeneem sou word. Die NVP is ontbind en die Volksmoeders het "huiswaarts gekeer om die volk, gesin vir gesin te red", aldus Brink (2008:11).

Vroue-organisasies is gestig. Vroue het deur welsynswerk hulself buite hulle huise uitgeleef. So 'n organisasie was die Suid-Afrikaanse Vroue Federasie wat in 1905



© University of Pretoria

gestig is. Op die platteland het landbou-organisasies vir vroue geleenthede gebied om hulle self uit te leef. Op kerklike terein het vroue ook reeds vroeg sendingwerk gedoen.

Die Volksmoederbeeld het ook werkersklasvroue bygestaan, wat baie swaar geleef het in die stad gedurende die twintigerjare, die Groot Depressie van die dertigerjare en die Tweede Wêreldoorlog. Met die grootskaalse migrasie vanaf die Vrystaatse en Transvaalse platteland na die Witwatersrand het duisende verarmde Afrikaanse gesinne hulle onder haglike omstandighede in stedelike armbuurtes bevind. Jong werkersklasvroue het maklik werk gevind in die ontwikkelende klerebedryf, die tabakindustrie en in ander fabrieke.

In 1938 tydens die Simboliese Ossewatrek neem die Volksmoeder 'n verdere driedimensionele gestalte aan. Dwarsdeur die land het vroue, getooi in outentieke Voorterkkerrokke en kappies die simboliese trek van dorp tot dorp meegemaak. In hulle eie Kappiekommando deel die jong werkende Afrikaanse vroue van die Klerewerkersunie aan die emosiebelaaide vieringe. Hulle het hulle eie stryd om oorlewing in die stad vergelyk met die swaarkry van die vroue op die trekpad.

Die "Volksmoeder" het goed ingepas in die patriargale samelewing van die Afrikaner, volgens Büchner (2007:104). Die volksmoeder moes sorg dat alles by die huis reg verloop, sodat die man sy werk goed kon doen. Die beeld van die Afrikanervrou as volksmoeder was vir 'n baie lang tyd deurslaggewend. In 'n gedenkbundel wat uitgegee is by die ingebruikneming van die gerestoureerde Bloedrivierterrein in 1971, word die vrou van die Groot Trek weer in terme van "Vrou en Moeder"beskryf.

Groenewald, aangehaal deur Büchner (2007:125) skryf: "Die taak van die Christenvrou is toegespits op die vorming van haar kind….omdat sy nie langer die teuels kan saamvat en styfhou nie, gee menige moeder haar gesag en haar verantwoordelikheid prys. In 'n Christenvolk kan so 'n verlies nie geduld of bekostig word nie…

#### 5.4.3.3 Van Volksmoeder tot huisvrou

Die gewapende stryd en binnelandse onrus het ook 'n invloed op vroue gehad. Vroue is die "stil soldate" genoem. Die ekonomiese welvaart onder die Afrikaners het daartoe



© University of Pretoria

bygedra om die "Volksmoeder diskoers" in stand te hou. Groter materiële voorspoed weens die beskermende wetgewing van die apartheidsjare het dit moontlik gemaak dat minder getroude vroue moes werk. Baie vroue kon dit bekostig om tuis te bly. Die volksmoeder is nou die "huisvrou" genoem. Die vrou se invloedsfeer was steeds net beperk tot haar huis en haar grootste taak was dat sy haar man moes ondersteun en haar gesin versorg.

In die tagtigerjare is daar meer krities begin kyk na die rol en plek van die huisvrou in die samelewing. Die jaar 1984 is verklaar tot die "Jaar van die Huisvrou", om 'n groter bewuswording van die gebrek aan erkenning en status van huisvroue te kweek. In die tagtigerjare het verskillende faktore begin meewerk om die rol van die vrou in die samelewing te verander. Dit het nou vir vroue meer aanvaarbaar begin word om 'n beroep te beoefen vanweë die ekonomiese klimaat, vroue se verhoogde akademiese kwalifikasies en die algemene invloed van feminisme.

In die negentigerjare het vroue steeds 'n soeke gehad na hulle unieke rol en identiteit. Die patriargale samelewing het egter steeds 'n houvas op vroue in die algemeen gehad. Wetgewing het steeds sterk teen vroue gediskrimineer. Teen 2007 is vroue in die beroepswêreld algemeen aanvaar, maar die vraag is nog steeds in die media gevra of vroue regtig goeie ma's kan wees en steeds 'n suksesvolle loopbaan kan hê, volgens Büchner (2007: 273).

Vrouedag is die eerste keer op 9 Augustus 1995 gevier. Die datum herdenk die vroue-optog van 1956 toe vroue teen die paswette betoog het. Op 24 Julie 1996 is daar ook 'n Nasionale Kommissie vir Geslagsgelykheid in die lewe geroep. Daar word dus gevorder op die pad na gelyke regte vir vroue in Suid-Afrika. Tog vind daar op baie gebiede nog steeds diskriminasie teen vroue plaas.

Deesdae lok die gedagte aan 'n eng Afrikaanse Volksmoeder as herinneringsplek teenstrydige reaksies uit. Sommige meen dat die Volksmoeder nie bloot as simbool van verkramptheid en ondergeskiktheid gesien moet word nie. Volgens hulle beskik sy oor navolgingswaardige eienskappe, naamlik onafhanklike denke, entrepreneurskap, oorlewingsvaardighede en 'n geskiedenis van selfhelp en opheffingswerk. Ander is van



© University of Pretoria

mening dat vroue 'n groter vermoë tot betrokkenheid het, om mense se behoeftes aan te voel en regtig te weet wat mense nodig het.

## 5.5 Stiefmoeders

### 5.5.1 Inleiding

Deesdae is hersaamgestelde gesinne meer die reël as die uitsondering in ons samelewing. In baie gesinne is daar 'n stiefouer teenwoordig. Meer mans as vroue trou vir 'n tweede of derde keer. Dit beteken dat daar in baie gesinne stiefma's teenwoordig is. 'n Stiefma is dus 'n vrou wat die "nuwe ma" van haar man se kinders is. Baie navorsing is al gedoen oor die kinders in hersaamgestelde gesinne se emosionele welstand, maar relatief min navorsing is gedoen oor die belewenisse van die ouers in hersaamgestelde gesinne.

Volgens Howe (2012:427) is die woord "stief" afgelei van die ou Engelse woord "steop" wat "bereaved" of "orphaned" beteken. "Stepparents tend to be viewed by their families and communities as outsiders with illdefined and less legally legitimate parenting responsibilities. As a result of the complexity of stepparenting relationships, stepparents have been found to struggle in establishing positive stepparent-stepchild relationships", volgens Shapiro & Stewart (2011:534).

Stiefma's is onderworpe aan baie negatiewe persepsies en stereotiperinge. Die uitdagings waarmee stiefma's gekonfronteer word, is onder andere moeilike verhoudings met die kinders se biologiese ma's, min ondersteuning van hulle lewensmaats en weerstand van hulle stiefkinders. Hierdie uitdagings word groot stressors wat stiefma's vatbaar maak vir depressie. Dit kan lei tot persoonlike en interpersoonlike probleme.



© University of Pretoria

### 5.5.2 Die rolle van 'n stiefma

Die rol van 'n stiefma behels unieke spanning, teenstellings en uitdagings. Die spanning wat daar baie keer in die stiefma-rol teenwoordig is, is die dominante "stiefma-storie". Die kerngesin blyk nog steeds die gesin van voorkeur in die samelewing te wees, alhoewel die meeste gesinne tog hersaamgestelde gesinne is. Biologiese moederskap verteenwoordig nog steeds die "heilige vorm" van moederskap en het status, terwyl 'n stiefma as ondergeskik beskou word. Alhoewel 'n stiefma al die funksies van 'n biologiese ma vervul en vertolk, voel sy en word sy nog steeds as ondergeskik aan die biologiese ma gesien.

Kerr (2010:24), haal vir Wednesday Martin aan. In die boek "Stepmonster: a new look at why real stepmothers think, feel, and act the way we do", begin sy die boek met die volgende woorde wat haar lewe opsom: "My marriage was meant to be. It was also doomed to fail. You see, I chose a man with children." Volgens haar is meer as die helfte van vrouens in Amerika in huwelike waar daar reeds kinders uit vorige huwelike teenwoordig is. Volgens haar loop baie van hierdie huwelike op egskeidings uit – die rede "the greatest predictor of divorce is the presence of children from a previous marriage".

Volgens Kerr (2010:24) is van die grootste struikelblokke vir stiefma's die gemeenskap se verwagtinge van stiefma's: "part of the difficulty in being heard as a stepmother is people's inclination to imagine that women should be always and instantly maternal."

Sy sê dat stiefma's moeilik kan wegkom van die "evil stepmother" mite wat bestaan. "After we marry a man with children, we cannot fail to notice that we are suddenly less likely to be given the benefit of the doubt, to be presumed innocent, kind, loving, and maternal."

Die rol van die stiefma is beslis een van die moeilikste rolle waarin 'n vrou haarself kan bevind. "Given our culture's high expectations of motherhood, the woman who is brought in, to replace a "lost" mother enters a situation fraught with high expectations that even a saint could not meet", volgens McGoldrick (2011:53).



© University of Pretoria

Dit is ook nie altyd maklik vir die stiefma om die riglyne te volg dat sy eerder die dissipline in die hande van die kinders se biologiese pa moet los nie, omdat hy baie keer lang werksure het en nie altyd beskikbaar vir die kinders is nie. Baie keer is sy die enigste een wat beskikbaar is om die gesag uit te oefen.

Baie films en televisie-programme handel oor hersaamgestelde gesinne. In baie gevalle is die onenigheid tussen stiefouers en kinders die tema van die storie.

“Stepmom” is ‘n Amerikaanse film deur Chris Columbus. Julia Roberts is in die hoofrol as die stiefma en Susan Sarandon as die biologiese moeder van die kinders, Anna en Ben. Die film het ‘n interessante storielyn, wanneer die biologiese ma van die kinders met kanker gediagnoseer word. Die film eindig met die stiefma en biologiese ma wat vrede met mekaar maak en die beste vir hulle kinders wil hê.

Nadat ek ‘n “Google-soektog” op die internet gedoen het, was ek verbaas oor die groot hoeveelheid “blogs” en webblaaie wat daar op die internet oor stiefma’s bestaan. Dit blyk dat stiefma’s baie ondersteuning nodig het en dit in die sosiale media vind. Ek het op ‘n aanlyntydskrif met die titel “Stepmom Magazine” afgekom. Die tydskrif ondersteun stiefma’s en help hulle met relevante artikels en raad. Daar is ook die getuienisse van stiefma’s wat weer ander stiefma’s help om te sien dat ander ook dieselfde ervarings het.

Ek het ook etlike “blogs” van stiefma’s gevind, met titels so veelseggend soos: “A stepmom’s playground”, “Confessions of a wicked stepmother”, “Dad’s second whatever”, “Stepalicious”, “Serendipity Smiles”, “The not-so-wicked stepmom” en “Stepmonster”. ‘n Hele aantal aanlyn gespreksgroepe is op die internet beskikbaar. Hier is ‘n paar: “secondwifescafe.com”, “stepchick.ning.com”, “stepsforstepmothers.com”.

Ek het die volgende aanhalings wat deur stiefma’s self geskryf is op die internet (http://www.searchquotes.com) bekom, wat werklik die diep emosies van stiefma wees weergee:



© University of Pretoria

"Stepparenting is like working at a late-night convenience store…all of the responsibility and none of the authority."

"The role of the stepmother is the most difficult of all, because you can't ever just be. You're constantly being tested, by the children, the neighbors, your husband, the relatives, old friends who knew the children's parents in their first marriage, and by yourself."

"For better or worse, stepparenting is self-conscious parenting. You damned if you do, and damned if you don't."

### 5.5.3 Mites wat daar oor stiefma's bestaan

#### 5.5.3.1 Betekenis van "mite"

Volgens Dainton (1993:93) bevat mites dikwels valse en negatiewe inligting. Navorsers verwys na mites as "a recurring theme or character type that incorporates information about cultural standards". Mites is dus kultuurgebonde en word geglo ongeag of dit waar is of nie.

Mites bestaan uit twee komponente, naamlik eksternalisasie en internalisasie. Eksternalisasie, volgens Bruner aangehaal deur Dainton (1993:93) is "a corpus of images and identities". Hierdie eksternalisasie verduidelik hoe die wêreld werk aan die hand van 'n spesifieke kultuurgroep se siening. Internalisasie vind plaas wanneer 'n individu hierdie mite sy of haar eie maak en sy of haar identiteit volgens hierdie mite vorm. "A myth can only exist to the extent that cultural members internalize personal identities based upon the externalized corpus of ideas propagated by the myth", volgens (Dainton 1993:93).

#### 5.5.3.2 Mite 1: Die wrede stiefma



© University of Pretoria

Die eerste mite van stiefma's wat bestaan is dat stiefma's wreed is. Die mite van die wrede stiefma word veral gedryf deur sprokies, wat in hoofstuk drie breedvoerig ondersoek word. "Fairy tales suggest that stepmothers are the equivalent of wild animals and supernatural beings – entities that children have very little chance of facing in real life…", volgens Dainton (1993:93). Verder voer Dainton (1993:93) aan dat sprokies hierdie mite versterk, want: "Fairies do not exist, and witches do not exist, but stepmothers do exist…"

Volgens Shapiro & Stewart (2011:535) "…stepmothers have to balance norms and expectations about motherhood alongside possible assumptions that they are selfish, financially motivated, unnatural, and even mean, all while their stepchildren, other family members, and society as a whole evaluate their adequacy as mothers".

Volgens Jones (2004:129): "...the story of the pernicious stepmother doing harm to her good and helpless stepchildren is so powerful, that it has survived at least ten centuries and transcends country and culture. Like all good narratives, the stepmother story is a compelling one. It offers a vivid antagonist, a simple but gripping plot, and a moral lesson."

Hierdie mite het 'n negatiewe uitwerking op stiefma's se identiteit en die soeke na hulle identiteit. Die konsekwensie daarvan om deel te wees van 'n groep persone wat gestereotipeer word, is die tendens om te probeer oorkompenseer om nie gemerk of veroordeel te word nie.

'n Stiefma neem in baie gevalle meer huishoudelike en ouerlike pligte en verantwoordelikhede op haar as wat nodig is, om te probeer bewys dat sy nie 'n slegte persoon is nie. Baie stiefma's onderdruk hulle negatiewe gevoelens en deel nooit sommer haar persoonlike gevoelens met ander nie, sodat sy nie krities en negatief voorkom nie. Die gevoel om altyd onder 'n "sosiale vergrootglas" te leef, deur altyd vergelyk te word met die biologiese ma van kinders veroorsaak spanning by die stiefma.

Die verhouding wat 'n stiefma met haar stiefkinders het, kan baie keer ook gespanne wees, omdat die kinders al klaar negatiewe persepsies oor 'n stiefma het, al het hulle haar nog nie eers as ma beleef nie.



© University of Pretoria

#### 5.5.3.3 Mite 2: 'n Stiefma moet "kitsliefde" vir haar nuwe kinders hê

Die tweede mite is dat 'n stiefma kitsliefde of "instant love" moet toepas op haar kinders: "A stepmother is expected to immediately assimilate into a family and to love the children as if they were here own", volgens Dainton (1993:93). Hierdie mite is kultuurgebonde en word deur sekere kultuurgroepe instand gehou. Die samelewing verwag dus van 'n stiefma om dadelik die ma-rol in te neem in haar nuwe gesin. "Stepmothers should automatically love their stepchildren, and that stepchildren will automatically love their stepmother. Mothering is assumed to come naturally and easily", Dainton (1993:94).

Cohn (2005), beskryf die belewenisse van stiefma's as volg: "Often when women become stepmothers, they believe they should behave like Julie Andrews in the movie 'The sound of music'. They expect instantly to be perfect caregivers and homemakers. Many assume that if they cook and care for stepchildren daily, they'll soon be happily riding bikes with their stepchildren, singing and acting like one big happy family. These high expectations, which reflect society's view of women as natural caretakers, lead many stepmothers to try to do too much. Yet, if a stepmother assumes a traditional parenting role with her stepchildren and tries to impose new rules, her good intentions may backfire. The children may reject her attempts to create a nice home for them, her husband's ex-wife may resent her, and her new husband may feel caught between her and the children. In addition, she will probably feel unappreciated and resentful."

Tog is die teenoorgestelde gewoonlik waar. Hierdie mite en verwagting wat die samelewing van 'n stiefma het, plaas baie emosionele druk op die stiefma. Sy voel ontoereikend en skuldig as sy nie dadelik lief vir hierdie kinders is en dadelik die ma-rol kan inneem in haar nuwe gesin nie. Stiefkinders is ook baie keer bang en onseker in die nuwe gesin en projekteer hierdie gevoelens gewoonlik op die stiefma. Stiefma's kan dus konstrasterende emosies ervaar in haar nuwe rol.



© University of Pretoria

### 5.5.4 Die emosies wat 'n stiefma ervaar

Om 'n stiefma te wees, is om baie verskillende emosies te ervaar. Skuldgevoelens kom baie algemeen voor. Skuldgevoelens word ervaar rondom gevoelens wat teenoor stiefkinders ervaar word. Baie keer word gevoelens van onsekerheid ervaar. Hierdie skuldgevoelens het ek ook by die mede-navorsers teegekom:

*Die minder goeie deel lê in die onsekerheid van die rol/plek wat ek moet inneem en die knaende behoefte om aanvaar te word –* ***Lientjie***

*Sommige dae voel ek ek moes meer gedoen het vir die kinders. Maar hoe kan jy liefde uitdeel as iemand dit nie wil hê nie? En dan is daar die belofte ding – daai een wat alle voornemende stiefma's op die troue aframmel – "Ek sal jou lief hê soos my eie"… Dit ry jou, want hulle maak dit vir jou so moeilik om hulle lief te hê -* ***Sandra***

Stiefma's voel baie keer dat hulle verwerp word en geïsoleer word in hulle nuwe gesinne:

*Die verwerping wat jy op 'n daaglikse basis ervaar breek jou selfbeeld soooo af dat jy naderhand glo niemand hou van jou nie. By die werk is ek baie suksesvol. EK is hoog aangeskrewe, mense praat van my. Die laaste jaar voel ek eweskielik niemand hou van my nie. Dit voel vir my hulle praat agter my rug en ek ervaar sommer verwerping van hulle kant af ook. Ek moet myself heeltyd aanspreek – vir myself sê dit is nie so nie.*

*Die hele verwerping ding het my ook verander van 'n baie opgewekte positiewe mens. Ek voel die laaste 10 jaar van stiefma wees het my 'n negatiewe siniese mens gemaak. IPV dat ek saam met mense wil uitgaan/met mense gesels, wil ek nou net alleen wees -* ***Sandra***

Stiefma's vind dit moeilik om hulle rolle in die gesin uit te klaar en dit lei tot onsekerheid. Die tradisionele moederskaprol werk nie altyd vir 'n stiefma nie.



© University of Pretoria

Weaver & Coleman (2005:477) beskryf dit so: "A mothering kind of role but not a mother…it's hard to explain…sometimes you weren't quite sure where you were with it." Dit is een van die prominente diskoerse wat ek in die navorsing gevind het.

*Vir my was ek nou die ma in die huis. Dit was vir my baie natuurlik om te sorg dat hulle klere het, gesonde kos kry, by die skool kom, huiswerk doen ens. Natuurlik het dit ook baie natuurlik gekom dat ek hulle wou opvoed en tugtig. En dis deel van wat vir my so sleg is van stiefma wees. Jy is goed genoeg as hulle iets soek. Hulle moet by die skool kom en jy moet goed vir skool gaan koop – dan is jy so goed, maar die dag as jy 'n sê wil hê in terme van hulle lewens en opvoeding dan moet jy in die hoek sit en jou mond hou -* ***Sandra***

Verdere gevoelens sluit in magteloosheid, blootgestel, aggressie, gevoelens dat hulle uitgelos word en nie raakgesien word nie, of geïgnoreer word, deur hulle stiefkinders. Depressiewe, hartseer gevoelens oor wat sy mis om nie net in 'n gewone gesin te kan wees nie. Frustrasie word ervaar, omdat die stiefma nie met haar gesin kan bereik wat sy graag sou wou nie. Jaloesie word ook ervaar, omdat sy nie betrek word by besluite nie.

Stiefma's voel skuldig omdat hulle nie aan verwagtinge kan voldoen nie. Dit sluit verwagtinge in soos dat sy 'n ma vir haar stiefkinders moet wees. Ook verwagtinge dat sy moet opmaak of vergoed vir die verliese wat haar stiefkinders al in die verlede ervaar het. Sy kan ook nie haar stiefkinders teen seerkry beskerm nie. Stiefma's voel ook soms dat daar verwagtinge is dat sy beter moet vaar as die kinders se biologiese ma's.

Kerr (2010:24) vertel dat daar in die 1980's twee dokters in Kanada was, wat vroue ondersoek het wat almal naastenby dieselfde simptome gehad het. Hulle was almal stiefma's gewees. "Their depression profiles included preoccupation with position in the family, feelings of anxiety, rejection, ineffectiveness, guilt, hostility, exhaustion and loss of self-esteem." Die dokters het dit "Cinderella's Stepmother Syndrome" genoem. Hierdie vroue het aan uitbranding gelei, omdat hulle probeer het om hulle huwelike instand te hou en ma's vir hulle stiefkinders probeer wees het. Hulle het probeer om die "wicked stepmother" stereotipering te oorkom.



© University of Pretoria

## 5.6 Teologiese perspektiewe op moederskap

### 5.6.1 'n Teologie van kwesbaarheid

Grenholm (2005:xiii) het 'n verligte teologiese siening oor moederskap. Vir haar gaan moederskap oor die verhouding tussen 'n ma en 'n kind. Die verhouding word gekenmerk deur wedersydse liefde. Alhoewel 'n verhouding tussen 'n ma en 'n kind dus in dieselfde kategorie val as die verhouding tussen man en vrou, is 'n ouer altyd in 'n magsverhouding tot die kind. Grenholm (2005:xiii) sou graag wou sien dat daardie magsposisie verklein moet word en dat dit oor kwesbare liefde moet gaan. "…if we make motherhood our point of reference in a theological reflection on love, our unavoidable vulnerability will appear in a new light." Grenholm voer dus aan dat moederskap 'n groot stuk kwesbaarheid insluit. Weerloosheid beteken egter nie dat moeders onderdruk moet word nie. "I assume that both motherhood and vulnerability are part of our life conditions. These inevitabilities of life have often been approached in a way that has resulted in the oppression of women." Grenholm (2005:172) haal vir Coakley aan wat die volgende sê: "But no human, is beyond the reach of either self-deception or manipulation by others…These problems and dangers can only be confronted, however, by the making of fine, but important, distinctions: between this 'right' vulnerability and mere invitation to abuse…"

Weerloosheid is deel van ons lewens. Om in verhoudings te staan, maak ons weerloos. "This is true for couple relationships, mother-child relationships, and the relationships between God and human beings", Grenholm (2005:162).

Weerloosheid is afhanklik van liefde. Liefde maak weerloosheid moontlik. Omdat God nie volkome kontrole oor ons as mense het nie, maak dit God ook dus weerloos. "God's love makes God vulnerable. God's love is thus similar to motherhood in that it is particularly heteronomous as well as mutual." (Grenholm 2005:178) God het dus mense ook nodig. God is ook afhanklik van ons aardse besluite. As ons ons eie weerloosheid erken en daarmee vrede maak, kan ons daaruit verander en groei. "In a relationship



© University of Pretoria

characterized by trust and faithfulness, we can embrace our own vulnerability and heal our wounds", (Grenholm 2005:180).

"Heteronomy is part of life; thereby, vulnerability is also part of life. Heteronomy is part of the relationship between God and human beings, the couple relationship, and the relationship between mother and child…That is why love is always a necessity. ...Vulnerability is an aspect of heteronomy. …There is a close connection between vulnerability on the one hand, and exposure, abandonment, and loneliness on the other. Vulnerability can become a threatening empty space", (Grenholm 2005:182).

"Love is a power that resides in heteronomy, the open space over which we have no control. Our experiences of love relationships are characterized by the fact that vulnerability is laid bare, but not exploited. We are born vulnerable. Life trusts in the possibility of love. Love is a necessity for vulnerable human beings. Love is a possibility for those who approach life gently", (Grenholm 2005:188).

Volgens Grenholm (2005:xvii) is moederskap verweef met die kern van teologie. "Motherhood and love are intimately connected in the Biblical world. Motherhood is connected both to specific transgression and to specific salvation. We women is the first sinner. She attracts and seduces. Motherhood is both dirty and highly valued. Motherhood offers a unique path away from sin. Thus, motherhood occupies the very core of theology."

In sy artikel "Towards a theology of the body. A spirituality of imperfection", skryf Pieter van Niekerk (n.d.) oor die teologie en spiritualiteit van weerloosheid en imperfeksie. Hierdie teologie het my aangegryp en dit verwoord my belewenisse van God, veral in my rol as stiefma. Dit verwoord ook vir my stiefma's se rolle in hulle gesinne, asook in die samelewing. "…A fragile faith, human weakness and a disabled body, make a theology of vulnerability and finitude relevant…My reformed theology focuses on the empowerment of the poor and the marginalized, and on compassionate justice…" Van Niekerk voer aan dat Henri Nouwen se teologie van swakheid and magteloosheid sy eie teologie verwoord.



© University of Pretoria

Van Niekerk haal vir Rabbi Lionel Blue aan, wat die volgende sê: "My mind could lie, but the tensions in my body did not lie. My soul could play tricks; the instinctive responses of my body did not. In the geography of my flesh was the plan of my past and the hope for my future."

God is aan die werk in ons stukkende en onvolmaakte wêreld. "Jesus is God-with-us. The great mystery of God becoming human is God's desire to be loved by us. By becoming a vulnerable child, completely dependent on human care, God wants us to take away all distance between the human and the divine…"

Van Niekerk haal vir Nouwen (2007) aan, wat sê: "We usually talk about God as the all-powerful, almighty God on whom we depend completely. But God wanted to become the all-powerless, all-vulnerable God who completely depends on us. How can we be afraid of a God who wants to be "God-with-us" and needs us to become "Us-with-God"? Volgens Nouwen (2005): "…the path of power is really about a theology of weakness. We want to look with God's eyes at our experience of brokenness, limitedness, woundedness, and frailty.".

Van Niekerk haal vir Niebuhr aan, wat sê: "Faith comes as a gift of accepting ourselves as 'a person with limits' – not grudgingly, not spitefully, but gratefully."

### 5.6.2 Die teologie van Afrika-vroue

Rakoczy (2004:19) vertel dat Mercy Amba Oduyoye in 1988 tydens 'n publieke lesing gevra is waar die geskrewe dokumente as bewyse is dat die vroue van Afrika teologie beoefen, waarop sy geantwoord het: "…First African women do theologies with their bodies: fetching water over long distances, chopping wood for fire to prepare food for the families, working in the fields – and in the homes of the middle-class and upper class. These actions of care and concern are the first theological voices of African women."

Hierdie aanhaling raak die hart van teologie in 'n spesifieke konteks aan. Deur ons alledaagse handelinge en lewe is ons besig om teologie te beoefen. Rakoczy



© University of Pretoria

(2004:390) beklemtoon Oduyoye se siening dat die hart van Afrika-vroue se teologie in hulle gasvryheid lê: "…a hospitality that should be abundant, free and all inclusive."

### 5.6.3 Moeders as metafore in die Bybel

J. Claassens (2009:15) wys op die beelde van moeders in die Bybel wat metafories gebruik word. Hierdie vroulike metafore het dikwels te make met tipies vroulike handelinge, soos geboorte skenk en borsvoeding. Moeders se besondere ervaringswêreld, wat iets van hulle vreugdes en hartseer uitdruk, word gebruik om op nuwe maniere van God te praat. So dra vroulike metafore by tot 'n meer volledige besef van die geheimenisse van God.

J. Claassens (2009:32) haal vir Trible aan, wat op die verband wys in Hebreeus tussen die werkwoord "om barmhartigheid te betoon" (rehem) en "baarmoeder" (raham) – die plek waar die fetus gevoed en veilig gehou word. So word die baarmoeder 'n kragtige simbool vir 'n ma se liefde.

In Jeremia 31:15 lees ons hoe Ragel ontroosbaar huil oor haar kinders wat nie meer daar is nie. Saam met Ragel sien God die pyn raak van haar kinders, wat ook God se kinders is. Vanuit die diepte van 'n ma se liefde reageer God op haar kinders se pyn. Ons sien hoe God diep emosie toon en deur Israel se lyding geroer word.

In Jesaja 66 word die beeld gebruik van Sion as die ma wat haar kinders versorg. Die beeld verskuif na God as die Moeder wat haar kinders wil laat veilig voel. God se moederliefde word so beklemtoon.

Die beeld van moedersmelk word gebruik om God se sorg vir ons te illustreer. In die "Onse Vader-gebed", bid ons tot 'n God wat ons so lief het soos 'n moeder. As ons ons afhanklikheid bely met die bede: "Gee ons vandag ons daaglikse brood", kan ons daaraan dink dat God ons Moeder is wat voorsien en ons elke dag getrou voed, eers met moedersmelk en dan later met daaglikse brood.



© University of Pretoria

J. Claassens (2009:69) wys ook op die verband wat daar getrek kan word tussen moedersmelk en die manna wat die Here in die woestyn aan die Israeliete voorsien het. Sy wys op die verband tussen die woord vir "koeke" (leshad) in Numeri 11:8 en die woord vir "bors" (shad). So word 'n baba wat moedersmelk drink 'n metafoor vir God se voorsiening vir Israel in die woestyn.

### 5.6.4 Vroue as bemiddelaars van vryheid

J. Claassens (2009:61) wys in Eksodus 1-4 'n versameling verhale wat vertel hoe vroue van uiteenlopende ouderdomme, rasse, klasse en kulture die grense tussen hulle oorbrug het om geweld teen te staan. Ons lees van die moed van twee vroedvroue, Sifra en Pua, wat die farao se planne en opdrag om alle seuntjies dood te maak, verontagsaam het. Op hierdie manier verrig die twee vroue 'n ongelooflike bevrydingsdaad en word hulle instrumente in die uitvoering van God se bevryding van Israel. Ook Moses se ma, weier om die farao te gehoorsaam. Sy steek haar seuntjie weg in die rivier. Die Egiptiese prinses wat besig is met haar daaglikse bad in die rivier, hoor 'n baba huil. Sy haal Moses uit die water en so verontagsaam sy ook haar pa se opdragte. Sy is 'n vrou wat oor etniese en klasgrense heen, 'n weerlose kind beskerm en so deelneem aan die bevryding van hulle wat deur die misbruik van mag verdruk word. Ook Mirjam, Moses se sussie, wat haar boetie nooit uit die oog gelaat het nie, word deel van die bevrydingsproses, wanneer sy vir die prinses haar ma se dienste as vroedvrou aanbied. Hierdie vroue het dus onwetend saam gewerk. Hulle verhale toon aan dat God deur mense wat nie mag het nie werk om hulpeloses te red. Hierdie vroue se dade het God se verlossingswerk vooraf gegaan. Hulle het God se werk vir Hom gedoen. God gebruik dus gewone mense om sy bevryding te bewerkstellig.

### 5.6.5 'n Fokus op die "anderse" vroue in Jesus se geslagsregister



© University of Pretoria

L.J.M. Claassens (2009:314) voer aan dat vroue in die Bybelse tyd ook in armoede moes leef en probeer oorleef het om moeders vir hulle kinders te wees. Sy skets die lewens van vier vroue wat in Jesus se lewenslyn genoem word in Matt 1:3, 5, 6, 16: "Juda was die vader van Peres en Serag by Tamar...Salmon was die vader van Boas by Ragab, Boas van Obed by Rut...Dawid was die vader van Salomo by die vrou van Urija..Jakob was die vader van Josef, die man van Maria uit wie gebore is Jesus wat Christus genoem word." Hieruit blyk dit dat die Bybel totaal anders lyk as wat ons dit sou wou hê. Ons sien in Jesus se geslagsregister nie net die name van vooraanstaandes nie, maar ook die name van minder voorbeeldiges.

Ons sien die name van Tamar, Ragab, Rut, Batseba en Maria, Jesus se aardse ma wat 'n meisie was wat buite-egtelik swanger geword het. Hierdie vroue is eintlik "onwaarskynlike kanditate" vir die geslagsregister waaruit Jesus gebore sou word. Elkeen van hierdie vroue se lewens was kontroversieël en hulle het 'n lae status in die samelewing gehad. Hulle was van die randfigure in die samelewing. L.J.M. Claassens (2009:314) beskryf dit as volg: "None of these women fit into your typical categories. Some are from very dubious backgrounds, almost all of them are foreigners, and every single one of them is involved in some kind of irregular union with men."

Die stories van elkeen van hierdie vroue bevestig God se liefde vir die gemarginaliseerdes, die onderdruktes, die wat swaarkry en die magteloses. Tog ag God hulle belangrik genoeg, sodat Jesus deur hulle gebore word. "These four women who incidentally appear together as a group in the Genealogy of Jesus in Mathew 1 have a common denominator beyond being included as foremothers to the Messiah by the Gospel writer. From their respective stories in the Old Testament, it is evident that all four these women are not only characterized as having a low social status in society."

#### 5.6.5.1 Rut



© University of Pretoria

Rut se verhaal word vertel in die boek Rut in die Ou Testament. Rut beteken "verkwikking". Sy het nie 'n maklike lewe gehad nie, maar het uiteindelik almal rondom haar gelukkiger gemaak, volgens die Leefstyl Bybel vir vroue (2003:285).

Sy was nie self 'n Hebreër nie, maar getroud met 'n Hebreër wat gedurende 'n groot hongersnood in haar land, Moab, kom kos soek het en daar gebly het. Boas word 'n instrument in God se hande om te voorsien vir 'n arm weduwee en haar skoonma. Na sy dood het Rut saam met haar skoonma, Naomi, na Bethlehem in Juda teruggegaan en die Hebreërs (Israel) se God aangeneem. Met die geboorte van haar seun, Obed, word sy een van Jesus se voormoeders. Obed was die voorvader van Dawid.

Rut moes oorleef in 'n wêreld waar daar min wette was wat vroue beskerm het. Sy was arm, honger en boonop 'n vreemdeling. Deur haar toedoen het koning Dawid dus Moabitiese voorsate gehad, terwyl Moab eintlik Israel se vyand was. Deur Rut "die vreemdeling" se lojale optrede, word Dawid se Moabitiese afkoms verskoon en so ook sy seun Salomo se "vreemde" buitelandse vroue.

"Ruth's story becomes a concrete illustration of how God feeds the hungry, the widow, and the stranger", volgens L.J.M. Claassens (2009:315).

#### 5.6.5.2 Tamar

Die Leefstyl Bybel vir vroue (2003:46) stel Tamar voor as 'n vindingryke weduwee. Na haar man se dood was sy vasberade dat haar nageslag, die stam Juda, nie sou doodloop nie. Haar vindingrykheid verseker dan ook vir Juda 'n beduidende plek in Israel se geskiedenis.

Om destyds te kon oorleef, moes 'n vrou 'n man of grond en kinders hê, anders het sy geen inkomste of versorging vir haar oudag gehad nie. Om weduwees te beskerm, moes 'n gestorwe man se broer dus by die weduwee 'n seun verwek. Die oorlewende broer moes dan die nuwe seun ook laat erf. Tamar se swaer, Onan, het seksueel met haar verkeer, maar verseker dat daar geen erfgenaam sou wees nie. Toe was Tamar aangewese op Er (haar oorlede man) se jongste broer, Sela. Haar skoonpa, Juda, was



© University of Pretoria

egter onwillig en het gesloer met die huwelik, wat vir Tamar 'n seun kon voorsien om haar op haar oudag te versorg. Sonder 'n man, nakomeling of grond, was Tamar desperaat. Sy sorg toe dat haar skoonpa self by haar slaap en 'n kind by haar verwek. Toe haar swangerskap bekend geword het, wou Juda haar laat verbrand het. Tamar kom toe met bewyse vorendag en Juda is gedwing om skuld te erken.

"Tamar's actions is shocking indeed, breaking the strongest taboos of her society (and ours)...however, when one think of Tamar as a poor, widowed women who is denied her right to survival, one may consider how for many women in extreme situations, it is indeed a case of desperate times call for desperate measures", volgens (Claassens, L.J.M., 2009:316).

Die vreemde en wonderlike is dat die Bybel na Tamar verwys sonder enige veroordeling. Sy het 'n geseënde nageslag gehad. Peres, haar seun by Juda, word genoem as voorvader van koning Dawid en van Josef. "It is interesting that Tamar who is mistaken as a prostitute, serves as the revealer – the one who in the end is responsible for Judah to see what is right, to act in justice (Claassens, L.J.M., 2009:316). Die boodskap van Tamar se verhaal vir ons vandag is dat God weerlose mense soos weduwees ook lief het en hulle op 'n unieke manier versorg. God kan dus selfs verskriklike onregverdige situasies ombuig tot sy eer.

#### 5.6.5.3 Ragab

As 'n vrou ooit rede gehad het om te dink sy kan niks vir God of die wêreld beteken nie, moes dit Ragab gewees het – 'n prostituut van die stad Jerigo. Ons weet nie wat Ragab op hierdie beroep laat besluit het nie; dit was waarskynlik finansiële redes.

By die vooruitsig dat die stad verwoes gaan word, probeer sy nie net haarself beskerm nie. Sy lê groot wysheid aan die dag en verstaan intuïtief dat die een ware God aan die Hebreërs se kant is. Sy skaar haar dus by hierdie God.

Die Hebreërspioene het by haar "tuisgegaan", omdat hulle maklik sou kon ontsnap uit haar huis wat in die stadsmuur gebou was. Hulle kon ook redelik ongemerk kom en



© University of Pretoria

gaan by haar huis waar mans nie noukeurig dopgehou was nie. Die koning van Jerigo het dit wel uitgevind en het Ragab beveel om hulle uit te lewer. Ragab gryp egter die geleentheid aan om ‘n wen-wen situasie te skep: sy sou hulle help ontsnap as hulle haar belowe om haar en haar familie te spaar wanneer die Hebreërs die stad kom vernietig. Daardeur waag sy haar lewe, want om spioene in ‘n oorlogsituasie te versteek, was met die dood strafbaar. Haar vertroue is beloon, want toe Jerigo se mure geval het, het haar huis bly staan. Ragab en haar familie is na veiligheid gebring.

Op die ou end het Ragab deel geword van die Hebreër-gemeenskap. Sy is met Salmon getroud en hulle seun Boas het met Rut getrou. Uit hierdie stamboom is koning Dawid en uiteindelik Jesus self, gebore. Weens die risiko wat sy geloop het om die spioene te versteek, word haar naam in Hebreërs en Jakobus in die Nuwe Testament genoem.

Ragab se storie herinner vroue dat God jou geloof raaksien, ten spyte van jou foute, omstandighede en tekortkomings. “Rahab’s story celebrates the small victory of these representatives of the lower social classes as they made the king of Jericho look foolish.” Claassens, L.J.M. (2009:317)

#### 5.6.5.4 Batseba

Die Leefstyl Bybel vir vroue beskryf Batseba as “die vrou wat meer as ‘n lyf was”. Batseba beteken “dogter van oorvloed”. Sy het juis ‘n baie mooi lyf gehad. Koning Dawid het haar raakgesien vanaf die paleisdak en kon haar daarna nie weer uitlos nie. Hy het verlief geraak op haar liggaam. Toe Batseba swanger word met koning Dawid se kind, was sy ‘n reuse verleentheid vir hom gewees. Daarom het hy van haar probeer ontslae raak. Hy het probeer om Batseba se man, Urija, te laat dink dat die kind syne is. Toe dit nie werk nie, maak Dawid vinnig en desperaat ‘n ander plan, wat Urija sy lewe gekos het. Batseba en Dawid is nou vry om met mekaar te trou, maar hulle baba sterf. Hulle tweede kind was Salomo, wat later vir Dawid as koning opgevolg het.

Batseba het ook ‘n ander rol aangeneem, as politikus. Sy het vir haar ‘n posisie in die samelewing beding. Sy het wel nie openlik haar wil aan Dawid opgedring nie, maar



© University of Pretoria

hom oortuig om die regte ding met sy koningskap te doen. Sy het hom herinner om Salomo as sy opvolger aan te wys en nie sy ander seuns nie. Daarmee red sy haar eie lewe en ook die van Salomo, wat sekerlik sou sterf as een van Dawid se ander seuns koning geword het. Boonop het sy verseker dat Israel 'n goeie en wyse koning kry na Dawid.

"Bathsheba, a poor widow who has been violated, symbolizes something of the powerlessness of the poor...the propensity to be taken advantage of by those in situations of power", (Claassens, L.J.M., 2009:318).

### 5.6.5.5 Maria

Maria, die moeder van Jesus, was 'n vrou oor wie se lewe daar baie kontroversie bestaan het. Maria was 'n doodgewone Joodse vrou, wat in 'n plattelandse gemeenskap gelewe het in Palestina. Daar bestaan min inligting oor haar familie. Sy kon waarskynlik nie gelees het nie. Sy het in haar tienerjare getrou met Josef, 'n skrynwerker. Sy was verantwoordelik vir die huishoudelike take soos om water te kry by die gemeenskaplike put, te kook vir haar gesin, wasgoed te doen en die huis skoon te hou. Haar eersgeborene was Jesus. Sy het gesukkel om haar seun se bediening te verstaan, soos wat baie ma's maar doen. Tog het sy as moeder haar seun vertrou, na die kruis gevolg en op die ou end sy lewelose liggaam in haar arms gehou.

Maria was dus 'n doodgewone moeder met wie vroue vandag nog kan identifiseer: "Thus as a real women Mary lived the whole life cycle: birth, youth, marriage, family life, stress and anxiety, the death of her first-born, losing her spouse to death, the experience of aging and then death. She has much in common with all women everywhere and so is our 'sister in faith'", volgens (Rakoczy 2004:347).

Daar word deesdae gepraat van "Mariology", wat die ervaringe van arm en weerlose vroue in die wêreld bestudeer en weergee. "Contemporary Mariology places Mary within the Christian community, not above it. Mary is a woman amongst women and



© University of Pretoria

thus her faith and life provide hope and inspiration to women who also desire to follow her Son with full-hearted commitment", (Rakoczy 2004:340).

Die beeld van Maria as "the source of fertility and the earth's bounty", verbind moeders direk met die Goddelike: "...these descriptions of creative energy are of her who initiates novelty, instigates change, transforms what is dead into new stretches of life..." (Rakoczy 2004:346). "As Marian language becomes language for God, both are enriched. Mary becomes a real human woman, one with all women, and God language is expanded to include images which have been a distinctly minor chord in the Christian tradition."

"Mary is both elevated and subordinated; she is both exception and ideal. She both carries and uncovers the mystery."

"As God-bearer, she is the guaranton of the incarnation in which God was born as a human being in Jesus", (Grenholm 2005:62).

"Mary is no ordinary mother. She is a virgin mother who can be likened to no one else, and yet she is not divine. She is an ordinary woman. Ony her son is both human and divine", (Grenholm 2005:70).

Nuwe gebede word deesdae geskryf oor Maria as 'n sterk vrou in haar geloof en een met vroue wat arm is en onderdruk word. Dit gee vir hierdie vroue hoop, volgens Rakoczy (2004:364): "These titles of Mary have a freshness and strength, a joy and beauty which enables women to approach Mary as sister and companion in faith." Een van hierdie gebede is "Litany of Mary of Nazareth", geskryf deur 'n vredes-organisasie, Pax Christi USA:

*"Mary, wellspring of peace…Be our guide.*

*Model of strength*

*Model of gentleness*

*Model of trust*



© University of Pretoria

*Model of courage*

*Model of patience*

*Model of risk*

*Model of openness*

*Model of perseverance*

*Mother of the liberator…pray for us.*

*Mother of the homeless,*

*Mother of the dying*

*Mother of the nonviolent*

*Widowed mother*

*Unwed mother*

*Mother of a political prisoner*

*Mother of the condemned*

*Mother of the executed criminal*

*Oppressed woman…Lead us to life.*

*Liberator of the oppressed*

*Marginalized woman*

*Comforter of the afflicted*

*Cause of our joy*

*Sign of contradiction*



© University of Pretoria

*Breaker of bondage*

*Political refugee*

*Seeker of sanctuary*

*First disciple*

*Sharer in Christ's passion*

*Seeker of God's will*

*Witness to Christ's resurrection.*

*Woman of mercy…Empower us.*

*Woman of faith*

*Woman of contemplation*

*Woman of vision*

*Woman of wisdom and understanding*

*Woman of grace and truth*

*Woman, pregnant with hope*

*Woman, centered in God*.

Guillemin, aangehaal deur L.J.M. Claassens (2009:315) som die gedig as volg op: "The stories of these mothers in conjunction with the sufferings and triumphs of Mary are intimately related to the grieving, loving and life-giving God of the marginal, the oppressed, the suffering and the powerless."

### 5.7 Samevatting



© University of Pretoria

In hierdie hoofstuk is daar verskillende perspektiewe op moederskap gegee. Daar is gekyk na moederskap in verskillende kulture. Daar is ook aangetoon hoe moederskap deur die jare verander het. Die rol van stiefmoeders word bespreek. Daar word ook gekyk na moeders in die Bybel en die "anderse" vroue in Jesus se geslagsregister. In die volgende hoofstuk gaan die interdissiplinêre beweging in die navorsing bespreek word. Dit vind plaas deur transversale rasionaliteit.



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 6

# DIE INTERDISSIPLINêRE GESPREK – TRANSVERSALE RASIONALITEIT

**Alleen in die groot woud…**

*"Die arme Sneeuwitjie staan stoksielalleen in die woud. Sy weet nie wat om te doen nie. Dan begin sy te loop, en sy loop oor skerp klippe en dorings, en sy kom wilde diere tee, maar hulle doen haar geen kwaad aan nie, en sy loop totdat haar voete haar nie meer kan dra nie en dit donker begin word. Toe kom sy by 'n klein huisie uit en sy gaan in om die nag daar deur te bring. Alles in die huisie is klein…Teen die muur staan sewe bedjies met spierwit lakens opgemaak…Maar toe die sewende dwergie na sy bedjie kyk, sien hy Sneeuwitjie wat daar lê en slaap. Hy roep die ander nader en hulle kom verwonderd om die bedjie staan en gaan haal hulle lampies om Sneeuwitjie beter te kan sien. "Liewe hemel! Liewe hemel!" roep hulle in vervoering uit. "Wat 'n pragtige kind!"... Maar hulle vra baie vriendelik: "Wat is jou naam?" "Sneeuwitjie", antwoord sy…"*

(Van der Vyver 2010:61)

## 6.1 Inleiding

Net soos wat Sneeuwitjie haar alleen in die groot woud bevind het, kan navorsing ook baie geïsoleerd plaasvind. Dit gebeur gewoonlik binne die meer tradisionele navorsingsmetodologieë of fundamentele navorsingsprosesse. Omdat hierdie navorsing binne die postfundamentele praktiese teologiese epistemologie gedoen word en narratiewe navorsingsmetodes gebruik word, gaan die insette van ander dissiplines gevra word. Soos wat Sneeuwitjie by die dwergies se huisie aankom en vriende met hulle word, gaan ander dissiplines wat relevant tot die navorsing is deelneem aan die interdissiplinêre gesprek en dan reflekteer op een van die mede-navorsers se stories.



© University of Pretoria

Die sesde beweging wat Müller (2005:83) gebruik in die sewe bewegings om postfundamentele navorsing te doen, is die interdissiplinêre gesprek. Die stemme van ander dissiplines word gehoor en refleksie word op die stories van die mede-navorsers gedoen. Interdissiplinêre gesprekke is moeilik. Taal, redenering, strategieë, kontekste en die maniere om oor menslike ervarings te praat, verskil in elke dissipline.

"The notion that there are multiple ways to describe a particular event or relationship comes to life in the practice of reflecting from different perspectives. Including time and space for reflection in therapy promotes experience of experience, and it is through the experience of reflecting on our experience that we make meaning of it", volgens Freedman en Combs (1996:169).

Interdissiplinêre navorsing gaan in hierdie hoofstuk gedoen word aan die hand van transversale rasionaliteit. Transversale rasionaliteit is hoofsaaklik ontwikkel deur Schrag en Van Huyssteen. "In any interdisciplinary conversation, different discourses often represent radically diverse perspectives, and also different and distinct methods of investigation, which means they cannot be reduced to each other or derived from each other. The challenge is to show that it is often at the boundaries between disciplines that new and exciting discoveries take place" (Van Huyssteen 2006: 9).

In 'n gesprek met Gaum (2012:113) merk Van Huyssteen die volgende op: "In die dialoog tussen teologie en die wetenskappe word dit inderdaad moontlik om verskillende maar ewe geldige maniere te ontwikkel waar uiteenlopende stemme gehoor kan word in 'n gemeenskaplike poging om die ryke dimensies van beide die wetenskappe en godsdienstige geloof bymekaar te bring."

In sy artikel (2013:1) wys Müller daarop dat Praktiese Teologie geskik daarvoor is om dinamies te wees en tussen verskillende velde van studie te kan beweeg. "This field tends to move on a continuum of polarities, where it can at one moment incline to the side of dogmatics, whereas at other times to the side of arts. Practical theologians, as such, have the freedom to move to and fro between these two polarities." Müller (2013:1) voer verder aan: "Therefore the practical theologian transforms his or her form:



© University of Pretoria

sometimes he or she takes the shape of an exegete or a dogmatist; at other times, he or she is camouflaged as an artist and a poet."

Omdat ek die navorsing doen vanuit die perspektief van die Postfundamentele Praktiese Teologie, voel ek gemaklik daarmee om die perspektiewe van ander dissiplines in my navorsing te gebruik en hulle stemme te hoor. Van Huyssteen (2006:25) sê die volgende oor die postfundamentele benadering: "A postfoundational approach helps us to realize that we are not the intellectual prisoners of our contexts or traditions, but we are epistemically empowered to cross contextual, cultural and disciplinary borders to explore critically the theories, meanings and beliefs through which we and others construct our worlds".

Volgens Müller (2005:85) moet die interdissiplinêre beweging altyd deel wees van praktiese teologie. Dit behels gesprekke met ander teologiese dissiplines en ook ander dissiplines wat relevant is vir die studie. Die navorser se taak is om aandagtig te luister na die verskillende stories van hoe die konteks verstaan word en dan al die stories en uitgangspunte te integreer in een storie. Elke dissipline werk met ander strategieë, uitgangspunte en invalshoeke, daarom kan daar nie net een metodologie gebruik word wat almal gaan pas nie.

Van Huyssteen (2006:9) se mening is die volgende: "In any interdisciplinary conversation, different discourses often represent radically diverse perspectives, and also different and distinct methods of investigation, which means they cannot be reduced to each other or derived from each other. The challenge is to show that it is often at the boundaries between disciplines that new and exciting discoveries take place."

## 6.2 Verskillende perspektiewe op die interdissiplinêre proses

Müller (2009:201) wys op verskillende perspektiewe waarvan interdissiplinêre werk gedoen kan word:



© University of Pretoria

### 6.2.1 'n Fundamentele of universele perspektief

'n Fundamentele perspektief kan beskou word as 'n denksisteem waar absolute waarhede beskikbaar is vir enige persoon wat daarna vra. 'n Teorie wat op so 'n perspektief gebou word, word 'n universele rasionaliteit genoem. Daar bestaan dus net een teoretiese waarheid wat nagevors en gevind moet word. Navorsers gebruik hulle eie studieveld as vertrekpunt vir rasionele denke en beweeg na minder bekende dissiplines om aansluiting vir hulle eie rasionaliteit te vind.

Müller (2013:3) voer aan dat universele rasionaliteit ontwikkel het van "a fundamental understanding of reality, which takes the position that a 'God's eye view' is available and that only one theoretical truth can exist".

Hierdie denkisteem kan maklik lei tot 'n te hoë agting van jou eie dissipline as die enigste waarheid en die dissipline se moontlikhede en tot die diskriminasie van ander dissiplines. Dit maak interdissiplinêre gesprekvoering in navorsing baie moeilik. Müller (2013:3) sê die volgende: "The acceptance of this "truth" becomes the basis on which other disciplines enter the conversation, if they are prepared to accept this postulation as "truth". Hierdie perspektief se doel is die bereiking van 'n universele rasionaliteit. Meer as een waarheid, of die intergrasie van verskillende waarhede hou vir hierdie perspektief 'n bedreiging in. 'n Gesprek op gelyke grond is onmoontlik.

### 6.2.2 'n Anti-fundamentele of diverse perspektief

Hierdie denksisteem is 'n teenreaksie op die fundamentele perspektief. en slegs diverse denke is hier ter sprake. In hierdie denksisteem is interdissiplinêre gesprekvoering nog moeiliker, indien dit enigsins bereik kan word. Daar heers 'n algemene skeptisisme oor die verstaan van die waarheid. Konstruktiewe gesprekvoering is amper onmoontlik in 'n situasie waar alles as relatief en subjektief beskou word.

Müller (2009:203) haal vir Tatusko (2005:114) aan wat die volgende sê:



© University of Pretoria

"In our times the concept of a universal truth is no longer accepted. The challenge raised by postmodern theories, such as Foucault's understanding of knowledge/power, cuts at the foundationalist assumption of the "university". Perhaps a so-called "multiversity" takes no assumption for granted and is continually critical even of itself in a scheme of multiple rationalities and democratic organization, devoted to reducing the force of the power/knowledge matrix." Interdissiplinêre gespreksvoering vanuit hierdie perspektief is sinneloos, volgens Müller (2013:3) "…as with a diversity of meanings progress cannot be made towards any new understanding. Tolerance of each other's positions is the most that can be expected."

### 6.2.3 'n Postfundamentele of transversale perspektief:

Müller (2009:206) stel transversale rasionaliteit voor as 'n manier om die interdissiplinêre gesprek te laat plaasvind. Müller (2013:2) beskryf transversaliteit as volg: "Transversality is the language used within the postfoundational thought that enables meaningful communication between the diverse disciplines." Transversaliteit opponeer die taal van universaliteit aan die een kant en van diverse rasionaliteit aan die ander kant.

Transversaliteit is 'n konsep wat ontwikkel is deur navorsers soos Schrag en Van Huyssteen. Van Huysteen (2006:19) stel dit as volg: "In this multidisciplinary use of the concept of transversality there emerge distinct characteristics or features: the dynamics of consciousness, the interweaving of many voices, the interplay of social practices are all expressed in a metaphor that points to a sense of transition, lying across, extending over, intersecting, meeting, and conveying without becoming identical."

"Transversal rationality is not just a 'passage of consciousness' across a wide spectrum of experiences held together by our memory. It is, rather, a lying across, extending over, and intersecting of various forms of discourse, modes of thought, and action. Transversal rationality thus emerges as a performative praxis where our multiple beliefs and practices, our habits of thought and attitudes, our prejudices and assessments, converge. In interdisciplinary conversation the degree of transversality achieved



© University of Pretoria

depends on the effectiveness of our dialogue across different domains of meaning", volgens (Van Huyssteen 2006:21).

By 'n openbare lesing het Müller (2012) dit as volg gestel "New equilibrium – fragile, but safe in the installation art of interdisciplinary research." Dit is nie 'n "God's eyeview" wat die praktiese teoloog na die tafel moet bring, maar die praktiese teoloog moet 'n gelyke vennoot word in die interdissiplinêre proses. Vrae oor God word oral gevra. Teoloë se werk is om deel te neem aan die formulering van betekenisvolle vrae. Teologie se werk is nie noodwendig om die antwoorde te verskaf nie. Godsvrae word nie noodwendig deur die teoloog beantwoord nie, maar betekenisvolle vrae oor God moet eerder gefasiliteer word.

### 6.3 Die keuse van ander dissiplines in die navorsingsproses

Volgens Müller (2013:2) is moderne praktiese teologie hoofsaaklik gebaseer op Schleiermacher se verstaan van praktiese teologie as 'n wetenskap wat christelike godsdiens bestudeer soos wat dit neerslag vind in mense se alledaagse lewens. Volgens hierdie perspektief gesien, is dit waarskynlik dat praktiese teologie swaar op die sosiale wetenskappe sal leen vir 'n beter verstaan van interdissiplinêre navorsing.

Die konteks van die navorsing en die prominente diskoerse wat ek in elke storie van die mede-navorsers herken het, het my gelei in my keuse in die ondersoek van ander dissiplines. Ek het besluit om Maatskaplike Werk en Opvoedkundige Sielkunde te gebruik as die ander dissiplines om te reflekteer op my navorsing.

### 6.4 Voorstelling van interdissiplinêre span

Die navorsingsgenote is Hannetjie Opperman, Maatskaplike werker. Haar kwalifikasies is MA(SW). Sy stel haarself as volg voor: Ek spesialiseer veral in mediese maatskaplike werk en het lank as mediese maatskaplike werker in die praktyk van onkoloë gewerk. Ek bedryf ook 'n organisasie "Hana Event Solutions" wat op opleiding



© University of Pretoria

gemik is. My unieke perspektief wat ek aanhang en tans gebruik is die sisteemteorie, PNIC (Psigo-Neuro-Immuniteits Teorie/Model), wat beteken die brein, liggaam, immuniteit en totale funksionering het 'n verband met mekaar. In traumawerk gebruik ek baie die TIR (Trauma Incident Reduction) benadering met doeltreffendheid.

Uit Opvoedkundige Sielkunde is die navorsingsgenoot Elmarie van Vuuren. Elmarie stel haarself as volg voor: Ek is 'n opvoedkundige sielkundige in 'n privaatpraktyk, vir die laaste twaalf jaar. Ek spesialiseer in identifisering van leerprobleme; beroepsleiding; ouerleiding en terapie vir kinders, veral voorskoolse en laerskoolleerders. My belangstellingsvelde in die sielkunde verander met tyd. Ek was baie geïnteresseerd in egostaat-terapie en hipnose en op hierdie stadium in die positiewe sielkunde-beweging wat "mindfullness" – 'n tipe van meditasie insluit. In ons gejaagde lewe word die behoefte aan spiritualiteit al hoe groter.

## 6.5 Korrespondensie met interdissiplinêre span

### 6.5.1 Brief aan die span

Müller (2009:227) het drie vrae ontwikkel wat ek gebruik het om aan die interdissiplinêre span te vra. Hier volg die brief soos dit aan hulle gestuur is.

*Beste …..,*

*Soos reeds voorheen met jou bespreek, wil ek graag jou as deel van die interdissiplinêre span in die navorsing vir my PhD-studies in Praktiese Teologie gebruik. Die interdissiplinêre beweging maak gebruik van transversale rasionaliteit, soos ontwikkel deur Wentzel van Huyssteen en Schrag. Julian Müller het dit aangepas vir Postfundamentalistiese Praktiese Teologie. In die interdissiplinêre beweging word die stemme van ander dissiplines gehoor en refleksie op die stories van die mede-navorsers gedoen.*

*Sal jy asseblief so gaaf wees om die aangehegte stories van stiefma's te lees vanuit jou perspektief as opvoedkundige sielkundige. Hulle is die mede-navorsers in my*



© University of Pretoria

*navorsingsprojek vir my PhD studies.* ***Beantwoord dan asseblief die onderstaande vrae afsonderlik vir elke storie:***

1. *Nadat jy die storie gelees het, wat dink jy is die dinge wat vir hierdie vrou/stiefma probleme skep?*
2. *Wat is jou dissipline se unieke perspektief op die probleme wat hierdie vrou ervaar en hoekom dink jy is dit belangrik dat jou dissipline se perspektief gehoor word in die interdissiplinêre gesprek?*
3. *Hoekom dink jy sal navorsers van ander dissiplines jou dissipline se perspektief verstaan en waardeer?*

   *Stel jouself asseblief voor in 'n aparte paragraaf. Noem jou beroep, die organisasie waar jy betrokke is, die spesifieke areas waarin jy spesialiseer, asook jou belangstellingsvelde.*

*Baie dankie dat jy bereid is om my met my navorsingsprojek te help!*

*Vriendelike groete,*

*Retha Kruidenier*

### 6.5.2 Sandra se verhaal

Die verhaal van een van my mede-navorsers is aan die interdissiplinêre span gegee om te bestudeer en die vrae dan te beantwoord. Sandra het verkies om haar verhaal vir my te skryf. Ek het haar gelei deur vrae te vra. Sy het die vrae beantwoord in twee opeenvolgende dokumente. Sandra se verhaal word volledig aangeheg in Bylaag 3. Die sprokie wat Sandra van haar stiefma-storie geskryf het, word in Hoofstuk 3 bespreek.

## 6.6 Terugvoer van die interdissiplinêre span

### 6.6.1 Opvoedkundige Sielkunde



© University of Pretoria

***Dinge wat probleme skep vir Sandra:***

- *Sy het na al die jare moed opgegee en het nou nie meer krag om aan die verhoudings te werk nie. Ongelukkig het hul as saamgestelde gesin nie die nodige hulp gekry nie en is hul nou so vasgevang in patrone en het haar weerstand al so opgebou teen haar stiefkinders dat baie insig en moeite nodig gaan wees voor die verhoudings kan herstel.*

- *Myns insiens is Sandra se grootste probleem haar gebrek in insig in haar eie aandeel in die skeefloop van die verhoudings.*

- *Te hoë en onrealistiese verwagtinge en 'n bittere gevoel dat die stiefgesin haar ontneem het van haar drome om eie kinders te hê, oorsee te gaan en om haar fietsry prestasies verder te voer, versterk haar weerstand teen hulle.*

- *Die hoë verwagtinge aan haarself het 'n negatiewe impak op haar selfbeeld.*

- *Sandra stel te hoë verwagtinge aan haarself en ander en het totale onrealistiese verwagtinge van hoe tienerkinders teenoor hul biologiese ouers optree. Sy interpreteer normale tienergedrag as teen haar gemik en as uitdrukking van haar stiefkinders se disrespek teenoor haar. Sy is onrealisties om te dink 'n tiener gaan waardering toon vir wat haar ouers vir haar doen.*

- *Sandra se selfbeeld is as kind waarskynlik gebou op haar prestasies en dade en nie op haar persoonseienskappe nie. Wat mens doen (dade) is vir haar belangriker as hoe mens is. Melissa verwoord dit deur te sê Sandra wil haar koop deur goed vir haar te doen. Die kinders het eerder begrip, onvoorwaardelike liefde en omgee gesoek, eerder as die goeie dade wat sy gedoen het. Sy het te veel gedoen en te min net by hul gewees.*

- *Sy meet liefde aan dade. Omdat die kinders nie veel vir haar doen nie, interpreteer sy dit verkeerdelik as dat hul nie vir haar lief is nie. Dit lei tot gevoelens van verwerping. Dit sal insiggewend gewees het om te hoor hoe haar eie ouers hul liefde teenoor haar getoon het of wat daartoe gelei het dat sy begin dink het dat liefde gelykstaan aan dade.*

- *Sy is geneig om perfeksionistiese denkfoute te maak:*



© University of Pretoria

- *Alles-of-niks denke: omdat die verhoudings nie 100% was, sien sy dit as heeltemal gefaal.*
- *Fortuinverteller: sy het self besluit wat die kinders dink sonder dat sy behoorlik met hul kommunikeer het om uit te vind hoe hul rêrig voel. Sy dink ook niemand by haar werk hou meer van haar nie.*
- *Fokus op die negatiewe: sy het gekies om op die kinders se negatiewe eerder as positiewe gedrag te konsentreer.*
- *Sy het te veel gefokus op wat sy "behoort" en "moet" doen*

- *Sandra het waarskynlik die kompleksiteit van die rouproses onderskat en te vinnig verwag dat hul as "normale" gesin moet funksioneer. Dit sal so interessant wees om die kinders se ervaring van haar as stiefma te hoor.*
- *Sandra het nodig om verantwoordelikheid vir haar eie keuses, wat sy in die verlede geneem het, te aanvaar. Deur die stiefgesin te blameer, word die verhoudings erger versuur.*
- *As Sandra nie vinnig genoeg hulp kry om tot insig te kom en vrede te maak nie, gaan sy toenemend depressief raak. Sy moet weer leer om haar eie behoeftes te identifiseer en dinge begin doen wat haar psigiese energie weer sal opbou.*

***Die sielkunde se unieke perspektief***

*Ek dink in die sielkunde is daar soveel verskillende perspektiewe, dat mens kwalik van 'n unieke perspektief kan praat.*

*My analise van Sandra se probleem is hoofsaaklik gegrond op 'n kognitiewe-gedragsterapeutiese perspektief: dit wat jy dink, bepaal hoe jy voel. Die probleem kon ook bv.vanuit 'n ekosistemiese benadering ontleed word, waar die gesinsdinamika meer ontleed sou word. As 'n psigo-analitiese perspektief gebruik word, sal daar baie meer gefokus word op haar kinderlewe en die impak daarvan op haar ervaring van haarself. Uit 'n egostaat-terapeutiese raamwerk sal die dele van haar persoonlikheid wat ontstaan het a.g.v gebeure in*



© University of Pretoria

*die verlede opgeroep word en mee gewerk word: die deel wat, byvoorbeeld, haar so maklik verwerp laat voel.*

*As mens seker van die sielkunde se unieke perspektief praat, is die sielkundige se doel seker om self insig in die individu se probleme te kry en dan die persoon te lei tot insig en beter hanteringsvaardighede. Die rol van die sielkunde kan wees om die ander dissiplines meer insig te gee in die mens se psigiese funskionering.*

***Begrip van navorsers van ander dissiplines***

*Ek dink ons kan voortdurend bymekaar leer. Hoe meer perspektiewe daar gegee word, hoe beter is die insig in die mens en hopelik kan die insigte help om die individu beter te verstaan en kan daar meer oplossings vir 'n spesifieke probleem/geval gekry word. Ek dink ons deel 'n gemeenskaplike doel en die dissiplines se perspektiewe oorvleuel tot 'n mate.*

### 6.6.2 Maatskaplike Werk

*Algemene opmerkings*

*Die hele voorlegging het my diep geraak. Daar is 'n paar deurlopende temas wat in die dame se lewe herhaal word. Haar lewe het 'n 360 grade omdraai gehad, met haar troue met baie optimistiese verwagtinge. Ek deel graag met jou my siening en evaluasie. Net 'n paar afkortings wat ek sal gebruik wat dinge makliker vir die skryf gaan maak:*

*MW – Maatskaplike Werk*

*M – die klient/dame wat deel geskryf het*

*Haar – die kliënt*

*NB – baie belangrik*

*"Blaming game" – blameer iemand anders van iets*

***Vraag 1:***

*…probleme wat vir hierdie stiefma geskep word?*



© University of Pretoria

*Graag verskaf ek vir jou 'n evaluasie volgens die multi-dimensionele model, waarvolgens ek baie werk om 'n nodige pro-interaksie tussen sisteme uit te wys. Ek werk baie uit die sisteemteorie wat dus deurlopend ook deurskemer.*

*Ontleding van probleme:*

***Die liggaam**:*

*S ervaar 'n groot verlies in haar liggaam se fiksheid, gesondheid, roetine en struktuur wat dit mee gebring het.*

*S was "topfiks", gesondheidsbewus, hard geoefen en met "KEUSE" is dit verander. Sy ervaar dit sleg.*

*S, hierdie hele aspek van fietsryery, moet ook in die lig gesien word dat sy dalk 'n mate van verwerking van verlies gegaan het en nog besig is. Die fietsry-gemeenskap is 'n gemeenskap wat bekend is vir uiters goeie ondersteuning/hulp word maklik verleen. Die "gemis" daaraan is duidelik. Sy ervaar rou. Sy is in die rou-proses tans bewegend tussen (nr 2) frustrasies van rou/ nr 3 depressie.*

*S, die feit dat sy nie kan oefen nie, beinvloed haar selfbeeld.*

*S se "sosiale verhoudinge" word ook nou beperk agv die feit dat sy nie meer fietsry in "ernstige mate" nie.*

*S, die dryf wat sy op haar lyf geplaas het, het haar lyf gebruik in kompetisies. Skielik is die stimulasie nie meer daar nie. Biologiese ritme word beslis versteur.*

***Spiritueel***

*S is in 'n stryd met haar godsdiens. Sy ervaar emosies teenoor die Here, wat 'n goeie teken is, omdat dit die intensiteit van s en die Here se verhouding aandui. S, haar inset van haar selgroep. Daar is egter 'n wisselwerking tussen skuldgevoelens en die "blaming game" in geloof.*

*S, gevoelens van vergewensgesindheid, kom nie op by haar nie, wat haar eintlik pla.*



© University of Pretoria

***Kultuur/Perspektief/Herinneringe:***

- *Vooropgestelde idees wat 'n ma se pligte is. Dinge werk nie volgens plan nie. Dit is eintlik 'n ramp. Sy weet nie wat om te maak nie.*
- *Vooropgestelde idees wat 'n stiefma se pligte is. Die sprokies het seker 'n invloed. Maar probleem van realiteit word oor en oor herhaal.*
- *Dreams – S wou oorsee gaan. Maar nou het sy alles "opgeoffer" volgens haar. Dit sluit ook by MW se klassifikasie van hoop aan. Het S nog hoop in haar lewe, nog drome? Dit wil voorkom – nee*

***Finansies***

*S was onafhanklik voor die tyd. Die moontlike fietsry loopbaan was belowend – professioneel oorsee.*

*Dit wil voorkom asof daar wrywing is tov geld in die huishouding.*

*S moet kostes dra wat gladnie deel was van besluit. Waarom?*

*Kan sy nie selfgeldend optree teenoor Mike nie?*

*Mike verdien tog ook 'n salaris?*

*Die probleem is dat hulle nie as 'n span saamwerk met die finansies nie (S en Mike)*

***Emosioneel***

*Waar begin 'n mens? Hierdie is 'n jong dame wat met 'n oop hart, met baie liefde, in 'n verhouding ingestap het. Gou was sy ontnugter ten opsigte van haar verwagtinge, drome (meisie, vrou en ma) en hoop in die lewe. Haar toekoms lyk vir haar bleek met struikel-struikel, dag-tot-dag, voortbestaan.*

*MW kan maar net 'n paar emosionele gevoelens noem wat sy geidentifiseer het:*

- *Bekommerd oor teneergedruktheid, wat mag lei tot akute depressive.*
- *Gevoel van verwerping is aanhoudend – nooit goed genoeg nie.*



© University of Pretoria

- *Sy beskryf haarself as 'n monster op 'n stadium – aan die een kant wys dit net in wat se emosionele krisis sy sit, om as monster beskryf te word.*

- *"Vloerlap" – vernedering.*

- *Voortdurende "self-talk" wat sy ook met haarself het is uiters negatief, tekens van verwerping en geen oplossing.*

- *Emosioneel ervaar MW opsommend dat S as gevolg van haar omstandighede gedwing word om voortdurend in die spiraal van "blaming game/skuldgevoelens" te hardloop en eintlik smag sy om soos in 'n sprokie gered te word of versorg te word.*

***Rolle***

*Hier is "perspektief/vooropgestelde idee" van S en dan is daar ongedefinieerde rolle as stiefma wat voortdurend verander, soos kinders dit verander. Rol definisie is dus onmoontlik.*

***Verantwoordelikhede***

*Hierdie opskrif het MW self bygevoeg. S het 'n sterk gevoel van verantwoordelikheid teenoor Mike en kinders. Hierdie verantwoordelikheid wil sy graag volhartig uitleef, maar kan nie. Dit skep die volgende probleem in haar:*

- *Negatiewe gevoelens teenoor Mike en kinders.*
- *Verantwoordelikheid wat nie beoefen kan word nie, dus "gefaal".*
- *"gefaal" – swak selfbeeld.*
- *Omdat sy (S) nie verantwoordelikheid kan uitoefen nie, lei dit tot onrealistiese skuldgevoelens.*

***Werk***

*Min word daaroor genoem, maar dit wil voorkom of sy werk en daarmee cope.*

***Kognitief***



© University of Pretoria

*Sy (S) kom baie herhalend voor. Uit MW gebied moet mens tog uitkyk vir post-traumatiese stress simptome. MW ervaar tog soms dat sy agv voortdurende stress, gevoel van faal, skuldgevoelens, konflik tekens begin toon wat 'n probleem kan word.*

***Persoonlikheid***

*Vanaf 'n positiewe persoon beweeg sy na 'n negatiewe, ongemotiveerde, onsekere persoon agv konflik, rolle, verantwoordelikhede en verhoudings wat nie duidelik uitgespel is nie.*

*Sy S, ervaar 'n mate van agterdog. Hulle praat/bespreek/sms wat haar negatiewe gedagtes laat koester'*

*Verwerping as deel van haar persoonlikheid raak tans 'n standvastige komponent, waarna sy gereeld verwys.*

*Haar totale persoonlikheidswending is ook nou beinvloed tot 'n lae selfbeeld.*

***Vraag 2:***

*MW het probleem in detail bespreek in punt 1. MW's speel 'n baie belangrike rol in individuele terapie, maar veral ook om die sisteem deur familie terapie. Elke maatskaplike werker het maar sy eie styl en teorieë wat hy/sy aanhang. Maar die drie hoofkategorieë is.*

- *Individuele werk*
- *Groepswerk*
- *Gemeenskapswerk*

*Wat sou ek graag wou doen:*

*'n Familie vergadering hou met agenda dat daar onder rolle, verantwoordelikhede, basiese maniere ens is. Verder 'n egpaarvergadering met agenda, wat is S se verwagtinge, wat is Mike s'n?*



© University of Pretoria

***Vraag 3:***

*Ek hoop van harte mede spanlede ervaar MW's goed. Ons is spesialiste in gesinne/families, gemeenskappe, huwelike/individue. Ons word doeltreffend opgelei in 4jaar graad kursus aan 'n universiteit om probleme te identifiseer en 'n oplossing daarvoor te vind.*

## 6.7 Refleksie op terugvoer

### 6.7.1 Sandra se refleksie

Ek het die volgende brief aan Sandra gestuur, voordat sy moes kommentaar lewer op die interdissiplinêre span se refleksie:

*Beste Sandra,*

*Aangeheg die hoofstuk uit my navorsing waarin ek jou storie gebruik het vir ander dissiplines om op te reflekteer. Baie dankie dat ek jou storie kon gebruik het! Ek besef dat hierdie oefening baie blootstellend vir jou kan wees. Onthou dat anonimiteit altyd sal geld en dat skuilname deurentyd gebruik sal word.*

*Ek wil hê dat jy asseblief krities na die refleksie en kommentare moet kyk en dan jou refleksie hierop moet gee. Hoe laat dit jou voel? Stem jy saam met hulle/my opinies. Jy mag ook melding daarvan maak dat hierdie storie al omtrent 'n jaar gelede geskryf is en dat dit nie noodwendig meer jou storie vandag is nie!*

*Ek hoor graag van jou!*

*Groete,*

*Retha*

**Hier volg Sandra se refleksie op die interdissiplinêre span se terugvoer:**



© University of Pretoria

*Hi Retha*

*Ek kon ongelukkig nie die hele dokument lees nie, dink dis hoe die internet die download. Ek het egter in Desember die hele dokument gelees en kommentaar oor my gevoelens op dit wat ek kan onthou. EK was redelik ontsteld oor die kommentaar en het gevoel al wat daaruit gekom het is hoe oppervlakkige mens ek is, hoe min insig ek het in die lewe en hoe selfsugtig ek is. So paar nota's daaroor:*

*Sielkundige - Dink nie kan praat van my gebrek aan insig nie want ek sien geen insig in my gevoelens nie. Dink sy mis die tale van liefde en dat dade wel een van myne is. Sy mis ook die feit dat ek 'n geweldige verantwoordelike persoon is en ek my lewe so uitleef. Ek doen graag goed vir mense - omdat ek wil. Ek het definitief nie die kinders probeer KOOP nie. Wat ek vir hulle gedoen het was omdat ek wou, en uit my verantwoordelikheid sin leef. Ek dink verder glad nie liefde is gelyk aan dade nie, Weereens dade mag sterk deurkom agv tale van liefde. Ek weet ek het my bes gegee, het met die kinders tyd probeer spandeer, het met ander ma's gesels wat self tieners het ens. Ek mag dalk perfeksionisties wees, swart en wit, maar ek weet ek het my alles gegee om dit te maak werk. Ek voel nie regtig dat die persoon enigsins insig het in wat ek voel, gedoen het of probeer het nie. Ek het definitief nie gedink 'n kind moet elke dag sê "ag dankie ek is so dankbaar nie", maar tog kom dit in mense se gedrag en houding uit - hulle het soveel keer hulle dankbaarheid teen oor Mike uitgespreek vir goed wat ek gedoen het. As hulle dit teenoor hom kon bewys, hoekom nie teen oor my nie*

*Maatskaplike werker*

*Wie het nie vooropgestelde idees van 'n huwelik, ouerskap, 'n werk, 'n skool ens nie? Dink dit is normale gedrag. Net omdat ek 'n stiefma is is dit nou verkeerd?*

*Finansies - ek het bloot probeer uitwys dat ek vir goed betaal, uit my geld - wat veronderstel is om 'n teken te wees dat ek hulle aanvaar as my eie. EK kon net sowel gesê het dis Mike se kinders, hy betaal vir alles - wys dit nie dat ek hulle aanvaar het as*



© University of Pretoria

*deel van my nie? (PS Ons deel ons finansies en het geensins 'n probleem met wie betaal vir wat nie, ek het bloot die punt probeer bewys dat ek deur dat ek bereid was om dit te doen, ook 'n teken is dat ek hulle behandel as my eie.*

*Ek het hulle definitief nie verwerp nie. Such a sick world we life in - ek het nooit gesê ek is die enigste mens in die wêreld wat drome opgegee het omdat ek getrou het nie. Net omdat ek 'n stiefma is, is ek nou 'n geweldige sonde om dit te sê? EK het bloot 'n vraag beantwoord oor wat ek opgegee het. Dink jy nie gewonde ma's sit ook soms en dink oor wat hulle opgegee het nie?*

*Dis asof stiefma's (en veral stiefma's wat geen biologiese kinders het nie), onder 'n geweldig kritiese bril van die lewe gesien word. Ma's wat gesond eet en hard oefen en hard werk is dinamiese amazing vroue, stiefma's is selfsugtig, egosentries, oppervlakkig?*

*Die kinders is nou heelwat groter (getroud en 2de jaar universiteit) en myns insiens nie meer onder die vaandel van tieners nie). Hulle gee steeds krediet vir Mike vir alles wat ek doen, daar is steeds nie 'n foto van my in Lucy se nuwe huis nie - dws ek het steeds geen plek in hulle lewe nie.*

*Ek het haar gehelp met haar troue, omdat ek graag wou en graag vir haar 'n spesiale dag wou gee. Ek het heeltemal insig gehad dat sy graag haar ma daar sou wou hê, en ekstra moeite gedoen vir haar spesiale dag. Ek het steeds nie 'n dankie gekry nie, steeds nie 'n plek in haar lewe nie en sal nooit nie. Haar man mag nie vir my ma sê nie wat alles wat ek voel staaf.*

*Dit is nie ek wat hulle verwerp het nie. Die Here ken my hart, en ek weet wat ek gedoen het en met watter attitude. Dis jammer dat ek nie kon sien dat daar enige insig was van sogenoemde kommentators nie.*



© University of Pretoria

### 6.7.2 Navorser se refleksie op die interdissiplinêre proses

Ek pak hierdie navorsingsprojek aan as praktiese teoloog wat werk volgens die postfundamentele benadering. Ek werk oorkoepelend binne die postmodernistiese paradigma asook binne die sosiale-konstruksionisme. Dit het bepaalde implikasies vir die hoek waarna ek na Sandra se storie sal kyk. Ek werk ook as pastorale terapeut hoofsaaklik met narratiewe terapie.

Volgens die postfundamentele praktiese teologie speel die konteks waarin ‘n storie of gebeurtenis afspeel altyd ‘n groot rol. Daar kan dus nooit na die persoon/storie gekyk word sonder om die konteks te verreken nie.

Binne die Sosiale-Konstruksionisme is die uitgangspunt dat die mens konstrukte oor sy/haar werklikheid konstrueer en betekenis daaraan heg. Gemeenskappe konstrueer dus die lense waardeur hulle na mense en die wêreld rondom hulle kyk. Die idees wat mense van die wêreld rondom hulle het is dus nie presiese afdrukke van die werklikheid nie, maar eerder interpretasies van mense van hulle ervarings met die wêreld. ‘n Sosiaal-konstruksionistiese navorsingsproses is ‘n deelnemende proses waar die waarheid van gebeure nie alleen deur die navorser bepaal word nie. Mense word ook nie net as objekte beskou nie, maar word navorsingsgenote wat self gebeure interpreteer en betekenis daaraan gee.

Die navorser word ook bevry van sogenaamde objektiwiteit, omdat die navorser se eie storie altyd deel van die proses sal uitmaak. Die navorser moet ook daarteen waak om dit wat hy/sy belangrik ag nie op die gespreksgenoot af te dwing nie.

In die Sosiaal-Konstruksionisme word daar ook op diskoerse gefokus. Binne ‘n persoon se stories sal daar altyd diskoerse voorkom. Dit is die stellings of idees wat die persoon oor die werklikheid het. Dit word gewoonlik oorgeneem uit die kultuur waaraan die persoon verbonde is. Dit is dus ‘n spesifieke manier hoe daar na die wêreld gekyk word. Die diskoerse wat inspeel op ons identiteit het implikasies vir wat ons doen of behoort te doen. Taal speel ook ‘n belangrike rol binne die Sosiaal-Konstruksionisme. Taal voorsien aan ‘n persoon die struktuur wat hom/haar in staat stel om vorm aan sy/haar realiteit te gee.



© University of Pretoria

My voordeel bo die ander twee interdissiplinêre navorsers is dat ek nie net die teks met Sandra se storie gehad het om mee te werk nie. Ek het Sandra persoonlik ontmoet en kon 'n deel van haar reis meemaak.

Ek sien duidelik in Sandra se storie dat die diskoerse wat in haar omgewing/kultuur bestaan, 'n groot invloed het op die rol wat sy in die gesin probeer inneem. Dit bring ook ongelooflike groot konflik in Sandra self mee. Sy is onseker wat haar rol behoort te wees en voel skuldig dat sy nie die "ma" kan wees wat dan van haar verwag word nie.

Sy en Mike en die dogters het waarskynlik nie voor die huwelik uitgeklaar hoe hulle haar rol in die gesin sien nie. Sy is ook nooit deur die ander gesinslede gevra watter rol sy graag in die gesin sou wou speel nie. Al Sandra se energie gaan daarin dat sy 'n ma vir hierdie dogters probeer wees het, maar volgens haarself nooit heeltemal daarin geslaag het nie. Ek weet nie hoeveel druk Mike op Sandra geplaas het om hulle ma te wees nie? Is Sandra baie afhanklik van Mike se goedkeuring? Is hy die een in die gesin wat besluite neem, sonder dat dit met die ander bespreek word?

Omdat Melissa baie ouer is as Lucy en ook al 'n tiener was toe haar ma oorlede is, is sy die een wat Sandra die meeste verwerp en ook vir Lucy opsweep om dit te doen. Dalk moet Sandra probeer om bloot 'n vriendin vir haar te wees? Sou dit moontlik kon wees? Terapie moes al van die begin van die huwelik plaasgevind het, tussen die dogters en Sandra en ook tussen die dogters en hulle pa. So sou binding dalk makliker plaasgevind het.

'n Kultuur moes dalk in die gesin geskep geword het, waar die kinders en Sandra en Mike makliker met mekaar leer kommunikeer het en werklik kon sê wat hulle gevoelens en onsekerhede is.

Dit is duidelik dat Sandra 'n baie hegte verhouding met God het. Tog laat haar godsbeeld haar baie skuldig voel. In terapie kan daar gewerk word aan die bou van 'n meer bevrydende en gesonder Godsbeeld.

Sandra se drome moes nooit opgegee geword het, die dag toe sy met Mike getrou het nie. Sy het so hard probeer om 'n ma vir die kinders te wees, dat haar eie menswees



© University of Pretoria

daaronder gelei het. Sandra moet gelei word om weer haarself te leer ken, haar drome na te jaag en die persoon word waarvoor God haar in die wêreld geplaas het.

Die feit dat Sandra en Mike nie kinders van hulle eie het nie, speel verseker 'n groot rol. Dit het 'n bepaalde invloed in die manier waarop sy haar moederskapsrol probeer uitleef. As sy kinders van haar eie gehad het, sou sy waarskynlik ook nie so 'n groot mislukking as ma gevoel het nie. Omdat die samelewing soveel druk op vroue plaas om moeders te wees en kinders te hê, kan dit dalk bydra tot Sandra se gevoel van mislukking.

Die sprokie wat Sandra oor haar lewe geskryf het, is 'n wonderlike manier van eksternalisering wat veral in narratiewe terapie gebruik word. So word daar afstand van haar probleme verkry en unieke uitkomste geskep. Hierdie unieke uitkomste kan doeltreffend in terapie gebruik word om die alternatiewe verhaal van Sandra se lewe te help skep.

Die interdissiplinêre beweging in die navorsing was vir my as navorser nie maklik nie. Om as narratiewe navorser gekonfronteer te word met ander dissiplines se manier van dink en doen het eise aan my gestel. Clandinin & Connelly (2000:29) beskryf hierdie blootstelling aan ander dissiplines as "life at the boundaries". Volgens hulle is navorsers wat op die meer tradisionele maniere navorsing doen die "grand narrative". "There are boundaries between thinking according to narrative inquiry and thinking according to the grand narrative. From either side of the boundary, one appears to be communicating with people on the other side – people who are out of focus; not quite able to speak clearly; and who render ideas, thoughts, and suggestions that somehow miss the mark." As narratiewe en postfundamentele navorser het ek myself daaraan verbind om ten alle tye eties op te tree. Ek het probeer om die mede-navorsers te respekteer, sensitief te wees vir hulle kontekste en om hulle eerste te stel. Ek het dus 'n veilige omgewing probeer skep waarin my mede-navorser haar storie met my kon deel. Met die interdissiplinêre beweging het ek gevoel asof ek dit nie meer kon doen nie – ek kon nie my mede-navorser beskerm nie en sy was blootgestel deur die proses.



© University of Pretoria

Clandinin & Connely (2000:171) vergelyk etiese optrede in narratiewe navorsing baie met 'n vriendskap wat gesluit word. Daar is dus 'n verhouding ter sprake tussen die navoser en mede-navorser. Dit was beslis so in die verhouding tussen my en Sandra. Ons het mekaar gerespekteer. Daarom het sy maklik ingestem toe ek haar gevra het of ek haar storie kan gebruik vir die interdissiplinêre proses. Agterna het ek as navorser sleg gevoel dat ek wel haar storie gebruik het.

As navorsering gedoen word binne die postfundamentele paradigma, moet refleksie deurtentyd plaasvind. Sandra moes dus die interdissiplinêre span se terugvoer lees op haar storie. Dit het haar ontstel en haar menswees aangetas. Intervensie het dus plaasgevind. Narratiewe navorsing is wel nie altyd gemaklik daarmee as intervensie wel plaasvind nie. "Yet, as a form of research, it cannot avoid the dynamics of intervening in people's lives", volgens Müller & Schoeman (2004:7). Dat intervensie plaasgevind het, is dus 'n gegewe. Wat belangrik is, is hoe die intervensie hanteer word binne die navorsingsproses.

My taak as navorser is dus dat hierdie intervensie wat plaasgevind het, so hanteer sal word dat Sandra daardeur bemagtig sal word en nie gemarginaliseer sal word nie. Müller & Schoeman (2004:9) stel dit as volg: "The research process must be done in such a sensitive way that it leads towards understanding and empowerment. This kind of research creates a sense of hope and therefore consists of positive intervention."

Opvolggesprekke met Sandra is dus baie belangrik. Sandra sal verdere terapie moet kry – die terapeutiese proses is alreeds begin deur interdissiplinêre proses. Op die ou end moet Sandra as 'n heler mens kan terugkyk op die terapeutiese pad en weet dat dit die moeite werd was.

## 6.8 Samevatting

In hierdie hoofstuk het die interdissiplinêre proses in die navorsing plaasgevind. Daar is geluister na die stemme van ander dissiplines, naamlik dié van Opvoedkundige Sielkunde en Maatskaplike werk. Postfundamentele praktiese teologie se refleksie is



© University of Pretoria

ook gegee. Transversale rasionaliteit het dus plaasgevind. Die mede-navorser wie se storie gebruik is, het ook die geleentheid gekry om te reageer op die ander dissiplines se opmerkings. In die volgende hoofstuk gaan gekyk word na die geloofstaal wat die mede-navorsers gebruik het.



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 7

# STIEFMA'S SE GELOOFSTAAL

**Hand aan hand die woud in**

*"Op 'n dag ry 'n prins deur die woud en besluit om in die sewe dwergies se huisie te oornag. Op die berg sien hy die glaskis waarin die beeldskone Sneeuwitjie lê en hy lees wat daarop geskryf staan…."Gee dit dan vir my present", se die prins, want ek sal nie langer kan lewe as ek Sneeuwitjie nie kan sien nie. Ek sal haar versorg en beskerm as my kosbaarste besitting."…Hy beveel sy diensknegte om die kis by die berg af te dra, maar een van hulle struikel oor 'n bossie en toe die kis geskud word, glip die stukkie giftige appel uit Sneeuwitjie se keel…"Ag, hemel, waar is ek?" roep sy verskrik uit. Die prins antwoord verheug: "Jy is by my", en hy vertel haar wat alles gebeur het. Dan sê hy vir haar: "Ek het jou liewer as enigiets op aarde. Kom saam met my na ons kasteel en word my vrou…"*

(Van der Vyver 2010:68)

## 7.1 Inleiding

In die voorafgaande uittreksel uit die sprokie "Sneeuwitjie" blyk dit dat hierdie sprokie 'n gelukkige einde het. Die prins vra Sneeuwitjie om sy vrou te word en hulle leef gelukkig saam in hulle kasteel. Ek gebruik dit om hierdie hoofstuk in te lei. Het die vier stiefma's wat ek as mede-navorsers gebruik se stories ook "gelukkige eindes"? Is daar 'n verband tussen Godsbelewing en Godsbeelde en 'n sinvolle lewe? In hierdie hoofstuk gaan gefokus word op die Godstaal wat die mede-navorsers in hulle stories gebruik het. Elkeen van die vier stiefma's wat as mede-navorsers opgetree het, het wel Godstaal in hulle stories gebruik. Ek gaan op hierdie Godstaal fokus, asook op hoop, verbeelding en humor en die positiewe uitwerking wat dit veral op hersaamgestelde gesinne kan hê.

Die vyfde beweging in die model wat Müller (2005) ontwikkel het om postfundamentele praktiese teologie te beoefen en wat ek gebruik het as riglyn vir my navorsing, is 'n



© University of Pretoria

refleksie op gesprekke oor God of die spirituele, soos wat dit in die spesifieke konteks ervaar word. Die vyfde beweging word in hierdie hoofstuk bespreek.

Daar word gereflekteer oor hoe die navorsingsgenote God beleef het en oor Hom gepraat het. Müller (2005:82) beklemtoon dat hierdie beweging in die navorsing 'n nie-geforseerde poging is om oor godsdiens te praat. Die beweging is wel 'n eerlike poging om te hoor hoe die mede-navorsers die teenwoordigheid van God beleef.

As narratiewe navorser behoort ek volgens Clandinin & Connelly (2000:181) krities te staan teenoor die stories wat ek in die navorsing gebruik: "Narrative inquirers cannot avoid the task of criticism…Narrative inquirers need to find ways of becoming a kind of 'I, the critic'." Hulle kies om te praat van "wakefulness". "We deliberately chose a language of wakefulness over a language of criticism in order to set a narrative inquiry working ground without crossing guards, gates, trap doors, and stop signs. A language of wakefulness allows us to proceed forward with a constant, alert awareness of risks, of narcissism, of solipsism, and of simplistic plots, scenarios, and unidimensional characters" (Clandinin & Connelly 2000:182).

Ek moet ook as narratiewe navorser daarteen waak om 'n "Hollywood plot" te skep, waarin alles op die ou end goed uitwerk, volgens Clandinin & Connelly (2000:181). Dit word ook "narrative smoothing" genoem. "To acknowledge narrative smoothing is to open another door for the reader. It is a question of being as alert to the stories not told as to those that are" (Clandinin & Connelly 2000:182).

### 7.2 Stiefma's se Godstaal

Uit die Godstaal wat die mede-navorsers in hulle stories gebruik, gaan ek krities kyk of 'n verhouding met God of die deelwees van 'n kerkgemeenskap wérklik hoop vir hulle bring. Godstaal kan baie keer ook net bloot as ontvlugting gebruik word. Die godsdienstige konsepte wat gebruik word, kan dalk juis die ou diskoerse wat oor stiefma's bestaan in stand hou.

Dit was egter opvallend dat elke mede-navorser wel spirituele taal of Godstaal in haar stiefma-storie gebruik het. Dit was ook hierdie taal wat in die meeste gevalle hoop vir



© University of Pretoria

die stiefma gegee het, ten spyte van soms moeilike situasies. Elke stiefma se Godsbelewing en spirituele diskoers het ook verskil. Haar persoonlike verhouding met God, asook haar verhouding met die kerkgemeenskap waarin sy staan het 'n rol daarin gespeel. Ook die diskoerse oor God waarmee sy grootgeword het, het 'n invloed daarop gehad. "There are specific discourses/traditions in certain communities and in faith-based organizations, which inform perceptions and behavior. The researchers will have to identify these discourses and try and gain some understanding on how current behavior is influenced by these discourses", volgens (Müller 2005:84).

#### 7.2.1 Uittreksels uit Olga se storie

*I thank God for the power and wisdom he grace me with and for being a strong Grandmother and a Mother for these boys. There was never a day or night when we did not go hungry GOD provides for us.*

*My wish is that GOD can give me this time to race them in order for them to look after themselves one day when they much wiser. And live a life the way I brought them up with dignity & self esteem to look after themselves and go the extra mile to make a success of their lives.*

*I'm going to church. If I'm in church, I feel relieved, when I'm worshipping God. And like this morning I was reading my Bible in Genesis.*

*I thank God for the power and wisdom he grace me with and for being a strong Grandmother and a Mother for these boys. There was never a day or night when we did not go hungry GOD provides for us.*

#### 7.2.2 Uittreksels uit Lientjie se storie

*Ek dink egter dat dit juis hierdie negatiewe beeld en natuurlik God se wonderlike genade was wat my gemotiveer het om die "stiefma" te verander in 'n "liefma".*



© University of Pretoria

*Ek weier om die negatiewe rol te speel, want God het my juis geskep om watter rol ek ookal hier op aarde moet speel tot Sy eer te speel!. Hoe kan ek dan toelaat dat 'n sprokiebeeld, God se beeld vir my kom skaad...!*

*Ek is versnipper deur slegte, onwaar stories wat versprei is en mense wat dit vir sensasie gulsig gesluk het.*

*Dit is vir my 'n nuwe en baie slegte ervaring om deur mense geïgnoreer en vyandig behandel te word. Ek vind egter berusting by God deur Sy woorde in Gal 1:10 en 1 Tes 2:4.*

*Ek is diep dankbaar vir God se genade! Ek kan opstaan en met elke stukkie passie in my vir Hom leef en getuig van Sy heling! Ek, stukkende kleipot... is steeds, danksy Sy wonderlike liefde en genade, bruikbaar!*

### 7.2.3 Uittreksels uit Sandra se storie

*En dan is daar die belofte ding – daai een wat alle voornemende stiefma's op die troue aframmel – "Ek sal jou lief hê soos my eie'… Dit ry jou, want hulle maak dit vir jou so moeilik om hulle lief te hê. En nou sit ek met die gebakte pere. Ek het nou die belofte aan die Here verbreek, want hulle wil nie hulle kant bring nie. So, nevermind dat ek nie goed oor myself voel nie, struggle ek met my verhouding met die Here. Ek bid en bid en bid. Raak kwaad vir die Here oor die gemors waarin ek is, en dit is die ultimate oor hoe sleg jy oor jouself kan voel – as dinge tussen jou en die Here nie lekker is nie…*

### *7.2.4 Uittreksels uit Erna se storie*

*Ons het baie daaroor gebid en ek het geweet dis nie wat ek eintlik wil doen nie. Ons het dit regtig na die Here toe gebring en toe besluit ons sal hom maar pleeg, want niemand wil hom hê nie. Albei sy ouers was baie moeilik – so niemand was bereid om 'n pad met die biologiese ouers te stap nie. Ons het besluit ons sal maar die pad stap en haar (mamma) lei tot bekering en as sy tot bekering kom sal ons haar kind vir haar teruggee.*



© University of Pretoria

*Hier het ek ewe skielik 'n seuntjie wat nie beplan was nie en die besef dat die Here se hand hierin is. Dit was nie my plan nie, maar jy ervaar daardie plan van die Here af. Hy was baie, baie veeleisend.*

*Ons het geleer om te gee. Ons het dit aangepak absoluut uit gehoorsaamheid aan die Here. Na Tharina het ons regtig gevoel dat die Here ons roep om meer kinders aan te neem, maar die sisteem het dit nie toegelaat nie. Jy besef dat op ons eie sal ons dit eintlik nooit kan doen nie as die hand van die Here nie daar is nie.*

*Die Here het dus net 'n manier om dit wat ons nodig het vir ons te stuur. Dit is vir my net ongelooflik. Ek het nie 'n briefie gestuur en gesê, hoor hier "ek het 'n seun nodig" nie. Jy besef maar net die Here sal voorsien. Daar het nog nooit 'n kind gekom vir wie die Here nie voorsien het nie.*

*Dissipline is afgelei van dissipel. Jou kind moet aanvaarbaar wees voor God en voor mense.*

## 7.3 Navorser se refleksie

Om te reflekteer oor die Godstaal wat die mede-navorsers gebruik, is nie maklik vir my nie. Ek doen dit met groot versigtigheid en verantwoordelikheid, omdat ek elke persoon se Godsbelewing as privaat en uniek beskou. Ek kan dus maar net my subjektiewe mening gee, wat gevorm word deur my eie konteks, storie en Godsbelewing. Ek doen hierdie refleksie ook uit my posisie as postfundamentele praktiese teoloog, wat bepaalde invalshoeke het.

Die vier Godsbeelde wat mense kan hê, naamlik God as bron, God as agent, God as geïnkarneerde en God as doel wat ek breedvoering in hoofstuk 1 bespreek het, help my in my refleksie. Hier volg Müller (2011:131) se opsomming daarvan:

- God as bron
  Hiervolgens is God die fundering van alles wat is. Hy is die Skepper van alle dinge, maar is ver verwyder van alles. Die spiritualiteit wat hieruit vloei is een van verwondering en dankbaarheid. Alles wat dus gebeur, word op 'n misterieuse manier teruggevoer na God.



© University of Pretoria

- God as agent

  Hiervolgens is God die werkende agent in die wêreld. God is die bestuurder van prosesse in die natuur en in die geskiedenis. 'n Hoër hand is dus vir alles verantwoordelik. Dit word egter problematies in tye van krisisse en lyding. As God in beheer van alles is, moet hy immers ook die bron van kwaad en lyding wees.
- God as geïnkarneerde

  Hiervolgens word minder na God gekyk as die bron van alle antwoorde en word God eerder gesien as teenwoordig in menslike vorm en daarom ook in die pyn en lyding. Hierdie Godsbeeld gaan oor meer as net Jesus. Dit het te doen met 'n begrip van God op 'n menslike en aardse vlak. Dit gaan oor die ontdekking van 'n goddelike teenwoordigheid te midde van die kompleksiteite van die werklikheid.
- God as doel

  Hierdie Godsbeeld plaas God in die toekoms. Dit lei tot 'n praktiese spiritualiteit. Die lewe word geleef in aktiewe hoop, met 'n beklemtoning van die krag van die toekoms bo die teenwoordige. God werk dus vanuit die toekoms. Hieruit ontwikkel dus 'n teologie van hoop.

Ek stem saam met Müller (2011:132) dat die dominante Godsbeeld by die meerderheid Christene, veral in Suid-Afrika, steeds God as die Agent en werkende mag is. Ons moet dus probeer om God se guns te wen deur die regte dinge te doen om Hom te beïndruk. Andersins probeer ons met ons getroue godsdiens en gebede selfs om God 'n bietjie te beïnvloed om die regte "toutjies" te trek.

Volgens (Müller 2011:132) kan hierdie Godsbeeld een van twee dinge aan jou doen: Of dit maak jou wanhopig en ongelowig, want wat jy sien klop nie met hierdie beeld van God as Agent nie; of dit maak jou arrogant-godsdienstig, want jy dink jy kan God met jou aksies en veral jou gebede, beïnvloed om op die regte manier op te tree. Hierdie Godsbeeld laat mense dan juis aan God se almag twyfel en dit laat hulle ontnugter oor God en sy almag.



© University of Pretoria

Die verskuiwing na alternatiewe Godsbeelde lei ons egter om anders te dink en ander vrae te vra: Is dit waarlik God wat onmagtig is, of is dit dalk die God wat ons oor eeue heen met godsdienstige taal geskep het wat onmagtig is?

Dalk is konsepte van mag en almag hoegenaamd nie gepaste metafore om die ware God mee te beskryf nie. God kan ook beskryf word as die "Gewonde Geneser", "God die Lydende Kneg", of "God die Gekruisigde".

### 7.3.1 Refleksie op Olga se Godstaal

Olga kom uit die Afrika-kultuur en het 'n kinderlike Godsbelewing. Sy vertrou met 'n kinderlike naïwiteit op God. Ek ervaar dat sy werklik opreg op God vertrou vir haar daaglikse fisiese behoeftes. Sy beleef dat God haar sterk maak om 'n ma vir haar seuns te wees. Sy bid dat God haar die krag en wysheid sal gee om haar seuns op so 'n manier groot te maak dat hulle waardigheid en respek vir hulle self sal hê. Om kerk toe te gaan en deel te wees van 'n kerkgemeenskap is vir Olga 'n bron van krag. Dit is daar waar sy samesyn ervaar ek krag kry. Om haar Bybel te lees, gee haar ook krag en vrede.

### 7.3.2 Refleksie op Lientjie se Godstaal

Lientjie het baie seer gekry in die kerk. Die mense wat haar in moeilike tye moes bystaan, het haar juis verwerp en hulle rûe op haar gedraai. Op die plek waar 'n mens veronderstel is om veilig te voel, voel sy nie meer so welkom nie. Lientjie en Adriaan was werksaam by die kerk, maar moes bedank uit hulle poste "ter wille van" die kerk. Diskoerse wat daar in die samelewing bestaan oor sogenaamde "groot sondes" en dit wat "onaanvaar" in die kerk is, het hulle van hulle geestelike tuiste vervreem. Sy worstel nog steeds daagliks met skinderstories wat oor haar vertel word en mense wat haar nie haar geluk gun nie. Ten spyte hiervan vind sy nog steeds berusting in God en probeer om positief daagliks 'n verskil te maak. Intussen het hulle ook in 'n ander gemeente aktief betrokke geraak, wat hulle met liefde aanvaar.



© University of Pretoria

### 7.3.3 Refleksie op Erna se Godstaal

Erna is 'n pleegmoeder. Sy en haar man is voltyds pleegouers vir 'n hele paar kinders. Hulle het 'n tradisionele siening van gesinwees, asook 'n fundamentalistiese Godsbelewing. Hierdie Godsbelewing pas hulle ook op hulle gesinslewe toe. Hulle vertrou ook kinderlik op God vir hulle fisiese behoeftes. Erna het nie negatiewe belewenisse van stiefma-wees nie. Haar Godsbelewing is daarom ook positief. In haar gemeenskap word pleegouers gesien as mense wat werklik hulle self opoffer vir ander kinders. Die gemeenskap beleef hulle dus as positief. Hulle is dus besig met die sogenaamde "regte dinge".

### 7.3.4 Refleksie op Sandra se Godstaal

Sandra se verhaal getuig van worsteling met haarself, maar ook met God. Sandra ervaar intense skuldgevoelens, omdat sy "haar belofte aan God op haar troudag", verbreek het. Die Godsbeeld wat sy het is dus God as Agent. Omdat sy volgens haarself 'n mislukking maak van haar rol as stiefma, voel sy dat sy in God se oë nie goed genoeg is nie. Sy voel skuldig daaroor dat sy vir God kwaad is oor haar situasie. As Sandra rustig sal raak en God sal beleef as geïnkarneerde mens, sal haar skuldgevoelens minder word. Sy sal besef dat hierdie emosies teenoor God toelaatbaar is en dat God nie die een is wat haar in hierdie situasie geplaas het nie. Omdat Sandra se verhouding met God nie goed is nie en omdat sy ver van God af voel, voel sy ook sleg oor haarself. Haar selfbeeld is dus nie goed nie. Omdat sy nie positief oor haarself voel nie, kan sy ook nie positief na haar gesin uitreik nie. Die diskoerse wat daar in die samelewing bestaan oor verhoudings wat jy met God moet hê en beloftes wat jy aan God maak en nie verbreek mag word nie, laat Sandra juis ontnugter en negatief voel.

## 7.4 God as reisgenoot

Om God te beleef as reisgenoot pas in by die Godsbeeld van God as geïnkarneerde mens en pas ook in by die postfundamentele praktiese teologie. Ons lees van die Emmausgangers in Lukas 24. Jesus is in hierdie verhaal 'n mede-reisiger wat in



© University of Pretoria

dieselfde rigting as die Emmausgangers oppad is. Die twee is in gesprek met mekaar en skielik is daar nog ‘n persoon wat saamloop. Müller (2011:133) stel dit dat dit nie ‘n Damaskus-ervaring vir die twee reisigers was nie, maar ‘n gewone ontmoeting met ‘n vreemdeling. Hy lewer homself aan hulle uit. Hy sit en eet saam met hulle aan die tafel. God het dus mens geword en deel van hulle gewone lewe geword. Toe hulle oë oopgaan en hulle besef dat dit die opgestane Heer is, het die wonder daarin gelê dat Hy so dieselfde as al die ander reisigers en hulleself was. Toe Hy weer verdwyn, het hulle dit nie as iets skrikwekkends ervaar nie, maar besef dat Hy nog steeds teenwoordig is, al is Hy nie meer fisies daar nie. Daarom kon hulle hulle reis met blydskap voortsit.

### 7.5 Ek as God se agent

Dietrich Bonhoeffer was ‘n Duitse teoloog wat God juis ontdek het in sy lyding in ‘n Nazi-gevangenekamp. Dit was juis hierdie God wat van binne af dring en nie van buite af aanpor nie, wat Bonhoeffer aangemoedig het om vir sy God se saak op te staan.

Bonhoeffer het sy God op dieselfde manier as die Emmausgangers ervaar – op reis. Dit was ‘n reis van ontnugtering, teleurstelling en lyding. Dit was ‘n reis waarop die bekende opvattinge oor God nie wou werk nie. Op hierdie reis het hy God ontdek as ‘n weggesteekte God wat deel van die gewone lewe word. Op hierdie reis verskyn God aan ons in die vorm van ons mede-mens, ons gesinslede, sommer as ons besig is met gewone dinge. Nou is God nie meer die agent nie, maar ek word nou God se agent.

### 7.6 Die sin van die lewe

In sy boek “Waarom lewe ek: hulde aan die hoop” beskryf Viktor Frankl ook sy wedervaringe in die Nazi-konsentrasiekamp tydens die Tweede Wêreldoorlog. Die konsentrasiekamp het sy bestaan van alle bykomstighede gestroop. Vanuit hierdie situasie het hy begin dink oor die vraag “Waarom kies ‘n mens om aan te hou lewe?” en “Hoe gaan ‘n mens voort met die lewe sodat dit nog vir jou die moeite werd is?”

Hy sê dat hy tussen twee groepe mense onder sy medegevangenes kon onderskei: diegene met ‘n lewensmikpunt (iets wat hulle nog wou doen of bereik, of iemand vir wie



© University of Pretoria

hule nog iets kon beteken) en die sonder vooruitsigte. Hy kom tot die gevolgtrekking dat daar sin in moeilike omstandighede gesoek moet word. Elke mens moet uitvind wat die doel van sy of haar lyding is.

Victor Frankl sluit hom aan by Friedrich Nietzche se bekende uitdrukking, wat in 'n Engelse weergawe lui: "He who has a why to live for, can bear with almost any how." Hoop kan dus die verskil maak tussen 'n lewe sonder betekenis en 'n lewe met betekenis, volgens Bartlett (2007:24).

In sy boek "Long walk to freedom" skryf Nelson Mandela oor sy wedervaringe in die gevangenis op Robbeneiland. Die gevangenis kan wel 'n mens se bewegings inperk en jou menswaardigheid degradeer, maar nie jou menslike gees nie. "The challenge for every prisoner is how to survive prison intact, how to emerge from prison undiminished, how to conserve and even replenish one's beliefs" (Mandela 2000: 375).

"Part of being optimistic is keeping one's head pointed towards the sun, one's feet moving forward. There were many dark moments when my faith in humanity was sorely tested, but I would not and could not give myself up to despair" (Mandela 2000:377).

## 7.7 Hoop

Voorafgaande bring my by die tema van hoop. Hoop is dit wat ons dryf om elke dag aan te gaan ten spyte van omstandighede.

### 7.7.1 Definisies van hoop

Verskeie navorsers het hoop gedefinieer. Hoop word onder andere gesien as 'n dryfveer om verandering te weeg te bring. Hoop gee ons ook nuwe perspektiewe, wanneer die lewe uitsigloos is. Volgens Macquarrie (1983:243) is hoop die volgende: "a diffuse inclusive concept, denoting a mood or an attitude in which beliefs, emotion, imagination and purpose are all combined…characterized by a measure of confidence and affirmative expectation about the future."

Woodward (1972:34) sê die volgende: "What is most authentic about (human beings) is the disposition to hope, to live from the future rather than in terms of the past and



© University of Pretoria

present. In hoping, (humanity) reaches beyond every apparent limit with anticipation, inquiry, and vision… Hope is not the calculation of a new future based on extrapolations from present data; it is a confidence that the unpredictable will happen. The most fundamental consciousness… is a passionate longing for what is 'not yet'. When (human beings are) truly in possession of (their) existence, (they) experience the process of hoping as a militant aspiration for something new in the future."

Lester (1995:62) haal vir Lynch aan wat hoop definieer as "…a fundamental knowledge and feeling that there is a way out of difficulty…that we as human persons can somehow handle and manage internal and external reality…"

Volgens Botha (2006:97) is daar 'n paar belangrike aspekte wat by die omskrywing van hoop ter sprake is:

- Hoop word op kennis gebou en is nie net 'n fantasie nie. Tog word hoop nie net op kognitiewe menslike reaksies gebou nie, maar dit hang ook nou saam met die emotiewe aard van ons menswees. Hoop bied dus ruimte vir 'n groter werklikheid waarin daar ook ruimte is vir verbeelding en verwagting.
- Hoop is ook werklikheidsgetrou en wil dus nie die realiteite van die lewe misken of ontvlug nie. Dit wil vir elke persoon die moed gee om die realiteite van sy of haar lewe in die gesig te staar.
- In die stories van hoop is daar altyd potensiaal en verwagting. Wanhoop beklemtoon gewoonlik die onmoontlike, terwyl hoop daarenteen juis die dinamika van moontlikhede bevat.
- Hoop is toekomsgerig en vind energie vanuit die toekomsdimensie van die menslike lewe. Hoop fokus dus op 'n oop toekoms met nuwe moontlikhede.

Hoop word genereer binne bepaalde menslike sisteme. Betekenisvolle gemeenskappe genereer hoop, omdat daar vertrouensverhoudinge tussen die mense bestaan. Hoop kan dus nooit in isolasie bestaan nie. Hoop bind mense aanmekaar.



© University of Pretoria

### 7.7.2 Faktore wat hopeloosheid veroorsaak

Lester (1995:74) lig die volgende faktore uit wat hopeloosheid kan veroorsaak:

- Die verlies van 'n toekomsstorie
- Die bereiking van die einde van 'n toekomsstorie
- Persone is nie gewillig om hulleself te wees nie
- Die onvermoë om die verlede en die toekoms toe te eien
- Om beperk te word deur die hede
- Vasgevang in 'n begrensde toekomsstorie
- Om leegheid in die gesig te staar
- Negatiewe Godsbeelde

### 7.7.3 Twee belangrike kategorieë van hoop

Lester (1995:63-66) onderskei twee belangrike kategorieë van hoop, naamlik begrensde en onbegrensde hoop.

- **Begrensde hoop**

Begrensde hoop funksioneer binne 'n bekende tydsraamwerk en die begrensde tydsdimensies van ons menswees. Hierdie hoop word in tydelike prosesse, begeertes en objekte vasgevang. Dit word deur die taal wat ons gebruik weerspieël. Dit word dus deur die tydsdimensies van ons aardse lewens begrens. In begrensde hoop moet 'n doelwit gewoonlik bereik word.

- **Onbegrensde hoop**

Onbegrensde hoop is gesetel buite die grense van ons menslike verstaansprosesse en waarneming. Tog kan hierdie hoop in konkrete lewensituasies vorm aanneem binne ons aardse tydsdimensies.

Dit word gevind in betekenisvolle verhoudings waarin 'n oop toekoms gekommunikeer word. In 'n oop toekoms word die totale tydsdimensies van menswees, naamlik verlede, hede en toekoms, tot 'n eenheid saamgebind.



© University of Pretoria

Christelike hoop vind ons juis in onbegrensde hoop, want dit gaan om 'n verhouding met die onbegrensde, misterieuse en betroubare God. Die kern van onbegrensde hoop is gesetel in ons spirituele ervarings. Ons vind die anker van ons hoop in die liefdevolle en regverdige karakter van God. God is alreeds aan die werk in die toekoms. Hy nooi ons uit om die waagmoed te hê om grense oor te steek en deel te hê aan Sy toekoms.

Dit is belangrik dat daar nooit goedkoop en maklik met hoop omgegaan moet word in navorsing, sowel as in die terapeutiese proses nie. Valse en goedkoop hoop kan baie skade berokken aan die partye wat betrokke is. Hoop mag dus nooit oorvereenvoudigde oplossings en antwoorde bied nie. Ware hoop is geleë in 'n liefdevolle en verantwoordelike proses.

### 7.7.4 Christelike hoop

Moltmann (1988:3) beweer dat die Christelike hoop sedert Augustinus gereduseer is tot die verlossing van die menslike siel. Hy bou sy teologie van hoop op die wederkoms as basis. Dit bestaan uit die hoop op God se heerlikheid, die hoop in God vir 'n nuwe skepping en die hoop in God vir die opstanding en die ewige lewe. Christelike hoop word 'n realiteit vir ons as mense deur Jesus se lyding op aarde en sy kruisdood, asook die oorwinning oor die dood in Sy opstanding.

Müller (2000:42) is van mening dat hoop vir Christene by die verlossingsteologie aansluit. Die Christelike hoop ontvou in die spanningsveld van Christus se verlede, dit wat reeds was en die toekoms, dit wat nog moet plaasvind. God kom vanuit die toekoms om ons as mense uit te nooi en in die toekoms te ontmoet. Hierdie beweging van God vanuit Sy toekoms na ons hede vorm die grondslag van die Christelike hoop. Dit bied aan ons as Christene 'n toekoms met betekenis.

Müller (2009:111) sê dat ons as Christene se hoop juis in ons godsdiens lê, omdat ons 'n onvoltooide godsdiens het. Met die hemelvaart word die heilswerk van Christus uitgestel. Daar word 'n tussentyd geskep waarin ons Jesus se verteenwoordigers en volgelinge op aarde moet wees. Hierdie tussentyd is vir Christene dus 'n tyd van hoop, want Jesus is nou weer komende. Met hierdie gebeure word die gelowiges in die



© University of Pretoria

spanningsveld geplaas tussen die eerste en tweede koms van Christus. Hulle word nou Sy medewerkers.

Christene word dus gemotiveer van twee kante af. Uit die verlede, uit dit wat reeds bereik is in die verlossingswerk van Christus, maar ook uit die toekoms, uit die verwagting dat Hy tog oppad is om alles te kom afhandel. Daar wag iets groter as wat ons nou ervaar. Christene lewe dus uit die herinnering en lewe in die hoop.

Die Christendom is dus uniek van ander godsdienste omdat dit nie 'n geslote, afgehandelde sisteem is nie. Dit behels ook nie wette en reëls en aanwysings vir die lewe nie. Dit behels wel die viering van die Christelike hoop en dat God met ons oppad is. Dit is ook nie 'n godsdiens van antwoorde nie, want dit is nie voltooid genoeg om antwoorde te gee nie. Dit is 'n godsdiens van verwagting en hoop, volgens Müller (2009:113).

### 7.7.5 Hoop en profetiese verbeelding

Hoop en verbeelding is baie naby aan mekaar en word soms as sinonieme gebruik. Brueggemann (1993:14) sê dat hoop voortvloei uit die profetiese verbeelding. Dit is 'n teologiese konsep wat in die taal van die verbond tussen 'n persoonlike God en die gemeenskap gevoer word. Hoop word gesetel in die trou van die Verbondsgod wat Hom in die Bybel aan ons openbaar.

"Hope, the conviction that God will bring things to full, glorious completion, is not an explanation of anything. Indeed, biblical hope most often has little suggestion about how to get from here to there. It is rather an exultant, celebrative conviction that God will not quit until God has had God's full way in the world" (Brueggemann 1993:40).

Volgens Van Zyl (2000:22) koppel Brueggemann hoop ook baie nouer aan die eskatologie as hy skryf:

"The fundamental hope of the Bible is that the disproportion will be overcome. Prophetic hope is about lion and lamb together" (Isa. 11:6-9), about swords into ploughshears and spears into pruning hooks (Mic. 4:3-4), about new covenant in which all will know the torah and all will be forgiven (Jer. 31:31-34), about a new shepard king



© University of Pretoria

who will do justice (Ezek. 34:11-16), about planting and building and enjoying the produce (Isa. 65:21-22). Israel's hope and God's promise characteristically concern a transformation of the world of disproportion" (Brueggemann 1987:87).

Brueggemann plaas 'n sterk klem op die voorkoms van hoop by die groot profete, Jeremia, Esegiel, Deuterojesaja en Dawid en trek die lyn dan ook deur na Jesus Christus.

Daar bestaan baie raakpunte tussen narratiewe terapie en die werk van Walter Brueggemann. Die sentrale begrip blyk "verbeelding" te wees.

### 7.8 Verbeelding

Uit ons ervarings van die verlede en die hede projekteer ons beelde van hoe ons bestaan in die toekoms sal wees. Deur verbeelding "verbeel" ons onsself 'n nuwe werklikheid. Nuwe lyne word tussen sake en gebeure getrek, wanneer ons onsself 'n toekomsverhaal verbeel. So word nuwe realiteite geskep en nuwe interpretasies moontlik gemaak. Müller (1996:135) verwys na Putman om te verduidelik hoe die "ek" verskillende, selfs konstrasterende posisies ten opsigte van die werklikheid kan inneem.

Die veskillende "ek-posisies" kan dan met mekaar in gesprek tree, sodat nuwe betekenisse kan onstaan wat nie vantevore bestaan het nie. Verandering kan dan plaasvind, omdat herinterpretasie van die werklikheid plaasgevind het. Dit gee weer aanleiding tot 'n herontdekking van waardes waardeur 'n nuwe vertel van die verhaal moontlik gemaak word.

Müller (2000:42) beklemtoon dat 'n mens verander na 'n toekomsbeeld toe.

Die verbeelding van 'n toekomsverhaal is 'n kragtige middel tot verandering in die hede. Daardeur kan mense weer gehelp word om motivering, opgewondenheid en doelgerigtheid te herwin, (Müller 2000:99).

Verbeelding en verandering kan nie plaasvind in die voor-die-hand-liggende logiese oplossings nie. Dit lê in onontginde en verrassende moontlikhede, met verbande wat



© University of Pretoria

nog nie vantevore gelê is nie. Dit is ‘n benadering wat ruimte laat vir meer as logika en logiese redenasies. Kreatiwiteit kom juis na vore wanneer die bewustelike oordeel plek maak vir naiwiteit, spelerigheid en kinderlike onskuld, volgens (Müller 2000:65).

Freedman en Combs (1996:693) wys daarop dat verbeelding baie keer gebruik kan maak van metafore. Die unieke ervaring van mense, waarvan die betekenis altyd gedeeltelik ontwykend is, kom tot uitdrukking in metafore. Metafore het nie ‘n vaste betekenis nie en die uitwerking daarvan kan nie voorspel word nie. So stimuleer metafore weer verdere verbeelding en nuwe moontlikhede en interpretasies kan weer geskep word.

Hieronder volg ‘n uittreksel uit die storie van Sandra, waar sy metafories oor haar rol as siefma praat:

*‘n Vloerlap moet vuil werk doen. Jy gebruik hom as jy hom nodig het, en gooi hom vuil en onvertroetel terug op ‘n plek wat niemand kan sien nie tot jy hom weer nodig het, dan onthou jy – o, ja, ek het ‘n vloerlap in die kas. Niemand worry oor die welstand van ‘n vloerlap nie en as jy hom nou tot op die been gebruik het, kry jy sommer net dood eenvoudig net ‘n nuwe een – no strings attached.*

*Dis omtrent presies dit – hulle praat net met my as hulle iets uit die deal uit kan kry, Hulle verwag ek moet altyd daar wees vir hulle maar feed niks terug nie.*

Hart (2009:128) voer aan dat verbeelding ook ‘n groot rol moet speel in die manier hoe die stiefma haar rol moet hanteer. “An internal parental stance which underlies ‘good enough’ stepmothering is conceptualized and the complex psychological processes which underlie this achievement are explored…”

Die verbeelding van ‘n ander, beter toekoms, is ten diepste ‘n geloofsaak, volgens Müller (2000:102). Die herinterpretasie en die konstruksie van nuwe verhale aan die hand van ‘n verbeelde toekoms, skep die ruimte om in die lig van God se storie, jou eie storie te herskep. Mense moet gehelp word om hulle eie verhaal so te vertel dat dit deel vorm van God se Verhaal.

Lientjie droom so oor haar toekoms:



© University of Pretoria

*Vir myself droom ek om in vrede saam met my man oud te word. Hy is my sielsgenoot, by hom maak ek sin! Ek droom om saam met hom die lewe te geniet en kans te kan kry om los te kom van 'n seer verlede en om ons voluit te kan uitstrek na 'n heel toekoms.*

*Ek droom om vir God te kan werk...om geleentheid te kry om my roeping te kan uitleef.*

*Ek droom van 'n reuse boom met oorvloedige koelte, 'n lang pragtig gedekte tafel met heerlike kos...ons met ál ons kinders en hulle gesinne en die geluid van loutere vreugde en vervulling!*

### 7.9 'n Nuwe taal….

Müller (2009:114) sê dat ons as Christene 'n nuwe taal moet gebruik. Gelowiges moet glo en aanvaar dat daar "meer" is as wat ons kan sien en beheer. Ons moet droom, dinge sien wat ander nie sien nie en hoop. Christene moet lewe asof hulle reeds deel het aan 'n ander wêreld. Botha (2012) beklemtoon dat ons dit moet inoefen om taal van hoop te praat, 'n "nuwe taal". Hierdie "nuwe taal" word die voertuig waarmee nuwe lewe en hoop in elke gesin oorgedra word. In ons gesinne moet ons oefen om stories van hoop met mekaar te deel, al dink ons dalk dat dit nie noemenswaardig is nie. Ons moet God in elke klein dingetjie begin raaksien en weer verras word deur God se daar-wees en betrokkenheid in ons lewens.

Volgens Botha (2012) kan ons deur Godsvrae te vra hoop vir ons gesinne bring. Die volgende vrae kan gevra word:

- Wie is God Drie-enig vir my?
- Waarmee is Hy op die oomblik in my lewe en in my gesin besig?
- Wat is God se droom vir my gesin?
- Hoe/Waar is ek deur God in my gesin verras?



© University of Pretoria

## 7.10 Christelike hoop en gesinne

### 7.10.1 "Onvoltooide" gesinne

Müller (2009:113) pas hierdie hoop prakties toe op ons gesinslewe. Net soos wat ons 'n onvoltooide godsdiens het, is gelowiges se gesinne ook onvoltooid. Daarom bestaan Christene se gesinservarings ook soms uit pyn en vreugde. Die pynlike ervarings is deel van die voorlopigheid en onvoltooidheid, maar daar is altyd ook die troos van dit wat nog kan wees. God is alreeds in ons toekoms aan die werk.

Müller (2009:113) haal vir Brueggemann aan wat sê dat die vestiging van 'n hoopvolle gesin behels dat ons sal besig wees met "telling a past and dreaming a future". Elke gesin moet 'n "kort" en 'n "lang" geheue hê. In die kort geheue gaan dit oor die gesin se eie geskiedenis wat onthou moet word. Die gesin- en familiestorie wat vertel en hervertel word skep 'n verhalende kultuur. So word die gesin se eie identiteit in stand gehou. Maar daar is ook die langtermyn geheue waaruit die gesin leef. "Telling a past" het met die langtermyngeheue of stories van gesinne en met God se groter Verhaal te doen. Die volgende geslagte moet gebind word aan die verlede soos wat God dit laat afspeel het. Dit is veral belangrik in die storie van elke nuwe hersaamgestelde gesin. Hierdie gesin moet dus ook sy eie unieke storie hê, sowel as die stories van die gesinne van die verlede waaruit hierdie gesin saamgestel is.

In praktyk beteken dit vir die Christelike huisgesin dat volmaakte gesinne nie regtig bestaan nie. As ons godsdiens onvoltooid is, dan is ons as Christene onvoltooid en dan is Christengesinne ook onvoltooid. Daarom is probleme en moeilikheid ook deel van Christengesinne. Konflik kan ook normaal en goed wees. Soos wat God Jakob in die Bybel se "probleemgesin" kon gebruik om sy doel met sy volk te bereik, so vorm onvolmaakte gesinne ook deel van God se groter plan. Christelik gesproke is daar nie "gearriveerde" gesinne nie, maar net wordende, onvoltooide en op pad-gesinne, volgens Müller (2009:115). Hierdie wete haal ook baie spanning uit die verhaal van elke hersaamgestelde gesin. 'n Gesin hoef dus nie volmaak te wees, om ook binne God se plan te val nie.



© University of Pretoria

Die “dreaming a future” en die hoop plaas ons in die spanning van die verwagting. Dit laat ons die “asof”-taal gebruik. Ons rig ons gesinslewe dus nie net op dit wat is nie, maar op dit wat kan wees. Ons laat toe dat die toekoms ons lewens in die hede rig. Die verwagting van ‘n beter toekoms help ons om ons hede ook beter te maak. Daarom kan ons dit ook waag om anders te wees. Ons strewe nie net na die toekoms nie, ons vier dit solank!

*Daar is slegs één manier om die pad van ’n hersaamgestelde gesin aan te pak en dit is met God as die toerleier. Dit vra dat ’n mens voortdurend by Hom sal stilraak, by Hom sal hoor en leer hoe om die pad te stap. Struikelblokke sal daar wel wees, maar Hy gee mens die vlerke om dit te oorkom. Sy liefde en genade is oorvloedig! En ja, dan kan ’n hersaamgestelde gesin ook in hulle samesyn alle lof en eer aan ons Vader bring! -* ***Lientjie***

### 7.10.2 Gesinsrituele

Belangrike tekens van hoop vir gesinne is gesinsrituele. Dit behels gebruike soos om Kersfees te vier of die geboorte of doop van ‘n kind te herdenk, volgens Müller (2009:116). Te midde van die onvolmaaktheid van die lewe, kan ons tog tekens oprig en bakens neersit wat vertel van ons gerigtheid op die toekoms.

*Ek sien ons as ‘n groot gesin en ook, dit leer ons die kinders ook elke dag, hierdie is jou gesin, hierdie is waarheen jy terugkom. As die wind buite vir jou te rof waai, ons sal jou ondersteun, jy kan maar terugkom hierna toe.*

*Iemand het jou nie aangestel nie, dis nie ‘n job nie, dis ‘n calling en daarom kan jy dit doen, want niks wat op jou pad kom sal te moeilik wees om te hanteer nie.*

*Ons het dus ‘n ander dissipline as ‘n gewone huisgesin en ‘n ander kultuur.*

*Ons sê altyd dat Die Huis ‘n ubuntu-kultuur het. Ons bou ‘n nuwe kultuur. Ons is nie voorstanders van “kaalvoet oor die berge” nie, net so min is ons voorstanders van net ‘n*



© University of Pretoria

*swart kultuur. Ons skep 'n kultuur vir die kinders dat dit vir hulle iets is om aan vas te hou, iets wat hulle eendag kan implimenteer in hulle eie lewens en gesinne -* ***Erna***

### 7.11 Humor

Volgens Frankl (2007:58) is humor een van die wapens van die menslike gees in die stryd om voortbestaan en selfbehoud. Humor is die mens se vermoë om afstand te skep en jou bo jou situasie uit te lig, al is dit dan ook maar net 'n oomblik lank. Frankl vertel dat daar verrassend genoeg wel humor in die Nazi-konsentrasiekamp was. Hy vertel dat hy 'n vriend wat langs hom gewerk het, geleer het om 'n aanvoeling vir humor te ontwikkel.

Frankl (2007:60) noem humor die "rekvermoë" van die menslike siel, wat herkenbaar word in emosionele soepelheid en aanpasbaarheid, of inpasbaarheid. Met inpassing wil jy jou losmaak van die gevaar om 'n slagoffer te wees en wil jy die situasie op 'n konstruktiewe wyse ombuig tot 'n geleentheid vir groei en verandering. Humor begin daar funksioneer waar jy van onversoenbare diskrepansie, teenstellings en paradokse bewus raak. Humor gebruik die wrywing tussen paradokse wat ons raaksien om nuwe energie te skep.

Humor ontmasker die bestaande werklikheid vir wat dit is en kontrasteer dit met ander opsies of moontlikhede. Dit hang alles af van die oog waarmee, of die perspektief van waaruit 'n mens kyk. Lewe en die kuns van lewe, word deur perspektief bepaal.

"Die lagwekkende in humor is dikwels dodelik ernstig. Spirituele lag is vol deemoed en weemoed. Humor is eintlik 'n deernisvolle vorm van huil oor menslike verganklikheid en broosheid, met die hoopvolle besef dat die lewe ook anders kan wees" (Frankl 2007:62).



© University of Pretoria

### 7.12 Ontginning van toekomsstories

Volgens Botha (2003:224) is dit noodsaaklik in die helingsproses dat daar van sekere strategieë gebruik gemaak kan word om sinvol tot die ontginning van hoopvolle toekomsstories te kan bydra. Strategieë wat gebruik kan word, is die volgende:

- Die vertel van stories

Verskillende moontlikhede bestaan om ‘n persoon uit te nooi om ‘n progessiewe en hoopvolle toekomsstorie te vertel. Hulle word uitgenooi om ‘n problematiese storie in die toekoms te projekteer as ‘n toekomsgerigte geleentheid. Volgens Lester (1995:145) kan die volgende stellings sinvol gebruik word: “If your life was made into a wonderful movie with a happy ending, tell me what the last part of that movie would look like.” “If you wrote me a letter in a few years and it was filled with good news about your life, what would the letter say?” “If I read a story in the newspaper about some wonderful thing that happens to you next year, what would it be?”

- Begeleidende verbeeldingsvlugte

Omdat baie persone uiters konkreet dink, is dit soms nodig om hulle te begelei om sinvolle verbeeldingsvlugte te onderneem om sodoende nuwe toekomsstories te probeer ontgin. Lester (1995:111) sien die proses soos volg: …”to take advantage of the human capacity for imagination and the ability to project pictures in ‘the mind’s eye’. The usual procedure is to invite the person to close his or her eyes and establish a meditative posture and attitude. When the person is relaxed, the pastoral caregiver structures a particular mental picture that moves the person into the content to be explored.”

- “Asof” gesprekke

Die strategie kan sinvol aangewend word deur mense toe te laat om verskillende moontlikhede te oorweeg en om te skakel in verbeeldingsvlugte wat gerig is op toekomstige scenarios. Lester (1995:111) stel dit as volg: “’As if’ conversations bypasses the uncertainty of the moment and assumes certain possibilities that ‘could’ be true for the sake of wondering about how one’s future story would take shape if



© University of Pretoria

certain events occurred. 'As if' conversations allows consideration of potentially threatening events on the horizon. These tension producing events can be talked about with less anxiety when they are only possibilities and not actualities, when they are discussed in a 'let's suppose' context."

- Drome

Drome speel 'n belangrike rol in mense se verbeelding van hul toekomsstories. Die inhoud van die drome is belangrik en daarom moet daar ag geslaan word op simbole, metafore en beelde. Lester (1995:112) haal vir Bloch aan wat die volgende sê: "Taught us the importance of daydreams as a dimension of human experience in which the hoping process is often near the surface…daydream is not studied in the same depth that nightdreams are researched, daydreams are the stuff from which future reality is constructed."

- Vrye assosiasie

Dit is 'n maklike strategie waardeur 'n persoon gehelp kan word om sy/haar gedagtes te verbaliseer. 'n Woord of spesiale gebeurtenis kan gebruik word om die persoon daarmee te help. Woorde wat gebruik kan word is woorde soos toekoms, eendag en môre. Spesiale gebeurtenisse wat gebruik kan word is dinge soos Kersfees, vakansie ensovoorts. Die gebeure word dus geassosieer met positiewe of negatiewe dinge in die toekoms.

- Fokus op toekomsgesprekke

Persone word partykeer beperk deur die hede, of hak vas by die verlede. Vir hulle is dit moeilik om 'n toekomsstorie te visualiseer. Dit is dus sinvol om op toekomsgesprekke te fokus. Lester (1995:114) sê die volgende daaroor:

"Even when the future stories we uncover are frightening, the act of making them speakable seems to energize pastoral conversation at any level."



© University of Pretoria

### 7.13 Samevatting

In hierdie hoofstuk is daar gefokus op die gebruik van Godstaal in die stories van die mede-navorsers. Daar is ook gekyk na die verskillende Godsbeelde wat mense kan hê. Daar is gekyk na dit wat sin in die lewe gee. Dit het my gebring by die tema van hoop. Spirituele taal wat hoop gee is bespreek, asook dit wat hoop gee vir gesinne, soos humor, verbeelding en gesinsrituele. In die volgende hoofstuk word die refleksie op die navorsing gegee.



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 8

# VOORLOPIGE KONKLUSIE EN REFLEKSIE

Die titel van die hoofstuk is "Voorlopige konklusie en refleksie", omdat geen navorsing ooit heeltemal afgehandel nie. Hierdie deel van die navorsing (proefskrif) is wel afgehandel. As navorser moet ek myself afvra of iets met hierdie navorsing bereik is en of dit wel die moeite werd was?

Freedman & Combs (1996:169) sê: "It is through the experience of reflecting on our experiences that we make meaning of it." Om navorsing te doen in die narratiewe paradigma het my opnuut bewus daarvan gemaak om te reflekteer op die navorsing, gedurende die proses sowel as aan die einde daarvan. Dit help om sin te maak van ervaringe, asook om die ervaringe te evalueer. Refleksie lei tot die bemagtiging van die navorser, sowel as die mede-navorsers. Dit lei tot integriteit en introspeksie en versterk die aaneenlopende leerproses vir beide die navorser en die mede-navorsers.

Snidle & Welsch (2001:150) bevestig ook die belangrikheid van refleksie deur die volgende te sê: "The purpose of pastoral care is not merely interviewing, but to provide conditions that facilitate voluntary change and growth. Always remember pastoral care is not the giving of information, … and it is not just the giving of advice. Neither is it the influencing of attitudes by persuading, leading or arguing. It does not change behavior by admonishing, threatening, warning or compelling."

Met hierdie studie was dit vir my belangrik dat stiefma's se stemme gehoor moet word. Stiefma's vorm deel van die gemarginaliseerde goepe in ons samelewing wie se stemme nie altyd gehoor word nie. Deur hulle stories te vertel, word hulle bemagtig en word daar verligting in soms moeilike omstandighede gebring. Stiefma's se stories moet ook vertel word, sodat die samelewing meer begrip vir hulle omstandighede sal kry. Die beeld van die "wrede stiefma" is hoofsaaklik te danke aan sprokies wat deur die eeue oorvertel is. Tog, by diepere delf na die oorsprong van sprokies, blyk dit dat dit nie opsetlik die bedoeling van die skrywers van sprokies, soos die Grimm-broers



© University of Pretoria

was, om 'n negatiewe stiefma-beeld te skep nie. Vroue blyk 'n groot rol te gespeel het in die oorvertel van sprokies in die vroeëre jare.

Navorsing oor families deur die eeue wys daarop dat vroue veral in die vorige eeue ondergeskik was aan mans. Die patriargale sisteme in die meeste kulture het veroorsaak dat vroue gesien is as versorgers van kinders en hoofsaaklik as huishoudsters moes optree. Om moeders te wees, is dus die rol wat deur die eeue aan vroue toegeken is. Hierdie afgedwingde moederskapsrol wat vroue moes inneem, speel vandag nog 'n groot rol in die moeilike posisies waarin stiefma's hulle soms bevind. Om 'n moeder ten alle koste vir stiefkinders te probeer wees, laat stiefma's met reuse skuldgevoelens en emosies van mislukking. Dit blyk dat stiefma's dalk eers moet probeer om slegs vriendskapsbande met stiefkinders aanknoop. Soos wat die verhouding verstewig, kan die stiefma meer 'n moederskapsrol inneem. Gemeenskappe plaas groot druk op hersaamgestelde gesinne om as kerngesinne te funksioneer. Tog verskil hersaamgestelde gesinne baie van kerngesinne. Elke gesin is uniek en moet self besluit hoe om gesond te funksioneer.

Een van die mede-navosers het nie kinders van haar eie nie en dit het meer druk op haar geplaas om ten alle koste 'n ma vir die kinders te probeer wees. Dit blyk dat spanning in die stiefma se rol afneem as sy en haar man saamstem ten opsigte van maniere van ouerskap en dissipline. Spanning neem toe as die pa as middelman tussen die stiefma en kinders probeer optree.

Die mede-navorser wie se man ook geen biologiese bande met die stiefkinders het nie, het minder spanning ervaar. Hierdie stiefma het ook minimale skuldgevoelens. In die Afrika-kultuur bestaan daar ook nie negatiewe persepsies oor stiefma's nie. Wanneer 'n ma sterf, word dit van die familie verwag om die ma se plek in te neem. Lede van die gemeenskap help almal om kinders groot te maak. Daar was wel finansiële druk en daar is probleme ervaar met die dissiplinering van die stiefkind.

Kerke en kerkgemeenskappe plaas baie druk op stiefma's. Om 'n goeie ma ten alle tye te wees, word baie keer gelyk gestel aan goeie christenskap. Dit word dus van 'n goeie



© University of Pretoria

christenvrou verwag om ‘n goeie ma te wees. Godsbeelde wat in ons Afrikaanse kultuur leef, soos God wat agent optree, laat stiefma’s veral met skuldgevoelens.

Deur hierdie navorsing aan te pak binne die postfundamentele praktiese teologie en dan volgens die model wat Müller (2004:300) daarvoor ontwikkel het, was aanvanklik moeilik. Met die jare het ek egter beter insig begin kry en was die sewe bewegings ‘n goeie rigtingwyser vir my tot op die einde van die navorsing. Dit het ‘n goeie struktuur vir die navorsing verskaf, maar was nie rigied nie. Dit het genoeg ruimte gelaat vir my eie kreatiwiteit.

Om die navorsing aan te pak met die vier mede-navorsers was ‘n wonderlike ervaring vir my, maar ook ‘n groot verantwoordelikheid. Dit was ook blootstellend, omdat ek self met hulle stories kon identifiseer. Ek moes deurentyd daarteen waak om nie te betrokke te raak by hulle stories nie. Die pad wat ek met die mede-navorsers geloop het en die feit dat hulle my toegelaat het om deel van hulle stories te word, het my eie menswees verryk en my ervaringsveld verbreed. Dit het my ook gehelp om beter sin van my eie storie te maak.

Ek het aanvanklik besluit om die tesis in Engels te skryf, maar het in die helfte van die navorsingsproses besluit om oor te slaan na Afrikaans. Dit het my meer selfvertroue gegee met die skryf van die tesis, omdat Afrikaans my moedertaal is. Omdat drie van die vier mede-navorsers ook Afrikaanssprekend is en hulle stories in Afrikaans geskryf is, het dit my taak met die invoeging en interpretasie van die stories in die tesis vergemaklik, deur dit in Afrikaans te doen. Tog is daar bepaalde nadele aan my besluit om die tesis in Afrikaans te skryf. Die tesis is nou slegs toeganklik vir Afrikaanssprekende lesers of lesers wat Afrikaans magtig is. Vir die res van die mense is die tesis dus ontoeganklik. ‘n Groot gehoor word dus daardeur uitgesluit.

Wat kon ek anders of beter in die studie gedoen het? Daar bestaan baie min Suid-Afrikaanse literatuur oor stiefma’s en hersaamgestelde gesinne. Ek was dus hoofsaaklik aangewese op oorsese literatuur. Ek kon meer moeite gedoen het met die literatuurstudie van stiefma’s in die Afrika-kultuur. Dit sou die swart mede-navorser se konteks beter verklaar het. Ek kon ook ‘n meer diverse groep mede-navorsers gekies



© University of Pretoria

het. Al vier die mede-navorsers is Christene. As ek mede-navorsers uit ander godsdienste betrek het, sou dit studie verbreed het. As die stemme van die stiefkinders in elke situasie ook gehoor kon word, sou dit die studie meer geloofwaardig kon maak. Meer opvolggesprekke met die mede-navorsers sou die stories nog beter kon belig. As gevolg van tydsbeperkinge en besige programme was dit nie altyd moontlik nie. Opvolggesprekke in die interdissiplinêre proses met die interdissiplinêre span, sou die interdissiplinêre beweging verdiep het. Tydsbeperkinge het dit egter nie toegelaat nie.

Om gemaklik te wees in die narratiewe paradigma het tyd geneem. Narratiewe navorsing is dus nie ‘n maklike opsie nie. Narratiewe navorsing is ‘n tydrowende en moeisame proses. Die gesprekke met die mede-navorsers het baie tyd in beslag geneem. Ek moes groei in die “nie-wetende-posisie”. Ek moes leer om die regte vrae te vra, sodat gevoelens sowel as die “groter” stories vertel kon word. Ek stem saam met Klein (2002:269) wat die volgende gesê het: “It made me to realize that the therapist or researcher facilitates a process of which he or she is not in control. But rather a process in which the therapist or researcher listens, takes a not-knowing position and asking questions in such a manner that the companions understand the ultimate meaning they give to their existence, and that they are in control of their destiny.”

Die interdissiplinêre proses was tydrowend, maar ek het baie daardeur geleer. Dialoog tussen die verskillende dissiplines het ook die stories en konteks beter belig. Ek moes doelbewus wegbeweeg van my eie interpretasies. My eie kennis en tradisies van interpretasie is dus verbreed.

Volgens die sewende beweging van Müller (2004:300) se model, is dit belangrik dat al die interpretasies – die stories van die mede-navorsers, die literatuur oor die konteks, die interpretasies van die interdissiplinêre span en die interpretasie van die navorser moet lei tot alternatiewe betekenisse en verstaan, wat rigting gee buite die konteks en die lokale gemeenskap. Müller, Van Deventer & Human (2001:89) sê die volgende: “Research creates its own story with new possibilities. Therefore, narrative research doesn’t end with a conclusion, but with an open ending, which hopefully will stimulate a new story and new research. Hopefully the end will be happy, but in any case, there will



© University of Pretoria

be an end that's different from the beginning. In that sense the end will always be better than the start."

Moontlike verdere navorsing kan die volgende insluit:

- Studies kan gedoen word oor hoe stiefkinders hulle stiefma's ervaar.
- Gesprekke tussen stiefma's en stiefkinders kan gefasiliteer word – Bring dit verligting in hersaamgestelde gesinne?
- Worstel stiefma's uit ander godsdienste met dieselfde skuldgevoelens as Christen-stiefma's?
- Wat is die kerk se siening oor stiefma's en hersaamgestelde gesinne? Programme kan ontwikkel word om stiefma's in hersaamgestelde gesinne by te staan.
- 'n Ondersteuningsgroep vir stiefma's kan begin word. Navorsing kan dan daaruit voorvloei.

Ek hoop dat hierdie studie kan bydra tot beter begrip vir stiefma's, sowel as hersaamgestelde gesinne. Stiefma's se ervaringe bestaan uit pyn en vreugde. Dit is deel van die onvoltooidheid van die lewe. Tog weet ons dat God alreeds in ons toekoms aan die werk is en daarom kan stiefma's elke dag met hoop aanpak!



© University of Pretoria

# BIBLIOGRAFIE

Allen, D., 1989, 'Christian values in a post-Christian context', in F.B. Burnham, (ed.), *Postmodern theology: Christian faith in a pluralistic world,* Harper & Row Publishers, San Francisco.

Anderson, H., Browning, D.S. & Evison, I.S. (eds.), 1998, *The family handbook*, Westminster John Knox Press, Louisville, Kentucky.

Babbi, E. & Mouton, J., 1998, *The practice of social research*, Oxford University Press, Oxford.

Bacchilega, C., 1997, *Postmodern fairy tales: Gender and narrative strategies,* University of Pennsylvania Press, Philadelphia.

Balswick, J.O. & Balswick, J.K., 1989, *The family: A Christian perspective on the contemporary home*, Baker Book House, Grand Rapids, Michigan.

Bartlett, A., 2007, *Waar hoop is, is lewe: vir vuisvoos-teen-die-wind-mense*, Lux Verbi.BM, Wellington.

Beardslee, W.A., 1989, 'Christ in the postmodern age: Reflections inspired by Jean-Francois Lyotard', in D.R. Griffin, W.A. Beardslee & J. Holland (eds.), *Varieties of postmodern theology*, pp.63-80, State University of New York Press, New York.

Blackwell, J., 2001, 'Introduction: The historical context of German women's fairy tales', in S.C. Jarvis & J. Blackwell (eds. and transl.), *The queen's mirror: Fairy tales by German women, 1780-1900,* pp. 1-11., Lincoln, University of Nebraska Press.



© University of Pretoria

Botha, J.A., 2003, 'Narratiewe pastorale egskeidingsmediasie: stories van hoop', PhD-proefskrif, Praktiese Teologie, Universiteit van Pretoria.

Botha, J.A., 2006, *'n "Suksesvolle" egskeiding: moontlike stories van hoop*, Magalies Trust, Pretoria.

Botha, J.A., 2012, 'Menswaardigheid! Lesing vir die Taakspan vir Diversiteit van die Algemene Sinode van die NG Kerk', *Lesing gelewer by die Lentekonferensie*, Universiteit van Pretoria, September 2012.

Bottigheimer, R.B. (ed.), 1986, *Fairy tales and society: Illusion, allusion, and paradigm,* University of Pennsylvania Press, Philadelphia.

Bottigheimer, R.B., 1986, 'Silenced women in the Grimms' Tales: The "fit"between fairy tales and society in their historical context', in R.B. Bottigheimer (ed.), *Fairy tales and society: Illusion, allusion, and paradigm*, pp. 115-131, University of Pennsylvania Press, Philadelphia.

Brink, A.P., 2008, *Groot Verseboek,* Deel 1, Tafelberg, Kaapstad.

Brink, E. 2008, 'Die Volksmoeder: 'n beeld van 'n vrou', in A.M. Grundlingh & S. Huigen (reds.), *Van Volksmoeder tot Fokofpolisiekar: Kritiese opstelle oor Afrikaanse herinneringsplekke,* pp.7-16, Sun Press, Stellenbosch.

Brown, D., 2006, 'Four Gods of Christian faith', in F.L. Schults (ed.), *The evolution of rationality: Interdisciplinary essays in honor of J. Wentzel van Huyssteen*, pp.294-305, Eerdmans, Grand Rapids.



© University of Pretoria

Browning, D., 2000, 'Pastoral theology in a pluralistic age', in J. Woodward & S. Pattison (eds.), *The Blackwell reader in pastoral and practical theology*, pp. 89-103, Blackwell, Malden.

Browning, D.S., 1996, *A fundamental practical theology: Descriptive and strategic proposals*, Fortress Press, Minneapolis.

Brueggemann, W., 1987, *Hope within history*, John Knox Press, Atlanta.

Brueggemann, W., 1993, *The Bible and postmodern imagination: Texts under negotiation*, SCM Press, London.

Büchner, E.P., 2007, 'Ek het 'n roeping: Vrouepredikante se toelating in die Nederduitse Gereformeerde Kerk. 'n Kerkhistoriese en Prakties-Teologiese studie', DD Teologie, Kerkgeskiedenis, Universiteit van Pretoria.

Burnham, F.B. (ed.), 1989, *Postmodern theology: Christian faith in a pluralistic world*, Harper & Row Publishers, San Francisco.

Burr, V., 1995, *An introduction to social constructionism,* Routledge, New York.

Campbell, K.M. (ed.), 2003, *Marriage and family in the Biblical world*, Intervarsity Press, Downers Grove, Illinois.

Caputo, J.D. (ed.), 1997, *Deconstruction in a nutshell: A conversation with Jacques Derrida*, Fordham University Press, New York.

Caputo, J.D. & Scanlon, M.J. (eds.), 1999, *God, the gift, and postmodernism*, Indiana University Press, Bloomington.



© University of Pretoria

Caputo, J.D. & Scanlon, M.J., 1999, 'Introduction. Apology for the impossible: religion and postmodernism', in J.D. Caputo & M.J. Scanlon (eds.), *God, the gift, and postmodernism*, pp. 1-19, Indiana University Press, Bloomington.

Carlson, T.D. & Erickson, M.J. (eds.), 2002, *Spirituality and family therapy*, Haworth Press, New York.

Claasen, G. & Gaum, F., 2012, *God? Gesprekke oor die oorsprong en uiteinde van alles*, Tafelberg, Kaapstad.

Claassens, J., 2009, *'n Groter God,* Lux Verbi, Wellington.

Claassens, L. J. M., 2009, 'Putting a (gendered) face on poverty: With special attention to Jesus' foremothers in Matthew 1', *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 50(1 & 2), 311-320.

Clandinin, D.J. & Connelly, F.M., 2000, *Narrative inquiry: Experience and story in qualitative research,* Jossey-Bass (Wiley), San Franciso.

Clandinin, D.J. (ed.), 2007, *Handbook of narrative inquiry*. Sage Publications, Thousand Oaks, California.

Cohn, L., 2005, 'Steps to stepmother success', *The Christian Science Monitor,* viewed 2 March 2013 from http://www.csmonitor.com.

Dainton, M., 1993, 'The myths and misconceptions of the stepmother identity: Descriptions and prescriptions for identity management', *Family Relations* 42(1), 93-98.

Demasure, K. & Müller, J., 2006, 'Perspectives in support of the narrative turn in pastoral care', *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 47(3/4), 410-419.



© University of Pretoria

Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. (eds.), 2000, *Handbook of qualitative research*, 2nd edn., Sage Publications, Thousand Oaks, California.

Dreyer, Y., 2000a, 'Vrou as beeld van God, Deel 1: 'n Historiese ondersoek – Vanaf Genesis tot die Middeleeue', *HTS Teologiese Studies* 56 (2&3), 672-696.

Dreyer, Y., 2000b, 'Vrou as beeld van God: Vanaf die Reformasie tot die twintigste eeu', *HTS Teologiese Studies* 56 (4), 949-972.

Dreyer, Y., 2005, 'Sexuality and shifting paradigms – setting the scene', *HTS Teologiese Studies* 61(3), 729-751.

Du Toit, B., 2000, *God? Geloof in 'n postmoderne tyd,* CLF-Uitgewers, Bloemfontein.

Eybers, E., 2008, 'Maria', in A.P. Brink, *Groot Verseboek, Deel 1*, p. 225, Tafelberg, Kaapstad.

Frankl, V., 2007, *Waarom lewe ek: Hulde aan die hoop.* Met nuut bygewerkte teks deur Daniël J. Louw, Naledi, Tygervallei.

Freedman, J. & Combs, G., 1996, *Narrative therapy: A social construction of preferred realities, W.W. Norton,* London.

Freire, P., 2000, *Pedagogy of the oppressed*, Continuum, London.

Gergen, K.J., 1985, The social constructionist movement in modern psychology, *American Psychologist* 40(3), 266-275.

Gilles, R., 1996, *A world of their own making: Myth, ritual, and the quest for family values*, Basic Books, New York.



© University of Pretoria

Gordon, T., 1990, *Feminist mothers*, MacMillan Education, Basingstoke.

Graham, E. 1996, *Transforming practice: Pastoral theology in an age of uncertainty*. Mowbray, New York.

Graham, E., 2000. 'Practical theology as transforming practice', in J. Woodward & S. Pattison (eds.), *The Blackwell reader in pastoral and practical theology*, pp. 104-117, Blackwell, Malden.

Grenholm, C., 2005, *Motherhood and love: Beyond the gendered stereotypes of theology,* transl. M. Taqvist, William B. Eerdmans, Grand Rapids, Michigan.

Griffin, D.R., 1989, 'Postmodern theology as liberation theology: A response to Harvey Cox', in D.R. Griffin, W.A. Beardslee & J. Holland (eds.), *Varieties of postmodern theology*, pp. 81-94, State University of New York Press, New York.

Griffin, D.R., Beardslee, W.A. & Holland, J. (eds.), *Varieties of postmodern theology*, State University of New York Press, New York.

Grundlingh, A.M. & Huigen, S., 2008, *Van Volksmoeder tot Fokofpolisiekar: Kritiese opstelle oor Afrikaanse herinneringsplekke,* Sun Press, Stellenbosch.

Heitink, G., 1993, *Praktische theologie: geschiedenis, theorie, handelingsvelden*, Kok, Kampen.

Henning, E., Van Rensburg, W. & Smit, B., 2004, *Finding your way in qualitqative research,* Van Schaik, Pretoria.

Hermans, C.A.M., Immink, G., De Jong, A. & Van der Lans, J. (eds.), 2002, *Social construction and theology*, Brill, Leiden; Boston.



© University of Pretoria

Heyns, L.M. & Pieterse, H.J.C., 1998, *Eerste treë in die praktiese teologie*, Gnosis, Pretoria.

Howe, T.R., 2012, *Marriages and families in the 21st century: A bioecological approach*, Wiley-Blackwell, Chichester, West Sussex.

http://www.searchquotes.com, viewed 23 Nov. 2012.

http://www.stepmommag.com, viewed 23 Nov 2013.

Human, D.J., 2006, 'Perspektiewe op erotiek en seksualiteit in die ou Nabye Ooste', *Verbum et Ecclesia* 27(1), 1-25.

Human, L., 2003, 'Fiction writing as a metaphor for research: A narrative approach', *Practical Theology in South Africa* 18(3), 40-58.

Human, L.H., Liebenberg, J. & Muller, J.C., 2001, 'Morality, imagination and human decision making', *Verbum et Ecclesia* 22(2), 300-313.

*It takes a village in Africa,* viewed 24 September 2011 from http://kabiza.com/it-takes-a-village.htm.

Janesick, V., 1994, 'The dance of qualitative research design', in N.K. Denzin & Y.S. Lincoln (eds.), *Handbook of qualitative research*, pp. 209-219, Sage, Thousand Oaks.

Jarvis, S.C. & Blackwell, J. (eds. and transl.), 2001, *The queen's mirror: Fairy tales by German women, 1780-1900,* University of Nebraska Press, Lincoln.



© University of Pretoria

Jarvis, S.C., 2001, 'From the cradle to the grave: some thoughts on reading these tales', in S.C. Jarvis & J. Blackwell (eds. and transl.), *The queen's mirror: Fairy tales by German women, 1780-1900*, pp. 361-368., University of Nebraska Press, Lincoln.

Jones, A.C., 2004, 'Transforming the story: Narrative applications to a stepmother support group', *Families in society* 85(1), 129-138.

Josselson, R., 2007, 'The ethical attitude in narrative research: Principles and practices', in D.J. Clandinin, (ed.), *Handbook of narrative inquiry*, pp. 537-566, Sage Publications, Thousand Oaks, California.

Katz, R. *Stepmother sisterhood: The pros and cons of online support,* viewed 6 May 2013 from http://www.writtenvoices.com

Kemmis S. & McTaggart, R., 2000, 'Participatory action research', in N.K. Denzin & Y.S. Lincoln, (eds.), *Handbook of qualitative research,* pp. 567-605, Sage Publications, Thousand Oaks, California.

Kerr, A.E., 2010, 'Cinderella's stepmother speaks out', *Womens Review of Books*, Mar/Apr, 27(2), 24-25.

King, J.R., 1992, *Old tales and new truths: Charting the bright-shadow world,* State University of New York Press, Albany.

Lamott, A., 1995, *Bird by bird: Some instructions on writing and life*, Achor Books, New York.

Leedy, P.D. & Ormrod J.E., 2005, *Practical research: Planning and design*, 8th edn, Pearson Prentice Hall, New Jersey.



© University of Pretoria

*Leefstyl-Bybel vir vroue*, 2003, Lux Verbi.BM, Wellington.

Lester, A.D., 1995, *Hope in pastoral care and counseling,* Westminster John Knox Press, Louisville, Kentucky.

Lieblich, A., 1998, *Narrative research: Reading, analysis and interpretation*, Sage Publications, Thousand Oaks, California.

Macquarrie, J., 1983, *In search of humanity: A theological and philosophical approach*, Crossroad Publishing, New York.

Malina, B.J., 1993, *The New Testament world: Insights from cultural anthropology*, Westminster/John Knox, Louisville.

Mandela, N., 2000, *Long walk to freedom,* MacDonald Purnell, Randburg.

Matthews, V.H., 2003, 'Marriage and family in the Ancient Near East', in K.M. Campbell (ed), *Marriage and family in the Biblical world*, pp. 1-32, Intervarsity Press, Downers Grove, Illinois.

McGoldrick, M., 2011, 'Women and the family life cycle', in M. McGoldrick, B. Carter & N. Garcia-Preto (eds.), *The expanded family life cycle: Individual, family and social perspectives,* 4th edn., pp. 42-58, Allyn & Bacon, Boston.

McGoldrick, M., Carter, B., Garcia-Preto, N., (eds.) 2011, *The expanded family life cycle: Individual, family, and social perspectives*, 4th edn., Allyn & Bacon, Boston.

McMahon, M., 1995, *Engendering motherhood: Identity and self-transformation in women's lives,* Guilford Press, New York.



© University of Pretoria

Meyers, C., 1997, 'The family in Early Israel', in L.G Perdue *et.al.*, *Families in Ancient Israel,* pp. 1-47, Westminster John Knox Press, Louisville Kentucky.

Miller, J.B., 1989, 'The emerging postmodern world', in F.B. Burnham (ed.), *Postmodern theology: Christian faith in a pluralistic world*, pp. 1-19, Harper & Row Publishers, San Francisco.

Moen, T. 2006, Reflections on the narrative research approach, *International Journal of Qualitative Methods* 5(4).

Moltmann, J., 1988, 'Love, death, eternal life: Theology of hope', in: F.B. Burnham, C.S. McCoy, M.D. Meeks, (eds.), *Love: The foundation of hope: The theology of Jurgen Moltmann and Elizabeth Moltmann-Wendel*, Harper & Row. San Francisco.

Morgan, A., 2000, *What is narrative therapy? An easy-to-read introduction*, Dulwich Centre Publications, Adelaide.

Moss, P., 2007, 'Meeting across the paradigmatic divide', *Educational Philosophy and Theory 39*(3), 229-245.

Müller, J., 1996, *Om tot verhaal te kom. Pastorale gesinsterapie,* Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria.

Müller, J., 2000, *Reis-geselskap: Die kuns van verhalende pastorale gesprekvoering,* Lux Verbi BM, Wellington.

Müller, J., 2002, *Gesinne van binne: vertel die verlede en droom oor die toekoms van jou gesin*, Barnabas, Bloemfontein.



© University of Pretoria

Müller, J., 2004, 'HIV/Aids, narrative practical theology and postfoundationalism: The emergence of a new story', *HTS Theological Studies* 60(1& 2), 293-306.

Müller, J., 2009, *Passie en spasie: Lewe in die gesin*, Griffel Media, Paarl.

Müller, J., 2011, *Om te mag twyfel: 'n gelowige se reis*, Tafelberg, Kaapstad.

Müller, J.C., 1999, *Companions on the journey*, Logos Electronic Publishers, Johannesburg.

Müller, J.C., 2005, 'A postfoundationalist, HIV-positive practical theology', *Practical Theology in South Africa* 20(2), 72-88.

Müller, J.C., 2009, 'Transversal rationality as a practical way of doing interdisciplinary work, with HIV and AIDS as a case study', *Practical Theology in South Africa* 24(2), 199-228.

Müller, J.C., 2013, 'Practical Theology as part of the landscape of Social Sciences and Humanities – a transversal perspective', *HTS Theological Studies* 69(2), viewed 6 March 2014, from http://www.hts.org.za.

Müller, J.C. & Schoeman, K., 2004, 'Narrative research: A respectful and fragile Intervention', *Sociale Interventie* 13(3), 7-13.

Müller, J.C., Van Deventer, W. & Human, L., 2002, 'Fiction writing as metaphor for research: A narrative approach', *Practical Theology in South Africa* 16(2), 76-96.

Muwati, I., Gambahaya, Z. & Gwekwerere, T., 2011, 'Africana womanism and African proverbs: Theoretical grounding of mothering/motherhood in Shona and Ndebele cultural discourse', *Western Journal of Black Studies* 35(1), 1-8.



© University of Pretoria

Neuger, C.C., 2001, *Counseling women: A narrative, pastoral approach*, Fortress, Press, Augsburg.

Nielsen, L., 1999, 'Stepmothers: why so much stress? A review of the research', *Journal of Divorce and Remarriage* 30(1-2), 115-148.

Oden, T.C., 1990, *After modernity … What?: Agenda for theology*, Zondervan Publishing House, Grand Rapids, Mich.

Osiek, C. & Balch, D.L., 1997. 'Families in the New Testament world: Households and house churches', in D.S. Browning & I.S. Evison (eds.), *The family, religion and culture,* (series), Westminster John Knox Press, Louisville, Kentucky.

Osmer, R.R., 2006, 'Toward a transversal model of interdisciplinary thinking in practical theology', in F.L. Schults (ed.), *The evolution of rationality: Interdisciplinary essays in honor of J. Wentzel van Huyssteen*, pp.327-345, Eerdmans, Grand Rapids.

Osmer, R.R., 2008, *Practical theology: An introduction*, William B. Eerdmans, Grand Rapids, Michigan.

Pattison, S. & Woodward, J., 2000, 'An introduction to pastoral and practical theology', in J. Woodward & S. Pattison (eds.), *The Blackwell reader in pastoral and practical theology*, pp. 1-19, Blackwell, Malden.

Patton, J. & Childs, B.H., 1988, *Christian marriage and family: Caring for our generations*, Abingdon Press, Nashville.



© University of Pretoria

Perdue, L.G. Blenkinsopp, J., Collins, J.J. & Meyer, C.L. (eds.), 1997, *Families in ancient Israel*, Westminster John Knox Press, Louisville Kentucky.

Phoenix, A.W. & Lloyd, E., 1991, *Motherhood: Meanings, practices and ideologies*, Sage, London.

Pienaar, S., 2003, 'An ethical reflection on a narrative research experience with the Ubisi family, a family living with Aids', *Praktiese Teologie in SA* 18(3), 59-81.

Pieterse, H.J.C., 1993, *Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingsteorie*, RGN-Uitgewers, Pretoria.

Rakoczy, S., 2004, *In her name: Women doing theology*, Cluster publications, Dorpspruit, Suid-Afrika.

Richter, A., 2010, 'Addressing the psycho-spiritual bereavement needs of HIV and Aids orphans and other vulnerable children', PhD thesis, Dept. of Practical Theology, University of Pretoria.

Rowe, K.E., 1986, 'To spin a yarn: the female voice in folklore and fairy tale', in R.B. Bottigheimer (ed.), *Fairy tales and society: Illusion, allusion and paradigm,* pp.53-74, University of Pennsylvania Press, Philadelphia.

Rubin, H.J., 1995, *Qualitative interviewing: the art of hearing data*, Sage Publications, Thousand Oaks, California.

Russel Bernard, H., 2000, *Social research methods: Qualitative and quantitative approaches*, Sage Publications, Thousand Oaks, California.



© University of Pretoria

Sampson, E.E., 1989, 'Foundations for a textual analysis of selfhood', in J. Shotter & J. Gergen, (eds.), *Texts of identity*, pp.1-19, Sage, London.

Schrag, C.O., 1992, *The resources of rationality: A response to the postmodern challenge*, Indiana University Press, Indiana.

Schults, F.L. (ed.), 2006, *The evolution of rationality: Interdisciplinary essays in honor of J. Wentzel van Huyssteen*, Eerdmans, Grand Rapids.

Shapiro, D.N. & Stewart, A.J., 2011, 'Parenting stress, perceived child regard, and depressive symptoms among stepmothers and biological mothers', *Family Relations* 60, 533-544.

Shotter, J. & Gergen, J. (eds.), 1989, *Texts of identity*, Sage London.

Snidle, H. & Welsch, R., 2001, *Meeting Christ in HIV/AIDS: A training manual in pastoral care*, Methodist Publishing House, Salt River.

Steier, F. (ed.), 1991, *Research and reflexivity*, Sage, London.

Steinmetz, S.K., Clavan, S., Stein, K.F., 1990, *Marriage and family realities: Historical and contemporary perspectives,* Harper & Row, New York.

*Stepfamilies Australia,* viewed 6 May 2013 from http://www.stepfamily.org.au

Stocker, B. (ed.), 2007, *Jacques Derrida: Basic writings*, Routledge, London.

Stone, K.F., 1986, 'Feminist approaches to the interpretation of fairy tales'. in R.B. Bottigheimer (ed.), *Fairy tales and society: Illusions, allusions and paradigms,* Philadelphia: University of Pennsylvania Press.



© University of Pretoria

Strange, W.A., 1996, *Children in the early church: Children in the Ancient World, the New Testament and the early church*, Paternoster Press, Carlisle, Cumbria.

Strydom, M., 2005, 'Vyf dogters van Eva skilder 'n engel: die gebruik van terapeutiese kuns in die uitlewing van spirituele identiteit by die jong volwasse vrou', PhD-proefskrif, Praktiese Teologie, Universiteit van Pretoria.

Swart, C., 2013, *Re-authoring the world: The narrative lens and practices for organizations, communities and individuals,* Knowres Publishing, Randburg.

Tatusko, A.M., 2005, 'The tacit media pedagogy as paraxial critique: A critique of postmodern theory for higher education curriculum', *Teachers College Record* 107 (1, January), 114-136.

*Theology in South Africa* 20(2), 72-88.

Van der Vyver, M., 2010, *Die mooiste sprokies van Grimm: 'n keur,* Human & Rousseau, Kaapstad.

Van der Walt, T.B., 'Sprokies – Oorsig.', *Myfundi: Jou aanlyn-ensiklopedie*, viewed 24 September 2012, from http://myfundi.co.za.

Van Eck, E., 2007a, 'Die huwelik in die eerste-eeuse Mediterreense wêreld (1): Vroue in 'n man se wereld', *HTS Theological Studies* 63(1), 81-101.

Van Eck, E., 2007b, 'Die huwelik in die eerste-eeuse Mediterreense wêreld (II): Huwelik, egbreuk, egskeiding en hertrou', *HTS Theological Studies* 63(1), 103-128.

Van Eck, E., 2007c, 'Die huwelik in die eerste-eeuse Mediterreense wêreld (III): Jesus en die huwelik', *HTS Theological Studies* 63(2), 481-513.



© University of Pretoria

Van Huyssteen, J.W., 1999, *The shaping of rationality: Towards interdisciplinarity in theology and science*, Eerdmans, Grand Rapids.

Van Huyssteen, J.W., 2006, *Alone in the world? Human uniqueness in science and theology*, The Gifford lectures, Eerdmans, Grand Rapids.

Van Huyssteen, W., 1997, *Essays in postfoundationalist theology*, Eerdmans, Grand Rapids.

Van Niekerk, P. n.d., *Towards a theology of the body. A spritiuality of imperfection*.

Van Rensburg, C., 2011, *Die prinses in elke vrou,* Hemel en See Boeke, Hermanus.

Van Wyk, D.J.C., 2002, 'Huwelik en seksualiteit in 'n postmoderne samelewing', *HTS Theological Studies* 58(1), 264-282.

Van Zyl, H.C., 2000, 'Verbeelding en hoop by Walter Brueggemann en die pastoraal-terapeutiese benutting daarvan', MA-Verhandeling, Universiteit van Pretoria.

Weaver, S.E. & Coleman, M., 2005, 'A mothering but not a mother role: A grounded theory study of the nonresidential stepmother role', *Journal of Social and Personal Relationships* 22(4), 477-497.

Woodward, D.O., 1972, *Beyond cynism. The practice of hope*, Westminster Press, Philadelphia.

Woodward, J. & Pattison, S. (eds.), 2000, *The Blackwell reader in pastoral and practical theology*, Blackwell, Malden.



© University of Pretoria

Zipes, J., 1988, *The Brothers Grimm: From enchanted forests to the modern world,* New York, Routledge.



© University of Pretoria

**Bylaag 1**

**Hansie en Grietjie**

Aan die rand van ‘n groot woud woon ‘n houtkapper met sy vrou en twee kinders; die seuntjie se naam is Hansie en die dogtertjie Grietjie. Die houtkapper is maar arm, en toe daar ‘n groot voedselskaarste kom, kan hy nie eens meer elke dag vir hulle brood koop nie. Terwyl hy een aand in die bed lê en bekommerd rondrol, sug hy en sê vir sy vrou” “Wat gaan van ons word? Wat kan ons met die arme kinders doen as ons nie eens meer vir onsself iets oorhet nie?” “Weet jy wat, my man?” antwoord die vrou. “Ons moet die kinders more vroeg na die digste deel van die woud neem en daar vir hulle ‘n vuur maak en vir elkeen ‘n stukkie brood gee. Dan gaan werk ons en los hulle daar. Hulle sal nie weer die pad huis toe kry nie en ons sal van hulle ontslae wees.”

“Nee, vrou, dit doen ek nie,” sê die man. “Hoe moet ek dit oor my hart kry om my kinders alleen in die woud te los? Die wilde diere sal hulle verskeur.” “Jou gek,” sê sy. “Nou moet ons al vier van honger doodgaan.” Sy laat hom nie met rus nie totdat hy ingee. “Maar ek kry die arme kinders so jammer,” sê die man. Die twee kinders, wat so honger is dat hulle ook nie aan die slaap kan raak nie, hoor wat hulle stiefma vir hulle pa sê. Grietjie gaan bitterlik aan die huil en sê vir Hansie: “Nou is dit klaarpraat met ons.” “Sjuut, Grietjie,” sê Hansie. “Moenie bang wees nie, ek sal vir jou sorg.”

En toe die ouers slaap, staan Hansie op, trek sy baadjie aan, maak die deur oop en sluip buitentoe. Die maan skyn helder en die wit klippies wat voor die huis lê, glinster soos muntstukke. Hansie steek soveel klippies as wat hy kan in sy sak, gaan terug en sê vir Grietjie: “Hou op huil, liewe sussie, en gaan slaap nou. Die liewe Heer sal ons nie verlaat nie.” En hy gaan lê weer in sy bed. Toe dit dag word, kom maak die vrou die twee kinders wakker: “Staan op, julle luiaards, ons moet in die woud gaan hout haal!” Sy gee vir elkeen ‘n stukkie brood en sê: “Hier is vir julle iets vir middagete, maar moet dit nie voor die tyd opeet nie, want julle kry niks meer nie.”

Grietjie hou die brood onder haar voorskoot, omdat Hansie die klippies in sy sak het. Toe loop hulle saam na die woud toe. Nadat hulle ‘n entjie gestap het, gaan Hansie staan en kyk terug na die huis. Hy doen dit keer op keer en sy pa vra naderhand:



© University of Pretoria

"Hansie, vir wat kyk jy so om en bly jy so agter? Jy sal nog vergeet jy het bene; roer jou litte!"

"Ag Pappa," sê Hansie, "ek kyk maar net na my wit katjie wat op die dak sit om my te groet." Die vrou sê: "Jou sot, dis nie jou katjie nie; dis die oggendson wat op die skoorsteen skyn."

Maar Hansie het nie regtig na sy katjie gekyk nie; hy het elke keer een van die wit klippies uit sy sak in die pad gegooi. Toe hulle in die middel van die woud kom, sê die pa: "Kinders, maak nou hout bymekaar; ek sal 'n vuur maak sodat julle nie verkluim nie." Hansie en Grietjie dra fynhout aan totdat hulle 'n hopie opgestapel het. Die hout word aan die brand gesteek en toe die vlamme hoog brand, sê die vrou vir die kinders: "Sit langs die vuur en rus goed uit. Ons gaan hout kap. As ons klaar is, kom haal ons julle weer."

Hansie en Grietjie gaan sit langs die vuur. Toe dit middag word, eet elkeen 'n stukkie brood. En terwyl hulle die houtkapper se byl hoor kap, glo hulle dit is hulle pa wat daar naby is. Maar dit is nie die byl wat hulle hoor nie; dit is 'n tak wat aan 'n droë boom hang en deur die wind heen en weer geslaan word. Nadat die kinders lank gesit het, val hulle oë toe van moegheid en hulle raak vas aan die slaap. Toe hulle uiteindelik wakker word, is dit al donker nag. Grietjie begin te huil en vra: "Hoe gaan ons nou uit die woud kom?" Hansie troos: "Ons wag net 'n rukkie tot die maan opkom, dan sal ons die pad gou kry."

Toe die maan opkom, vat Hansie sy sussie se hand en loop al op die wit klippies wat soos nuwe muntstukke glinster en vir hulle die pad wys. Hulle stap die hele nag en kom eers teen dagbreek by hulle huis aan. Hulle klop aan die deur, en toe die vrou oopmaak en vir Hansie en Grietjie sien, sê sy: "Julle is stout kinders, vir wat het julle so lank in die woud gebly? Ons dog julle kom nooit weer terug nie."

Maar die pa is baie bly, want dit het sy hart gebreek om hulle so alleen te los. Nie lank daarna nie is daar weer 'n groot skaarste en die kinders hoor hoe hulle stiefma een aand vir hulle pa sê: "Dit gaan al hoe slegter, ons het net 'n halwe brood oor, dan is dit verby met ons. Die kinders moet weg; ons moet hulle dieper die woud inneem sodat



© University of Pretoria

hulle nie weer die pad terug kry nie, anders is dit klaarpraat met ons."

Die man kan dit nie oor sy hart kry nie en sê: "Ouers behoort hulle laaste stukkie kos met hulle kinders te deel." Maar die vrou steur haar nie aan hom nie. "As 'n mens iets een keer gedoen het, kan jy dit weer doen," sê sy. Toe die ouers slaap, staan Hansie weer op om soos die vorige keer wit klippies buite op te tel, maar die keer het die vrou die deur gesluit. Hy troos sy sussie en sê: "Moenie huil nie, Grietjie, slaap nou lekker. Die liewe Heer sal ons help." Vroeg die volgende oggend maak die vrou die kinders wakker. Sy gee vir elkeen 'n stukkie brood, nog kleiner as die vorige keer. Op pad na die woud krummel Hansie dit in sy sak en gaan staan kort-kort om 'n krummel op die grond te laat val. "Hansie, vir wat staan jy so en omkyk?" vra sy pa. "Skud nou op." "Ek kyk na my duifie wat op die dak sit om my te groet, antwoord Hansie. "Jou sot," sê die vrou. "Dis nie jou duifie nie; dis die oggendson wat op die skoorsteen skyn."

Hansie laat geleidelik al die krummels op die pad val. Die vrou lei die kinders diep die woud in, na 'n deel waar hulle nog nooit was nie. Daar word weer 'n groot vuur gemaak en die stiefma sê vir hulle: "Bly net hier, en as julle moeg word, kan julle 'n bietjie slaap. Ons gaan hout kap, en vanaand as ons klaar is, kom haal ons julle." Toe dit middag word, deel Grietjie haar brood met Hansie, wat sy stukkie op die pad gestrooi het. Toe raak hulle aan die slaap en dit word aand, maar niemand kom haal die arme kinders nie. Hulle word eers in die donker nag wakker, maar Hansie troos sy sussie: "Ons wag net tot die maan opkom, Grietjie, dan kan ons die broodkrummels sien wat ek gestrooi het, en dit sal vir ons die pad huis toe wys."

Toe die maan helder skyn, val hulle in die pad, maar hulle kry nêrens die broodkrummels nie, want die voëls het alles opgepik. Hansie sê vir Grietjie: "Ons sal die pad kry." Maar hulle kry dit nie. Hulle stap die hele nag deur en nog 'n hele dag, maar hulle kom nie by die woud uit nie. Hulle word verskriklik honger, want behalwe vir die paar bessies wat hulle op die grond kry, is daar niks om te eet nie. Toe hulle so moeg word dat hulle bene hulle nie verder kan dra nie, gaan lê hulle onder 'n boom en raak aan die slaap.

Dit is al die derde oggend vandat hulle van die huis af weg is. Hulle begin weer te stap,



© University of Pretoria

maar beland al hoe dieper in die woud. Toe dit middag word, sien hulle ‘n spierwit voëltjie op ‘n tak sit. Hy sing so mooi dat hulle gaan staan om na hom te luister. Toe klap hy sy vlerke en vlieg voor hulle uit. Hulle stap agter hom aan tot by ‘n huisie waar hy op die dak gaan sit. Toe hulle nader gaan, sien hulle die huisie is van brood gemaak en met koek versier, met vensters van helder suiker.

“Hier kan ons sommer lekker eet”, sê Hansie. “Ek gaan van die dak vat, Grietjie. Jy kan van die venster eet; dit sal lekker soet wees.” Hansie steek sy hand uit en breek ‘n stukkie van die dak af om te proe hoe dit smaak, en Grietjie gaan sit langs die venster en begin te smul. Toe roep ‘n dun stem uit die huis: “Knibbel knibbel knuisie, wie knabbel aan my huisie?” Die kinders antwoord: “Die wind, die wind, die hemelse kind.” Hulle eet verder sonder om hulle aan iets te steur. Vir Hansie smaak die dak so lekker dat hy ‘n groot stuk afbreek, en Grietjie haal ‘n hele ronde venstertjie uit. Toe gaan die deur skielik oop en ‘n stokou vrou wat met krukke loop, kom uit.

Hansie en Grietjie skrik so groot dat hulle alles om hulle laat val. Maar die ou vrou skud haar kop en sê: “Ai, julle liewe kinders, hoe het julle hier gekom? Kom binne, julle sal niks oorkom nie.” Sy vat hulle hande en neem hulle by haar huisie in. Hulle kry heerlike gesonde kos: Melk en pannekoek met suiker, en appels en neute. Hierna word twee mooi bedjies met wit beddegoed opgemaak, en Hansie en Grietjie gaan lê en begin glo hulle is in die hemel. Maar die ou vrou het haar net so vriendelik gehou; sy is eintlik ‘n bose heks wat kinders eet, en sy het die koekhuisie gemaak om hulle soontoe te lok. As kinders in haar kloue beland, kook sy hulle en eet hulle op, en dan is dit vir haar ‘n regte feesdag.

Die heks het rooi ogies en kan nie goed sien nie, maar sy kan so goed soos diere ruik en weet dadelik as iemand naby haar huisie is. Toe Hansie en Grietjie nader gekom het, het sy skelm gelag en tevrede gesê: “Nou het ek hulle; hulle sal nie wegkom nie.” Vroegogged, voor die kinders wakker word, staan sy op en toe sy die twee so salig sien slaap met hulle ronde rooi wange, mompel sy by haarself: “Dit gaan ‘n heerlike happie wees.” Sy gryp Hansie met haar growwe hand en dra hom na ‘n hok en sluit hom agter ‘n traliedeur toe. Hy kan skreeu so hard as wat hy wil; dit sal niks help nie. Toe gaan die heks na Grietjie, skud haar wakker en sê: “Staan op, luiaard, gaan haal water en



© University of Pretoria

kook vir jou broer iets lekkers. Hy sit daar agter tralies en moet vetgevoer word. Sodra hy vet genoeg is, gaan ek hom eet!" Grietjie begin bitterlik te huil, maar dis verniet; sy moet doen wat die bose heks haar beveel. Nou word die lekkerste kos vir Hansie gekook, terwyl Grietjie niks behalwe oorskiet kry nie. Elke oggend gaan die heks na die hok en skree: "Hansie, steek uit jou vinger sodat ek kan voel of jy al vet is!"

Maar Hansie steek vir haar ‘n beentjie uit en omdat die heks se oë so dof is, kan sy dit nie sien nie en dink dit is Hansie se vinger. Sy is baie verbaas dat hy nie vetter word nie. Toe vier weke verby is en Hansie steeds maer bly, word die heks te ongeduldig om langer te wag. "Toe-toe", beveel sy vir Grietjie, "moenie so lui wees nie, gaan haal water! Of Hansie nou vet of maer is, more slag en kook ek hom.."

Die arme sussie is hartseer terwyl sy die water aandra. "Liewe Heer, help ons tog!" roep sy uit. "Ek wens die wilde diere in die woud het ons liewer opgevreet; dan is ons darem saam dood!"

"Hou op met jou gekerm," sê die heks, "dit sal jou net mooi niks help nie." Vroeg die volgende oggend moet Grietjie opstaan om die vuur aan te steek vir die ketel om te kook.

"Eers gaan ons brood bak," sê die ou vrou. "Ek het die bakoond klaar warm gemaak en die deeg is geknie." Sy stoot vir Grietjie na die bakoond waaruit die vlamme reeds lek. "Kruip in," sê die heks, "en kyk of dit al warm genoeg is dat ons die brood kan inskuif." Sy wil die oond toemaak sodra Grietjie daarin is, sodat sy die meisie kan braai en sy haar ook kan opeet. Maar Grietjie kom agter wat haar plan is en sê: "Ek weet nie hoe om daar in te kom nie."

"Jou onnosel," sê die ou vrou, "die opening is groot genoeg; kyk selfs ek kan daar inpas." Sy steek haar kop by die bakoond in en Grietjie gee haar ‘n harde stamp tot binne-in, maak die ysterdeur styf toe en skuif die slot op. Die heks begin te skree en skel, maar die meisie hardloop weg en die wrede ou vrou verbrand in haar eie oond. Grietjie hardloop reguit na Hansie toe, sluit die traliedeur oop en roep: "Hansie, ons is vry; die ou heks is dood!"



© University of Pretoria

Hansie spring uit soos ‘n voël uit ‘n kou toe die deur oop is. Hy en Grietjie lag opgewek en gee mekaar ‘n drukkie. En omdat hulle nou vir niks meer bang hoef te wees nie, gaan hulle by die heks se huisie in ontdek oral kiste vol pêrels en edelstene. “Dis mos beter as wit klippies,” sê Hansie en steek soveel pêrels as wat hy kan in sy sak. Grietjie sê: “Ek wil ook iets saam met my huis toe neem,” en sy maak haar voorskoot vol edelstene. “Maar nou moet ons spore maak,” sê Hansie, “sodat ons uit die heks se woud kan kom.” Nadat hulle ‘n hele paar uur gestap het, beland hulle by ‘n groot meer. “Ons kan nie hier oorkom nie,” sê Hansie. “Ek sien nêrens ‘n brug nie.”

“Hier is ook nie ‘n bootjie nie,” sê Grietjie. “Maar daar swem ‘n wit gans. As ek haar vra, sal sy ons miskien kan help.” Toe roep sy: “Gansie, gansie, hier staan Grietjie en Hansie. Hier is nêrens ‘n bootjie of ‘n brug, neem ons asseblief oor op jou rug.” Die gans kom dadelik nader. Hansie gaan sit op haar rug en sy sussie moet langs hom kom sit. “Nee,”, antwoord Grietjie, “saam sal ons te swaar vir die gans wees. Sy moet ons een-een na die oorkant toe vat.”

Die gawe swaan doen dit, en toe hulle veilig aan die oorkant kom en ‘n entjie verder gestap het, begin die woud al hoe meer bekend lyk, en uiteindelik sien hulle van ver af hulle huis. Hansie en Grietjie begin te hardloop. Hulle storm by die voordeur in en val hulle pa om die nek. Die man het nie ‘n oomblik se vrede gehad nadat hy sy kinders in die woud gelos het nie, en sy vrou is intussen dood. Grietjie skud haar voorskoot uit sodat die heks se edelstene op die vloer val, en Hansie gooi die een hand vol pêrels na die ander uit sy sak. Daarna was hulle nooit weer arm nie en die kinders het gelukkig saam met hulle pa gelewe.

Fluit, fluit, my storie is uit.

Uit: Van der Vyver, M., 2010, *Die mooiste sprokies van Grimm*, Human en Rousseau, Kaapstad.



© University of Pretoria

**Bylaag 2**

**Ingeligte toestemmingsvorm**

**INFORMED CONSENT FORM FOR PARTICIPATION AS CO-RESEARCHER**

Researcher: Retha Kruidenier

University of Pretoria

Department of Practical Theology

Promoter: Prof J C Müller

You are hereby being asked to take part in my research project.

**Title of the study:**

Deconstructing the stepmother: old myths, new stories: a narrative, pastoral approach

**Purpose of the study:**

I understand that I am invited to take part in a research study on the narratives/stories of stepmothers.

I undertake to share my story with the researcher.

**Procedures:**

I understand that I will have a number of conversations with the researcher and that I will be treated as a co-researcher and not be a subject of research.

I understand that to be a co-researcher means that I will take part in reflective conversations and communicate with the researcher about the conversations that have taken place.

I understand that I will be asked to share my feelings, emotions and beliefs about my story concerning being a stepmother, as well as possibly giving meaning and interpretations to my story.



© University of Pretoria

I understand that a focus group, consisting of various persons from other disciplines will read my story or the verbatim of my conversations with the researcher and give their comments.

I understand that I will be expected to reflect on their reflections.

I understand that I will have the opportunity to have continuous input in the research process.

I understand that there will be no physical risk to me being involved in this study.

I understand that there are no financial benefits as a result of taking part in the research.

I understand that participation is voluntary.

I understand that I have no obligation to continue as co-researcher and that I can withdraw at any time.

**Risks and discomforts**

I understand that there will be no physical risk to me being involved in this study.

I acknowledge however, that I might feel emotionally uncomfortable at some stages in the research conversations or thereafter, as a result of the conversations.

**Benefits**

I understand that there are no financial benefits as a result of taking part in the research.

However, I hope that in sharing my story about infertility I will add to the available narrative research on the theme, and enrich my lived experiences, as well as those of the researcher and reader of the research thesis in some ways.

**Participants' rights**

I understand that my participation is voluntary.

I understand that I have no obligation to continue as co-researcher, and that I can withdraw at any time from the research process, without negative consequences from any of the other research participants.



© University of Pretoria

**Confidentiality**

The assurance of all information being treated as confidential has been given to me, my anonymity is assured and no information about my story will be used in any way if I don't give my permission for it.

If I withdraw all data concerning my story will be destroyed.

I understand that I have the right to the names of all those on the reflective team, although they will not be given my real name.

**Statement and permission by co-researcher**

Hereby I state that:

I am aware of the purpose of the study.

I had an opportunity to ask questions about the research, and that I my decision is an informed one.

I am a voluntary participant, and that I was not forced to take part in the research.

I am fully aware of the fact that the results of this research for the purpose of an academic scientific will be published.

I agree to take part in this research project.

____________________________ ____________________________

Name of co-researcher Signature

_______________ ____________________________

Place Date Witness



© University of Pretoria

**Statement by researcher**

I gave verbal information about the research project.

I undertake to answer all questions about the research to the best of my ability.

I undertake to keep to the arrangement between the co-researcher and me.

| | |
|---|---|
| Name of researcher | Signature |
| Place | Date |



© University of Pretoria

**Bylaag 3**

**Sandra se storie**

**Sessie 1**

**1. Vertel vir my jou stiefma storie. Het het dit gekom dat jy 'n stiefma geword het.**

*Ek het Mike en Nicolene ontmoet deur 'n gemeenskaplike vriend. Ek en Nicolene het 'n baie intieme vriendskap ontwikkel. In teendeel, sy het was vir my soos 'n suster. Toe sy oorlede is, het ek vir Mike en die dogters baie ondersteun. Ek het al meer tyd met hulle spandeer. En net eendag besef dat ek en Mike gevoelens vir mekaar het. Twee jaar na Nicolene se ongeluk is ons getroud. Die meisies was to 13 en 7*

**2. Is dit 'n goeie of minder goeie ervaring vir jou om 'n stiefma te wees. Vertel daarvan**

*Ek haat elke oomblik van stiefma wees. In die begin het ek nooit as my rol gedink as STIEFma nie. Vir my was ek nou die ma in die huis. Dit was vir my baie natuurlik om te sorg dat hulle klere het, gesonde kos kry, by die skool kom, huiswerk doen ens. Natuurlik het dit ook baie natuurlik gekom dat ek hulle wou opvoed en tugitg. En dis deel van wat vir my so sleg is van stiefma wees. Jy is goed genoeg as hulle iets soek. Hulle moet by die skool kom en jy moet goed vir skool gaan koop – dan is jy so goed, maar die dag as jy 'n sê wil in terme van hulle lewens en opvoeding dan moet jy in die hoek sit en jou mond hou. Van beide partye. Die pa voel heeltyd jammer vir die arme bloedjies wat hulle ma verloor het. Die kinders voel heeltyd die lewe skuld hulle iets. So hulle voel alles wat jy vir hulle doen "kom hulle toe/dis hulle reg". Maar die dag as jy hulle wil opvoed – "moenie lelik praat met ander mense nie", self basiese goed soos "eet mooi", "maak jou kamer aan die kant', en "groet", dan is jy die stief monster! Daardie speelveld is nie vir jou bedoel nie. Jy kry niks waardering vir wat jy doen doen nie. Hulle gaan weg vir 'n naweek en is soooo bly om hulle pappa te sien, maar groet jou skaars (toe hulle jou weer nodig het dan eweskielik tel jy weer….). Jy kry niks waardering of erkenning nie. Dit breek my as ek lekker kos gemaak het en hulle staan*



© University of Pretoria

*op en se "dankie PAPPA vir die lekker kos". Hulle gee my net asoluut NIKS krediet of erkenning vir my kennis nie. Hulle sal hul PA vra "hoe maak jy die hoender gaar" (al weet hulle voor hulle heilige siele ek maak altyd die kos, hulle sal hom vra oor oefening en spiere ens (al hardloop ek al vir amper 30 jaar en hy net vandag ons getroud is…). So, van hulle kant af voel ek net rejection. Dit voel nie hulle is lief vir my nie. Ek is maar net die vloerlap wat hulle kan gebruik as hulle iets nodig het.*

*Ek het ook altyd gedink dit sal beter gaan as hulle groter word. Gedink hulle sal besef wat ek alles opgeoffer het vir hulle en wat ek als vir hulle doen. Ongelukkig raak dit net slegter. Hulle kan steeds nie aanvaar dat hulle pa iemand anders lief gekry het nie. Dit voel hulle recent my elke dag al meer. Hulle raak nou onafhankliker, soos bv Lucy het 'n lisensie, nou het sy my nie meer nodig om haar rond te ry nie. So sy hoef nou minder met my te praat. Daar is net geen plek vir my in haar lewe nie. Dit voel ook dat hulle my die skuld gee/vir MY kwaad is vir alles wat verkeerd geloop het in hulle lewens. Dis my skuld dat hulle ma dood is, my skuld dat hulle vet is, hulle velle lelik is ens.*

**3. Hoe beinvloed jou ervaring as stiefma jou ander verhoudinge**

*Sleg. Die verwerping wat jy op 'n daaglikse basis ervaar breek jou selfbeeld soooo af dat jy naderhand glo niemand hou van jou nie. By die werk is ek baie suksesvoll. EK is hoog aangeskrewe, mense praat van my. Die laaste jaar voel ek eweskielik niemand hou van my nie. Dit voel vir my hulle praat ager my rug en ek ervaar sommer verwerping van hulle kant af ook. Ek moet myself heeltyd aanspreek – vir myself se dit is nie so nie.*

*Die hele verwerping ding het my ook verander van 'n baie opgewekte positiewe mens. Ek voel die laaste 10 jaar van stiefma wees het my 'n negatiewe siniese mens gemaak. IPV dat ek saam met mense wil uitgaan/met mense gesels, wil ek nou net aleen wees.*

**4. Hoe beinvloed jou ervaring as stiefma jou denke oor jouself?**

*Baie sleg. Die hele verwerping ding breek my net. Ek voel regtig ek het gefaal. Ek haat verloor, maar die stryd het ek verloor. Ek voel glad nie goed oor myself nie. Sommige dae voel ek ek moet meer gedoen het vir die kinders. Maar hoe kan jy liefde*



© University of Pretoria

*uitdeel as iemand dit nie wil hê nie? En dan is daar die belofte ding – daai een wat alle voornemende stiefma's op die troue aframmel – "Ek sal jou lief hê soos my eie'… Dit ry jou, want hulle maak dit vir jou so moeilik om hulle lief te he. En nou sit ek met die gebakte pere. Ek het nou die belofte aan die Here verbreek, want hulle wil nie hulle kant bring nie. So, nevermind dat ek nie goed oor myself voel nie, struggle ek met my verhouding met die Here. Ek bid en bid en bid. Raak kwaad vir die Here oor die gemors waarin ek is, en dit is die ultimate oor hoe sleg jy oor jouself kan voel – as dinge tussen jou en die Here nie lekker is nie……*

***5.*** **Lees aangehege sprokie. Hoe het jy gevoel nadat jy dit gelees het***?*

*My eerste gedagte is "haai, dis darem baie wreed".*

**6. Het die beeld wat van stiefma's in sprokies geskep word jou eie siening oor stiema's vroeër in jou lewe beinvloed?**

*Nee, glad nie. Vir my was dit 'n natuurlike ding. Jy gee liefde vir hulle, wil hulle groot maak soos jou eie. Die harde werklikheid en realiteit is ongelukkig hulle soek dit nie.*

**7. Speel daardie beeld/beelde wat jy vroeër in jou lewe gevorm het 'n rol in die manier waarop jy vandag jou stiefmarol uitleef? Op watter maniere?**

*Nee.*

***8. Waar kom jou idees oor stiefma's vandaan?***

*Ek het nooit 'n idée oor stiefma gehad nie. Ek het myself nie gesien as stiefma nie. Tot hulle my duidelik laat verstaan het ek is net die stiefma.*

***9. Enige iets anders wat jy nog wil deel****?*

*Na 10 jaar as stiefma dink ek die klem moet val op stief kinders, nie stiefma's nie. Hulle behandel jou stief. In al die sprokies verhale is die stiefma die vark in die verhaal. Ek kan nie dink aan 'n sprokies verhaal oor hoe stiefkinders hulle misgedra het nie. Vraag nogal is het die aangehegte sprokies verhaal kinders beinvloed oor hoe hulle stiefma's moet sien? Hoekom kan hulle nie maar net dink: "Wow, die vrou doen so baie vir ons*



© University of Pretoria

*nie, ons is nie eers haar eie nie"?. Ten slotte, feit bly staan: Verhoudings en liefde kom van 2 kant af. Dit is hoekom dit nie werk in my geval nie. Jy kan alles doen en insit wat jy het, maar as hulle nie jou input in hulle lewens wil hê nie, is dit ongelukkig 'n loosing battle……*

***Sessie 2***

**1. Hoe lank was jy en Nicolene vriendinne voordat sy oorlede is?**

*3 jaar*

**2. Hoe het jy en die dogters oor die weg gekom toe julle nog huisvriende was en hulle ma nog geleef het?**

*Baie goed. Hulle vir my liedjies geskryf "Sandratjie van die weste is sover die beste….."*

**3. Wat het tussen jou en die dogters verander vandat jy en Mike getroud is?**

*Dink hulle het 'n antagonistiese houding ingeneem. Hulle wil geen outoriteit van my aanvaar nie, bv ek onthou eendag het ek vir Lucy gesê maak die waterbottel vol as jy water gedrink het, en sy het net baie lelik geantwoord "Hoekom?" (en houding gehad van ek gaan dit definitief nie doen nie). Voor Nicolene se dood wat ek op 'n troontjie, hulle graag met my gesels en geluister na wat ek te sê het. Nou vra hulle my niks dws ek kry geen erkenning vir enige iets nie. Hulle sal bv vir Mike vra hoe om hoender gaar te maak of wat om te drink vir hoofpyn, of hullle sal nooit bv se wow, jy ry baie goed fiets of is goed met iets nie, maar sal oor ander mense rave wat dieselfde doen as ek.*

**4. Hoe het jy oor die dogters gevoel toe hulle ma nog geleef het?**

*Ek het nie te veel op kinders gefokus nie. Ek was maar 22 en het my nie veel aan die kinders gesteur nie. Ons het ook meeste aande gekuier as die kinders al geslaap het, maar ek het altyd vir hulle persentjies/lekkers ens gebring. Ek wou graag al in daai tyd vir hulle goed wees. Ek kan nie onthou dat ek 'n pyn met hulle gehad het nie…..*



© University of Pretoria

**5. Het jy dalk direk na Nicolene se dood hulle meer jammer gekry en hulle ook gesien as "arme bloedjies", maar noudat jy hulle ma moet wees en hulle so koud teenoor jou is, voel jy dalk "hulle moet daaroor kom"?**

*Ek het hulle jammer gekry maar nooit opgepiep nie. Ek kry hulle vandag nog jammer al voel ek die lewe gaan aan. Niks wat ons doen gaan hulle ma terug bring nie, so mens moet maar net aangaan. Ek voel dat hulle moet ophou sit en top oor wat hulle NIE het nie, en bietjie begin bly raak oor wat hulle wel het. Sou ook so gevoel het al het ek en Mike nooit getrou nie.*

**6. Dink jy dat Mike en Nicolene gelukkig getroud was?**

*Ja, ek weet dit.*

**7. Vergelyk Mike vir jou en Nicolene soms met mekaar, in woorde of gebare?**

*Nee.*

**8. Vertel bietjie van die manier waarop Nicolene oorlede is**

*Mike, Nicolene en nog 'n duiker of 2 het gaan duik. Dit was 'n baie vinnige eenvoudige duik. Lucy het bo gewag, en terwyl Nicolene en die ander opkom, het Mike vlak saam met Lucy geduik. Terwyl hulle geduik het, het Nicolene 'n lug embolisme gekry en die ander duikers het haar uit die water gehaal. Mike en Lucy was toe nog nie bewus van wat aangaan nie. Mense het vir 2 ure probeer om haar aan die lewe te kry. Tydens dit het 'n vriendin die kinders vasgehou en probeer weg hou. Ek het laat Saterdag aand (1am) 'n oproep van 'n gemeenskaplike vriend gekry wat vir my gesê het Nicolene was in 'n ongeluk. Ek het dadelik na hulle huis toe gery. Die kinders het geslaap en ek, Mike, Arno en Andre en Christel, jare lange vriende van Mike hulle het om die tafel gesit en mekaar getroos, tot 4am die oggend – toe ek moet ry om 'n fiets resies in Johannesburg te gaan doen. Ek het gedink dis die beste ding om te doen om van my emosies ontslae te raak.*



© University of Pretoria

*Lucy is Maandag al skool toe – sy het gese sy het genoeg gehuil en wil terug gaan skool toe. Melissa wou niks weet nie en Mike moes haar na 'n week dwing om terug te gaan skool toe.*

**9. Jy skryf van die "pligte van 'n ma" wat jy probeer nakom. Wat dink jy is die dogters se idees van wat 'n ma se "pligte" is en dan in jou geval 'n stiefma se "pligte" is?**

*Ek dink hulle dink 'n ma se pligte is om kos te maak en die normale huishouding dinge te doen. Om haar kinders drukkies te gee en hulle te leer die dinge van die lewe. 'n Ma is altyd daar vir haar kinders, sy luister as hulle raad vra, troos as hulle seer kry.*

*'n Stiefma se pligte – sy moet kos maak, rondry en haar mond hou. ;-).*

**10. Hoe laat dit jou voel dat die dogters jou nie ma noem nie, maar Sandra? Sal jy graag wil hê dat hulle jou ma moet noem?**

*Die ding het begin by die tyd toe ek hulle ontmoet het. Ek was jonk (22) en dit was heeltemal OK vir my toe dat iemand my nie tannie noem nie.*

*Ek wil glad nie he hulle moet my ma noem nie, maar tannie sou meer respekvol gewees het. Hulle vertel nou graag vir hulle maats ek hou nie daarvan dat iemand my tannie noem nie. Ek voel ongelukkig dis hulle manier om my te "belittle". Dis asof dit amper vir hulle 'n drive is om hulle maats te kry om my as "Sandra" aan te spreek. Ek ervaar dit dat as hulle maats vir my tannie se hulle respek aan my betoon en hulle wil nie hê hulle moet nie.*

*Ek is nou 15 jaar ouer as toe, het 2 stief kinders groot gemaak, so hulle kan my maar tannie noem!*

*Op vele geleenthede het iemand wat so oud soos ek, en selfs jonger as ek, al vir hulle gese hulle hoef nie vir hulle tannie te sê nie, en dan se hulle actually 'O, dis onrespekvol…"*



© University of Pretoria

**11. Wat het jy alles opgeoffer deur met Mike te trou en hulle ma te probeer wees?**

*Ek het kuns klas in die aande gehad wat ek opgegee het. Ek het baie geoefen en nie meer tyd gehad nie. Ek het baie met vriende uitgegaan en het dit alles opgegee om daar vir hulle te wees. Ons het ook langer gewag om swanger te raak omdat die kinders baie onstabliel was en ons hulle net eers wou uitsort. As ons dalk vroeër begin probeer het, kon ek dalk my eie kinders gehad het.*

**12. Watter drome het jy gehad voordat julle getroud is?**

*Ek wou oorsee gaan werk het. Dit was 'n baie groot droom van my. Ek was reeds besig om my goed te reel. Mike het my oortuig om met hom te trou en nie oorsee te gaan nie (ons het besluit dat as ek gaan, ek en hy ons verhouding sal verbreek).*

*Ek het ook baie goed fiets gery. Ek was 11de vrou in die land op die nasonale fietsry seeding en het toe ook 'n borg gekry. Toe ons trou, moes ons nou in plaas van naweke fiets resiese doen, langs die hokkie veld gaan sit om te kyk hoe Lucy se span elke week 20-0 verloor. Ek kon ook nie oefen soos ek altyd wou nie, want dan was ek en Mike te veel ure van die huis af en die kinders alleen by die huis. So, ek moes my fietsry opgee. Ek sou baie graag kompeterend wou ry en op die vlak kom waar ek profesioneel kon ry.*

**13. Is hierdie drome verwesenlik?**

*Nee. Nou moet ek die fietsry deel met Melissa wat glad nie sportief of kompeterend is nie. Hoogs frustrerend.*

**14. Was julle as gesin al by 'n sielkundige of berader nadat julle 'n gesin geword het, om oor al julle emosies te praat?**

*Nee, ons as gesin het al 'n paar sessies op ons eie deurgewerk maar buiten dat dit net seer gemaak het, het dit nie veel gehelp nie. In een van die sessies het Lucy gesê ek probeer "haar koop" deur goed vir haar te doen!*



© University of Pretoria

**15. Jy beskryf jouself as 'n vloerlap! In narratiewe terapie hou ons baie van metafore! Wat is die eienskappe van hierdie vloerlap? Wat in hulle optrede laat jou soos 'n vloerlap voel?**

*'n Vloerlap moet vuil werk doen. Jy gebruik hom as jy hom nodig het, en gooi hom vuil en onvertroetel terug op 'n plek wat niemand kan sien nie tot jy hom weer nodig het, dan onthou jy – o, ja, ek het 'n vloerlap in die kas. Niemand worry oor die welstand van 'n vloerlap nie en as jy hom nou tot op die been gebruik het, kry jy sommer net dood eenvoudig net 'n nuwe een – no strings attached.*

*Dis omtrent presies dit – hulle praat net met my as hulle iets uit die deal uit kan kry. Hulle verwag ek moet altyd daar wees vir hulle maar feed niks terug nie. Lucy sal Telkom hoofkantoor toe kom, al haar ou kolegas kom groet, maar sy sal my nie bel en se kom ons drink gou 'n koppie koffie nie. Melissa sal my nie vertel van 'n oulike outjie of wat by die skool gebeur het met 'n maatjie nie, maar as hulle by 'n plek moet wees, of iets moet geprint word dan weet hulle presies wat my nommer is en waar om my te kry.*

**16. "Verwerping" klink na 'n deurlopende tema in jou storie. Het die verwerping tema begin nadat jy met Mike getroud is, of het jy al as kind verwerp gevoel?**

*Glad nie. Ek het wonderlike kinderjare gehad en 'n wonderlike verhouding met al 2 my ouers. Ek en my ma was soos vriendinne, het elke aand saam gebad, ek het haar alles vertel ens. So, dis vir my baie sleg dat alhoewel ek dit vir die kinders gebied het, hulle dit net nie wil hê nie.*

**17. Sou jy sê dat jy en dogters al drie sukkel met 'n lae selfbeeld? As dit die geval is, wat dink jy sal julle kan doen om mekaar op te bou?**

*Ek dink Melissa veral het 'n baie swak selfbeeld. Sy doen nie goed op skool nie, is nie die maerste meisie in die skool nie, blink nie uit in enige sport of kultuur nie, en sy dink nie sy is mooi nie.*

*Ek probeer met altwee opbouend wees en positiewe goed sê. Ek dink ongelukkig het ek geen invloed nie – as Mike alles gesê het wat ek al gesê het om hulle te probeer*



© University of Pretoria

*opbou, en alles gedoen het wat ek al gedoen het, sou hulle baie beter selfbeeld gehad het.*

*Om vir iemand erkenning te gee vir wat hy doen en wie hy is, dink ek bou mens baie op. Bv as hulle my bel en vra hoe maak jy daardie lekker slaaisous van jou is dit mos erkenning dat jy lekker kos kan maak en hulle wil graag van jou af hoor hoe doen jy dit.*

**18. Jy noem dat jy jou belofte aan God verbreek het, omdat die dogters nie saamwerk nie. Hoeveel van hierdie skuld sal jy aan jouself, Mike en die dogters toeken? Beskryf dit in persentasies.**

*Die kinders – 45%*

*Mike – 40%*

*Ek – 5%*

*Ek dink ek het meer as my beste gegee. My "motto" was dat hulle nooit ooit 'n vinger terug na my sal wys en sê ek was nie daar vir hulle nie. Ek het hulle gehelp met huiswerk, hulle na aktiwiteite toe rondgery en vir hulle goed gekoop as hulle dit nodig het. Hulle het 'n pakkie vol liefde gekry wat hulle besluit het om nie te vat nie.*

*Mike laat my nie toe om enige sê te hê in opvoeding of dissipline nie. Die Bybel sê tog: "Tugtig diegene wat jy lief het….". Maar hy laat my nie toe nie en sluit my uit groot besluite oor hulle. Dit het definitief 'n baie groot invloed op daardie belofte! En as hy my uitsluit uit besluite, moet ek steeds die gevolge van die besluite dra. Bv Lucy wil 'n baie duur kursus in Pastel doen. Niemand vra my opini daaroor nie, maar toe dit moet betaal word, is dit my verantwoordelikheid. As hulle my wil uitsluit, dan moet die 100% uitsluit wees, en nie net wanneer dit hulle pas nie. Dit maak my negatief en baie moeilik.*

*Hy kon ook meer bewus gewees het van sy omgewing en my kant meer gekies het, maar hy is ongelukkig te blind vir sy brokkies se foute en die res van die tyd in sy kop besig met sy eie wereld, dat hy meestal alles wat om ons gebeur mis en totaal en al onbewus is wat aangaan, al gebeur dit voor sy oë.*



© University of Pretoria

**19. Hoeveel het jy, Mike en dogters al van julle kant gedoen om dit te probeer beter maak?**

*Ek het, veral in die eerste 6-7 jaar baie moeite van my kant af gedoen. Ek het saam met Lucy alleen gym toe gegaan en saam met haar probeer kunsklas doen. Ek het in die middae buite met Melissa gespeel. Hulle komplemente gegee en vir hulle aktiwiteite gereël, dit betaal en hulle daar gekry. Ek het klein tradisies probeer kweek bv roomys na wiskunde klas, winkels toe na dans klas.*

*Ek en Mike het ook probeer dat hulle fiets saam met ons ry terwyl ons draf, ons het saam na hulle sport gaan kyk.*

*Ons het ook as gesin Sondae saam ontbyt gaan eet in een spesifieke restaurant. Ons het as gesin by 'n sel aangesluit wat vir gesinne bedoel is.*

*Ons het ook gesinsvakansies probeer reël.*

*Die dogters – hulle het gesinsvakansies en alle ander aktiwiteite omgedraai in 'n "ons en hulle" ding. Asof daar een of ander kompetisie is tussen ons en hulle. Hulle het ook vir meeste van die goed wat ons doen 'nee' gese bv ry saam ons winkels toe. Al wat hulle op aangedring het is alleen tyd/aktiwiteit met hulle pa.*

**20. Wat dink jy verwag God van jou as stiefma?**

*Hy verwag dat ek vir hulle onvoorwaardelikt lief moet wees – maak nie saak hoe lelik hulle met my is nie, ek moet lief wees vir hulle en hulle in liefde hanteer.*

21. **Wat verwag Mike van jou as stiefma?**

*Alles wat 'n man van sy vrou sal verwag (kos, klere, rondry ens)– behalwe jy mag net nie waag om dissipline te handhaaf in ons geval nie.*

**22. Wat dink jy verwag die dogters van jou as stiefma?**

*Jy moet hulle uithelp as dit hulle pas (rondry, kos gee, huiswerk take mee help ens) en verder jou mond hou.*



© University of Pretoria

**23. Wat doen/sê die dogters wat jou laat voel dat jy rêrig 'n stiefma is?**

*In die eerste +/-5 of wat jaar van ons huwelik praat hulle van my as my pa se vrou. Ek word darem nou al verwys na as "my stiefma" (indien nie Sandra nie)*

*Hulle vertel goed bloot net nie vir my nie of sluit my net uit, (veral as hulle dink ek sal nie saamstem nie of raas oor iets bv Lucy het 'n beurs by Telkom en doen nou haar internskap. Sy het binne in Telkom aansoek gedoen en my nogal verbasend op hoogte gehou. Nou het sy 'n onderhoud buite Telkom by 'n personeel agentskap as admin dame, nou vertel sy dit net vir Mike).*

*Melissa het weer die naweek vir Mike en Lucy gesms om te hoor waar ons trek (oppad Colesberg toe), maar nie vir my nie. Lucy sal vir Mike grappies email en nie vir my nie, of net vir hom en Melissa sms en sê hoe was haar onderhoud.*

*Die "uitsluit" laat mens baie stief voel.*

**24. Dit wil voorkom asof jy moed opgegee het om hulle ma te probeer wees. Voel jy nogsteeds so, of het dinge verbeter?**

*Ja, het regtig net krag om die nodigste te doen. Is nie lus/het nie die krag om bv te bel en te hoor of Melissa wakker is en wat sy nou alleen by huis doen in die vakansie nie, of te bel en te hoor of sy terug is van die skool af en hoe haar dag was nie. Ek is ook net te moeg vir baklei oor kinders en die goed waarmee ek glad nie saamstem met Mike nie.*

**25. Dink jy dinge sou anders gewees het as jy en Mike saam kinders gehad het of as jy jou eie kinders uit 'n vorige huwelik gehad het?**

*Ek weet. Al my vriende sê as ek my eie kinders gehad het sou hulle dalk met ander oë na my gekyk het in die sin van "ek is darem 'n regte egte ma' wat 'n baba groot gemaak het. Ek dink nie ek stem eers saam met dit nie. Ek het hulle pa gesteel en maak nie saak hoeveel kinders ek self groot gemaak het nie, ek bly die heks wat hulle pa gesteel het.*



© University of Pretoria

**26. Jy maak die opmerking dat sprokies dalk geskryf moet word met slegte stiefkinders en nie slegte stiefma's nie. Sal jy dalk julle storie in so 'n sprokie kan skryf? Dit kan dalk baie help vir ander stiefma's wat net soos jy voel. Dit sal wow wees as jy so kreatief kan wees!**

*Eendag, lank lank gelede was daar 'n pragtig prinses wat alleen op die strand in 'n baie mooi huisie gebly het. Sy was baie mooi en het baie vriende gehad. Sy het die natuur baie goed geken het en het elke oggend plante en bessies gepluk om ontbyt te maak en op die strand gesit en eet. Daarna het sy vir ure lank saam met die dolfyne en ander visse geswem.*

*Een pragtige sonnige dag terwyl sy haar ontbyt op die strand eet sien sy 'n bootjie op die see rond dobber. Sy was baie lief vir mense en het dadelik opgestaan om te gaan kyk wat aangaan. Toe sy mooi kyk, sien sy 'n klein meisie wat vir haar lewe klou aan die stukkende bootjie. Sy spring toe dadelik in die water, swem so vinnig sy kan tot by die dogtertjie en swem met bootjie en al uit tot hulle veilig op die strand is. Toe sy uiteindelik op die strand kom, sien sien sy dat die dogtertjie se pappa en ook haar ouer sussie binne in die boot is. Hulle was al 2 bewusteloos.*

*Die prinses het dadelik hulle versorg. Sy het plante uit die veld gepluk en medisyne gemaak sodat die pappa en die oudste suster dadelik hulle bewussyn herwin het. Daarna het sy vir hulle elk een 'n warm bed in haar huisie gemaak en hulle goed versorg dat al hulle wonde genees het.*

*Die pappa het na 'n ander land gevaar om werk daar te gaan doen, toe hulle boot deur 'n heftige storm op die diepsee omgegooi is. Hy het baie seer gekry en gedink dat hulle al 3 net daar in die see sou sterf. Hy was so dankbaar dat die pragtige prinses hulle lewens gered het. Hy het gesien dat die prinsessie baie liefdevol is en mooi vir hulle sorg, en hy het besef dat hy sommer baie lief vir haar geword het. Hy het ook besef dat sy 'n wonderlik ma vir sy kinders sal wees. Hulle sal weer iemand hê wat hulle kan versorg as hulle siek is, vir hulle stories lees as sy hulle in die bed sit en hulle alles van die see en natuur leer.*



© University of Pretoria

*Die prinses was baie bly toe die pappa haar vra om met haar te trou.  Sy kon nie wag om die kindertjies soos haar eie groot te maak nie.  Daar was 'n groot partytjie op die strand en almal was saam met haar bly oor haar nuwe lewe.*

*In die oggende het sy vroeg opgestaan om vir hulle vars bessies in die veld te gaan pluk.  Die kinders wou dit glad nie eet nie.  Die prinsessie wou ook vir hulle vat om saam met haar saam met die dolfyne te gaan swem.  Hulle wou dit ook nie doen nie.  Dit het haar hartjie baie seer gemaak.  Sy wou so graag vir hulle 'n mamma wees, maar alles wat sy probeer het, het hulle verwerp.*

*Dit het die pappa se hart baie seer gemaak dat hulle nie al die dinge wou saam doen nie. y het probeer om mooi met die kinders te praat, maar hulle wou nie luister nie.*

*Die prinsessie was so goeie mens. y was so lief vir mense. aar al die hartseer het haar net stiller en stiller laat word. y het ook al hoe minder saam met die dolfyne gaan swem omdat haar hart so seer was.*

*Een dag dink die prinsessie: "Vandag gaan ek maar net weer hard probeer om lief vir die 2 pragtige kinders te wees". y vat toe haar spaargeld en gaan koop vir hulle die lekkerste kos in die dorpie daarnaby en sy maak vir hulle die wonderlikste feesmaal. aar die kinders trek net hulle neuse op vir die kos.*

*Die arme prinses.  Haar hart was stukkend.  Sy hardloop toe uit na die strand en huil innig.  Toe sy opkyk, sien sy 'n skool dolfyne wat voor haar dans.  Sy spring toe dadelik in die water en swem saam met hulle.  Die oupa dolfyn tel haar toe op sy rug en begin met haar verder en verder weg swem van die strand af.*

*Die volgende oggend toe die pappa en die kinders wakker word is die prinses weg.  Hy het nie geweet hoe om kos te maak nie en die kinders het vreeslik gekla dat hulle honger is.  Toe hy kwaai word, het die kinders die prinsessie baie gemis.  Vir die eerste keer het hulle besef dat sy 'n baie goeie mens was en baie lief vir hulle was.  Hulle het elke dag op die strand gaan kyk om te sien of sy terug kom en elke aand as die son sak huilend huis toe gestap.  Hulle was baie spyt dat hulle so lelik was.  Hulle het probeer om saam met die dolfyne te swem, maar hulle het nie geweet hoe nie. "As ons tog maar*



© University of Pretoria

*net saam met haar wou gaan toe sy ons genooi het, het ons nou alles geweet…..", het hulle gedink. Die pappa was vir ewig ongelukkig omdat sy prinsessie vir ewig weg was. Hy was baie kwaad omdat sy kinders ondankbaar was vir alles wat die prinses vir hulle gedoen het.*

*Die prinsessie was so ver van die huis af weggevat dat sy nie weer soontoe terug kon loop nie. Al wat sy kon doen was om weer vir haar 'n huisie op te rig en weer 'n lewe daar te begin – met nuwe vriende en mense wat alles wat sy vir hulle gedoen het, baie waardeer het….. En in die aand as die son sak en sy sit op die strand en kyk vir die dolfyne het sy hardop gedink "Dankie Oupa Dolfyn dat jy my gered het!. BAIE DANKIE!"*



© University of Pretoria

**Bylaag 4**

**Olga se storie**

**Conversation with Olga**

Retha: You don't have to worry – I'm also a stepmother to a boy named Ruben

I'm studying at the university and listen to the stories of women who raise children that are not their own.

I'm very interested in the stories of African mothers and the way that they raise their children.

Olga, in the fax you sent me, you start with "This is the story of my daughter…" But I'm interested in your story. It's actually so wonderful. We as mother's never put ourselves first. Everybody else come before us.

Retha: I want to know the difficulties that you are facing. Tell me, do you have a husband?

Olga: He passed away in January of this year. He was the father of my two sons. My daughter had another father.

Retha: When did your daughter pass away?

O: In 2008

R: So Vusi, your daughter's son, became your child, while your husband was still alive?

O: Yes

R: How did he die? Was he sick?

O: Yes, he had problems of with his heart. But we were not together. He left me for the other wife and then we got divorced in 1999.

R: So your daughter became sick?

O: Yes

R: Did the two of you discussed with each other what had to happen with Vusi when she passed away?

O: No, we didn't discuss it. She knew that I love her son



© University of Pretoria

R: Tell me, in your culture, if somebody passed away you just take care of that child? How does it work? Must the grandmother look after the children?

O: Yes, the grandmother must, or the aunt can also look after the child, or your sister.

R: So it is not like the Western culture, that children end up in fostercare or live in a Children's Home?

You have Ubuntu – you look after each other

What was your feeling when you got Vusi in your home?

O: It was difficult.

R: What made it difficult?

O: Everything was on my shoulders now. I feel that I want to do everything for Vusi now.

R: Does Vusi have a father?

O: He passed away also.

R: So in your culture this type of situation is normal at the moment. There are a lot of parents that pass away and then the grandparents or family must look after the children

O: Vusi's father's parents are still alive. She is also helping me.

R: Is she helping you financially?

O: Yes. If she has something, she phones and then he must go to her place. Sometimes she buys clothes for him. Sometimes she gives meat if she has in the fridge.

R: What is Vusi's relationship with her?

O: It is good, because he always phones his granny.

R: But you are a mother to him.

O: That makes it difficult.

R: Does Vusi see you as his mother?

O: He calls me "mother", since he was little. Granny was also mommy to him.

R: Did he and his mother stayed with you in the same house?



© University of Pretoria

O: Yes.

R: Tell me, what difficulties do you experience now, that was not a problem when his mother was still alive?

O: It is difficult, because he misses his mother.

O: He misses his father also, because he father spoiled him a lot.

R: So his father passed away before the mother?

O: Yes.

O: Vusi misses them, that's why he got anger inside of him

R: So he is angry because of his situation.

R: In your culture, for a child like him to grow up with his granny, is it a normal thing, or do you think that he feels "out", not like his friends?

O: It's normal for him. It is not a problem for him. There is a lot of children that is in the same kind of situation.

R: What does he do when he is angry?

O: He is cheeky with me.

R: You know what, because we are stepmothers, we think that this anger is against us. But a boy of that age will also be angry with his biological mother.

We as stepmothers experience a lot of guilt.

Is that what you are also experiencing?

O: Yes

R: What kind of quilty feelings are you experiencing?

O: I'm doing everything for him, but you know the kids without parents. I don't want him to have a lot of dirty things on his mind

R: Since his mother passed away, is it difficult for him at school as well?

O: I believe that he is good at school, but now he is bunking school. He has the wrong friends

R: How do you handle it then? What do you do? Do you shout or do you give him a hiding?



© University of Pretoria

O: Just shouting.

R: So, is it difficult for you to discipline him?

O: Yes, he's not listening. Like today, I asked him, can't I do this or this, because I'm teaching them to do everything in the house. And he just left.

R: So it is difficult for you to give him work at home and ask him to help you.

O: Sometimes he is doing, sometimes not.

R: Do you think that you treat him in the same way than you treat your other son?

O: Yes, when I'm going to town, I buy clothes for each of them and ask them what they want. They must choose equally. The other one, Jabu, must not get more.

R: So, you really feel like Vusi's mother. It is not that you sometimes feel that Vusi is not your child.

O: I'm always his mother, since his birth.

R: Tell me about the relationship between Vusi and his brothers.

O: They orraait. Sometimes they are arguing.

R: But, like normal brothers. The other two don't sometimes feel like Vusi is not their real brother.

O: They don't want to hear anything about it.

R: So in your culture you in the spirit of Ubuntu. It's not my children and your children. You help each other. Is it easy for you in your culture to share things?

R: Tell me, since your daughter passed away, are you struggling financially? What is tough for you?

O: Yes it is financially tough.

R: Is there sometimes that you feel that you can't carry on? Are you feeling tired at times?

O: I'm not tired about him.

R: You still have hope?

O: Yes, I have hope. Someday his is going to be okey, and he will be working for himself



© University of Pretoria

R: What I read in the letter that you gave me, is that you have a close relationship with God. Tell me about your relationship with God.

O: I'm going to church. If I'm in church, I feel relieved, when I'm worshipping God. And like this morning I was reading my Bible in Genesis.

R: So, would you say that God really gives you the strength to carry on. Would you say that if you have not God in your life, you would not be able to be a mother for these children?

O: Yes, God is there for us. Vusi was also going to church, but nowadays no, he is not going.

R: You wrote here that it is important for you to learn them certain values. You want them to be adults with dignity.

Tell me, Olga, what would you say is your positives, your good attributes? How do people experience you?

O: Many people say that I am good for the kids, I help people even if they are not my family.

R: So you have a heart for other people?

O: Even my clothes if they don't fit me I give to other people.

R: And I experience that you are a hard worker…and you are not giving up. You told me in the letter that you had a better position and then they retrenched you. Then you got the job as tea lady at the same organization.

What is remarkable for me is that you visit the teachers at school and want to know about Vusi's performance. Not even some biological parents do that for their children.

So what kind of adult does you want Vusi to become?

O: Professional adult that can work and respect others, he must go to church.

R: So you have hope for Vusi? You know that he is only a teenager.

O: Yes, maybe he will change as days go on.

R: Is there incidents with Vusi that you can remember that brings hope, moments of hope?

O: Yes, like this week when I got home, the house was clean, no dishes in the sink, outside the stoep was clean.



© University of Pretoria

R: That shows that he learns from you. Tell me of your other son that has asthma, does he have it since he was little?

O: Yes, since he was little, before he went to school.

R: So is he very sick?

O: No, he is getting treatment everyday. In Mamelodi we have the clinic.

R: Was it difficult to raise a sick child?

O: Yes

R: How old is he now?

O: He is 22

R: Does he work?

O: He is driving the small taxi around Mamelodi

R: And Jabulani?

O: Jabulani is in Grade 12 in Berea Park High School.

R: Are Vusi hard working?

O: Ja, Vusi's books are nice and clean.

R: So Vusi is a good student?

O: Ja, if he can change he will be a better student.

R: Tell me, in your culture, not having a husband to support you, is it difficult, or is it a way of life for you? Do you miss a husband in your life?

O: I miss him, but he didn't treat me nicely.

R: So in your culture it is sometimes better for a woman to be alone. The men are not really supporting families?

I see that you black women can do it with God. God is like your husband

O: Yes, God is there for me. Thank you for sharing your story with me. I'm so proud of you. You are so positive. You give God all the glory. You black women can teach us many things.



© University of Pretoria

O: I can live without the husband. In 1999 he took the house, sell it. Then I lived in a shack. In 2001 I brought the material to build the house. I built the house in 2005

R: So now you are living in a brick house. Do you get the grant for Vusi.

O: Yes

R: Well, that helps you financially.

Thank You, Olga



© University of Pretoria

**Bylaag 5**

**Lientjie se storie**

1. **Vertel vir my jou "stiefma storie". Hoe het dit gekom dat jy 'n stiefma geword het?**

*Stiefma is nie juis 'n naam wat jy ooit dink jy gaan kry nie...jy droom net van ma word en as die "stiefma-ding" dan met jou gebeur is dit of daar 'n nuwe vreemde wêreld oopgaan...'n bittersoet een!*

*Ek was vir lank vasgevang in 'n gebroke huwelik, met net my 2 kinders as ligpunt in die donkerte.*

*Ongevraagd het 'n lieflike man my pad gekruis, stukkend met sy eie seer.*

*Twee gebroke siele wat vir die eerste keer uit hul skuilplek kon kom.*

*Ons is deur vernietigende egskeidings, maar kon saam die pad van genesing vir onsself... vir ons 6 kinders... vir ons geliefdes begin stap.*

*2.* **Is dit 'n goeie of minder goeie ervaring vir jou om 'n stiefma te wees? Vertel daarvan*...***

*Dis vir my 'n mengelmoes van goed en minder goed.*

*Die goeie deel spruit uit my liefde vir die kinders en die absolute lekkerte om by hulle te wees en te kan deel in hulle lewens! Ek het hulle pa so intens lief, wat my hart spontaan so vir hulle oopmaak! Hulle voel soos my eie kinders en dit is lekker om by hulle te wees!*

*Die minder goeie deel lê in die onsekerheid van die rol/plek wat ek moet inneem en die knaende behoefte om aanvaar te word. Met drie van die vier het ek 'n baie goeie verhouding, maar daar is die jongste wat nog glad nie met ons wil kontak hê nie. Ek het nie genoeg woorde om te sê hoe sleg dit vir my is om my man te sien pyn daaroor nie! Dit laat my magteloos...*



© University of Pretoria

*Ek is ook nie aldag seker hoe die ander 3 se harte binne lyk, daar diep agter die glimlagte nie. Ek wonder of hulle nog met seer of vrae leef en sou hulle so bittergraag daarmee wou help. Ek beleef soms 'n afstand tussen ons, nie as gevolg van liefdeloosheid nie, maar eerder omdat daar woorde kort wat die brug moet skep.*

**3. Hoe beïnvloed jou ervaring as stiefma jou ander verhoudinge?**

*Ek dink dat dit soms 'n negatiewe impak op my eie kinders het aangesien ek geneig is om meer aandag aan die ander te gee om hulle te laat tuis voel. Ek het ook 'n groter gemak met tieners wat meebring dat ek my jonger kinders in die proses afskeep. Ek voel sleg daaroor!*

*Ek beleef ook spanning wanneer hulle kom kuier (wil so graag hê alles moet reg wees en dat hulle vriendelik met my sal wees, veral na 'n tyd wat hulle onder hulle ma se negatiewe invloed was).*

*Die spanning borrel soms oor in 'n woordewisseling tussen my en my man. Dis glad nie vir my lekker nie!*

**4. Hoe beïnvloed jou ervaring as stiefma jou denke oor jouself?**

*Ek is meer bewus van 'n broosheid in myself, 'n diepe hunkering na aanvaarding en vrees vir verwerping.*

*My selfbeeld/identiteit het in die hele seerproses skade gekry en alhoewel ek nog besig is om gesond te word voel ek positief oor myself. Ek weet dat ek baie vir al ons kinders te bied het en regtig waarde tot hulle lewens kan voeg. Ek is ook opgewonde dat ons huwelik vir hulle tot voorbeeld en inspirasie sal wees.*

**5. Lees aangehegte sprokie. Hoe het jy gevoel nadat jy dit gelees het?**

*My hart breek vir die pa wat sy kinders moes opgee en ek beleef 'n intense gevoel van jammerte vir die kinders wat verwerp word.*

*Ek het 'n gevoel van minagting vir die stiefma wat met liefdeloosheid en selfsug leef.*



© University of Pretoria

*Ek beleef 'n gevoel van verligting en blydskap toe pa en kinders weer saam is en die storie gelukkig eindig.*

**6. Het die beeld wat van stiefma's in sprokies geskep word, jou eie siening oor stiefma's vroeër in jou lewe beïnvloed?**

*Dit het verseker vir my 'n negatiewe beeld van stiefma's gegee, maar ek het nie juis vroeër te veel aan die stiefma gedink nie...dalk omdat dit 'n rol is waarmee ek myself nooit vereenselwig het nie. 'n Rol wat ek in my wildste drome mos nie sou speel nie...*

*In enige storie moet daar altyd 'n "bady" wees en wat makliker om die stiefma die vark in die verhaal te maak!*

**7. Speel daardie beelde wat jy vroeër in jou lewe gevorm het, 'n rol in die manier waarop jy vandag jou stiefma rol uitleef? Op watter maniere?**

*Ja dit het 'n invloed. Ek het in die begin, toe ek besef dat ek nou 'n stiefma is, 'n knyp in my binneste gevoel...want daar is mos niks goeds in 'n stiefma nie! Die naam self is sommer stief!*

*In my drome was ek nog altyd die skone prinses en nou word ek wakker geruk as die "nare stiefma"!!*

*Dit het sommer 'n wrang smaak gelaat en vir 'n wyle het daar 'n stiefma kompleks aan my kom kleef.*

*Ek dink egter dat dit juis hierdie negatiewe beeld en natuurlik God se wonderlike genade was wat my gemotiveer het om die "stiefma" te verander in 'n "liefma".*

*Ek weier om die negatiewe rol te speel, want God het my juis geskep om watter rol ek ookal hier op aarde moet speel tot Sy eer te speel! Hoe kan ek dan toelaat dat 'n sprokiebeeld, God se beeld vir my kom skaad...!*

*Ek sien ook die rol van stiefma as 'n voorreg, want nou kan ek op 'n dieper vlak, met ander kinders as my eie, my lewe deel sonder om hulle ma hoef te wees. Ek is die vrou wat saam hulle pa gaan oud word, wat my liefde vir hom wyd genoeg oopmaak om*



© University of Pretoria

*hulle ook te omvou en te koester...sonder dat ek hulle ma hoef te wees. Hieraan is daar beslis niks "stief" nie.*

**8. Waar kom jou idees oor stiefma's vandaan?**

*My idee van 'n stiefma is nie meer soos vroeër die beeld van sprokies nie, maar eerder die een wat in die fliek "Stepmom" met Julia Robberts uitgebeeld word. In die fliek word die werklikheid van 'n moeilike pad gewys, maar met hoop in verhoudings wat heelword en mense wat berusting vind by die verskillende rolle wat hulle moet speel in die kinders se lewens. Die wonderlike deel is dat daar vir elkeen 'n plekkie is!*

**9. Watter drome het jy vir jou nuwe gesin?**

*Ek droom van 'n reuse boom met oorvloedige koelte, 'n lang pragtig gedekte tafel met heerlike kos...ons met ál ons kinders en hulle gesinne en die geluid van loutere vreugde en vervulling!*

**10. Enige iets anders wat jy nog wil deel?**

*Daar is slegs één manier om die pad van 'n hersaamgestelde gesin aan te pak en dit is met God as die toerleier.*

*Dit vra dat 'n mens voortdurend by Hom sal stilraak, by Hom sal hoor en leer hoe om die pad te stap.*

*Struikelblokke sal daar wel wees, maar Hy gee mens die vlerke om dit te oorkom.*

*Sy liefde en genade is oorvloedig!*

*En ja, dan kan 'n hersaamgestelde gesin ook in hulle samesyn alle lof en eer aan ons Vader bring!*

**Lientjie (Opvolgvrae):**

**1. Het jy jou stiefkinders "geken" voordat hulle pa en ma geskei is?**

*Ja, ek het hulle geken voordat hulle pa en ma geskei is. Ek was die jeugwerker by die gemeente en het veral deur die jeugbediening nou kontak met hulle gehad.*



© University of Pretoria

**2. Indien wel, hoe was jou verhouding in daardie tyd met hulle? Verskil die verhouding wat jy nou met hulle het, van daardie tyd se verhouding?**

*Ek het met al 4 'n goeie verhouding gehad, in besonder met Lizette. Van die 4 het ek die minste kontak met Ruben gehad (ons was altyd vriendelik met mekaar, maar nie "gekuier" soos met die meisies nie).*

*Ek gaan die 2de deel van die vraag vir elke kind afsonderlik beantwoord:*

***Lizette** - Aanvanklik baie negatief en ons het vir 18 maande geen kontak met mekaar gehad nie. Sy het Junie 2012 weer kontak gemaak en sederdien het ons 'n baie hegte verhouding. Tussen my en Lizette is daar net 'n "connection" wat my diep raak! Met 'n kuier sal sy my geselskap opsoek en daar is 'n heerlike gemak tussen ons. Daar was ook al twee geleenthede wat sy in gedagte na my as "haar ma" verwys het. Ons het egter nog nooit oor my en haar pa se huwelik gepraat nie. Ons verhouding is nou weer dieselfde (dalk nog hegter) as voor ons troue.*

***Ruben** - Hy was van die begin af positief oor ons verhouding (hy is ook die enigste kind wat vir berading gegaan het). Ruben het soveel salf gegee in 'n tyd wat dit baie sleg gegaan het, ek sal hom ewig daarvoor dankbaar wees! Ons is baie na aan mekaar, in so 'n mate dat hy my met Moedersdag bel. Hy het ook al gesê dat hy so bly is dat ons getroud is en dat hy sy pa nog nooit so gelukkig gesien het nie. Ons verhouding is nou hegter as voor ons troue.*

***Andrea** - Sy het wel ons troue bygewoon en alhoewel sy toe nog nie gemaklik was nie, gesê sy maak die wilsbesluit, omdat sy 'n pad met haar pa wil stap. Ons verhouding het gegroei en ek kan eerlikwaar sê dat daar nie konflik is nie. Sy kom kuier gereeld by ons en ons tydjies is lekker saam. My belewenis is egter dat haar goeie houding soms net resiproke gedrag is en dat sy nog sukkel met emosies wat nie verwerk is nie. Ek dink sy kry swaar in die beweging tussen die 2 wêrelde (by ons waar daar 'n goeie atmosfeer is teenoor by haar ma wat bitter voorkom en waar die atmosfeer rondom ons baie negatief is). Ek wil so graag hê dat Andrea gehelp word met die seer wat nog nie volkome hanteer is nie. Ek voel onseker oor ons verhouding en weet nie waar ek regtig met haar staan nie.*



© University of Pretoria

***Susan** - Geen verhouding, geen kontak. Sy is baie negatief oor ons huwelik. My gevoelens teenoor haar is nie meer positief nie, ek voel kwaad oor die manier waarop sy haar pa behandel. Ons verhouding het baie verswak. Ek wil hê dat daar herstel moet kom, maar sien nie kans om dit sonder die hulp van 'n berader te doen nie.*

**3. Wat het tussen jou en die kinders verander vandat julle getroud is?**

*Sien ook vraag 2.*

**4. Ervaar jy soms 'n gevoel van jammerte vir jou stiefkinders, omdat hulle deur al die trauma van 'n egskeiding en nuwe gesin moes gaan?**

*Ek kry hulle uit my hart uit jammer omdat hulle nie die nodige hulp (berading) gekry het na die egskeiding nie. Hulle ma het die beradingsproses gekniehalter en hulle gebruik (doen steeds) om hulle pa pak slae te gee...die mees selfsugtigste optrede wat ek nog beleef het!*

*Ek kry hulle ook jammer dat hulle nie die kans gegun word om deel te wees van 'n nuwe gesin nie... hulle is so gemaklik by ons, maar word met 'n slegte atmosfeer gekonfronteer as hulle terug huis toe gaan. Die oudste 2 (wat uit die huis is) het dit op die stadium die maklikste, want hulle kan met ons 'n verhouding hê sonder om te voel dat hulle, hulle ma daardeur verloën.*

**5. Dink jy dat jou stiefkinders jou as 'n ma sien, of vervul jy 'n ander rol in hulle lewens?**

*Ek dink dat Ruben my as 'n ma sien. Ek reken dat my rol anders is, veral omdat hulle nie meer klein kindertjies is nie. Ek is die vrou wat vir hulle pa innig lief is en daaruit vloei liefde vir elkeen van hulle. My rol is om vir hulle by ons te laat tuis kom, te deel in die lief en leed van hulle lewens, te help met probleme en saam die lewe te geniet en te waardeer. Ek sien my rol eerder die van 'n mentor as die van 'n ma.*

*My grootste begeerte is dat ons huwelik vir hulle tot voorbeeld sal wees en dat dit hulle sal help om die regte keuses te maak.*



© University of Pretoria

**6. Wat het jy alles opgeoffer deur met Adriaan te trou?**

***Respek en aansien in die gemeenskap*** *- ek is versnipper deur slegte, onwaar stories wat versprei is en mense wat dit vir sensasie gulsig gesluk het. Dit is vir my 'n nuwe en baie slegte ervaring om deur mense geïgnoreer en vyandig behandel te word. Ek vind egter berusting by God deur Sy woorde in Gal 1:10 en 1 Tes 2:4.*

*Ek is diep dankbaar vir God se genade! Ek kan opstaan en met elke stukkie passie in my vir Hom leef en getuig van Sy heling! Ek, stukkende kleipot... is steeds, danksy Sy wonderlike liefde en genade, bruikbaar!*

***'n Lewe sonder vyandskap*** *- daar is nou 'n eksvrou wat my verafsku en nie skroom om gal te braak waar sy gaan nie. Sy het geweier om saam met Adriaan vir egskeidingsberading te gaan en aanvaar geen aandeel vir die verbrokkeling van hulle huweliksverhouding nie. Sy wil net aanhou baklei oor geld, kinders ens en ek smag net na vrede!*

**7. Watter drome het jy vir jouself en vir julle as nuwe gesin gehad voordat julle getroud is?**

*Hierdie is my drome voor ons troue en steeds nou:*

*Vir myself droom ek om in vrede saam met my man oud te word. Hy is my sielsgenoot, by hom maak ek sin! Ek droom om saam met hom die lewe te geniet en kans te kan kry om los te kom van 'n seer verlede en om ons voluit te kan uitstrek na 'n heel toekoms.*

*Ek droom om vir God te kan werk...om geleentheid te kry om my roeping te kan uitleef.*

*Vir ons nuwe gesin droom ek steeds van 'n reuse boom met oorvloedige koelte, 'n lang pragtig gedekte tafel met heerlike kos...ons met ál ons kinders en hulle gesinne en die klank van loutere vreugde en vervulling!*



© University of Pretoria

**8. Is hierdie drome verwesenlik?**

*Ons is treëtjie vir treëtjie oppad en ek glo met alles in my dat ons daar sal kom... want God is in beheer!*

**9. Jy praat van "aanvaarding" en "verwerping". Is dit dinge waarmee jy al lankal stoei, of is dit nuwe temas in jou lewe vandat jy in jou nuwe gesin staan?**

*Aanvaarding en verwerping is nie nuwe reisgenote in my lewe nie. Ek het al vroeër in my lewe seer gekry wat onsekerheid en vrees vir verwerping meebring. Die nuwe gesin en die broosheid van die verhoudings is net soos 'n skakelaar wat onsekerheid weer laat brand.*

**10. Wat dink jy verwag God van jou as stiefma?**

*Onbaatsigtige liefde en aanvaarding van kinders wat nou deel is van my lewe. 'n Oop hart... oop hand... oop gemoed ten spyte van ander se geslotenheid. Dit is slegs moontlik in God!*

*Ek bid dat God Fil 1:9 in my laat gestalte vind...*

*"Ook bid ek dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom."*

*Ek sou dit ook só kon uitdruk:*

*To...*

*live without pretending...*

*love without depending...*

*listen without defending...*

*speak without offending...*



© University of Pretoria

**Bylaag 6**

**Erna se storie**

E: *Vir my kinders is ek vir elkeen op 'n ander manier 'n stiefma. Chené vra my nou wat ons nou gaan doen. Ek sê vir haar ons gaan oor stiefma's praat. Sy sê toe wie se stiefma? Ons is mos nie eintlik stiefma's nie.*

*R: Dit is juis die diskoerse wat in die samelewing bestaan dat jy iemand se stiefma is, maar jy sien jouself gladnie so nie en voel ook nie soos een nie. Met hierdie navorsing wil ek juis bewys dat dit nie regtig meer bestaan nie. Daar is deesdae soveel vorme van gesinne, soveel vorme van ma's, wat ook in elke kultuur verskil. Dit is so uit die "oude doos" as jy nog praat van iemand se stiefma. Ek wil juis die klem op die positiewe van hierdie ervarings laat val.*

*E: Min kinders in hersaamgestelde gesinne sal ook praat van hulle stiefma. Hulle sal haar of "my ma" noem, of as die verhouding dat nie so goed is nie, "my pa se vrou".*

*R: In my werk ervaar ek weer dat kinders sal praat van my "stiefma of stiefboetie of stiefsussie" as die verhouding in die gesin nie so goed is nie*

*E: Dis baie interessant – toe ek in standerd 2 was, was daar 'n seuntjie wie se ma oorlede is en wie se pa toe weer getroud is. In gesondheidsopvoeding praat die onderwyser (wat 'n baie moeilike onderwyser was)…Hy kom toe by Peet en vra vir hom "Hoekom het jy nie jou brood geëet nie"? Peet antwoord hom toe "My stiefma het dit gemaak" Die meneer vra hom toe om te staan en vra vir hom "Wie het jou wasgoed gewas?" En Peet antwoord "My stiefma"op al die vrae wat die meneer hom vra. Hy sien toe waarop stuur die onderwyser af en was later in trane. Weet jy…. Dit was my eerste belewenis van 'n stiefma. Ek dink sy pyn was meer die feit dat sy ma nie meer daar was vir hom as die feit dat hy 'n stiefma gehad het.*

*R: Dis waar wat jy sê – dis die pyn wat jy het omdat jou eie ma nie meer daar is nie. Dis nie soseer die probleme wat jy met jou stiefma het wat die pyn veroorsaak nie.*



© University of Pretoria

*R: Ervaar jy dit so?*

*E: Weet jy, ek dink ons situasie is so anders. Jy het nou die dag gevra hoe ek 'n stiefma geword het. Weet jy – dit was nooit eintlik eers ons gedagte gewees om kinders aan te neem nie. Toe ons begin het met veiligheidsorg, was ons gedagte net gewees om kinders te help en hulle weer met hulle biologiese ouers te herenig. En toe…die eerste kind wat ons inneem in 'n plek van veiligheid…Toe na 6 maande kry die maatskaplike dienste nog steeds nie vir hom pleegouers nie. Toe was ons een aand by 'n vergadering waar hulle voornemende pleegouers genooi het en 'n profile van die kind gegee het. Hulle vra toe waarvoor die kind wat by ons in veiligheid is dan moet pleegouers kry, want hy het dan ouers. Dit was gladnie in ons beplanning om enigsins kinders te pleeg nie. Toe het die maatskaplike dienste vir ons op 'n stadium gesê of ons nie maar dit wil oorweeg om pleegouers vir die kind te wees nie, want kyk hoe die kind in ons sorg ontwikkel het. "Kyk net hoe blom hierdie kind onder julle sorg! Kyk hoe het hy met julle gebind"! So dis so half vanselfsprekend dat ons ook moes gebind het met hom. Ons het baie daaroor gebid en ek het geweet dis nie wat ek eintlik wil doen nie. Ons het dit regtig na die Here toe gebring en toe besluit ons sal hom maar pleeg, want niemand wil hom hê nie. Albei sy ouers was baie moeilik – so niemand was bereid om 'n pad met die biologiese ouers te stap nie. Ons het besluit ons sal maar die pad stap en haar (mamma) lei tot bekering en as sy tot bekering kom sal ons haar kind vir haar teruggee. Ons gaan dan nou maar hierdie pad stap as niemand anders bereid is om dit te doen nie. Die dag voor sy eerste verjaarsdag sou ons die pleegsorg ooreenkoms doen en toe was die pa baie aggressief. Die ma het net daar besluit om hom af te teken. Toe het ek soos nageboorte skok, want hier het ek eintlik die beplanning gehad dat ons met haar 'n pad sal stap en nou het ek 'n baba!*

*Hier het ek ewe skielik 'n seuntjie wat nie beplan was nie en die besef dat die Here se hand hierin is. Dit was nie my plan nie, maar jy ervaar daardie plan van die Here af. Hy was baie, baie veeleisend. Toe sê hulle ons mag nie verder veiligheidsorg doen nie, want ons het dan 'n kind aangeneem. Ons was wel redelik vasberade om veiligheidsorg te doen en ek het steeds die vergaderings bygewoon. Toe hulle my nodig genoeg gehad het, kon ek dit weer doen.*



© University of Pretoria

*Toe het ek op 'n stadium gevoel dat my eie kinders 7 en 8 jaar oud is en nou is hy weer alleen. My somme werk nie so nie. Daar moet nou iets gebeur. Of ek moet nog 'n kind aanneem of. So het ek nie regtig weer gekies nie, maar so het Tharina op ons pad gekom. Tharina was weer op 'n ander manier so intens. Sy was ongelooflik afhanklik. Ek verskil as stiefma vir Pierre en vir Tharina, omdat Pierre sy eie ding wil doen en nie noodwendig so fisies afhanklik is nie.*

*So het daar ander kinders bygekom wat ons dan gepleeg het, maar vir wie ek ook 'n stiefma is. Kevin is weer 'n kleurlingseun en dit verskil geheel en al van ons eerste twee.*

*R: Hoe verskil dit?*

*E: Jy kan 'n kind uit 'n varkhok haal en in 'n paleis met goue strate sit, maar hy sal hunker na sy biologiese ma. Jy kan enige kind vra wat nie by sy biologiese ma is nie "Wil jy graag by jou mamma wees en hy sal sê "Ja ek wil!" Hulle sien nie die varkhok raak nie. Maar jy kan nog steeds vir jou kinders 'n ouer wees. Omdat hy 'n kleurlingkind is, soek hy altyd soos hy loop "sou dit nie dalk my ma wees nie", omdat jy van velkleur anders is. As ek dink hoeveel keer ons weer vir Kevin van vooraf verseker. Hy is baie bevoorreg, hy het eintlik 'n baie mooi briefie gekry van sy mamma af wat. Elke keer as hy onseker is kan terug gaan na haar briefie en hom verseker "sien jy, jou mamma het haar seën oor jou uitgespreek. Maar ek dink tog hy kry swaar omdat hy nie weet waar hy vandaan kom nie. So dit maak dit anders.*

*Vir my het dit nog nooit gevoel dat ek 'n stiefma is nie. Nog steeds voel dit nie vir my so nie. Ek erken altyd die kinders wat by ons kom se biologiese ouers.*

*R: So jy is ook nooit jaloers op hulle nie*

*E: Nee, inteendeel kom dit baie keer van ons af om die verhouding aan die gang te hou.*

*R: So ek hoor dat jou situasie eintlik anders is 'n geskeide opset met die mamma en stiefpa, of die pa se nuwe vrou.*



© University of Pretoria

*E: Wat ek dink is dat ek en my kinders se biologiese ouers mekaar nie regtig teen mekaar kan afspeel soos in 'n huis wat daar 'n hersaamgestelde gesin is nie. Dit wat jy nie by die een regkry nie, sal jy by die ander een regkry.*

*Ek dink die verhouding met elke kind verskil, want elke kind se behoefte is anders. Die een kind soek fisies die hele tyd jou aandag. As jy beweeg wil hulle weet waarheen jy gaan. Die ander kind hou hom weer self besig. So elke kind vra iets anders van jou. Elkeen se persoonlikheid is anders, so dit wat jy gee is anders.*

*R: Sien jy julle gesin anders as ander gesinne of as 'n gewone gesin?*

*E: Ek sien ons as 'n groot gesin en ook, dit leer ons die kinders ook elke dag, hierdie is jou gesin, hierdie is waarheen jy terugkom. As die wind buite vir jou te rof waai, ons sal jou ondersteun, jy kan maar terugkom hierna toe.*

*R: Sê vir my Erna, as jy nou dink oor julle "wenresep": is dit omdat jy en Gavin eintlik aan "dieselfde kant" is, as jy dit so kan stel. Een van julle hoef m.a.w. nie die middelman te wees as 'n mens dit so kan stel, soos in ander hersaamgestelde gesinne nie. Dink jy dit maak julle gesin meer geslaagd? Julle staan saam.*

*E: Almal vra altyd hoe het julle begin met pleegsorg? Eintlik was Gavin oorspronklik die een wat gesê het "Dis die ding waarmee ons moet begin."*

*Baie keer wanneer mense kinders pleeg, is dit die ma wat 'n behoefte aan 'n kind het en die pa sê maar net dis reg.*

*Ek dink ons slaag omdat ons saamstaan, mekaar ondersteun. Dit maak 'n baie groot verskil. Die feit dat ons saam die biologiese ouers kan hanteer.*

*R: Die kinders is verbind aan een van die ouers nie.*

*E: Ek dink dit maak dit baie anders. Maar dit maak nie baie keer hoe die kinders oor jou dink anders nie.*

*R: Hoekom sê jy so?*



© University of Pretoria

*E: Want hulle sien ons nie noodwendig as hulle enigste ouers nie. Ek verseker hulle altyd ek is ten volle daar vir jou. Veral as hulle nie hulle biologiese ouers ken nie, het hulle die hunkering "wat as sy die dag kom?."*

*So hulle het altyd my begrip vir hulle situasie. En ten spyte van die feit dat hulle weet daar sal nie rêrig hereniging kan wees nie, is daar altyd daardie verwagting by 'n kind. Met ons eerste kind het ek regtig gedink hierdie kind gaan ons huis toe stuur. Ons het 12 kinders gepleeg en 2 van hulle het in hierdie jaar huis toe gegaan. Hulle het 9 en 8 jaar onderskeidelik by ons gebly, wat 'n baie, baie lang tyd is. Ek het hulle nooit groot gemaak met die gedagte dat hulle moet gaan nie. Ek het hulle altyd groot gemaak dat ons hulle end uit sal versorg. Intussen het hulle albei hulle biologiese pa's verloor*

*Dit gaan nie daaroor of ek hom wil laat gaan of nie, dit gaan daaroor wat die kind se behoefte is. En albei hierdie kinders, dink ek het ek dieselfde hanteer. Hulle was 2 seuntjies van dieselfde ouderdom. Die een het na 'n week gevra, kan hy dit kry en kan hy dat kry. Die ander boeta bel elke week om te hoor hoe gaan dit. Dit gaan oor sy persoonlikheid, dit gaan definitief nie oor sy opvoeding nie. Hulle is dieselfde geleer. Dit gaan oor persoonlikheid dink ek.*

*R: Maar sê vir my speel dit glad nie 'n rol in jou binding met die kind, as jy weet die kind moet dalk gaan nie? Is jy ten volle 'n ma al weet jy oor 'n jaar kan daardie kind weer gaan? Dis nie dat jy dit anders hanteer nie?*

*E: Kyk na Leendert, hy's gebore daar op my bed. As ek my oë oopmaak, eerste wat ek hoor, daar roer hy…Hy was my alles vir 'n hele jaar en hy moet gaan.*

*Wat mense sê het soms 'n invloed.*

*In een van die veiligheidshuise het hulle al die kinders verwyder en die vrou het net sterk gebond met 'n 9 maande oue dogtertjie en ek onthou hoe sleg was dit vir haar. Toe het ek gesê "Weet jy, ons moet nooit weer bind met 'n kind nie. Kyk hoe seer kry sy" en net daarna toe kom Ané…*

*Daar vir 2 jaar 'n tyd wat ons net swart babas gehad het, Ané was die eerste blanke baba wat ons toe kry. Dit het tog 'n ander emosie by jou. Ek het weer so sterk met*



© University of Pretoria

*haar gebind ten spyte daarvan dat ek daarteen geskop het, was sy die een met wie ek die sterkste gebind het.*

*R: Jy kan dit m.a.w. nie keer nie.*

*E: Jy kan dit nie keer nie, nie velkleur nie, niks. As ek dink aan die binding met Kevin. Hy's gladnie die prentjie van die kind wat jy sal aanneem nie. Weet jy, al die dogters wat ek aangeneem het, het niks hare gehad nie. Daar is nie 'n manier wat jy voorskriftelik kan wees nie vir hoe jy bind nie. Daar is bitter min kinders deur al die jare wat ek kan sê daar was niks tussen ons nie. Baie keer is die belangrikste dat ons as volwassene die bindwerk moet doen.*

*R: En jy moet maar elke dag daardie ekstra myl loop.*

*E: Want die kind is die een wat nie verstaan wat met hom gebeur nie.*

*R: En wat nie gevra het dat dit met hom moet gebeur nie.*

*E: My niggie het 'n pleegdogter wat al sestien is en in sielkundige evaluering het hulle gesê dat daar geen binding tussen hulle is nie. Die kind het nooit met haar gebind nie. Dit was vir my niggie die swaarste ding, want ek dink ons verstaan nie altyd wat 'n binding is nie.*

*R: Wat dink jy is 'n binding?*

*E: Kyk, 'n binding gaan daaroor van 'n kind se kant af spesifiek dat jy ten volle vertrou en dit sluit baie baie goed in. Dit lê baie diep, ons het dit met die jare gesien.*

*R: In alles wat jy sê hoor ek dat julle baie naby aan die Here lewe en dit maak die verskil. Jou eie ek is nooit ter sprake nie.*

*E: Toe ons begin het was dit in 'n stadium van ons lewe wat ons dit kon akkomodeer. My eie kinders was ook reg daarvoor. Hulle het dit gerespekteer. Niks was uit sy plek uit nie.*

*R: Hoe het dit gekom dat julle besluit het op pleegsorg?*



© University of Pretoria

*E: Gavin het self 'n aangenome broer. My niggies was in die kinderhuis en my pa het hulle vakansies by ons laat kuier. Ons het grootgeword daarmee.*

*Op 'n stadium kon ek my werk bedank en ek het alles gedoen wat ek wou doen. Daar was 'n navraag by die kerk. Gavin het die oproep gemaak. Ons het toe begin en ons kon eintlik opgehou het by Pierre. So het ons besef ons kan eintlik vir meer pleegsorg gee.*

*As ons nou begin gemaklik raak dan besef ons dat ons nou in 'n comfortzone is. As jy iets van jouself gee is dit nie maklik nie. Ons het geleer om te gee. Ons het dit aangepak absoluut uit gehoorsaamheid aan die Here. Na Tharina het ons regtig gevoel dat die Here ons roep om meer kinders aan te neem, maar die sisteem het dit nie toegelaat nie. Jy besef dat op ons eie sal ons dit eintlik nooit kan doen nie as die hand van die Here nie daar is nie. Na 7 jaar wat ons begin het om kinders in pleegsorg te neem het hy sy werk bedank want hy het net besef dat hy alles gedoen het wat hy wou. Hy het besef dat dit nie net een mens se werk is nie. Dit verg baie vertroue, want ons het toe geen inkomste meer nie. Maar weet jy vandat hy bedank het, het dit eintlik beter gegaan.*

*Daar was een keer vier dogtertjies gewees en ek sê vir Gavin ons sal iewers moet geld afknyp om vir elkeen pantoffels te koop, want dit is regtig 'n behoefte. Weet jy net die volgende dag kom daar 'n swartsak met pantoffels, vier pare en dit pas perfek vir die dogtertjies. Mens besef net weer dat die Here voorsien, want geen ander mens weet dat dit vier pare moet wees nie. Dit het net so gekom soos wat die behoefte was. Deur die jare het ons dit baie beleef. Dan weet 'n mens net dat dit nie uit jou eie is nie.*

*R: Dit m.a.w. 'n geestelike reis. Voel jy soms dat jy amper afgesonder of uitgesonder word deur die Here, saam met die swaar?*

*E: Ja, nie die materieële nie. Partykeer as iemand vir my 'n baba bring met spesiale behoeftes dan voel ek uitverkies. Dan maak dit ook dit wat jy moet doen vir jou makliker. Iemand het jou nie aangestel nie, dis nie 'n job nie, dis 'n calling en daarom kan jy dit doen, want niks wat op jou pad kom sal te moeilik wees om te hanteer nie.*



© University of Pretoria

*Ons kry eenkeer so 'n snaakse lap in een van die sake met klere wat ons as geskenk gekry het en on sweet gladnie hoe werk die ding nie. Net daarna kom 'n baba wat gestremd is en hulle sê maar hy moet in 'n sling slaap en dis toe presies die sling wat die Here die week vantevore vir my gestuur het. Die Here het dus net 'n manier om dit wat ons nodig het vir ons te stuur. Dit is vir my net ongelooflik. Ek het nie 'n briefie gestuur en gesê, hoor hier "ek het 'n seun nodig"nie. Jy besef maar net die Here sal voorsien. Daar het nog nooit 'n kind gekom vir wie die Here nie voorsien het nie.*

*R: Jy stem saam dat om 'n ma vir kinders te wees wat nie jou biologiese kinders is nie, jy dit saam met die Here moet aanpak.*

*E: Ons het nogal 'n manier om te sê "die eie ek moet vrek."*

*'n Kind is mos maar baie keer selfgesentreerd en verstaan dan baie keer daardie taal. As 'n mens op jouself gefokus is en persoonlike doelwitte het, wat nie die kinders insluit nie, kan jy nie vir die kind 'n ma wees nie. Ek dink ons faal nog steeds soms, maar ek dink as 'n mens voel jy het die situasie verkeerd hanteer, dan besef jy dis was net normaal, dit was nie abnormaal soos 'n stiefma storie nie.*

*R: So die sprokie wat ek vir jou gegee het om te lees is gladnie soos wat jy dit beleef nie.*

*E: Nee, maar ek dink mens sien tog sulke voorbeelde in die werklike lewe. Ek het die dierbaarste tannie geken en die dag toe hulle getroud is het sy so gedraai teen sy kinders soveel so dat die dogter wat nog in die huis was wat moes skoolgaan in die buitekamer moes slaap omdat die tannie bang was dat sy die beddegoed gaan vuil maak. Ek dink daar is gevaartekens sou 'n man of 'n vrou weer trou, wat 'n mens voor die tyd na moet kyk. 'n Mens moet nie oorhaastig wees nie. Mans trou gou weer. Mens moet nie oorhaastig wees nie en jou kinders in ag neem.*

*R: Hoe het jou eie biologiese kinders die pleegkinders en aangenome kinders aanvaar?*

*E: Chené se behoefte aan 'n boetie en 'n sussie op ses jaar was so sterk. Haar sielkundige evaluering het gewys dat sy 'n baie besondere behoefte aan nog 'n boetie*



© University of Pretoria

*of sussie het. Toe het die sielkundige aanbeveel dat ons pleegsorg oorweeg. Chené was in graad 1 toe ons besluit het dat ons gereed is om so 'n stap te neem.*

*R: So hulle het nooit daarteen gerebelleer nie.*

*E: Dit was vir Chené alles gewees. Pierre was anders. Hy sal met 'n kind bond en die ander het hy nie verstaan nie. Ons het altyd vir hom gesê "eendag as ons in die hemel kom, gaan die Here nie vir jou vra "hoe lief was jy vir Faan nie", die Here gaan vir jou vra "hoe lief was jy vir Victoria?". Want outomaties was jy lief vir Faan, maar om vir Victoria lief te wees vra iets ekstra. Die Here gaan jou nie toets op die goed wat vir jou van nature goed en lekker is nie, dis die goed wat iets van jou vra. Maar nou is hy groot en nog steeds nie baie betrokke nie, maar as daar 'n nuwe kind kom is hy regtig belangstellend en sal hy moeite maak om daardie kind te laat tuis voel.*

*Ons kinders was eintlik baie bevoorreg omdat Gavin by die huis was. So as hulle hulle pa nodig gehad het, was hy sommer daar. So hulle het hulle pa altyd daar gehad. Hulle moes nou wel sekere goed opoffer, maar die voordeel was dat hulle pa altyd daar was. Jan sê baie keer dat dit hulle behoud was.*

*R: So, jy het nooit skuldgevoelens gehad dat jy jou eie twee kinders te na gekom het nie?*

*E: Nee, ek het nie, maar 'n mens kan hulle seker ook maar vra hoe hulle daaroor voel? Maar, Chené help ons ook nou met die pleegsorg, sy is nou ook betrokke.*

*R: Ja, ek dink nie sy sou dit ook doen as iets haar gepla het, of as sy 'n negatiewe ervaring van dit gehad het nie.*

*E: Ja, onlangs het sy sommer 6 babas daar by haar gehad. Sy het altyd daardie spesiale band.*

*R: Het hierdie ervaring van jou om 'n ma van vele kinders te wees jou indentiteit goed gedoen, jou selfbeeld en jou menswees en jou nie afgebreek nie?*

*E: Wat soms vir my sleg is, is dat ek net as "Erna van Die Huis" bekend staan. As ek by 'n vergadering is, sal hulle sê, hier is "Erna van Die Huis". Dit is vir my sleg, want dan*



© University of Pretoria

*kan ek nie net Erna wees nie. Dan wil almal weet "Hoe doen jy dit?." Dit laat my baie ongemaklik voel, veral as dit op plekke is waar ek eintlik net Erna kon gewees het.*

*R: Ja, as ek aan myself dink en situasies waarin ek saam met julle was. Mense praat amper net met julle oor Die Huis.*

*E: Ja, so as ek en Gavin kans kry om weg te gaan dan is dit baie lekker, want dan is ons net ons.*

*Toe ons in Januarie met vakansie was, het ons ou vriende in Mosselbaai raakgeloop. Hulle sê toe dat hulle ons amper nie herken het nie, omdat ons nie kinders by ons gehad het nie. Dit is eintlik nogal baie keer hoe dit gebeur.*

*Deur die jare het ons regtig nie eintlik tyd gekry om na onsself te kyk nie, maar dit het nie saak gemaak nie. Eers later het ons daaraan begin dink as mense vir ons vra "Nou wanneer doen julle bietjie iets vir julle self?"*

*Toe die jaar begin het en ons besef het dat ons nie meer kinders hierdie jaar gaan inneem nie, dink ek het ons die fokus so 'n bietjie gedraai en na onsself begin kyk. Dis belangrik dat 'n mens daardie tyd vir jouself moet maak.*

*R: Voel julle soms skuldig as julle iets vir julle self doen dat mense dalk sal dink "nou waar kry hulle die geld daarvoor?"*

*E: Ek sê baie keer vir mense "as jy wonder, vra."*

*R: Maar dit mag julle mos geld kos om op julle self te spandeer!*

*E: Ek dink die meeste van die tyd draai alles maar om die kinders. Weet jy ons praat van die "sakboutiek". Omdat ons baie skenkings kry, gebruik ons self ook baie keer van daardie klere. Dis nie vir my 'n probleem om ou klere aan te trek nie. Ek is nie daarop ingestel om nuwe goed te he nie.*

*Ons het gelukkig 'n komitee wat saam met ons oor dinge besluit.*

*R: Hulle maak dit m.a.w. vir julle "veilig."*



© University of Pretoria

*E: As ons sê dat ons 'n bietjie wil weggaan, gee hulle die goedkeuring daarvoor. So ek dink nie dat ek noodwendig skuldig voel as ons iets vir onsself wil doen nie.*

*Dis is sleg vir my as ons weggaan en die kinders bv. toetse skryf, maar dit gee ook die kinders die kans om hulle eie ding te doen.*

*R: Ek dink dis belangrik dat julle ook op julle self fokus.*

*E: Ek dink as 'n mens 'n stiefma is, is 'n mens baiekeer meer objektief oor die behoeftes van die kind, want ons dink met ons kop en nie met ons hart nie. Met jou eie kind dink jy met jou hart.*

*R: Daar is meer verantwoordelikheid daaraan verbonde.*

*E: En tog behoort dit nie so te wees nie. Maar jy kyk wyer, want jou eie kind wil jy net gelukkig hou vir die oomblik.*

*Ons eie kinders wil ons aanvaarbaar grootmaak vir mense. Dissipline is afgelei van dissipel. Jou kind moet aanvaarbaar wees voor God en voor mense.*

*R: Is dit vir julle moeilik om dissipline toe te pas?*

*E: Ek dink nie dit is moeilik nie, maar dit sal heel waarskynlik deur ander anders geevalueer word. Ek dink omdat hulle groter is as die normale huisgesin van 2 of 3 kinders, is hulle op 'n ander manier gehoorsaam.*

*R: So julle pas die dissipline ook aan by die groter gesinsopset.*

*E: Ek dink die saambly met verskillende kinders van verskillende agtergronde en opvoedings en hulle trauma maak dat ons iets nuuts vir ons skep wat vir almal veilig is. Ons het dus 'n ander dissipline as 'n gewone huisgesin en 'n ander kultuur.*

*Ons sê altyd dat Die huis 'n Ubuntu-kultuur het. Ons bou 'n nuwe kultuur. Ons is nie voorstanders van "kaalvoet oor die berge" nie, net so min is ons voorstanders van net 'n swart kultuur. Ons skep 'n kultuur vir die kinders dat dit vir hulle iets is om aan vas te hou, iets wat hulle eendag kan implimenteer in hulle eie lewens en gesinne. Want hulle moet almal eendag 'n gesin onderhou. Daarom is ons fokus 'n bietjie anders.*



© University of Pretoria

*Jy moet harder werk om dinge te skep wat hierdie kinders kan onthou. As jy weet dis dalk die kind se enigste paasnaweek wat hy hier is, moet jy soveel inbou om vir hom die werklike boodskap van paasnaweek te bring en ook om herinneringe te skep. Hy moet dit ook eendag in sy eie gesin kan gaan toepas.*

*R: Dit is dus vir julle belangrik om rituele te skep wat die kinders kan onthou en mee identifiseer.*

*E: In my matriekjaar het dit bietjie sleg gegaan toe ek rekordeksamen geskryf het. My ma het toe skool toe gegaan en gevra of ek nie dalk êrens kan bly vir die eksamen nie. Toe het 'n dogter in my klas se ouers gesê dat ek daar by hulle kan bly. Ek is toe 'n maand voor die matriek eksamen daarheen en het deur die eksamen daar gebly. Dit was vir my die ideale gesin gewees. Die oom het vroeg opgestaan en gaan draf en in die groentetuin gewerk. Die tannie het vroeg opgestaan en ontbyt gaan maak. Kwart voor sewe het sy almal geroep vir ontbyt. Intussen het die oom deur die swembad gespring en dan aan tafel Bybel gelees en vir elke kind gebid. Dit het so 'n ongelooflike indruk op my gemaak. Dit het ek gladnie in ons huis ervaar nie. Die goed wat hulle gedoen het, het so 'n indruk op my gemaak dat ek dit vir my gesin wou gee. Jy het altyd spesiaal gevoel. Dit is wat ons elke dag ook in ons huise moet doen.*

*Kinders moet terugdink aan hulle kinderjare en sê, "onthou jy, ons het altyd…"Dit is vir my baie belangrik dat jy daardie dinge vir die kinders skep, om die gesin saam te bind. Ek dink aan ons vakansies op Palm Beach, Kersfees en spesiale geleenthede.*

*So 'n mens moet harder werk maar 'n mens se energie is ook net so veel.*

*Mens moet ook nie skuldig voel as jy nie altyd die energie het om spesiale dinge te doen nie. Jy kon dit nie doen nie, dit was nie binne jou vermoë om dit te doen nie.*

*R: Het jy al ooit bang gevoel dat jy gaan faal om 'n ma vir hierdie kinders te wees, dat jy gaan foute maak?*

*E: Nee, ek het geweet dat ek gaan foute maak. Die dogter van hierdie gesin by wie ek gewoon het, het vandat sy 26 jaar oud is, 'n staande afspraak by haar sielkundige. Volgens haar het sy in die mees disfunksionele huis groot geword wat daar is. En dis*



© University of Pretoria

*gladnie my persepsie daarvan nie. Dit het my laat besef dat selfs die wonderlikste ma's se kinders nie altyd dink dat hulle so wonderlik is nie.*

*R: Jy moes m.a.w. daardie ervaring in jou matriekjaar gehad het, om jou te help met baie situasies wat jy nou moet hanteer.*

*E: Jy moet ook openlik genoeg wees om jou kinders toe te laat dat hulle maar kan sê as jy foute maak.*

*R: Is daar soms kinders wat vir jou sê dat jy foute maak en nie reg optree nie?*

*E: My eie dogter, Chené, sal soms vir my sê, "ek dink nie ma het nou hier reg opgetree nie. Dis nie lekker om te hoor nie, maar jy kom tot die besef dat elke mens tog maar goed het waarvoor hy swig.*

*E: Tharina sal ook soms vir my sê, "wat ma nou gedoen het was nie reg nie", veral as dit oor die ander kinders gaan.*

*R: Jy het dus so 'n goeie verhouding met hulle, dat hulle dit vir jou sal sê.*

*E: Baie keer as jy na die tyd daaraan dink, besef jy dat jy iets op 'n spesifieke manier gesê het, maar dit nie so bedoel het nie. So, ons maak foute, maar ons moet maar daaroor kan praat.*

*R: Ek hoor dat jou eie selfbeeld baie gesond is*

*E: Jou selfbeeld moet baie sterk wees, anders sal jy nie 'n stiefma kan wees nie!*

*R: Veral vir baie kinders!*

*E: Ja, veral tieners. 'n Mens moet die goed nie so na jouself aantrek nie.*

*Ek sien myself eerder as hulle gewone ma, dis moeilik om van myself as 'n stiefma te praat.*

*Dis elke dag 'n nuwe uitdaging. Gretha Wiid het mos gesê ons moet vir ons kinders in die lang gras kan wag, so ons moet voorbereid wees vir dit wat kan kom.*



© University of Pretoria

*R: Die laaste ding wat ek vir jou wil vra is dat ek en jy onsself gladnie as stiefma's sien nie, maar dat mense van buite jou eintlik so sien. As ek dink aan die eerste keer wat ek jou gesien het, het ek dadelik 'n persepsie oor jou as pleegma gehad, want 'n mens het al baie stories oor pleegouers gehoor.*

*Jy self is heeltemal normaal en probeer 'n normale ma vir die kinders wees, maar die persepsies van ander mense of die samelewing laat jou onseker oor jou rol as ma van hierdie kinders voel.*

*E: Ja, soms sal van die kinders vir my sê dat ander kinders opmerkings oor ons gesin gemaak het, en dan het ek eintlik heeltemal vergeet dat ons 'n saamgestelde gesin is.*

*Baiekeer sal mense ook vra of ons swart kinders het en dan het ek eintlik vergeet dat party van ons kinders se velkleur swart is.*

*R: Ja en dis nie eintlik die algemene ding om te doen nie.*

*E: 'n Mens besef nie altyd dat iemand anders dalk op 'n stadium wel 'n slegte ervaring met 'n pleegouer of stiefma gehad het nie. Dit is dan sy persepsie ook van jou as pleegouer.*

*R: So jy stem met my saam, dat alhoewel elke derde gesin in die samelewing omtrent saamgestelde gesinne is, mense nog steeds anders na so 'n gesin kyk as die gewone tradisionele gesin.*

*E: Ek dink die normale kerngesinne is op die oomblik die "freaks."*

*Ek sien dat ons kinders hulleself as 'n normale gesin beskou. Hulle kry byvoorbeeld swaar as hulle maatjies se ouers skei. Dis asof hulle eie omstandighede van voor hulle by ons kom bly het, amper vervaag het en hulle nou so veilig in hierdie nuwe gesin is.*

*Ek dink kinders in 'n kerngesin kan amper jaloers voel op ander kinders in saamgestelde gesinne, want dan gaan die kind by sy pa vir hierdie naweek en dan weer na sy ma.*



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*Ek dink dat dit vir die ouers van die pleegkinders baie keer moeilik is en dat hulle baie keer "jaloers" op ons is.*

*Ek en Gavin het al 'n verhouding vandat ons in standerd 7 is en nog altyd saam 'n pad met die Here gestap.*

*Wat vir my sleg is, is dat dit wat ons waarlik in opregtheid doen, deur ander geanaliseer word en dan as 'n gevaarteken gesien word. Ons wil regtig net hê dat die kinders iets daarvan moet beleef. 'n Mens sal eers as hulle groot is, werklik weet wat jy nou wel in hulle lewens ingebou het.*



© University of Pretoria